# DIE IDENTITEIT VAN GOD SE VOLK IN DIE BOEK JESAJA

Petrus Christoffel Van der Walt (B.A., Th.M.)

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Ou Testament aan die Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus

Promotor: Prof. Dr. H.F. Van Rooy

Potchefstroom
2004

## Uittreksel

In die bestudering van die boek Jesaja word dit duidelik dat die gebeure in die boek geïnterpreteer kan word as gebeure voor-, tydens- en ná die ballingskap. Die hele proses word deur Jahwe, as die *Heilige van Israel,* bepaal. In die eerste deel van Jesaja (1-39) word die oordeel oor Israel en Juda uitgespreek. God maak dit duidelik dat Hy sy volk gaan vernietig. Die laaste deel van Jesaja (40-66), bevat egter 'n boodskap van vergifnis en nuwe lewe. Ten spyte van Israel se vernietiging, het Israel egter steeds bly voortbestaan. *Israel* as volk van God, soos in die begin van die boek Jesaja, en *Israel* aan die einde van die boek, het dus nie dieselfde identiteit nie. Die identiteit van Israel word met 'n identiteitsmaatstaf gemeet en daar word aangetoon waar *ou Israel* in sy identiteit misluk het. God het egter ook identiteitsgenererend te werk gegaan. Hy het dit veral deur die *Kneg* gedoen wat plaasvervangend in Israel se lewe opgetree het. Daardeur is die band met God herstel, en het Israel 'n nuwe identiteit gekry. Die nuwe Israel is onder leiding van God, deur middel van die Woord, vanuit al die nasies en windrigtings vergader om na Sion op te trek. Die kernelement van identiteit is met ander woorde nie verbondenheid aan 'n bepaalde volk en land nie, maar verbondenheid aan God. Deur individuele verbondenheid aan God word gelowiges ook in 'n belydende gemeenskap saamgevoeg. Die hele geloofsgemeenskap se identiteit word sodoende gestabiliseer en staan selfs eskatologies vas.



## Abstract

In the study of the book Isaiah it is apparent that the events in the book can be interpreted as events before, during and after the exile. Yahwe, the Holy One of Israel, determines the complete process. In the first part of Isaiah (1-39) judgement is passed on the people of God as He makes it clear that He will destroy them. This judgement is carried out during the exile. However, in the last part of Isaiah (40-66), a message of hope and new life is brought to Israel. In spite of the destruction of the people of God, they continue to exist. Therefore the identity of *Israel* in the beginning of the book differs from his identity at the end of the book. An identity model is used to show how *old Israel* failed in his expected identity as servant of Yahwe. Yet God brought about a new identity for his people through His perfect *Servant.* Through the Servant the relationship between God and His people is repaired, bringing about a new identity for them. Yahwe gathers the new Israel from all the nations on the globe. He does this through His Word. The core element of identity is therefore not attachment to a specific nation or country, but a spiritual bond with God. Through an individual relationship with God believers become part of a professing society, resulting in a stable identity for the whole community even in an eschatological way.

# DANKBETUIGING

'n Studie van hierdie omvang gaan noodwendig met besondere dankbaarheid gepaard:

Teenoor Ma Ann wat dit by my ingeprent het: "Daar is twee dinge in die lewe wat niemand ooit van jou kan wegvat nie: Jou geloof en jou geleerdheid."

Teenoor my vrou Martha wat gehelp het met proeflees en onderskraging sodat ek kon afhandel wat begin is.

Teenoor my skoonpa prof. Jaap Helberg. Dit is 'n voorreg om so iemand se aansporing te kan hê. Hy het oor 'n lang tydperk met sy belangstelling, maar ook omvangryke kennis en fyn onderskeidingsvermoë, grootliks daartoe bygedra dat hierdie studie sy huidige beslag gekry het.

Teenoor my promotor prof. Herrie van Rooy saam met wie ek 'n volle pad van geloof en geleerdheid kon loop. Nie net het ek onder sy leiding belydenis van geloof afgelê nie, maar kon ek ook hierdie studie aanpak en voltooi.

Veral dankbaarheid teenoor God. Dit is nie uit onsself wat ons iets besonders vermag nie. Hy gee aan ons 'n identiteit deur Jesus Christus. Ek *word* dus nie *iets* wanneer ek 'n vir bepaalde werk opgelei word nie. God maak my *iemand*. Deur Jesus Christus kon ek kind van die Koning van die konings word. Aan Hom al die lof omdat Hy so wonderlik is. Ek hoop dat hierdie studie iets sal bydra daartoe dat ons dit wat Hy vir ons gegee het, sal toe-eien.

Phalaborwa
November 2004

The financial assistance of the Centre for Science Development towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this thesis and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the Centre for Science Development.

## INHOUDSOPGAWE


### HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Probleemstelling ... 6
2. Werkswyse ... 8
3. Afbakening ... 8

### HOOFSTUK 2: 'N DEFINISIE VIR IDENTITEIT

1. Op soek na identiteit ... 10
2. 'n Definisie vir identiteit ... 13
3. Identiteitstrekke ... 13
    - 3.1 Kontinuïteit ... 13
    - 3.2 Differensiasie ... 14
4. Funksionele aspekte van identiteit ... 16
    - 4.1 Waardes en prioriteite ... 16
    - 4.2 Die interpersoonlike self ... 17
    - 4.3 Individuele potensiaal ... 18
    - 4.4 Identiteitskomponente ... 18
5. Die Selfdefiniëringsproses ... 19
    - 5.1 Oorgedraagde komponente ... 19
    - 5.2 Enkel transformasie ... 19
    - 5.3 Hiërargiese kriteria ... 20
    - 5.4 Opsionele keuse ... 21
    - 5.5 Vereiste keuse ... 22
6. Identiteitsisteme ... 22
    - 6.1 Terugvoer ... 23
    - 6.2 Openbare identiteitsidentifikasie ... 24
    - 6.3 Korporatiewe identiteit ... 24

### HOOFSTUK 3: TEOLOGIESE RELEVANSIE VAN DIE IDENTITEITSMODEL

1. Identiteitstrekke ... 28
    - 1.1 Kontinuïteit en eenheid ... 28
    - 1.2 Differensiasie ... 29
2. Funksionele aspekte van identiteit ... 29
    - 2.1 Waardes en prioriteite ... 29
    - 2.2 Interpersoonlike self ... 30
    - 2.3 Individuele potensiaal ... 30

3. Die selfdefiniëringsproses ..... 30
3.1 Oorgedraagde komponente ..... 30
3.2 Enkel transformasie ..... 31
3.3 Hiërargiese kriteria ..... 31
3.4 Keuses ..... 31
4. Identiteitsisteme ..... 32
4.1 Terugvoer ..... 32
4.2 Openbare identiteitsidentifikasie ..... 33
4.3 Korporatiewe identiteit ..... 33

**HOOFSTUK 4: JESAJA 1-39**

1. Jesaja 1-6 ..... 34
1.1 Jesaja 1 ..... 34
1.1.1 Jesaja 1:1 ..... 34
1.1.2 Jesaja 1:2-9 ..... 35
1.1.3 Jesaja 1:10-31 ..... 38
1.2 Jesaja 2 ..... 41
1.2.1 Jesaja 2:1-5 ..... 41
1.2.2 Jesaja 2:6-9 ..... 42
1.2.3 Jesaja 2:18-22 ..... 44
1.3 Jesaja 3 ..... 44
1.3.1 Jesaja 3:1-12 ..... 44
1.3.2 Jesaja 3:12-15 ..... 46
1.4 Jesaja 4 ..... 47
1.4.1 Jesaja 4:1 ..... 47
1.4.2 Jesaja 4:2-6 ..... 48
1.5 Jesaja 5 ..... 49
1.5.1 Jesaja 5:1-7 ..... 49
1.5.2 Jesaja 5:8-25 ..... 52
1.5.3 Jesaja 5:26-30 ..... 55
1.6 Jesaja 6 ..... 55
1.6.1 Jesaja 6:1-7 ..... 56
1.6.2 Jesaja 6:8-10 ..... 58
1.6.3 Jesaja 6:11-13 ..... 59
2. Jesaja 7-39 ..... 61
2.1 Jesaja 7-12 ..... 61

2.1.1 Jesaja 7:1-9, 17-20; 8:1-8; 9:7-11; 10:5-11 ... 61
2.1.2 Jesaja 7:14,15; 9:5,6; 11:1-5,10 ... 64
3. Jesaja 13-30 ... 67
3.1 Jesaja 30:1-14 ... 68
3.2 Jesaja 30:15-18 ... 69
4. Jesaja 31-39 ... 70
4.1 Jesaja 36:18-20; 37:16-29 ... 70
5. Samevatting Jesaja 1-39 ... 71
5.1 Identiteitstrekke ... 71
5.1.1 Kontinuïteit ... 72
5.1.2 Differensiasie ... 74
5.2 Funksionele aspekte van identiteit ... 74
5.2.1 Waardes en prioriteite ... 75
5.2.2 Interpersoonlike self ... 75
5.2.3 Individuele potensiaal ... 75
5.3 Die selfdefiniëringsproses ... 76
5.3.1 Oorgedraagde komponente ... 76
5.3.2 Enkel transformasie ... 77
5.3.3 Hiërargiese kriteria ... 77
5.3.4 Keuses ... 77
5.4 Identiteitsisteme ... 78
5.4.1 Terugvoer ... 78
5.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie ... 79
5.4.3 Korporatiewe identiteit ... 80

**HOOFSTUK 5: JESAJA 40-66**

1. Jesaja 40:1 ... 83
2. Jesaja 40:2 ... 85
3. Jesaja 40:3-5e ... 88
4. Jesaja 40:6-8 ... 90
5. Jesaja 40:9-11 ... 93
6. Jesaja 40:12-31 ... 95
6.1 Jesaja 40:21-26 ... 96
6.2 Jesaja 40:27-31 ... 97
7. Jesaja 41:4; 44:6; 48:12 ... 99
7.1 Jesaja 41:4 ... 100

7.2 Jesaja 44:6 ... 101
7.3 Jesaja 48:12 ... 102
8. Jesaja 41:8,9 ... 104
9. Jesaja 41:10,13,14 ... 108
10. Jesaja 41:17-20 ... 111
11. Jesaja 41:21-29; 45:20-22 ... 112
12. Jesaja 42:10-12 ... 114
13. Jesaja 42:21 ... 116
14. Jesaja 43:1-7 ... 119
15. Jesaja 43:22-28 ... 122
16. Jesaja 45:17; 51:6,8 ... 124
17. Jesaja 47; 51:17-52:2; 54:13 ... 126
18. Jesaja 49:16; 56:5 ... 128
18.1 Jesaja 49:16 ... 128
18.2 Jesaja 56:4,5 ... 130
19. Jesaja 49:8; 57:13; 58:13,14 ... 131
20. Jesaja 55:1-3 ... 134
21. Jesaja 62:2-5 ... 139
22. Jesaja 60:21; 65:16-18 ... 141
23. Samevatting Jesaja 40-66 ... 144
23.1 Identiteitstrekke ... 144
23.1.1 Kontinuïteit ... 145
23.1.2 Differensiasie ... 150
23.2 Funksionele aspekte van identiteit ... 151
23.2.1 Waardes en prioriteite ... 151
23.2.2 Interpersoonlike self ... 152
23.2.3 Individuele potensiaal ... 152
23.3 Die selfdefiniëringsproses ... 153
23.3.1 Oorgedraagde komponente ... 153
23.3.2 Enkel transformasie ... 154
23.3.3 Hiërargiese kriteria ... 155
23.3.4 Keuses ... 156
23.4 Identiteitsisteme ... 158
23.4.1 Terugvoer ... 158
23.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie ... 160
23.4.3 Korporatiewe identiteit ... 160

## HOOFSTUK 6: DIE KNEG VAN DIE HERE


1. Jesaja 42:1-9, 49:1-6, 50:4-9, 52:13-53:12: ..... 163
   1.1 Jesaja 42:1-9 (Eerste Kneglied) ..... 164
   1.2 Jesaja 49:1-6 (Tweede Kneglied) ..... 168
   1.3 Jesaja 50:4-11 (Derde Kneglied) ..... 171
   1.4 Jesaja 52:13-53:12 (Vierde Kneglied) ..... 176
2. Samevatting Kneglieder ..... 180
   2.1 Identiteitstrekke ..... 181
      2.1.1 Kontinuïteit ..... 181
      2.1.2 Differensiasie ..... 182
   2.2 Funksionele aspekte van identiteit ..... 182
      2.2.1 Waardes en prioriteite ..... 183
      2.2.2 Interpersoonlike self ..... 183
      2.2.3 Individuele potensiaal ..... 184
   2.3 Die selfdefiniëringsproses ..... 184
      2.3.1 Oorgedraagde komponente ..... 185
      2.3.2 Enkel transformasie ..... 185
      2.3.3 Hiërargiese kriteria ..... 185
      2.3.4 Keuses ..... 186
   2.4 Identiteitsisteme ..... 187
      2.4.1 Terugvoer ..... 187
      2.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie ..... 187
      2.4.3 Korporatiewe identiteit ..... 188


## HOOFSTUK 7: BEVINDING


1. Identiteitstrekke ..... 189
2. Funksionele aspekte van identiteit ..... 191
3. Die selfdefiniëringsproses ..... 192
4. Identiteitsisteme ..... 195

BIBLIOGRAFIE ..... 197

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

Die onderwerp van hierdie studie is: Die identiteit van God se volk in die Boek Jesaja. In hierdie inleidende hoofstuk sal die probleem wat ondersoek word, asook die wyse waarop te werk gegaan sal word om die probleem op te los, aan die orde gestel word.

## 1. Probleemstelling

In die eerste deel van Jesaja (1-39) word die oordeel oor Israel en Juda uitgespreek, terwyl die tweede (40-55) en derde deel (55-66) van Jesaja 'n boodskap van vergifnis en nuwe lewe bring (Brueggemann, 1998:3; Clements, 1978:138,143). Alhoewel die presiese historiese konteks waarin die aankondigings van oordeel asook die uitkoms wat daarop sal volg, nie altyd presies bepaal kan word nie, word daar in hierdie studie uitgegaan van die standpunt dat die boek 'n kanoniese eenheid vorm (Childs, 1983:327). Sover dit die eenheidsprobleem van Jesaja aangaan, is die probleem in geheel behandel in 'n vorige studie (Van der Walt, 1994:6-15) en dus sal daar nie weer hierop ingegaan word nie.

Die kanoniese eenheid getuig van die kontinuïteit in God se oordeel- en verlossingsplan wat in Jesaja 1-39 aangekondig word, en in Jesaja 40-66 tot uitvoer gebring word. Alhoewel die boek 'n teologiese eenheid is, fokus Jesaja 1-39 en 40-66 dus op verskillende onderdele van die groter geheel (Sweeney, 1996:53; Van der Walt, 1994:6-15).

Indien die kanoniese eenheid in Jesaja self nagegaan word, kan gesien word dat die gebeure in die boek Jesaja geïnterpreteer kan word as gebeure voor-, tydens- en na die ballingskap (Helberg: 1988:218; Motyer, 1993:22). Die gevolge van die gebeure wat voor-, tydens- en na die ballingskap plaasgevind het, het 'n aaneenlopende sosiale uitwerking op die volk gehad. In Jesaja 1-39 is die volk gekritiseer en oordeel aangekondig. In 40-55 het hulle die pyn van die oordeel binne die ballingskap beleef. Dit word in Jesaja 56-66 gevolg deur 'n nuwe sosiale herrangskikking (Brueggemann, 1984:99).

In Jesaja word ballingskap dus profeties aangekondig en deur die volk beleef, maar word verlossing ook profeties in vooruitsig gestel. In die boek word verder die redes vir die komende ballingskap gegee, maar ook die oorsprong en die gevolg van die redding wat daarna sal volg.

Rendtorff (1985:199) dui aan dat alhoewel oordeel aangekondig word, kom die benaming "die Heilige van Israel" in al drie dele van die boek voor (bv. 1:4, 5:24, 10:20, 30:11,15, 41:14,20, 45:11, 47:4, 54:5, 60:9,14). Met hierdie benaming word die intieme verhouding wat daar tussen God en Israel bestaan, benadruk. Aangesien hierdie benaming regdeur die boek gebruik word, kan daaruit afgelei word dat daar ten spyte van oordeel en ballingskap, 'n voortgaande verbondsverhouding tussen God en Israel bestaan. Hierdie gedagte word bevestig deur Jesaja 50:1 waar gevra word na 'n skeibrief. Indien 'n skeibrief

gevind kon word, sou dit aandui dat daar 'n totale skeiding tussen God en sy volk gekom het. Geen so 'n skeibrief kon egter getoon word nie.

Alhoewel die naam "die Heilige van Israel" in die hele boek Jesaja gebruik word, moet die vraag gevra word of "Israel" soos dit in die begin van die boek gebruik word, en "Israel" soos dit aan die einde van die boek gebruik word, op dieselfde entiteit betrekking het. Hierdie vraag vloei voort uit die veelvoudige oordeelsaankondigings (3:13, 5:16, 11:4, 51:5, 61:8 ens.) en "wee-uitsprake" (3:9, 5:18-23, 10:5, 45:9,10, 51:19 ens.) wat in die boek aangetref word, en spesifiek vir Juda en Israel insluit (Jesaja 5:3-7). Die oordeel wat uitgespreek word, kom as gevolg van die sondige en ontroue optrede van die volk (kyk 22:7-14, 30:12-14, 50:1, 57:17).

In die oordeel van God oor sy volk het Hy dit duidelik gemaak dat Hy Israel en Juda gaan vernietig (Jesaja 5:6, 9:13, 43:28). Aangesien God getrou is om sy beloftes uit te voer (Jesaja 45:23), het dit inderdaad ook gebeur. Israel en Juda is in ballingskap weggevoer soos in Jesaja 45:22 en 48:18,19 aangetoon word (Clements, 1978:138).

Alhoewel die oordeel voltrek is, hou Jesaja steeds aan om God "die Heilige van Israel" te noem, wat impliseer dat God nooit sonder 'n volk was nie. Oënskynlik paradoksale uitsprake oor hierdie volk kom met ander woorde voor. Voorbeelde hiervan is die volgende: In Jesaja 5:6 en 9:13 en verder word dit uitdruklik gesê dat God sy volk sal vernietig, maar in 48:9 word ook gesê dat Hy sy toorn bedwing, sodat hulle nie vernietig sal word nie. 'n Soortgelyke paradoks word in 44:21 aangetref waar gesê word dat God nie sy volk sal vergeet nie, terwyl in 57:17 gesê word dat God sy volk geslaan en verlaat het as gevolg van hulle sonde. Hiermee saam sê Jesaja 2:6 dat God sy volk verstoot het, terwyl in 47:6,7 gesê word dat God hom wat Hy verstoot het, weer sal terugvat.

Aangesien God regverdig en getrou is (Jes 45:23) en Israel nie die ballingskap afgeweer het deur hulle te bekeer nie, het daar dus 'n mate van diskontinuïteit in die bestaan van Israel as volk gekom (Fewell, 1997:133). Genealogies gesien kan "Israel" voor die ballingskap en "Israel" na die ballingskap nie dieselfde wees nie. Jesaja 63:16 bewys hierdie stelling deur te sê dat God hulle Vader is, dat Abraham niks van hulle weet nie en dat Israel nie van hulle bewus is nie. Daar is ook verwysings na 'n nuwe bestel (48:6,7, 62:2).

Indien al bogenoemde in ag geneem word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat 'n "nuwe Israel" in die tyd van die ballingskap tot stand gekom het, en dat hierdie "nuwe Israel" nooit weer deur die vroeëre oordeel en ellende getref sal word nie (Jes 60-62). Ten spyte van Israel se vernietiging, het Israel met ander woorde ook bly voortbestaan. "Israel" as volk van God, soos in die begin van die boek Jesaja, en "Israel" aan die einde van die boek, kan met ander woorde nie op dieselfde volk dui nie. Oor die identiteit van Israel vra George (1997:164) ook die volgende vraag: "What does the Old Testament mean

when it refers to "Israel" or the "Israelites"? It strikes me that the Old Testament is quite unsettled about how these terms are to be constructed or defined."

Die een vraag wat uit bogenoemde voortvloei is: "Wat is die werklike identiteit van *die volk van God*?"

## 2. Werkswyse

Alhoewel die mens 'n gegewe identiteit as beeld van God het, soos in Genesis 1:27 uitgespel, bestaan daar in die teologie geen identiteitsmodel waarmee identiteit en die verandering daarvan gemeet kan word nie. In die psigologie en sosiologie word wel sulke modelle aangetref. Daar sal dus op 'n interdissiplinêre vlak gewerk moet word ten einde 'n identiteitsmodel daar te stel wat aan die teologie diensbaar gestel kan word.

Om die navorsingsvraag te kan beantwoord sal daar op die volgende wyse te werk gegaan word:
Vanuit die sosiologie en psigologie sal 'n definisie vir identiteit neergelê word waarmee die identiteit van Israel bepaal kan word.

In 'n tekstuele studie van die boek Jesaja sal sake wat oor kontinuïteit handel, eksegeties ontleed word. Die Hebreeuse teks wat hiervoor gebruik sal word is Biblica Hebraica Stuttgartensia en die Afrikaanse teks, die 1983 vertaling. Aan die einde van elke gedeelte wat ontleed is, sal 'n samevatting gegee word. Hierin sal die betrokke identiteitstrekke uitgelig word.

Aan die einde van die drie hoofdele wat behandel sal word, naamlik:

a. Jesaja 1-39 (wat die "vorige dinge" wat gebeur het weerspieël)
b. Jesaja 40-66 (wat die toekomstige dinge weerspieël) en
c. Die Knegliedere (wat die ideale identiteit weerspieël) sal 'n groter samevatting gegee word, wat tendense in die betrokke hoofdeel identifiseer.

Ten slotte sal 'n konklusie gemaak word waarin die identiteit van die werklike volk van God aangetoon sal word.

## 3. Afbakening.

Aangesien daar in hierdie studie na bepaalde identiteitstrekke in die lewens van die verskillende rolspelers gesoek sal word, sal Jesaja nie in sy totaliteit behandel word nie. Wat wel behandel sal word, is daardie gedeeltes wat aanduidings gee van kontinuïteit, aangesien die primêre fokus van die studie oor die kontinuïteit en diskontinuïteit van die volk Israel gaan.

Wanneer 'n herhalende tema aangetref word, sal dit saam met die ander gedeeltes waar dieselfde tema aangetref word, bespreek word.

# HOOFSTUK 2: 'n DEFINISIE VIR IDENTITEIT

Hierdie is 'n interdissiplinêre studie. Alhoewel die probleem wat opgelos moet word 'n teologiese probleem is, is die identiteitsmodel wat gebruik sal word om die probleem mee op te los, 'n model wat uit beide die sosiologie en die psigologie saamgestel sal word. Uit die sosiologie omdat sosiologie die veld van nasies en groepe dek, terwyl identiteit hoofsaaklik deur die psigologie gedek word. Baumeister (1991:v) dui aan dat 'n multidissiplinêre aanslag groot wetenskaplike waarde het aangesien feite wat op meer as een vlak ontdek en geverifieer word, swaarder gewig dra as enkeldissiplinêre navorsing.

Voordat die vraag oor die identiteit van Israel beantwoord kan word, is dit eers nodig om die term *identiteit,* wat die absolute uniekheid van 'n persoon aandui, te definieer (Devereux, 1982:42). Op grond van die definisie kan 'n identiteitsmodel dan geformuleer word wat geskik is om in die teologiese ondersoek van Jesaja te gebruik.

## 1. Op soek na identiteit

De Mello (1990:43) maak die uiters noodsaaklikheid van die vind van 'n eie identiteit duidelik. Hy beskryf hoedat wetenskaplikes geweldig ingewikkelde vrae oor kwantum fisika en rekenaarwetenskap kan beantwoord, maar gewoonlik nie die eenvoudige vraag: "Wie is jy?" nie. Indien hierdie vraag nie beantwoord kan word nie, maak dit volgens hom die werklike verstaan van alle ander dinge uiters moeilik indien nie onmoontlik nie. Die een wat die verstaanwerk doen moet homself immers eers verstaan voordat hy dit wat buite hom lê regtig kan verstaan. Omdat persone nie die vraag na die self kan antwoord nie, gryp hulle vas aan een deel van hulle identiteit en verhef dit bo die res. As voorbeeld hiervan noem De Mello (1990:46) dat iemand vir wie dit baie belangrik is dat hy 'n besigheidsman is, homself as "besigheidsman" sal beskryf. Slegs daardie een deel van sy identiteit kry dan die klem.

Alvorens die vraag na identiteit beantwoord kan word, moet 'n mens egter eers weet wat identiteit behels. Baie persone in die samelewing is bekend met die terme; "identiteitskrisis", "op soek na jouself", "self-aktualisering" ensovoorts. Ten spyte daarvan dat persone bekend is met hierdie begrippe, het hulle nie 'n klinkklare definisie daarvoor nie (Boyd, 1997:205). Indien aan iemand gevra word: "Wie is jy?" gee persone dikwels hulle name. 'n Naam is egter bloot 'n etiket vir 'n bepaalde persoon aangesien 'n identiteitskrisis nie opgelos kan word deur die nagaan van jou identiteitsdokument nie (Baumeister, 1986:3; De Mello, 1990:45).

Michener en DeLamater (1994:580) gee die volgende definisie vir identiteit: "Die kategorieë wat mense gebruik om te spesifiseer wie hulle is, ten einde hulleself in verhoudings met ander te kan plaas." Burke (1997:138) voeg daarby dat identiteit 'n stel *betekenisse* is wat binne 'n sosiale konteks op jouself van toepassing gemaak word ten einde te definieer wie jy is.

*Identiteit* of *die self* bevat twee onderdele. Die een onderdeel is numeries van aard wat beteken dat 'n individu fisies waargeneem of getel kan word. Die ander onderdeel is die persoonlikheid, wat nie bloot getel kan word nie, maar wel met bepaalde kriteria gemeet kan word. Alhoewel die numeriese waarde van 'n persoon oor tyd nie verander nie (behalwe as hy doodgaan) verander die persoonlikheid van daardie persoon wel met tyd in 'n mindere of meerdere mate. Dit is selfs moontlik dat iemand wat dood is se persoonlikheid nog steeds in die gedagtes van díe wat hom geken het voortleef, alhoewel die numeriese persoon dan nie meer bestaan nie (McCall, 1990:131).

*Identiteit* bestaan dus nie net uit 'n numeriese persoon (een mens) wat sekere herkenbare gelaatstrekke het nie, dit bestaan ook uit 'n stel persoonlikheidseienskappe wat daardie spesifieke persoon vertoon (McCall 1990:127). Baumeister (1991:93) stel dit verder soos volg: "As far as the question of defining *identity* is concerned, the following must be kept in mind: namely that *the self* is a product of both nature and culture. It consists of a physical body plus a set of definitions. The term *identity* can be used to refer to these definitions. In other words, the body consists of physical matter, identity consists of meaning, and the self is the combination of the two. A person's identity can be roughly defined as the totality of his or her answer to the question "Who are you?" The identity includes an interpersonal aspect (including social roles and reputation), a concept of the person's potential, and a set of priorities and values."

*Identiteit* is egter nie iets wat in 'n voltooide staat ontvang word nie. Die elemente van *identiteit* word aan ons gegee deur ons herkoms, ons sosiale stand, familieverbintenisse ensovoorts. Volgens Du Preez (1980:32) word hierdie elemente aan ons gegee op dieselfde wyse as wat taal aan ons oorgedra word. Die woorde word geleer, maar daardie woorde moet op 'n bepaalde wyse gebruik word om betekenis te kan voortbring. *Identiteit* kom dus nie tot stand deur blote ontvangs daarvan nie, maar ook deur eie ontwikkeling.

Indien die term *identiteit* in 'n tegniese sin gebruik word, kan dit psigologies gedefinieer word as die persoon se kontinue sienswyse van homself sowel as andere se siening van daardie persoon (Meyer et al, 1990:169).

Die fundamentele onderdele van *identiteit* is *kontinuïteit* en *eenheid* met betrekking tot fisiese, psigiese en sosiale kwaliteite (Jordaan & Jordaan, 1989:696; Baron & Byrne, 1991:27). Alhoewel hierdie onderdele normaalweg op individue van toepassing is, kan dit ook op die volk van God van toepassing gemaak word. God hanteer vir Israel in sy oordeelsaankondiging as 'n korporatiewe persoonlikheid soos wat uit Jesaja 5:1-7 duidelik word (Motyer, 1993:69). God hanteer egter ook vir Sion, wat die nuwe Israel versinnebeeld, as 'n korporatiewe persoonlikheid in Jesaja 51:16 (Sawyer, 1989:101). Hierdie korporatiewe hantering het reeds sy wortels in die gee van die wet in Eksodus 20:2 waar God sê: "Ek is die Here **jou** God wat **jou** uit Egipte...". Hier word dus nie geïndividualiseer nie, soos wat daar ook nie

in die ballingskap geïndividualiseer is nie. Die ryke en die arme, die volk en die leier, almal word oor dieselfde kam geskeer (vgl. Jes 1:3; 5:13; 6:11; 8:12).

By die elemente van *eenheid* en *kontinuïteit* word nog 'n verdere essensieel onderskeidende kenmerk van identiteit gevoeg en dit is *differensiasie* (McCall, 1990:136). Differensiasie maak meting van, en vind van identiteit moontlik. Dit is net deur onderskeid tussen verskillende entiteite deur middel van *differensiasie* wat beide *meet* en *vind* moontlik word (Holzner & Robertson, 1980:10).

Dit is dus nie net *dieselfde wees (kontinuïteit)* in die kwaliteite van 'n bepaalde persoon wat daardie persoon van 'n ander onderskei nie, maar ook *differensiasie (anders wees)*. Die belangrikste identiteitstrekke wat mense vertoon, is gevolglik daardie trekke wat die grootste mate van *kontinuïteit* en *differensiasie* gee (Michener en DeLamater (1994:95).

Die mees algemene onderskeidende kenmerk wat die grootste mate van konsekwentheid in 'n persoon se identiteit gee, is sy naam (Goffman, 1971:58). Net soos wat daar baie uit 'n etiket afgelei kan word, kan daar ook baie uit 'n naam afgelei word. Persone kan toegang tot sekere sfere van die samelewing geweier word bloot op grond van die konnotasie wat daar aan name geheg word. As voorbeeld kan 'n persoon met die naam "Xakile Malatje" gebruik word. Alhoewel hy aan al die eksterne kriteria mag voldoen wat nodig is om aan etnies eksklusiewe groepe soos die "Ku Klux Klan" of die "Afrikanerweerstandsbeweging" te behoort, mag hy tog lidmaatskap geweier word op grond van sy naam (Connor, 1992:53).

Differensiasie is egter nie net op individuele vlak van toepassing nie, maar ook op groepe. In groepe, is etnisiteit een van die belangrikste onderskeidende kenmerke. Die gesamentlike waardes van een groep differensieer een groep van 'n ander omdat dieselfde prioriteit aan bepaalde waardes geheg word (Holzner & Robertson, 1980:21). Voorbeelde hiervan die waarde wat groepe heg aan geboue soos tempels en monumente, rituele soos inisiasie en besnydenis asook verdrae wat hele groepe insluit.

'n Ander faktor wat ook deel is van die definiëring van identiteit, is *verandering*. Wanneer iemand van vaderland verander, word sy identiteit in 'n mate verander. McCall (1990:20) vra dienooreenkomstig die vraag: "Wanneer het iemand so verander dat nie meer van dieselfde persoon gepraat kan word nie?" Om hierdie vraag te beantwoord sal bepalende kriteria vir 'n persoon se identiteit op 'n sekere stadium nagegaan moet word. Hierdie kriteria word *identiteitstrekke* genoem (Gofman, 1971:58).

Alle gemeenskappe hanteer nie *identiteitstrekke* op dieselfde wyse nie. In sekere Moslem-gemeenskappe speel geslag 'n baie belangriker rol as wat dit in 'n christelike gemeenskap sal speel. In die agtiende eeu was huwelikstaat en geloofsbeskouings van kardinale belang, terwyl dit in die een en twintigste eeu nie meer die geval is nie (Holzner & Robertson, 1980:16). Dieselfde *identiteitstrekke* sal dus binne die

raamwerk van verskillende gemeenskappe en tydsgleuwe meer of minder gewig dra (Goleman, 1997:203).

Sover dit *identiteitstrekke* betref, moet bepaal word watter essensiële *identiteitstrekke* geïdentifiseer kan word waaraan 'n bepaalde persoon later weer geïdentifiseer kan word (McCall (1990:21).

## 2. 'n Definisie vir identiteit

Met inagneming van dit wat hierbo gestel is sal daar nou aandag gegee word aan die beskrywing van verskillende *identiteitstrekke* wat dan in 'n identiteitsmodel saamgevoeg sal word.

Baumeister (1986:28) beskryf nie net identiteitstrekke nie, maar gee 'n duidelik gestruktureerde identiteitsmodel wat soos volg opgesom kan word: Die strukturele model van identiteit bevat twee definiërende kriteria, drie funksionele aspekte, 'n varieerbare aantal komponente en vyf tipes self-definiërings prosesse. Die definiërende kriteria is kontinuïteit en differensiasie. Die funksionele aspekte is die interpersoonlike self, waardes en prioriteite en persoonlike potensiaal. Die komponente is al die eenhede vir self-definisie, met ander woorde die wyses waarop 'n persoon die vraag: "Wie is jy?" sal beantwoord. Die self-definiërings prosesse is (1) passiewe toekenning van 'n komponent, (2) enkel transformasie, (3) hiërargiese identiteit, (4) opsionele keuse, en (5) verwagte keuse.

## 3. Identiteitstrekke

### 3.1 Kontinuïteit

Kontinuïteit is 'n spesifieke staat van eenheid wat oor 'n bepaalde tyd strek. Kontinuïteit impliseer dat iemand vandag en gister en volgende week dieselfde persoon bly. Sake wat 'n persoon dwing om dieselfde persoon oor tyd heen te bly, versterk daardie persoon se identiteitsgevoel. 'n Voorbeeld hiervan is die maak van beloftes aangesien 'n belofte die *self* wat die belofte gemaak het, verbind met die *self* wat die belofte op 'n later stadium moet nakom (Baumeister, 1986:18). Indien sodanige belofte nagekom word, het dit 'n vertrouensverhouding tussen die betrokke partye tot gevolg (Holzner & Robertson, 1980:9). In hierdie verband kan die verbond wat God met Abraham en sy nageslag gemaak het, as voorbeeld gebruik word. God wat die belofte gemaak het, en dit later in stand hou, word leer ken as betroubaar, terwyl betroubaarheid ook van Abraham se nageslag verwag word (Herman, 1977:47).

Indien 'n patroon van vergenoegdheid tot stand gebring word deur deurgaans dieselfde te wees, word 'n staat van emosionele ekwilibrium bereik wat die persoon tevrede laat voel met sy lewe en dit versterk die betekenis wat so 'n persoon aan sy lewe heg (Goleman, 1997:64).

Genealogiese afkoms en landsverbondenheid is basiese kontinuïteitsfaktore waarmee mense die betekenis van hulle lewe versterk. Dit kan gesien word in die slagspreuk "*bloed en grond*" wat deur Adolf Hitler gebruik is. Hierdie terme vervul basiese kontinuïteitsbehoeftes omdat "*bloed*" enersyds etniese eenheid en kontinuïteit afbeeld en "*grond*" andersyds 'n onderlinge verbondenheid aan dieselfde vaderland afbeeld (Connor, 1992:50). Die verbondenheid aan 'n groter geheel, gee ook 'n baie sterker identiteit in die sin dat "Jurgen Kauffmann" op sy eie nie noodwendig iemand is om mee rekening te hou nie terwyl die Duitse volk wel 'n mag is om mee rekening te hou omdat die volk en die land langer as "Jurgen Kauffmann" sal bestaan (Du Preez, 1980:79).

'n *Identiteitstrek* wat 'n baie sterk identiteitsgevoel gee en selfs die genealogie-, en vaderlands-trek oortref, is godsdiens (Mack, 1983:51). Godsdiens is nie iets wat soos 'n genealogiese lyn kan uitsterf nie omdat godsdiens nie net tyd nie, maar selfs ook etniese- en landsgrense oorspan. Vir die aanhangers van daardie godsdiens gee dit gevolglik 'n gevoel van standvastigheid wat verby tyd, genealogie en demografie strek (Fenn, 1980:122).

Mense is dikwels so tevrede met gebeure en idees binne hulle bestaanswêreld wat die behoefte aan "*dieselfde wees / kontinuïteit*" bevredig, dat kontradiksies wat mag voorkom, ignoreer word. Indien die kontradiksies wat mag voorkom nie geïgnoreer kan word nie, word dit dikwels hanteer deur middel van 'n bepaalde politiese- of religieuse ideologiese raamwerk. Voorbeelde hiervan is ideologieë soos nasionalisme, kommunisme en apartheid (Paranjpe, 1975:64).

'n Voordeel van die kontinuïteitsfaktor in identiteit is die stabilisasie van verhoudings tussen persone wat op sy beurt bydra om hele gemeenskappe te stabiliseer. Een van die probleme wat in hierdie opsig ondervind word is dat identiteitsvorming 'n proses is en nie 'n blote gebeurtenis nie. Kontinuïteit kan dus eers na verloop van tyd identifiseer word deur huidige gebeure en omstandighede te vergelyk met gebeure en omstandighede in die verlede. Slegs nadat 'n effektiewe demonstrasie van identiteit gedoen en waargeneem is, kan daardie spesifieke identiteitskenmerk verder waargeneem word (Connor, 1990:99).

### 3.2 Differensiasie

Differensiasie behels onderskeid wat vir die bepaling van identiteit belangrik is. 'n Bepaalde individu kan slegs van 'n ander individu onderskei word indien daar differensiërende elemente in identiteit aanwesig is. Sommige van hierdie elemente differensieer op 'n breë basis deur iemand in een van 'n paar groot kategorieë soos ras of geslag te plaas. Ander onderskeidingskenmerke differensieer op 'n kleiner en meer unieke wyse byvoorbeeld iemand se naam en van (Baumeister, 1986:18).

Differensiasie vind ook plaas binne verwantskappe waar bloot fyner onderskeidings getref moet word. 'n Voorbeeld hiervan word deur Dikötter (1996:594) uit die etniese veld gegee. Die Oosterse ras aanvaar 'n gesamentlike voorouer wat hulle die "Geel Keiser" noem. Van daar af word die Oosterlinge onderverdeel in verskillende stamme waarvan die Chinese een stam is wat op sy beurt unieke kenmerke het en hulle van byvoorbeeld die Japannese onderskei. Dieselfde situasie word ook by die volk Israel, wat in twaalf stamme opgedeel is, aangetref met Abraham as die gesamentlike voorouer. Hierdie gesamentlike afkoms of nasieverbondenheid is die grootste gemeenskap wat die lojaliteit van mense kan opeis en tot gevolg kan hê dat mense bo die mindere verskille wat daar tussen hulle bestaan, kan uitstyg (Connor 1990:98). Hierdie wyse van differensiasie word "hiërargiese identiteit" genoem (Michener en DeLamater, 1994:94; Baumeister 1986:23).

De Vos (1982:14) is van mening dat differensiasie binne sekere groepe dikwels deur geloofsoortuiging onderhou word. Indien 'n sekere groep se oorgeërfde godsdiens na 'n oorlog deur 'n oorwinnaar bedreig word, sal daardie groep se identiteit 'n ernstige knou kry, of selfs vernietig word indien hulle godsdiens vernietig word. Deur hulle geloof te behou slaag groepe soos die Jode en die Indiërs daarin om selfs in ander lande as hulle vaderland, hulle eie identiteit te bly behou (Herman, 1977:37).

Soms is dit moontlik dat 'n enkele onderskeidende kenmerk bo alle ander gestel kan word (Herman, 1977:31). Mense wat aan 'n bepaalde etniese groep behoort, kan deur 'n waarnemer van alle ander onderskeidende kenmerke gestroop word soos wat met die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog gebeur het. Hitler het nie onderskeid getref tussen man of vrou, dokter of winkelier nie, maar bloot tussen Jode en nie-Jode. Die bepalende identiteitskenmerk vir 'n sekere deel van die bevolking was dus "*Jood*", en alle Jode is op dieselfde wyse behandel (Devereux, 1982:68).

Alhoewel mense na mekaar toe aangetrek word as gevolg van hulle eendersheid, is dit tog ook so dat mense hulleself graag beleef as unieke mense wat oor spesifieke kwaliteite beskik. Om *dieselfde* te wees is net so belangrik as wat dit is om *verskillend* te wees. Doosje & Ellemers (1997:268) het meer lig hierop gewerp met 'n voorbeeld uit die Europese gemeenskap. Die Nederlanders hou nie daarvan om met die Duitsers verwar te word nie aangesien die Nederlanders in vergelyking met die Duitsers 'n klein gemeenskap is en daarom bedreig voel wanneer hulle met Duitsers verwar word. Differensiasie is dus belangrik. Wanneer daar egter ander sake soos taalvoorkeur ter sprake is, sal die Nederlanders eerder met die Duitsers saamspan as met die Swede omdat Nederlands en Duits dieselfde Wes-Germaanse oorsprong het. Differensiasie is daarom 'n fyner vorm van identiteitsdefiniëring as wat kontinuïteit oor 'n tydperk is.

## 4. Funksionele aspekte van identiteit

Wat die funksie van identiteit betref behoort die vraag gevra te word: "Watter positiewe doel dien dit om 'n identiteit te hê, en wat is die funksie daarvan?" Volgens Burke (1997:148) help 'n duidelike sin vir identiteit persone om beheer oor hulle omgewing uit te oefen en om keuses te maak. Indien 'n persoon se identiteit nie duidelik gedefinieer is nie, of in 'n oorgangsfase is, is dit moeilik om in 'n verhouding met 'n ander persoon te staan. Sonder enige identiteit is verhoudings onmoontlik. Die belewenis van identiteit voorsien ook 'n gevoel van sterkte en wilskrag wat tot gevolg het dat die impak van 'n terugslag verminder word (Fewell, 1997:135). Heroriëntasie ná 'n terugslag vind ook vinniger plaas wat tot gevolg het dat doelwitte wat nagestreef word, volgens potensiaal bereik kan word. Dit is ter wille van die stabiliserende uitwerking wat identiteit in persone se lewens het, dat mense graag 'n duidelike identiteit wil hê (Baumeister 1986:19).

Die stabiliseringseffek wat identiteit het word deur Du Preez (1980:32,67) verduidelik aan die hand van 'n militêre voorbeeld. Indien 'n kolonel en een van sy ondergeskiktes beide uit die weermag sou bedank, sal die aanspreekvorme en die gesagstruktuur steeds geld alhoewel beide die partye nie meer aan die weermag behoort nie. Beide die partye sal beleef dat hulle identiteitloos sal wees as hulle nie meer binne die bekende identiteitsraamwerk / paradigma optree nie. Die identiteitsraamwerk wat in hierdie geval bestaan, het dus nie sy bestaan aan eksterne faktore (die weermag) te danke nie, maar aan 'n interne identiteitsparadigma.

Drie funksionele aspekte van identiteit word vervolgens deur (Baumeister, 1986:19) afgelei.

### 4.1 Waardes en prioriteite

Die eerste funksionele aspek van identiteit is die individu se eie waarde- en prioriteitstruktuur. Selfdefinisie hou in dat 'n mens jouself in lyn bring met die manier waarop 'n persoon dink hy behoort op te tree, asook dit waarvoor 'n mens moet streef. Dit behels ook die vind van persoonlike doelwitte wat rigtinggewend in jou eie lewe is. Hierdie struktuur van waardes en prioriteite stel die individu in staat om op 'n standvastige en doelgerigte manier keuses te maak (Frankl, 1978:58).

Die manier waarop hierdie waardes verkry word is egter nie vir twee persone heeltemal dieselfde nie. Wat vir die een persoon baie sterk normatief is, en dus 'n hoë prioriteit geniet, kan vir ander persone heeltemal onbelangrik wees en dus ook 'n lae of geen prioriteit hê nie. Michener en DeLamater (1994:94) dui vier faktore aan wat sal bepaal of 'n verworwe identiteitskenmerk 'n hoë of 'n lae prioriteitswaarde sal hê.

(1) Die hulpbronne wat in die tot stand bring van 'n bepaalde identiteitskenmerk geïnvesteer is (tyd, moeite, geld), byvoorbeeld opleiding om 'n beeldhouer te wees.

(2) Die eksterne beloning wat die uitleef van daardie bepaalde identiteitskenmerk sal bring, byvoorbeeld 'n aanprysingsertifikaat vir jou beeldhouwerk.

(3) Die innerlike bevrediging wat verkry word wanneer daardie identiteitskenmerk uitgeleef word.

(4) Die hoeveelheid selfrespek wat ter sprake is wanneer daardie identiteitskenmerk voortreflik uitgeleef word. Dit sal afhang van die rol wat "beeldhouerwees" speel in die opbou van 'n positiewe selfbeeld.

Die vier faktore wat Michener en DeLamater (1994:94) aandui, spreek nie die belangrikheid aan van aangeleerde waardes vanuit die gemeenskap nie. Eksterne waardes bepaal dikwels nie net die waardes van die individu nie, maar is gelyktydig ook maatstawwe waarmee 'n waardasie van kontinuïteit gemaak word. Identiteit is dus afhanklik van eksterne meetinstrumente waarmee identiteit op 'n bepaalde stadium gemeet kan word. Hierdie maatstawwe wat aangelê word, bepaal ook grense vir die sosiologiese gebied waarbinne identiteit uitgeleef word (Holzner & Robertson, 1980:8). 'n Voorbeeld hiervan is 'n wet soos die Tora wat binne die Joodse gemeenskap geld en waarmee 'n waardasie gemaak word van sowel die norme as die optrede van beide die individu en die gemeenskap (Herman; 1977:36; Marx, 1980:27).

Indien hierdie norme en waardes nie nagekom word nie, word die verwagting wat van daardie identiteit gekoester word, nie nagekom nie en kan daar van identiteitsmislukking gepraat word. Voorbeelde hiervan is 'n rugbyspan wat net bestaan sodat sy lede kan drink, 'n weermag wat nie wil veg nie, ensovoorts (Du Preez, 1980:32).

4.2 Die interpersoonlike self

'n Tweede funksionele aspek van identiteit is die *interpersoonlike* aspek wat bestaan uit die sosiale rolle wat vervul word en die persoonlike reputasie wat daaraan geheg is. By die *interpersoonlike* aspek word sekere persoonlike karaktertrekke soos vriendelikheid en eerlikheid gekombineer met roldefiniërende kenmerke soos polisieman, ma of spankaptein. Verhoudings met ander persone word aangeknoop en in stand gehou met hierdie funksionele aspekte as onderbou (Baumeister, 1986:19).

Die interpersoonlike self staan dus nie los van die sosiale struktuur nie, maar vorm deel van 'n netwerk van sosiale verhoudings. Hierdie verhoudings mag staan of val afhangende daarvan of die betrokke identiteitsrolle uitgevoer word of nie (Michener & DeLamater, 1994:94). Indien een van die interpersoonlike aspekte soos *eerlikheid* nie langer uitgeleef word nie, kan die roldefiniërende kenmerk van polisieman ook nie langer uitgeleef word nie. Hoe meer verhoudings rondom 'n bepaalde roldefiniërende kenmerk gebou word, hoe groter word die verbondenheid aan die uitleef van daardie roldefiniërende kenmerk. Die kerk met sy verweefde struktuur kan hier as voorbeeld genoem word

(Burger, 1999:53). Dit is nie net sosiale rolle binne die kerk wat deur godsdienstige oortuiging gevorm word nie, maar ook die rolle wat in byvoorbeeld werks-, ouer en huweliksverband uitgeleef word.

Indien spanning op 'n identiteitskenmerk binne die interpersoonlike self geplaas word, kan ondersteuning vir daardie identiteitskenmerk wat onder spanning verkeer, gesoek word. Wanneer 'n persoon nie meer vertrou word nie, kan 'n vertrouensvolle familielid of vriend opgesoek word om terugvoer van "jy is betroubaar" te verkry (Paranjpe, 1975:72).

Die interpersoonlike self reageer dus op terugvoer wat vanuit die sosiale omgewing ontvang word en gedrag word daarvolgens aangepas (Burke, 1997:138).

4.3 Individuele potensiaal

Hierdie aspek behels die hê van 'n realistiese persoonlike ideaal en genoeg selfvertroue om daardie ideaal te kan verwesenlik. Indien verwesenliking van die ideaal belemmer of selfs blokkeer sou word, sal die persoon met 'n sterk gevoel van persoonlike potensiaal se ideaal nie vernietig word nie, maar daar sal gesoek word na óf ander maniere om daardie ideaal te verwesenlik óf nuwe ideale sal nagestreef word. Diegene wat nie genoeg vertroue in hulle eie vermoëns het om enigiets merkwaardig te doen nie sal 'n identiteitskrisis beleef (Paranjpe, 1975:71). Hierdie aspek van identiteit het dus te make met 'n innerlike dryfveer vir sukses en vervulling. Dit moet daarom van kreatiwiteit onderskei word wat te make het met die daarstel van idees wat egter nie noodwendig die uitvoer van die idees tot gevolg het nie (Baumeister, 1986:19).

4.4 Identiteitskomponente

Elke identiteit bevat 'n veelvoud van komponente wat die eenhede van selfdefinisie is. Die somtotaal van hierdie eenhede is die totale identiteit van 'n spesifieke persoon. Om 'n tandarts te wees is een voorbeeld van 'n identiteitskomponent, terwyl christen wees, ryk wees, eerlik wees en ouer wees ander voorbeelde is. Enige gedeeltelike definisie van die *self* is 'n identiteitskomponent, met ander woorde enige geldige antwoord op die vraag: "Wie is jy"? Die komponente stel identiteit saam deur die twee definiërende kriteria van identiteit, naamlik *kontinuïteit* en *differensiasie* aan die draer van daardie identiteit te voorsien. Om 'n tandarts te wees differensieer jou van ander persone terwyl tandarts wees ook kontinuïteit verskaf solank as wat jy 'n tandarts is. (Baumeister, 1986:20).

Identiteitskomponente bevat die drie funksionele aspekte van identiteit naamlik *waardes en prioriteite, die interpersoonlike self en individuele potensiaal.* 'n Tandarts sal byvoorbeeld sekere waardes en prioriteite hê soos vriendelikheid en die besit van 'n toegeruste spreekkamer en goeie tandheelkundige versorging van sy pasiënte. Die *interpersoonlike aspek* sal vervul word deurdat pasiënte hom aanspreek as "dokter" terwyl, *individuele potensiaal* sal bestaan uit die aspirasie om 'n tandarts te word, die

voltooiing van die akademiese vereistes sowel as die daarstel van 'n tandheelkundige praktyk. Ander potensiaal wat 'n persoon mag hê kan deur die feit dat jy 'n tandarts is, ingeperk word. Iemand wat 'n tandarts is, sal byvoorbeeld nie 'n baie bekende televisiester kan wees nie as gevolg van al die vereistes wat aan tandarts-wees verbonde is (Baumeister, 1986:20).

Die aantal en tipes identiteitskomponente wat persone het, wissel van persoon tot persoon. Identiteitskomponente het ook nie almal ewe veel identiteitgewende waarde nie omdat sommige komponente meer betekenis aan 'n persoon se lewe gee as andere (Burke, 1997:139). Dieselfde komponent kan vir een persoon van absolute belang wees terwyl dit vir die volgende persoon van mindere belang is byvoorbeeld christen-wees, ryk-wees, vrou-wees en blank-wees. Hierdie komponente sluit mekaar nie wedersyds uit nie maar vorm saam 'n deel van die groter geheel (Michener & DeLamater, 1994:94).

5. Die Selfdefiniëringsproses

Selfdefinisie het te make met die verwerwing van identiteitskomponente wat in vyf verskillende stadia geskied. Die eerste en maklikste stadium is *oorgedraagte komponente* terwyl die vyfde en moeilikste stadium *verwagte keuse* is.

5.1 Oorgedraagde komponente

Die eerste stadium van identiteitverwerwing is passief, stabiel en nie problematies van aard nie. Genealogie en geslag behoort tot hierdie stadium. Iemand hoef niks te doen om die identiteitskomponent *man* of *vrou* te verwerf nie, of om binne 'n sekere familie gebore te word nie. "Nie problematies" impliseer nie dat daar geen probleme aan hierdie identiteitskomponent verbonde is nie. Iemand mag baie probleme hê wanneer hy tot 'n baie ryk of baie arm familie behoort, of om 'n vrou te wees binne 'n sekere gemeenskap. In die meeste gevalle spruit hierdie probleme egter uit die verwagtings en konsekwensies wat arm-wees, ryk-wees of vrou-wees binne 'n bepaalde sosiale konteks het. Alhoewel die komponent self aanleiding kan gee tot sekere probleme is die verkryging van daardie komponent nie problematies nie omdat jy 'n passiewe ontvanger van die komponent is (Baumeister, 1986:22).

'n Komponent wat ook hier genoem kan word omdat dit gewoonlik oorgedra word, is godsdiens. Iemand hoef nie iets te doen om binne 'n bepaalde godsdienstige agtergrond gebore te word nie. Godsdiens is ook 'n primêre draer van basiese morele waardes binne 'n gemeenskap (Fenn, 1980:122).

5.2 Enkel transformasie

Die tweede tipe selfdefinisie word verkry in 'n enkel transformasie. Moederskap is 'n goeie voorbeeld van 'n enkel transformasie. Een duidelik gedefinieerde gebeurtenis maak van iemand 'n moeder. Om 'n volwassene te word is in baie gemeenskappe ook 'n enkel transformasie wat plaasvind wanneer 'n tiener

'n vaste tradisionele ritueel deurmaak en daarna as 'n volwassene beskou word. Om die proses suksesvol deur te maak mag moeilik wees, maar as dit een maal afgehandel is, is daar geen twyfel of dit gebeur het of nie. Indien die proses dus een maal deurgemaak is, is daar aan die vereiste kriteria voldoen, en daarna is daardie identiteitskomponent stabiel en onproblematies. Om 'n ma of volwassene te wees mag ook sy eie probleme meebring, maar daar bestaan geen twyfel of iemand 'n ma is of nie (Baumeister, 1986:23).

5.3 Hiërargiese kriteria

Die sosiologiese wêreld waarbinne ons leef is multidimensioneel en daarom leef mense nie eendimensioneel nie. In die leefwêreld bestaan daar baie indrukke, kennis, gedragstipes, posisies wat persone beklee ensovoorts. Individue moet dus vanuit die verskillende opsies wat beskikbaar is 'n identiteit konstrueer (Holzner & Robertson, 1980:6).

Alhoewel tipes een en twee selfdefinisie (*oorgedraagde komponente* en *enkel transformasie*) slegs een gebeurtenis benodig om aan die verlangde kriteria te voldoen, benodig tipe drie selfdefinisie 'n hiërargie van gebeure as gevolg van die multidimensionele aard van die samelewing. 'n Voorbeeld hiervan kan uit die westerse samelewing geneem word waar rykdom deel van die identiteitsbepalende faktore is. Om 'n tandarts te wees, en 'n praktyk suksesvol te bestuur, sal 'n sekere bedrag geld in die sak bring. Die bedrag wat dit sal inbring is egter nie vas nie. Indien dit met *enkel transformasie* vergelyk word waar die geboorte van 1 of 5 kinders jou 'n moeder maak, is dit nie dieselfde met tipe drie selfdefinisie nie. Wanneer word iemand deel van die middelklas? Bring tandarts wees plus R70 000 iemand in die middelklas, of behoort 'n mens R90 000 en 'n eie huis te hê? In hierdie verband is hiërargiese selfdefinisie problematies omdat dit nooit voltooi word nie en die komponente voortdurend aan herdefinisie blootgestel is (Baumeister, 1986:23).

Alhoewel bogenoemde voorbeelde binne 'n bepaalde tydperk waar is, beteken dit nie dat dit ook in die toekoms waar sal wees nie aangesien identiteit binne 'n sosiale en tydkonteks gevorm word (Paranjpe, 1975:74). Nuwe persone word deurgaans in die lewe van 'n individu ontmoet en nuwe verhoudings kom tot stand. Die perspektiewe van ander het tot gevolg dat die identiteit van die individu aangepas word omdat daar terugvoer ontvang word.

Die terugvoer wat in bogenoemde verband ontvang word, sal uit verskillende sosiale omgewings ontvang word. Die terugvoer wat die tandarts ontvang sal uit daardie sosiale sfeer ontvang en interpreteer word wat met die individu se "tandartswees" verband hou. "Tandartswees" sal dus in hierdie geval die dominante identiteitstrek wees, waaromheen daar hiërargies 'n identiteit gebou sal word (Bernd, 1997:320). Die dominante identiteitstrek sal verder ook van gemeenskap tot gemeenskap verskil. Kerklike denominasie sal byvoorbeeld in Noord-Ierland van wesenlike belang wees en die res van die hiërargiese selfdefinisie van 'n hele groep sal rondom hierdie dominante trek gebou word. In Duitsland

sal dit egter nie gedurende dieselfde tyd die geval wees nie. Indien daar 'n vaste verhouding tussen twee partye byvoorbeeld 'n huwelikskontrak of 'n verbond bestaan, sal daardie vaste verhouding 'n dominante rol speel in identiteitsvorming solank as wat daardie verhouding bly voortbestaan (Bernd, 1997:322-325).

In hiërargiese identiteitsvorming sal die mees sentrale identiteitstrek die meeste vertoon word. Michener en DeLamater (1994:95) gebruik in hierdie verband die voorbeeld van Hassidiese Jode wat met kleredrag en optrede dikwels heeltemal in die sosiale omgewing waarbinne hulle beweeg uitstaan, en tog steeds kenmerkende identiteitstrekke bly vertoon omdat dit die sentrale trek van hulle identiteit is.

5.4 Opsionele keuse

Die vierde stadium van selfdefinisie verwys na 'n keuse wat gemaak word, eerder as na 'n prestasie wat behaal word. Keuse word noodsaaklik wanneer daar nie net een stel kriteria vir identiteitsdefinisie beskikbaar is nie, maar 'n hele aantal terwyl die verskillende stelle met mekaar onversoenbaar is. 'n Voorbeeld hiervan kan uit die religieuse wêreld geneem word. Is dit beter om 'n christen as 'n moslem te wees? Die keuse van godsdiens wat 'n mens moet aanhang is baie onduidelik as jy buite 'n godsdienstige groepering staan. Om 'n christen te wees sal aan jou sekere identiteitskenmerke gee, terwyl jy weer ander identiteitskenmerke sal hê as jy 'n moslem is. Vanuit 'n christelike hoek is dit beter om 'n christen te wees, maar vanuit die oogpunt van 'n moslem is dit weer beter om 'n moslem te wees. In die meeste gevalle sal die maak van 'n definitiewe keuse in hierdie verband nie nodig wees nie omdat mense gewoonlik binne 'n sekere geloofsverband gebore word. Die keuse tussen gelowe is dan beskikbaar, maar indien daar geen dwingende omstandighede is nie, sal dit gewoonlik nie nodig wees om 'n keuse vir die een of die ander uit te oefen nie. Die oorgeërfde geloof kan eenvoudig behou word. Keuse is dus beskikbaar, maar word nie vereis nie en die status quo kan dus gehandhaaf word (Baumeister, 1986:25). In hierdie verband kan keuses soms vermy word deur sinkretisties met geloof om te gaan en die leerstellinge van verskillende gelowe te kombineer.

In vroeëre gemeenskappe het oorgedraagde komponente baie maal opsionele keuses onmoontlik gemaak as gevolg van die sterk godsdienstige gerigdheid van groepe. Indien iemand binne die joodse geloof gebore is, is hy uit die gemeenskap geban wanneer hy oorgegaan het na 'n ander geloof. Dieselfde het gegeld vir persone wat Rooms-Katoliek was. Die oorgedraagde komponent het dus soveel gesag gedra dat dit keuse geminimaliseer het, indien dit nie heeltemal uitgeskakel is nie. Dit is eers na die reformasie dat dit moontlik geword het om keuses uit te oefen, en bekering tot 'n ander geloof meer aanvaarbaar geword het (Holzner & Robertson, 1980:3; 24).

## 5.5 Vereiste keuse

Die vyfde stadium van selfdefinisie bied, in teenstelling met tipe vier selfdefinisie, nie 'n passiewe opsie aan die individu nie, aangesien keuse 'n vereiste is. Die kies van 'n eggenoot binne gemeenskappe waar daar van jou verwag word om te trou is 'n voorbeeld van hierdie tipe selfdefinisie. Elke potensiële eggenoot het sekere voordele en sekere nadele, en alhoewel daar verskeie opsies is, is die opsies onversoenbaar omdat nie met almal wat beskikbaar is getrou kan word nie. Hierdie tipe selfdefinisie is daarom baie problematies omdat daar 'n keuse gemaak moet word, maar daar geen presies neergelegde riglyne vir die maak van 'n keuse is nie (Baumeister, 1986:25).

Daar lê op hierdie vlak egter ook nog ander keuses op 'n dieper vlak, en dit is die tipe persoon wat iemand kies om te wees. Frankl (1978:58) wys daarop dat persone ongeag die fisiese omstandighede waarin hulle binne die Duitse strafkampe tydens die tweede wêreldoorlog verkeer het, self moes besluit watter invloed die kamp op hulle gaan hê. Gaan hy homself tot die vlak van dierlikheid laat verlaag, of 'n mens met die volle bewussyn van sy menslike waarde bly? Vir daardie besluit is daar ook geen neergelegde riglyne nie, en tog moes daardie besluit geneem word. Daardie besluit sou nie net die lewe van die persoon self raak nie, maar ook die lewens van die persone met wie hy in aanraking sou kom.

## 6. Identiteitsisteme

Die omgewing waarbinne 'n persoon leef, speel 'n beduidende rol in identiteitsvorming. Elke persoon beklee 'n verskillende plek binne die gemeenskap en vervul daarom ook verskillende rolle binne die gemeenskap byvoorbeeld pa, tandarts, vriend, ensovoorts. Dit is om hierdie rede dat Michener & DeLamater (1994:89) nie net een identiteit beskryf nie, maar verskillende identiteite binne dieselfde persoon. Hierdie identiteite word rolidentiteite genoem en word gekonstrueer binne die grense van die sosiale omgewing waarbinne die individu op daardie tydstip funksioneer. Dit beteken nie dat 'n persoonlikheidsverandering ondergaan word wanneer 'n ander sub-identiteitsrol vervul word nie. 'n Pa hou byvoorbeeld nie op om 'n tandarts te wees as hy saam met sy kind rugby speel nie (Holzner & Robertson, 1980:30).

Die ontwikkeling van hierdie rolidentiteite is verder ook afhanklik van die sosiale posisies wat in die samelewing beskikbaar is. Dit is daarom meer akkuraat om te sê dat mense hulle rolle met inagneming van die sosiale konteks "opbou" as wat dit is om te sê dat mense bloot voldoen aan eksterne rolverwagtings (Reicher, Hopkins & Condor, 1997:95). Individue van wie die identiteit bepaal word, is dus gelyktydig objek vir identiteitsbestudering en subjek wat besig is met identiteitsopbou. Identiteit is dus nie inherent nie, maar word toegeken en opgebou in 'n gelyklopende proses van toekenning en verwerwing waarin *terugvoer* 'n beduidende rol speel (Holzner & Robertson, 1980:10).

In die proses van identiteitsverwerwing is daar egter ook 'n verweefdheid van die belangrikste identiteitselemente. Herman (1977:36) maak hierdie punt baie duidelik wanneer hy die godsdiens en nasionale elemente van die Joodse volk sinoniem met mekaar maak. Die Joodse geloof en die Joodse nasionale gevoel kan nie sonder mekaar bestaan nie, en werk daarom versterkend op mekaar in. Gevolglik kry 'n mens nie net 'n Joodse individu nie, maar 'n samelewing wat opgebou is uit Joods geörienteerde individue.

## 6.1 Terugvoer

Die proses van toekenning en verwerwing word deur Burke (1997:138) *terugvoer* genoem. In *terugvoer* word vier komponente onderskei. Die komponente is (1) 'n *interne identiteitstandaard*. Indien daar 'n (2) *inset* deur die situasie gelewer word, word die *inset* met die standaard (3) *gemeet / vergelyk* en dit wat deur die vergelyking opgelewer word, word dan 'n (4) *uitset* genoem.

Terugvoer word voortdurend geïnterpreteer in terme van die *interne identiteitstandaard* om te probeer bepaal hoe diegene met wie jy in verhouding staan, jou sien. Die terugvoer wat op hierdie manier ontvang word, word dan in die siening wat jy van jouself het by wyse van *uitset* geïnkorporeer. Hoe groter die betekenis van die *interne identiteitstandaard* of verhouding van wie die terugvoer ontvang word, hoe meer betekenis sal die terugvoer wat ontvang word op die uitset wat gelewer word, hê. *Interne standaard* bestaan dus nie uit net een stel waardes nie, maar uit 'n hele aantal hiërargies minder en meer belangrike standaarde. Hoe groter die betekenis van die *interne standaard* is, hoe sterker rol sal dit in die uiteindelike uitset wat gelewer word, speel. 'n *Godsdienstige interne standaard* sal dan 'n belangriker rol speel as 'n *geslag interne standaard* (Michener & DeLamater, 1994:87).

Die individu beoordeel homself in die lig van die gevoel wat hy het oor hoe ander hom beleef. Daarmee saam word ook ander se oordeel oor jouself beoordeel ten einde te bepaal of die terugvoer wat ontvang word belangrik genoeg is om in jou eie identiteit te inkorporeer of nie (Erikson, 1968:22).

Burke (1997:139) vergelyk die *interne standaard* met die termostaat van 'n lugversorger. As dit warm is skakel die termostaat die lugversorger aan en die temperatuur word afgebring tot op 'n sekere vlak waarna die temperatuur konstant binne bepaalde parameters gehou word.

Die gevolg van bogenoemde terugvoer is die versterking van die identiteit wat mense vir hulleself opbou deur die voortdurende beplanning en uitvoer van aktiwiteite binne die parameters van die individu se *interne standaard* (Michener & DeLamater, 1994:93).

Marshal (2000) se siening sluit by bogenoemde aan as hy sê dat identiteit slegs praktiese waarde kry wanneer dit nie bloot oordragtelik ontvang word nie (tipe een selfdefiniëring), maar self verkry word, wanneer 'n *uitset* gelewer word.

Die vraag wie identiteit bepaal, kan dus in teorie deur eksterne waarnemers gegee word, maar kan prakties slegs deur die draer van 'n bepaalde identiteit self verwesenlik word langs die weg van *terugvoer* wat *uitset* tot gevolg het.

6.2 Openbare identiteitsidentifikasie

Identiteit word soos in voorafgaande aangedui, nie net bepaal deur die persoon wat besig is om sy identiteit op te bou nie. Dit word ook deur die samelewing waarbinne daardie identiteit opgebou word, waargeneem. Sodoende kan 'n bepaalde persoon op grond van al die identiteitstrekke wat hy vertoon, later weer geïdentifiseer word. Deurdat buite-persone die identiteit van iemand waarneem, kom daar mettertyd gedragsverwagtings en kan daar later selfs gedragsvoorspellings gemaak word oor hoe 'n sekere persoon binne bepaalde omstandighede sal optree. Indien daardie heridentifiseerbare trekke op 'n later tydstip nie meer vertoon word nie, sal die verbintenis wat met daardie persoon bestaan, verbreek word (McCall, 1990:129).

Die vraag wat in hierdie verband gevra word is nie "wie is jy?" nie, maar, "is hy dieselfde persoon?" In hierdie geval word die numeriese persoon herken, maar word dit eers bevestig wanneer die res van daardie persoon se verwagte identiteitstrekke vertoon word (McCall, 1990:131). Dit is dus moontlik vir iemand anders om 'n persoon wat aan geheueverlies ly se identiteit te bepaal op grond van sy waarneming van daardie persoon se vroeëre identiteitsopenbaring.

Een van die toetsstene vir die mate waarin iemand so verander het dat van 'n "ander" individu gepraat kan word, is afbreek van verhoudings. Indien die sosiale omgewing waarbinne 'n persoon opereer nie meer met hom in dieselfde verhoudings wil staan as vroeër nie, omdat daar 'n diskontinuïteit in identiteitsopenbaring gekom het, word verandering van identiteit bevestig. Die sosiale omgewing waarbinne 'n persoon funksioneer, speel dus 'n deurslaggewende rol in identiteitsherkenning en op grond daarvan, voortsetting van 'n bepaalde identiteit (Bernd, 1997:328).

6.3 Korporatiewe identiteit

Alle mense het die behoefte om aan andere verbind te wees, en deel uit te maak van 'n groter groep (Mack, 1983:54). Wanneer van identiteit gepraat word, moet daar om hierdie rede nie slegs aan die identiteit van individue gedink word nie, maar ook aan die identiteit van die groepe waaraan die individue behoort (Reicher, Hopkins & Condor, 1997:100). Aan die een kant het die mens dus te maak

met eise wat deur groot sosio-kulturele entiteite soos beskawingsvorme gestel word, en aan die ander kant weer met eise op persoonlike vlak (Holzner & Robertson, 1980:7).

Sonder 'n groepsidentiteit, kan 'n versameling individue nie 'n kollektiewe optrede hê nie, omdat 'n kollektiewe identiteit spanwerk moontlik maak. Bernd (1997:320) stel dit dat 'n groepsidentiteit geaktiveer word wanneer 'n persoon sy eie ervarings, persepsies en gedrag sowel as andere persone se gedrag teenoor hom interpreteer in terme van 'n spesifieke identiteitstrek wat deur daardie hele groep gedeel word. In hierdie opsig is die identiteit van spesifieke groepe taamlik eendimensioneel van aard omdat baie groepe deur slegs een samebindende faktor verbind word. Ander identiteitstrekke kan ook wel by so 'n groeps-dominante trek gevoeg word ten einde die groepsidentiteit daar te stel, maar dit sal dan in diens van die dominante trek staan (Goleman, 1997:163). Voorbeelde hiervan is spansportsoorte soos krieket en basketbal, waar almal die vermoë om die spel te beoefen, deel. Die individu het dus 'n identiteitstrek wat hom na 'n span toe aantrek. Wanneer die span egter eers gevorm is, sal die groep sy eie identiteit opbou wat dan die gedrag van daardie groep sal bepaal alhoewel die groep nie alle identiteitstrekke deel nie (Du Preez, 1980:3). Dit word ook algemeen aanvaar dat persone binne groepsverband anders optree as wat hulle op individuele vlak sou optree. Bernd (1997:318) voer ook empiriese bewys aan dat daar selfs diskontinuïteit kan bestaan tussen die individuele en die groepsoptrede van 'n persoon.

Wat die kollektiewe identiteit van groepe betref, is dit moeilik om te omskryf aangesien die vraag: "Wie is jy?" binne 'n spesifieke konteks moet staan. Die vraag "Wie is jy?" sal daarom slegs sin maak as dit beantwoord kan word in terme van die vraag: *"Met betrekking tot wie?" "Wanneer?" "Terwyl ek wat doen?"* (Du Preez, 1980:13). Bendes en hulle lede is voorbeeld hiervan. 'n Vraag kan byvoorbeeld aan iemand gestel word: "Wie is jy met betrekking tot jou familie?" Waarop die antwoord kan wees "Ek is Douglas, Japie se 16 jaar oue seun en ek tree beskermend op teenoor my 11-jarige suster." Dieselfde individu kan soos volg reageer wanneer aan hom gevra word: "Wie is jy met betrekking tot die bende waaraan jy behoort?" "Ek is Ninja, die leier van die "Clever Kids" en ek het al meisies van 11 jaar oud verkrag." Dieselfde individu kan dus drasties verskillende identiteitsrolle inneem binne verskillende kontekstuele verbande (Herman, 1977:31).

Die mate van identifikasie met die groep waarin "Douglas / Ninja" homself bevind, sal afhang van die mate waarin sy persoonlike identiteit deur die groep versterk word. Indien hy byvoorbeeld 'n groter mate van identiteitsversterking by die "Clever Kids" as by sy familie sou vind, sal sy verbondenheid aan die bende hoër wees as sy verbondenheid aan sy familie. Indien sy identiteitsversterking groter by sy familie sal wees, sal die "Clever Kids" 'n lae voorrang in sy identifikasie met die bende hê. Gevolglik sal hy makliker sy rug draai op die groep met wie hy die swakste identifiseer (Doosje & Ellemers, 1997:258;261). In hierdie geval moet daar egter nie net na die individu gekyk word. Indien die onderlinge verhoudings binne die groep sterk is, sal die individu hom na die groep skik ten einde sy

sosiale identiteit te versterk. Indien hy vir die groep aanvaarbaar is, sal hy dus sy identiteitsversterking uit die groep bly ontvang (Doosje & Ellemers, 1997:271).

Korporatiewe identiteit word gekenmerk deur onder andere korporatiewe simbole byvoorbeeld: Kentekens, volkshelde, herdenkings van bepaalde belangrike gebeurtenisse in die groep se geskiedenis ensovoorts. Die *landsvlag*, *Salomo se tempel*, *Waterloo*, *Pasga* en *Nelson Mandela* is voorbeelde van sulke simbole. Sommige van hierdie simbole is nie fisies nie maar histories van aard. Die oorlog in Noord-Ierland tussen Katolieke en Protestante, die stryd tussen goed en kwaad en die vyandigheid wat tussen Israel en omringende volke bestaan, is voorbeelde hiervan (Du Preez, 1980:3).

Simbole dien ook as maatstaf waaraan identiteit gemeet, en waarmee grense bepaal word. In hierdie verband kry simbole selfs gesagswaarde (Holzner & Robertson, 1980:10). 'n Voorbeeld hiervan is die beeld van helde in die geskiedenis. Opvolgers van sulke helde word beoordeel in die lig van dit wat hulle voorgangers gedoen het. Indien die voorganger op 'n sekere wyse opgetree het, word dit ook van die opvolger verwag en indien dit nie gebeur nie, word dit beskou as 'n *grens* wat nie eerbiedig is nie. 'n Bybelse uitdrukking hiervan is "die troon van Dawid".

Behalwe korporatiewe simbole, deel korporatiewe groepe ook gesamentlike perspektiewe en benaderings. Diegene wat nie die gemeenskaplike dinge deel nie, word dan deur 'n gemeenskap as "*die ander*", geklassifiseer. Hierdie "*ander*" kan, afhangende van die konteks, 'n gesamentlike vyand wees of dit kan die res van die gemeenskap wees (Reicher, Hopkins & Condor, 1997:100). In spreektaal word daar dikwels na hierdie "*ander*" verwys as "*hulle*". Op grond hiervan word die vraag dan gevra: "Wat sal *hulle* sê?" Hiervolgens word die gedrag van die groep deur beide die perspektiewe van die groep, as die van "*die ander*" bepaal (Holzner & Robertson, 1980:5-7).

Indien daar gebeure of konsepte is wat 'n reeds gevormde groep se identiteit bedreig, kan daardie groep die bedreiging ignoreer en konsentreer op die positief-identiteitgewende faktore binne daardie groep (Baumeister 1992:301). Daar vind dus filtrasie van inligting en gebeure plaas wat lei tot groepversterking. Die gevolg hiervan is 'n euforie van onoorwinlikheid. Goleman (1997:186) gebruik as voorbeeld hiervoor die Kennedy era waar geglo is dat alles wat Kennedy aanpak, sal slaag. Goleman (1997:167) neem as verdere voorbeeld 'n gesin vir wie die dominante identiteitstrek die feit is dat die eggenoot en pa 'n chirurg is. Indien hy daardie posisie sou verloor, is dit moontlik dat die gesin so afhanklik van daardie enkele identiteitstrek kan wees dat daar voortgeleef word asof hy steeds 'n chirurg is. Alles wat die dominante identiteitstrek kan bedreig word dus filtreer ter wille van die versterking van die sentrale identiteitstrek.

Samevattend kan gesê word dat identiteit dit moontlik maak om jou eie verlede te verstaan, en die potensiaal vir jou toekoms in verhouding met jouself en die gemeenskap verskaf (Baumeister, 1991:325).

Die individu se siening van homself beïnvloed dan sy keuses van gedrag sowel as sy verwagtings van die toekoms.

# HOOFSTUK 3: TEOLOGIESE RELEVANSIE VAN DIE IDENTITEITSMODEL

Die voorafgaande bespreking van identiteit het binne 'n sosiologiese en psigologiese raamwerk geskied. Die veld waarbinne die definisie van *identiteit* gebruik gaan word is egter díe van die teologie en daarom is dit nodig om dit op die teologie van toepassing te maak. Aangesien dit in die teologie oor die openbaring van God, en sy verhouding met die mens gaan, gee *identiteit* bruikbare kategorieë waarin mense geplaas kan word ten einde betekenis aan hulle verhoudings te gee.

Die toepaslike verhoudings in hierdie studie is die verhouding tussen God en die nasies, maar as gevolg van die persoonlike aard daarvan, veral die verhouding tussen God en sy eie volk. Met Abraham en sy nageslag het God 'n verbond aangegaan wat nie aan tyd gekoppel is nie (Gen 17:7), en dus die basis gee vir die kontinuïteit wat daar in die verhouding tussen God en sy volk bestaan.

Vanuit die verbond wat aangegaan is, kom daar ook differensiasie in die verhouding wat daar tussen God en sy volk, en op grond daarvan tussen die volk en die ander nasies bestaan. Dit is met die nageslag van Abraham en nie met die ander volke nie, dat God 'n verbond gesluit het (Deut 7). Die optrede van God se volk moes daarom nie deur die ander nasies se kultuur gerig word nie, maar deur dit wat God van Homself aan sy volk bekend gemaak het. Aangesien Israel egter nie volgens God se opdrag (Deut 7:16) die volke uitgeroei het nie, was die invloede wat op die volk ingewerk het nie net die van die Tora nie, maar ook die van die ander volke se godsdienste en regerings. In plaas van 'n gevestigde identiteit was Israel se identiteit as gevolg hiervan, deurgaans in transito.

God het in Genesis 1:27 die basiese identiteit vir die mens gegee toe Hy die mens as sy beeld en verteenwoordiger gemaak het. Aan Abraham se nageslag is nog 'n verdere identiteitskenmerk gegee naamlik "volk van God". Die mate waarin hierdie identiteitskenmerke toegeëien is, sal uit die studie bepaal moet word.

Die volgende identiteitstrekke sal gebruik word om die identiteit van God se volk in die Boek Jesaja te bepaal.

## 1. Identiteitstrekke

### 1.1 Kontinuïteit en eenheid

Die basiese trek wat kontinuïteit in die identiteit van God se volk verskaf, is soos reeds gesê "beeld en verteenwoordiger van God wees" asook die verbond wat met die volk aangegaan is. Hierdie trekke kan

nie verlore gaan nie omdat God, wat getrou is, self toesien dat die verhouding tussen Hom en sy volk gehandhaaf word.

Trekke wat verdere kontinuïteit verskaf is die land wat aan die volk beloof is, asook die name wat God gebruik wanneer Hy met sy volk kommunikeer. Soms word 'n bepaalde benaming egter ook gebruik om diskontinuïteit in die verhouding met God aan te dui. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer Israel slegs *hierdie volk* genoem word (6:9,10) en nie meer *Israel* of *Juda* nie. 'n Ander voorbeeld van diskontinuïteit is die verlies van die land (1:7). In beide bogenoemde gevalle toon dit 'n diskontinuïteit in die verhouding met God aan.

1.2 Differensiasie

Die verbond wat God met sy volk aangegaan het, het sy oorsprong daarin dat God vir Israel uitgekies, en vir Hom afgesonder het. Hulle moes gevolglik vir God afgesonder, leef (Deut 14:2). Binne God se volk is daar ook fyner vorme van differensiasie soos die verskillende stamme waarin die volk ingedeel is, bepaalde ampte soos die profete en die priesters, ensovoorts. Die differensiasie-aspek is deur die ballingskap bedreig aangesien die godsdiens, simbole en die waardes van die volk tydens die ballingskap deur assimilasie met ander volke bedreig is.

2. Funksionele aspekte van identiteit

Die funksionele aspekte van identiteit help die houer van 'n bepaalde identiteit om keuses te maak, beplanning te doen, die gemeenskap te stabiliseer en beheer oor sy omgewing uit te oefen. Dit help ook met heroriëntasie ná 'n terugslag. 'n Goed gedefinieerde identiteit sou dus die volk help om die invloede van die omringende volke en die trauma van ballingskap te hanteer.

Hierdie funksionele aspekte van identiteit sal gevolglik duidelike leidrade gee vir die bepaling van die identiteit wat Israel en Juda vir hulleself opgebou het.

2.1 Waardes en prioriteite

Waardes en prioriteite het te make met eksterne waardes wat toegeëien en aan voldoen moet word ten einde die verhouding wat daar tussen die betrokke partye bestaan, in stand te hou. Deur die toe-eiening van waardes kry die houer van daardie waarde die vermoë om keuses te kan maak. Die waardes wat die volk moes gebruik om hulle keuses te maak, het hulle direk van God deur sy Woord, en die mond van die profete, ontvang. Indien die optrede van die volk aan die geopenbaarde waardes gemeet word, kan bepaal word of identiteitsmislukking plaasgevind het. Daar kan egter ook bepaal word wat die gewenste identiteit is wat vertoon moet word deur die bestudering van die identiteitstrekke van die "kneg van die Here". (In hierdie studie sal in plaas van "dienaar" die benaming "kneg" gebruik word om Hom te identifiseer as die kneg van die Knegliedere.)

## 2.2 Interpersoonlike self

Daar word 'n persoonlike reputasie geheg aan die vervulling van sosiale rolle. Die netwerk van sosiale rolle wat vervul word, is vir die volk van God nie rolle wat deur die gemeenskap dikteer moet word nie, maar deur God. Die interpersoonlike aspekte van betroubaarheid en regverdigheid, wat spruit uit beeld van God wees, kom ernstig onder die soeklig in die eerste deel van Jesaja. Indien kardinale interpersoonlike aspekte nie uitgeleef word nie, sal dit noodwendig daartoe lei dat "beeld van God" nie meer vertoon sal word nie.

Wanneer spanning op bepaalde interpersoonlike kenmerke geplaas word, sal ondersteuning gesoek word by persone wat dieselfde identiteit deel. Regverdiges sal byvoorbeeld verhoudings aanknoop met ander regverdiges. Dit is teen hierdie agtergrond gesien nodig om iemand te vind wat betroubaar en regverdig is, om mee te identifiseer. God se antwoord hierop is waarskynlik die stuur van die *Kneg van die Here*.

## 2.3 Individuele potensiaal

Die individuele potensiaal van God se volk na die sluiting van die verbond, was dat Abraham 'n groot nageslag sou hê. As hulle aan God gehoorsaam was, sou hulle ook geseën wees sonder enige vloeke (Deut 28). Die potensiaal wat hulleself egter wou opbou was om mag te kan uitoefen, en daarom is ondersteuning by ander volke gesoek toe Israel sy mag verloor het. Die volk het ook sy vermoë om hulp van God te kry, en sodoende sy vermoë om sy potensiaal te bereik, verloor deurdat God nie meer na hulle geroep wou luister nie (1:15).

## 3. Die selfdefiniëringsproses

Elke identiteit bevat 'n veelvoud van komponente, en die somtotaal van daardie komponente maak die totale identiteit van 'n persoon uit. In hierdie veelvoud van komponente is daar dominante komponente en daardie dominante komponente is meer identiteitgewend van aard vir daardie spesifieke persoon. Selfdefinisie het dan te make met die verwerwing en / of toe-eiening van identiteitskomponente. Hierdie selfdefiniëringsproses verloop in vier stadia wat vervolgens beskryf sal word.

## 3.1 Oorgedraagde komponente

Die eerste stadium van die definiëring van identiteit is 'n passiewe, stabiele en nie-problematiese stadium. Tydens hierdie stadium word sekere identiteitskomponente aan die ontvanger oorgedra. Dit word met ander woorde nie verwerf nie, maar word bloot ontvang. In Israel as volk se bestaan is voorbeelde van oorgedraagde komponente die volgende: Uitverkiesing, die verbond wat God met Israel opgerig het, die Tora ensovoorts. Binne die bestek van Israel se bestaan kan godsdienstige oriëntasie ook as 'n oorgedraagde komponent beskou word, omdat kinders binne 'n bepaalde godsdienstige atmosfeer gebore is.

### 3.2 Enkel transformasie

Die volgende stadium in die selfdefiniëringsproses vloei voort uit oorgedraagde komponente. Indien iemand manlik binne die volk Israel gebore is, het daar op die agtste dag 'n enkel transformasie plaasgevind in die vorm van besnyding. Indien die proses deurgemaak is, is daar geen twyfel meer nie, en vorm dit onomkeerbaar deel van die identiteit. Wegvoer in ballingskap kan ook hieronder gestel word, omdat ballingskap 'n permanente invloed op die identiteit van Israel sou hê.

### 3.3 Hiërargiese kriteria

Die volgende stadium van die selfdefiniëringsproses is meer problematies van aard omdat die leefwêreld nie eendimensioneel van aard is nie. Die wêreld waarin Israel beweeg het was kompleks en multidimensioneel. In hulle leefwêreld is hulle aan verskillende indrukke, godsdienste, regerings, profete, bedreigings, alliansies, ekonomiese omstandighede, ensovoorts blootgestel. As volk moes hulle vanuit hierdie verskillende opsies hulle eie korporatiewe volksidentiteit konstrueer. Hierdie deel van die selfdefiniëringsproses word in teenstelling met *oorgedraagde komponente*, en *enkel transformasie komponente*, nooit finaal afgehandel nie. Die rede hiervoor is die voortdurend wisselende invloede waaraan die volk blootgestel is.

Wanneer 'n persoon of volk aan verskillende invloede blootgestel word, word verskillende terugvoere ontvang. Die terugvoer wat ontvang word, beïnvloed die toe-eiening van bepaalde identiteitskomponente, en dus ook die konstruksie van identiteit. As voorbeeld hiervan kan die terugvoer wat Israel van die profete ontvang het, genoem word. Dikwels is die waarskuwings van die profete verontagsaam (28:12). Die volk het eerder toegegee aan die heidense invloede en dus identiteitstrekke vertoon wat by die heidense godsdienste gepas het.

Binne die konteks waarin die volk beweeg het, is dominante en nie-dominante identiteitstrekke vertoon waardeur bepaalde verhoudings ook beïnvloed is. As gevolg van die dominansie van sekere trekke is ander trekke glad nie vertoon nie byvoorbeeld ekonomiese inpalming ten koste van regverdige behandeling van weduwees (1:17,23). Aangesien dominante trekke meer dikwels vertoon word as nie-dominante trekke kan daar deur identifikasie van dominante trekke, asook trekke wat nie vertoon word nie, 'n bykomende aanduiding van die identiteit van God se volk gekry word.

### 3.4 Keuses

Die finale fase in die selfdefiniëringsproses is die maak van keuses. Die wyse waarop keuses gemaak word is 'n tweeledige proses. Enersyds kulmineer die vorige drie fases van die selfdefiniëringsproses in die maak van bepaalde keuses. Andersyds bevestig die keuses wat gemaak is weer die identiteitselemente wat in die selfdefiniëringsproses toegeëien is. Die keuses wat Israel gemaak het, het

getoon watter identiteitskomponente in die vorige fases toegeëien is. Israel kon ook nie aan keuses ontkom nie aangesien hulle verkiesing en die verbond wat God met hulle as volk opgerig het, hulle gedwing het om keuses te maak. Selfs al was daardie keuse om die verbond te verbreek (24:5). Die maak van keuses is vir Israel bemoeilik as gevolg van die feit dat die oorgedraagde komponent van "volk van God" nie sodanig toegeëien is dat hulle hulleself van die ander volke en hulle gode afgeskei het nie. Dit was dus nie net die verhouding met God wat hulle keuses bepaal het nie, maar ook hulle sosiale verbintenis met volke wat nie in die verbond gedeel het nie (17:7,8).

4. Identiteitsisteme

Geen persoon of volk leef in 'n vakuum nie en daarom is daar verskillende invloede wat op 'n individu of groep inwerk. Binne die sosiale konteks word identiteit opgebou in 'n gelyklopende proses van toekenning en verwerwing.

4.1 Terugvoer

Identiteit word verwerf en aangepas wanneer terugvoer wat ontvang word, geïnterpreteer en toegepas word. Die wyse waarop interpretasie plaasvind, is soos volg:

1. Die situasie lewer 'n *inset*.
   In Jesaja word daar nie net een inset gelewer nie, maar baie. Die afgodsdienaars lewer insette, die omliggende nasies lewer insette, die profete van God lewer insette ensovoorts.
2. Die insette word met 'n *interne identiteitstandaard* gemeet.
   Die *standaard* waarmee gemeet word hang af van die verhouding met die persoon van wie die standaard ontvang word. Indien die verhouding met God byvoorbeeld sterk is, sal die Woord van God dien as standaard. Indien die verhouding met die afgode sterk is, sal die standaard waarmee gemeet word, deur die afgodsdienaars bepaal word.
3. 'n *Uitset* word gelewer na meting met die *identiteitstandaard.*
   Die uitset wat gelewer word sal bepaal word deur die parameters van die *standaard* waarmee die meeste geïdentifiseer word. Indien ekonomiese welvaart vir Israel se leiers belangrik sou wees, sou in plaas van *regverdige versorging van weduwees* as standaard, eerder *verkryging van grond* geld.

'n Aktiwiteit wat deurlopend in bogenoemde proses na vore kom, is die filtrering van inligting. Die volk word dikwels in Jesaja daarvan beskuldig dat hulle ongewenste optrede openbaar. Hulle offer byvoorbeeld terwyl hulle hande met bloed bevlek is (1:12-14). Hulle word ook daarvan beskuldig dat hulle doof is al het hulle ore, en blind is al het hulle oë (43:8). Hulle sien dus nie wat hulle moet sien nie, en luister ook nie waarna hulle moet nie. Die rede hiervoor is dat identiteitsbedreigende inligting uitfiltreer word. Uit hierdie filtrasie van inligting kan daar gevolglik duidelike afleidings gemaak word oor die identiteit wat Israel vir homself toegeëien het.

### 4.2 Openbare identiteitsidentifikasie

Identiteit word nie net bepaal deur die persoon wat besig is om sy identiteit op te bou nie, maar word ook waargeneem deur die samelewing waarbinne daardie identiteit opgebou word. Dit het tot gevolg dat 'n bepaalde persoon later weer geïdentifiseer kan word. Indien die heridentifiseerbare trekke op 'n later tydstip nie meer vertoon word nie, sal die persone wat in 'n verhouding met daardie persoon staan, die verhouding breek. Aanduidings van die breek van verhoudings word gevind in God se oordeelaankondigings oor Israel en Juda (5:1-7). 'n Verdere vraag wat hier beantwoord sal moet word is of Israel voor die ballingskap en na die ballingskap deur dieselfde trekke identifiseer kan word?

### 4.3 Korporatiewe identiteit

Groepe word deur gesamentlike identiteitstrekke aan mekaar verbind. Indien so 'n groep aan mekaar verbind is, en 'n groepsidentiteit het, kan so 'n groep as eenheid funksioneer. Aangesien die volk van God as 'n korporatiewe persoonlikheid in Jesaja hanteer word, moet die vraag beantwoord word wat die samebindende identiteitsfaktor binne die volk van God was, en in verhouding met wie daardie samebindende identiteitsfaktor bestaan het. Die simbole wat vir die volk as geheel belangrik was, en die gekonstrueerde "ander" sal ook duidelike aanduidings van die identiteit van beide Israel, en die volk van God gee.

# HOOFSTUK 4: JESAJA 1-39

## 1. Jesaja 1-6

In die eerste ses hoofstukke van die boek Jesaja word twee temas aangetref wat deurlopend in die boek voorkom. Hierdie twee temas is ondergang en redding (Motyer, 1993:37), of in hierdie studie se terme uitgedruk, diskontinuïteit en kontinuïteit. Nadat hierdie temas in die eerste vyf hoofstukke aan die orde gestel is, volg die roepingsgeskiedenis van Jesaja in hoofstuk 6.

Vervolgens sal Jesaja 1-6 in sy geheel behandel word sodat daar deeglik kennis geneem kan word van al die kontinuïteits- en diskontinuïteitsfaktore wat daarin voorkom. Daarna sal slegs die verse wat duidelike kontinuïteitsfaktore bevat, behandel word omdat dit die faktore is wat die blywende identiteit van Israel bepaal.

### 1.1 Jesaja 1

Die eerste hoofstuk van Jesaja is 'n inleiding tot die hele boek en bevat ook die basiese elemente van die boek, naamlik die sonde van Juda en Jerusalem (1:3-8), die oproepe tot bekering (1:16-19) die komende oordeel (1:24,25), maar dan ook die redding wat sal aanbreek (1:26,27) (Young, 1972:27).

#### 1.1.1 Jesaja 1:1

In die eerste vers van die boek tref ons 'n kontinuïteitsaanduiding aan. Daar word melding gemaak van die openbaring wat Jesaja, seun van Amos, ontvang het, en wat oor die regeringstye van verskillende konings heen strek. Alhoewel die regeringstye van onderskeidelik konings Ussia, Jotam, Agas, en Hiskia verstryk het, en hulle deur 'n volgende koning opgevolg is, word die openbaring wat Jesaja ontvang steeds gekontinueer (Goldingay, 1998:330). Jesaja het in die onderskeie tye verskillende openbarings ontvang of gesigte gesien (1:1, 2:1, 6:1, 13:9,17) (Snijders, 1969:16), tog word die enkelvoud חזון vir daardie openbarings gebruik. Daarmee word aangedui dat al die openbarings wat ontvang is, een Goddelike oorsprong het (Young, 1976:30). Hierdie openbarings vorm 'n eenheid en handel in wese oor Juda en Jerusalem (Ridderbos, 1985:40). Die kontinuïteits-aanduiding word gevolglik nie gevind in die volk Israel of hulle koning nie, maar wel in Jahwe, want dit is van Hom wat Jesaja die openbaring ontvang het.

Samevatting

Die eerste aanduiding van kontinuïteit wat in Jesaja aangetref word, word nie gevind in mense nie, maar in God wat deurgaans sake aangaande sy volk aan sy profeet openbaar. Dit is dus reeds van die begin af duidelik dat die stabiliteit van die geloofsgemeenskap nie van die mens afhanklik is nie, maar van God. Dit is ook in Hom wat die potensiaal van die volk opgesluit lê.

### 1.1.2 Jesaja 1:2-9

In Jesaja 1:2 word die eerste onderskeidende kenmerk van die volk van God aangetref wanneer die naam *Israel* gebruik word. *Israel* was die naam wat God aan sy volk gegee het, en dit is 'n naam wat God se volk van alle ander volke onderskei het. Daar is egter 'n nog nader onderskeidende kenmerk en dit is die feit dat Israel, God se kind genoem word. Volgens Oswalt (1986:86) is die beskrywing van Israel as God se kind, van groot belang. Terwyl die ander volke se gode net gesien is as gode wat die volk verwek het, maar geen sorg vir die hulle gedra het nie, het Jahwe in teenstelling daarmee nie net die volk tot stand gebring nie, maar staan Hy ook in 'n versorgende verhouding met hulle.

Verhoudings word egter aangeknoop en in stand gehou met die funksionele aspekte van die interpersoonlike self as onderbou. Met dit in gedagte is daar reeds in die tweede vers van Jesaja 'n aanduiding dat een van die belangrikste karaktertrekke waarop 'n verhouding gebou word, naamlik wedersydse vertroue, nie teenwoordig is by die volk van God nie. Die gebrek aan vertroue kan afgelei word uit die feit dat Israel daarvan beskuldig word dat hulle teen God in opstand gekom het. Dit kom in weerwil daarvan dat God hulle as sy kinders grootgemaak het. Hy het verwag dat hulle hulle afhanklikheid van Hom sou besef, en gevolglik aan Hom gehoorsaam sou wees. Dit het egter nie gebeur nie (Motyer, 1993:43). Wat wel gebeur het word in Jesaja 1:4 aangedui en dit is dat Israel *die Heilige van Israel* verag het. Hierdie aspek is reeds 'n diskwalifiserende aspek vir 'n voortgesette verhouding met God.

Behalwe die Vader-kindgedagte, is daar ook 'n ander duidelike onderskeid te vind tussen Israel as die volk wat God vir Homself afgesonder het, en die ander volke wat nie in 'n verbondsverhouding met Hom staan nie. Dit blyk uit die vergelykende beelde wat in Jesaja 1:3 gebruik word om Israel te beskryf. Wanneer Israel met 'n bees en 'n donkie vergelyk word, word daarmee aangedui dat Israel God se *eiendom* is soos 'n bees en 'n donkie aan sy eienaar behoort. Hiermee word ook nie net Israel bedoel nie, maar Israel en Juda gesamentlik (Helberg, 1990:56).

Alhoewel daar duidelike differensiasie tussen die volk van God en die ander volke was, het daardie onderskeid in 'n sekere sin verdwyn omdat hulle, net soos die ander volke, hulle nie aan die Here gesteur het nie (Jes 1:3).

Daarom word die hemele en die aarde in Jesaja 1:2 opgeroep om aandag te gee aan dit wat die Here wil sê. Dit is met ander woorde nie 'n geheime aankondiging wat die Here hier wil maak nie, maar is geheel en al openbaar (McKenna, 1993:52). Die aankondiging gaan daaroor dat sy kinders se gedrag nie meer heridentifiseerbare trekke vertoon soos wat van kinders wat deur Hom grootgemaak is, verwag kan word nie. Enersyds is Israel soos 'n donkie wat nie die krip van sy baas ken nie, en andersyds het hulle in so 'n mate perspektief op God verloor dat hulle nie meer 'n begrip het van dit wat Hy doen nie (1:3).

Dit gebeur ten spyte daarvan dat God Homself "die Heilige van Israel" noem, en daarmee die besondere band wat daar tussen Hom en sy volk bestaan, beskryf. Daarmee word aangedui dat God Homself nie op soortgelyke wyse aan enige ander volk verbind het as wat Hy Hom deur sy uitverkiesende genade aan Israel verbind het nie (kyk ook Deut 7:6) (Brueggemann, 1998:16).

Alhoewel God oor die tyd heen aan sy volk verbonde was, en hulle as kinders grootgemaak en opgevoed het, het hulle teen Hom in opstand gekom (1:2). Die grootmaakproses waarna verwys word, het plaasgevind vanaf die uittog uit Egipte tot en met die tyd waarin Jesaja hierdie openbaring ontvang het (Motyer, 1993:43). Jesaja 1:3 sê dat die kinders wat God grootgemaak het, Israel is. Israel het as volk tot stand gekom deurdat God, in sy verkiesende genade, met Abraham en sy nageslag 'n verbond opgerig het (Gen 17:7). As gevolg van hierdie verbond was daar by God 'n voortgesette betrokkenheid by Abraham en daarna ook by Isak en Jakob of Israel soos hy na sy naamsverandering bekend was. God se betrokkenheid het ook voortgeduur met hulle nageslag (Helberg, 1988:202,207).

Israel is egter 'n volk wat geen begrip het van wat sy Here doen nie. Hierdie *onbegrip* word gekontinueer soos daaruit afgelei kan word dat dieselfde gedagte weer in Jesaja 27:11 herhaal word. As gevolg van die gebrek aan begrip, het hulle die verhouding met God verbreek omdat hulle voortdurend aan Hom ongehoorsaam was en sodoende skuldig voor Hom bly staan het (1:4) (Kaiser, 1996:19). Die vertrouensverhouding wat tussen Jahwe en Israel bestaan het, is dus verbreek omdat Israel die keuse gemaak het om nie die verbondsbelofte wat hy gemaak het om die Here te dien (Jos 24:24), na te kom nie. Die bewys hiervan is dat Israel nie na die Here geluister het nie (Jes 1:4). In die nie-luister van ou Israel is daar kontinuïteit te sien (Jes 22:11, 65:12). As gevolg van die belofte wat nie nagekom is nie, het daar ook identiteitsverlies plaasgevind omdat Israel homself nie meer as aan-God-verbonde kon beskou nie.

Die diskontinuïteit het nie net betrekking op hulle persoonlike verhouding met God nie, maar ook op die land wat Hy aan hulle beloof het. God het selfs so ver gegaan as om een van Israel se basiese kontinuïteitsfaktore, naamlik hulle land, te verwoes (1:7) (Brueggemann, 1998:16). Daarmee het Hy by hulle tuis gebring hoe onstabiel die verhouding tussen hulle en Hom geraak het. Wanneer Jesaja hier van *Israel* praat, word daarmee nie die noordelike tienstammeryk bedoel nie maar word dit as teologiese begrip gebruik. *Israel* word dan 'n omskrywing van: volk-van-Jahwe. Wanneer *Israel* dan gebruik word waar beide Juda en Jerusalem ter sprake is, is dit 'n aanduiding van die oorspronklike eenheid wat daar in die volk van God bestaan het. By Jesaja kom hierdie gedagte sterk na vore en vloei dit ook logies voort uit die res van Jesaja se profesie waar een volk-van-Jahwe weer in die vooruitsig gestel word (Jes 56:1-8) (Snijders, 1969:21). Die aspek wat hierdie een-volk-van-Jahwe moontlik sal maak, is die verbond waaraan hulle deel sal hê. Wanneer daar in 1:7 van *vreemdelinge* gepraat word, word volke bedoel wat nie deel het aan die verbond met Jahwe nie, en dus nie reg het op die land nie (Snijders,

1969:24). Die *vreemdelinge* het egter nou die voordeel gegryp van die land wat veronderstel was om vir Israel , wat aan die verbond deel gehad het, voorspoed te bring.

Die verwoesting van die land waarvan Jesaja 1:7 praat, asook die vreemdelinge wat daarvoor verantwoordelik was, word nie deur Jesaja histories verduidelik of geplaas nie. Daar is behalwe vir die historiese gegewens in Jesaja 1:1 'n opmerklike gebrek aan historiese gegewens in die eerste vyf hoofstukke van Jesaja (Motyer, 1993:44). Volgens Bright (1981:303) moet die verwoesting en die vreemdelinge waarvan Jesaja in 1:7 praat dui op die besetting van Jerusalem deur Sanherib tydens die regering van Hiskia. Vosloo (1989:188) en Ridderbos (1985:44) is egter van mening dat daar aan die Siro-Efraimitiese oorlog gedink moet word. Wat die spesifieke historiese omstandighede was, kan dus nie met sekerheid vanuit die teks self bepaal word nie. Wat wél met sekerheid vanuit die teks self gesê kan word, is dat God besig was om diskontinuïteit in die lewe van sy volk te bewerk. Die manier waarop Hy dit gedoen het was deur die gebruik van volksvreemde persone, wat geen begrip van Hom gehad het nie. Die verwoesting van die land, en die slae waarmee Jahwe die volk geslaan het (1:5), het egter nie beteken dat God die verhouding met Israel verbreek het nie. Dit is eerder 'n aanduiding daarvan dat Hy die verhouding wou herstel (Jes 1:18) tot dit wat dit volgens die eise van die verbond moes wees (Young, 1972:50).

In teenstelling met hoe die Here met Sodom en Gomorra gehandel het, het Hy nie die volk verwoes soos wat hulle verdien het nie (1:9,10). Hierin word onderskeid getref tussen Israel en die ander volke wat Israel tot groter dankbaarheid moes stem omdat aan hulle genade betoon is wat nie aan ander volke betoon is nie (Ridderbos, 1985:44). In 1:10 word met *Sodomsleiers* en *Gomorrasvolk* tot Israel se skande ook aangedui dat daar ten spyte van uitverkiesing en verbond 'n gebrek aan die verwagte differensiasie is. Israel het met ander woorde so 'n gebrek aan differensiasie vertoon dat hy tot die vlak van Sodom en Gomorra gedaal het. Dit is om hierdie rede dat God ook nie na Israel sal luister nie net soos wat Hy ook nie ander volke luister nie (Delitzsch, 1949a:90).

Ten spyte van die ontrou van die volk, en die daaropvolgende straf, is daar egter steeds kontinuïteit in God se verhouding met sy volk. Dit kan daarin gesien word dat Sion oorgebly het soos 'n skerm in 'n wingerd (1:8). Die Here het 'n klompie láát oorbly (1:9) (Preuss, 1983:252). Hierdie oorblyfsel is te danke aan God se genade. Indien Hy nét regverdig opgetree het, en nie ook genadig nie, sou daar geen toekoms vir Israel gewees het nie (Motyer, 1993:44). God se verhouding met Israel word dus nog steeds voortgesit, soos blyk uit die straf wat hy volgens die verbondsbepaling uitdeel. Die voortsetting blyk egter ook uit die voortsetting van die profetiese openbaring aan Jesaja, wat hy aan Israel moes oordra (Helberg, 1990:67).

Samevatting

Israel se korporatiewe identiteit was sodanig dat hulle nie met Jahwe geassosieer het, en hulle identiteitsversterking van Hom ontvang het nie. Gevolglik het Israel nie sy verbondsbelofte aan God nagekom nie, en daarom het daar 'n tweeledige breuk tussen die volk en God gekom. Aan die een kant het daar 'n verbondsbreuk gekom, en aan die ander kant het daar ook 'n vertrouensbreuk gekom. God sit egter as gevolg van sy eie inherente getrouheid die verhouding met sy volk voort en dit beteken vir die volk straf, maar tog ook die moontlikheid van genade.

Sover dit openbare identiteitsidentifikasie betref, is daar 'n paar punte waarop Israel nie meer in sy oorspronklike vorm van buite herken kon word nie. Eerstens kon hulle nie meer herken word as die twaalfstammeryk nie as gevolg van die skeuring in die ryk. Tweedens het Israel nie meer die voordeel van die land gehad nie, omdat vreemdelinge die landerye verteer het. Dit het daartoe gelei dat etniese afstamming en landsverbondenheid nie meer as vaste hiërargiese kriteria gebruik kon word om identiteit mee te konstrueer nie.

1.1.3 Jesaja 1:10-31

In Jesaja 1:10-17 kom die reputasie van die volk onder die soeklig. Die leiers van die volk, en die volk self word geestelik gelykgestel met Sodom en Gomorra (Young, 1972:60). Die interpersoonlike aspek van *geregtigheid* word nie deur die volk van die Here vertoon nie maar in plaas daarvan vertoon hulle אָוֶן wat volgens Bernhardt (1974:143) sosiale onreg en die misbruik van mag is. In plaas daarvan om in navolging van God genadig, regverdig en betroubaar te wees, kom hulle met bloed aan hulle hande na die Here toe om te offer. Hulle laat ook nie reg geskied aan die weduwees en die wese nie. Aangesien die interpersoonlike aspek van *geregtigheid* nie uitgeleef word nie, kan die roldefiniërende kenmerk van *volk van God* wat "beeld-van-God-wees" impliseer, ook nie meer vertoon word nie. Daarom distansieer God Homself van die optrede van die volk, en daardeur ook van die volk self deur hulle met Sodom en Gomorra te vergelyk. Dit gebeur omdat God se oë is te rein om toe te kyk hoe daar verkeerd gedoen word (Hab 1:13). In Jesaja 1:13-15 maak die Here dit nog duideliker dat een van die sentrale sosiale eienskappe wat by die volk van die Here pas, nie meer deur hulle vertoon word nie, en dit is *geregtigheid.* Aangesien hulle onreg pleeg, diskwalifiseer dit hulle vir die bring van aanvaarbare offers. Oswalt (1986:13) beskryf dit wat Israel probeer doen as "godsdienstige sonde". 'n Deel van die volk mag dus nie onregverdig behandel word terwyl daar terselfdertyd 'n godsdienstige fees gevier word nie. Die een sluit die ander uit (Kaiser, 1996:31).

As gevolg daarvan dat Israel nie meer na God geluister het nie, het daar diskontinuïteit in die aanvaarbaarheid van kultiese gebruike vir God gekom (1:12-15). Snijders (1969:30) wys daarop dat die volk kulties ongeskik geraak het vir die bring van offers omdat hulle in die kultus nie meer die dade van God gevier het nie (Routledge, 1992:186). Wat die volk in die plek daarvan gedoen het, was om die

kultus te gebruik vir 'n sanksionering van die volksbestaan. Dit het dus nie meer vir hulle in die kultus gegaan oor terugkeer na Jahwe nie, maar oor fees hou sodat die volk sy bestaande lewenstyl kon handhaaf. In die lig hiervan het God gesê dat hulle eerder nie meer offers moet bring en feeste moet hou nie omdat dit vir Hom 'n las is. Dit gaan egter hier nie oor onaanvaarbaarheid van kultiese gebruike as sulks nie, maar baie duidelik oor die onaanvaarbaarheid van die gesindheid waarmee dit gedoen word (Oswalt, 1986:96).

Jesaja 1:16 bevat 'n oproep tot die volk dat hulle hulle moet was. Met die oproep dat die volk hulle moet was, en nie voor die Here moet verskyn wanneer hulle verkeerd doen nie, maak die Here dit duidelik dat die volk se toegeëiende waardes en prioriteite nie ooreenstem met die waardes wat Hy in gedagte gehad het nie. Gevolglik roep die Here hulle in Jesaja 1:17 op om te léér om goed te doen. Hy stel dan ook die waardes wat die volk behoort te hê, naamlik dat hulle onselfsugtig moet wees in hulle hulp aan hulle naaste (Kaiser, 1996:36). Die persoonlike doelwitte van die volk en die leiers om materiële dinge in te palm, het dus nie ooreengestem met die doelwitte wat God gestel het dat hulle geestelik ryk moes word nie. Hierdie morele ineenstorting het sy oorsprong in die inmekaarstort van die verhouding met God gehad (Motyer, 1993:49). Om die verhouding met die Jahwe te herstel, moes daar 'n reiniging plaasvind. Hierdie reiniging moes nie net 'n rituele reiniging wees nie, maar 'n geestelike reiniging. Hulle moes hulle skuld deur bekering verwyder (Kaiser, 1996:34). Die rede waarom hulle dit moes doen, was omdat God weer die verhouding tussen Hom en sy volk wou herstel. Hierdie herstel sou tot gevolg hê dat Israel weer die goeie van die land sal eet en dus 'n versterkte identiteit sal hê. Indien die volk egter sou weier om gehoorsaam te wees, sou hulle nie net die land verloor nie, maar sou selfs hulle lewe deur die swaard van hulle weggeneem word. Sodoende sou daar dus 'n totale identiteitsverlies kom. Wat God dus van die volk geëis het, was 'n diskontinuering van hulle geestelike korruptheid sodat Hy die verbond, met die seëninge wat dit ingehou het, kon kontinueer (Snijders, 1969:32).

In die plek van die geestelike korruptheid, sou God nuwe identiteitstrekke stel. Hierdie trekke word in Jesaja 1:18,19a aangetref. Die Here sê dat Hy en die volk die saak met mekaar moet uitmaak. Al was hulle skarlakenrooi van sonde, sal hulle wit word soos wol. Hier word dus reeds 'n nuwe begin aangekondig (Ridderbos, 1985:47). Die nuwe begin kom egter nie van Israel nie, aangesien Israel in homself nie in staat was om 'n nuwe begin te maak nie. 'n Nuwe begin kom uit die genade van God, en dus is dit 'n gawe van Hom. Dit kon egter nie net 'n enkel transformasie wees van gewas word, waarna alles afgehandel is nie. Nadat Israel gewas is, moes voortdurende gehoorsaamheid, en dus voortdurende reformasie terug na God, volg (Young, 1972:78).

Die diskontinuïteit wat op daardie tydstip kenmerkend in die verhouding tussen God en die volk bestaan het, word in Jesaja 1:21 uitgebeeld deur die getroue stad as 'n hoer te beskryf. Dit is die enigste keer in Jesaja wat hierdie beeld gebruik word. Dit is egter 'n beeld wat algemeen in van die ander profetiese boeke gebruik word, byvoorbeeld Esegiël 16 en 23 asook Hosea (Ridderbos, 1985:48). Wat hiermee gesê

word, is dat daar verwag kon word dat daar 'n voortgaande vertrouensverhouding tussen God en sy volk moes wees soos wat daar 'n voortgaande vertrouensverhouding tussen 'n man en sy vrou behoort te wees. Hierdie verhouding het egter nie gerealiseer nie. In plaas daarvan dat Israel met God geassosieer het, het hulle met vreemde volke en hulle gode geassosieer (Erlandsson, 1983:101).

In 1:26 maak Jahwe die belofte dat die regeerders weer soos vroeër gemaak sal word en die leiers soos in die begin. Dan sal die stad nie meer 'n *hoer* nie, maar *stad van geregtigheid* genoem word. God is dus van plan om dit wat in 'n verhouding met Hom tuishoort, en dit wat by volgelinge van Hom tuishoort, te kontinueer (Kaiser, 1996:44).

In aansluiting by die herstel van die verhouding tussen God en díe wat aan Hom gehoorsaam sal wees, en dus kontinuïteit aan die verbond sal gee, is daar ook 'n ander vorm van kontinuïteit in Jesaja 1:31. Dit is kontinuïteit in die oordeel van God oor die sterke. Met sterke word bedoel die een wat homself as sterk beskou vanuit sy gewaande verhouding met sy gekose gode en die werk wat hy met daardie gewaande krag verrig. Beide afgod en afgodsdienaar sal egter vergaan (Motyer, 1993:52).

Samevatting

Israel het probeer om hulle eie volksbestaan met kultiese gebruike te kontinueer. Die kultiese gebruike was dus nie meer ter wille van die voortgang van die verhouding met Jahwe nie, maar ter wille van die kontinuïteit van die volk. Die waardes en prioriteite van die volk het met ander woorde daarin omgekeer geraak dat die kultus selfgerig geword het, en nie meer Godgerig was soos wat dit moes wees nie. Die hoogste prioriteit was dus die volk self en nie God nie. Hierdie omgekeerde waardes het so gevestig geraak dat Israel 'n *hoer* genoem word. Deur díe beeld te gebruik, word 'n identiteitsvoorspelling gemaak, en daarmee sê God dat Hy ook in die toekoms van Israel kon verwag om Hom te verlaat.

In hierdie verkeerde optrede eis God diskontinuïteit. Wat wel vir die volk kontinuïteit sou bring was gehoorsaamheid aan die Here. Indien hulle dit sou doen sou hulle die land behou wat tot gevolg sou hê, dat hulle die identiteit wat Hy aan hulle gegee het, kon versterk. Alhoewel selfs die kultiese gebruike vir God onaanvaarbaar geword het as gevolg van die verkeerde gesindheid waarmee dit verrig is, het die ontrouheid van sy volk tog nie vir God die laaste sê nie. Wat wel die laaste sê gehad het, en steeds het, is die getrouheid van Jahwe. Dit sou daartoe lei dat die mens wat homself as sterk beskou, sy eie gewaande mag sou verloor. Al wat dan na vore sal tree, sal die ware mag van God wees.

## 1.2 Jesaja 2

### 1.2.1 Jesaja 2:1-5

Die openingsverse van hierdie hoofstuk gee die tema daarvan, naamlik die visie van Jerusalem se glorieryke toekoms (Goldingay, 1998:330). Jerusalem sal die sentrum wees van pelgrimstogte, openbaring en vrede. Die sentrale plek waaromheen dit gaan gebeur sal wees, "Die huis van die God van Jakob". In hierdie perikoop word egter ook twee ander benamings hiervoor gebruik en dit is "Sion" en "die berg van die Here". Die oproep om *op te trek* na die berg van die Here toe, sluit aan by die gedagtegang van die tyd dat berge die gode gehuisves het (Motyer, 1993:52). Jahwe word egter nie gesien as net nog een van die gode nie, maar as God wat onvergelyklik is, en bo die ander gode verhewe is (Vriezen, 1962:366).

In verse 2-4 word 'n belofte gemaak dat Jerusalem in die toekoms verhoog sal word tot die sentrum van 'n koninkryk wat al die nasies sal bevat. Daarin sal die wil en die vrede van God heers (Brueggemann, 1998:24). Dit het in skerp kontras gestaan met Jesaja se eie tyd toe daar nie na die wil van God gevra is nie, en die geraas van oorlog alledaags was (Ridderbos, 1985:54). Die belofte dat Jerusalem verhoog sal word, staan as 'n egte profesie vas, onafhanklik daarvan of Israel dit glo of nie (Young, 1976:98).

Die plek waar die huis van die Here sal wees, word aanvanklik nie genoem nie, aangesien dit nie oor 'n gebou gaan nie maar oor die Persoon wat aan daardie gebou verbind is - die God van Jakob. Die nasies sal na daardie gebou toe stroom ter wille van God wie se teenwoordigheid deur daardie huis versimboliseer word (McKenna, 1993:71)(Sien ook Jes 55:5). Op die tydstip toe Jesaja hierdie woorde geskryf het, was dit nog net die volk Israel wat kontinuïteit kon vind in die huis van die Here wat op Sion gestaan het. In die eskatologiese tyd wat Jesaja in die vooruitsig stel, sal egter nie net Israel nie, maar al die volke kontinuïteit in hulle lewe vind deur na die wil van God te vra (Clements, 1978:95). Dit is dus nie net die berg van die Here wat 'n blywende plek sal hê nie, maar ook die wil van die Here wat 'n blywende plek sal hê in die lewens van mense, en aan die mens hoop sal gee (McKenna, 1993:70). Kontinuïteit word dus gevind in God se teenwoordigheid, en in die waarheid van sy wil wat deurgaans deur die nasies gesoek sal word (Delitzsch, 1949a:114). Dit is immers net by God dat die waarheid werklik gevind kan word omdat Hy die bron van alle waarheid is. Eers was die openbaring van God se waarheid hoofsaaklik beperk tot Israel, maar al die volke sal in die toekoms daarin kan deel (Sien ook 14:1,2, 17:7, 19:18, 52:10)(Young, 1976:105). Die ander nasies sal ook in die toekoms die voorbeeld volg van die getroues in Israel wat mekaar opskerp om na die wil van God te vra soos byvoorbeeld in Psalm 27:1 aangetref word (Kaiser, 1996:54).

Verder sal daar ook kontinuïteit daarin gevind word dat die volke wat verstrooi is en teen mekaar in opstand is, tot een geheel saamgevoeg sal word. Hierdie eenheid sal prakties sigbaar word in die

samewerking wat daar op huishoudelike gebied sal wees deur saam werktuie te maak en saam te werk. 'n Regte verhouding met God het dus regte en lojale verhoudings binne die gemeenskap tot gevolg (Motyer, 1993:54).

Die beloftes wat in Jesaja 2:2-4 gemaak word, word in 2:5 afgesluit met 'n oproep wat tot die volk gerig word om in die lig wat van die Here af kom te leef. Hierdie oproep word gerig aan 'n volk wat hopeloos ontoereikend gereageer het op God se verbondseise. Daar sal ook geen moontlikheid wees om gunstig op die eise te reageer nie, behalwe as die volk wegdraai van ekonomiese en godsdienstige samewerking met magte wat nie aan God onderdanig is nie. Die historiese opdrag aan Israel was immers gewees om die heidene met wie hulle nou in dieselfde juk trek, te vernietig. Daardie opdrag is egter nooit uitgevoer nie. In 2:5 word dan gevra dat daar oorgegaan moet word na gedissiplineerde nakom van die doel wat God met sy volk gehad het. Daardie doel was om hulle in hulle ekonomiese en godsdienstige werksaamhede te laat lei deur God se opdragte. Standvastigheid op hierdie twee terreine sou vir Israel die moontlikheid van 'n blywende identiteitsvertoning oopmaak (Brueggemann, 1998:28).

Samevatting

Al die voordelige gevolge van kontinuïteit kom na vore in Jesaja 2:2-4. In die eskatologiese tyd waarvan Jesaja hier profeteer sal 'n emosionele ekwilibrium bereik word omdat daar kontinue vrede sal wees wat deur God se teenwoordigheid tot stand gebring sal word. Verder sal identiteit versterk word deur die verbondenheid aan 'n groter geheel waar almal boonop dieselfde godsdiens sal deel. As gevolg hiervan sal die verhoudings tussen die mense so gestabiliseer word dat daar geen oorlog meer sal wees nie, maar slegs samewerking.

In die eskatologiese tyd sal die selfdefiniëringsproses met ander woorde afgehandel wees. 'n Enkel transformasie van die totale identiteit kan met ander woorde verwag word, waartydens nie die mens nie, maar God die identiteit sal definieer.

1.2.2 Jesaja 2:6-9

In hierdie gedeelte word twee temas wat herhaaldelik in die boek Jesaja voorkom (54:7, 60:15, 62:4), aan die orde gestel. Die eerste tema word in Jesaja 2:6 aangetref waar gesê word dat Jahwe vir Jakob *verstoot* het, en dan eindig vers 9 daarmee dat Jahwe hulle *nie moet vergewe nie* (Motyer, 1993:55). Laasgenoemde gedagte kom ook in Jesaja 22:14 voor waar Jesaja aan Juda bekendmaak dat die Here hom tot die dag van sy dood nie sal vergewe vir die sonde van ongehoorsaamheid nie (Brueggemann, 1998:28)

Die een tema is dan die feit dat daar 'n breuk gekom het tussen God en sy volk, en die ander tema is die straf wat op grond daarvan aan die volk uitgedeel sal word. Jahwe sal egter nie sy volk heeltemal verlaat

nie, maar hulle slegs vir 'n tyd lank oorgee aan hulleself (Young, 1976:114). Eers word daar in Jesaja 1:4,28 gesê dat die volk Jahwe verlaat het, terwyl die konsekwensie daarvan in 2:6 gestel word dat Jahwe ook vir Jakob verstoot het. Dit hou egter nie by Jakob op nie. In die verdere oordeel van God oor sy volk maak Hy dit duidelik dat Hy Israel en Juda gaan vernietig (5:6; 9:13). Hier moet egter nie gedink word aan ewige verwerping van die totale volk nie, maar aan deurgrondelike straf wat steeds belofte van herstel bevat (Snijders, 1969:49).

Die rede vir hierdie optrede van Jahwe vind ons in die tweede tema wat hier aan die orde gestel word, en dit is die feit dat die volk Jahwe verlaat het ter wille van die afgode. Die aanbidding en verering van die afgode het gepaard gegaan met valse vertroue in heidense kultiese gebruike soos towery, bygeloof, jaag na rykdom, onreg teenoor weduwees en wese, ensovoorts (McKenna, 1993: 75). Daarom word deur die volgende uitdrukkings klem daarop geplaas dat hierdie tipe optrede deur Israel op 'n kontinue basis voorgekom het: "hulle gee hulle oor ..." en ook "hulle land is vol afgode...". Dit was nie gelokaliseerde gebruike nie, maar het deurgaans in die geskiedenis van Israel voorgekom, en dan ook by 'n baie groot deel van die bevolking (Oswalt, 1986:123). In plaas daarvan dat die land gevul is met die heerlikheid van die Here, is die land gevul met goed wat mense met hulle hande gemaak het met die doel om dit te aanbid (Young, 1976:119).

Daar kom ook teenoorstaande gedagtes voor in Jesaja 2:2-4 en 2:6-9. In 2:4 kom die nasies na God toe om in sy lig te lewe, terwyl Jakob in verse 6-9 daarvan beskuldig word dat hy in die "lig" van die heidense gebruike leef (Brueggemann, 1998:28). Israel se navolging van die gebruike van die heidene het sy geskiedenis deurspek soos wat ook uit die uitsprake van die ander profete blyk (2 Kron 12:5; Jer 7:9-15). Hulle het hulle dus nooit permanent daarvan bekeer om die heidene en hulle gode en gebruike aan te hang nie, en het ook nie, soos God, by die verbond gehou nie (Deut 28:58,59).

<u>Samevatting</u>

Israel het voortdurend die gebruike van die heidene nagevolg. Op interpersoonlike vlak het Israel hom dus geskaar by die heidene met wie hy inherent dieselfde korporatiewe identiteit gedeel het. Omdat Israel gekies het om homself by die heidene te skaar, het God hulle laat begaan. Alhoewel Hy die volk as gevolg van hulle ongehoorsaamheid verstoot het, het Hy nooit sy belofte wat Hy aan Abraham en sy nageslag gemaak het vergeet nie, omdat Hy aan Homself getrou is.

Daar kan in die lig van 'n voortsetting van die verhouding met Israel, ten spyte van die vernietiging van Israel, dus in terme van twee Israels gedink word: 'n *ou* Israel wat die genealogiese nageslag van Abraham is en gediskontinueer is, en 'n nuwe Israel wat uit al die volke van die aarde saamgestel sal word. Vir hierdie Israel sal dit slegs gaan oor God wat op Sion aanbid word. In Hom sal hulle dan hulle kontinuïteit en eie identiteit vind.

1.2.3 Jesaja 2:18-22

In vers 18 word God se optrede teenoor die afgode aan die orde gestel. Hierdie tema loop dwarsdeur die boek en sal later breedvoerig behandel word. In die voorafgaande vers word gesê dat net die Here hoog sal wees, wat noodwendig inhou dat die afgode sal verdwyn omdat hulle bloot dinge is wat deur mense gemaak is (Kaiser, 1996:62). Die nietigheid van die afgode sal dus bekend word vir wat dit is – niks (Delitzsch, 1949a:125). Al wat dan vir die mense sal oorbly om te doen is om te vlug en weg te kruip. Kontinuïteit is dus nêrens anders as net by God te vind nie.

1.3 Jesaja 3

1.3.1 Jesaja 3:1-12

Die eerste paar verse van hierdie hoofstuk volg op dit wat in Jesaja 2:6-22 geprofeteer is, en handel oor die dwaasheid daarvan om op mense staat te maak (Oswalt, 1986:130). As gevolg van die staatmaak op mense sal daar 'n totale ommekeer in die bestaande orde kom. Dit sal so ingrypend wees dat alles waarop Jerusalem en Juda staatgemaak het, verwyder sal word (Gray, 1969:62). Die vlakke van die samelewing wat daardeur geraak sal word is die volgende:

- Die ekonomiese bestel sal vernietig word omdat daar niemand meer sal wees wat sorg vir brood en water nie.
- Die militêre mag sal gebreek word omdat elke weerbare burger en elke soldaat verwyder sal word.
- Die totale ontwrigting sal ook op juridiese, godsdienstige, politieke en industriële vlak plaasvind deurdat almal wat leiersposisies in hierdie onderskeie velde beklee, verwyder sal word. Op geen vlak in die samelewing sal daar dus meer kontinuïteit wees nie, en gevolglik sal dit identiteitsverlies op al hierdie vlakke meebring.

Die rede vir hierdie ineenstorting word in Jesaja 3:8,9 gegee. Jerusalem het gewaggel en Juda het in duie gestort omdat hulle hulle met woord en daad teen die Here en sy gesag verset het. Daar was ook geen poging om hulle te bekeer nie want hulle het openlik gesondig en daarom het hulle hierdie ramp verdien. Gevolglik sou God die verdorwe gemeenskap in die wyse waarop dit bestaan het, termineer. Dit sou daartoe lei dat daar geen gesag meer in Israel of Juda sou wees nie omdat hulle hulle teen die gesag van God verset het (Brueggemann, 1998:33).

Alhoewel die openingsverse van Jesaja 3 die indruk skep dat die vernietiging totaal sou wees, klink daar te midde van die oordeelsaankondiging meteen 'n positiewe noot in vers 10 op. Die opdrag kom in hierdie vers om aan die *regverdiges* (צדיקים) te verkondig dat dit met hulle goed sal gaan, en dat hulle die vrug van hulle dade sal geniet. Hierdie toesegging aan die regverdiges maak dit duidelik dat daar tog nie totale vernietiging sal wees nie. Die enigste verklaring wat hiervoor gegee kan word, is te vinde in

die herhalende benaming wat vir God in die boek gebruik word, naamlik: "Die Heilige van Israel". Met hierdie benaming word God bekend gemaak as *heeltemal anders*. Hy is nie ver en afgesonder van sy volk nie, maar betrokke en naby (Vriezen, 1966:322). Die gebruik van die benaming "Die Heilige van Israel" kom dwarsdeur die boek voor. Dit word aangetref in Jesaja 1:4, 5:19, 5:24, 10:20, 12:6, 17:7, 29:19, 30:11, 30:12, 30:15, 31:1, 37:23, 41:14, 41:16, 41:20, 43:3, 43:14, 45:11, 47:4, 48:17, 49:7, 54:5, 55:5, 60:9, 60:14, 50:29 en 51:5. Uit die deurlopende gebruik word dit duidelik dat daar kontinuïteit in God se verbintenis met sy volk is. Hy het Homself as die *Heilige* deur sy verbond aan 'n volk verbind, en Hy sal ter wille van Homself sorg dat daar altyd 'n deel van daardie volk sal oorbly aan wie Hy verbonde kan wees.

Op die vraag *wie die regverdiges* is, antwoord Young (1976:154) dat daar in die eerste plek nie in genealogiese terme gedink moet word wanneer daar van *regverdiges* gepraat word nie. By Sinaï het God Israel meegedeel dat Hy hom gekies het om 'n heilige priesterdom te wees (Deut 7). Dit het egter spoedig geblyk dat daar mense binne die verkose volk van God was wat geen begeerte gehad het om heilig, dit wil sê afgesonder vir God, te leef nie. God hou dit ook deeglik in Deuteronomium 9 aan Israel voor dat hy 'n hardkoppige volk is, wat nie uit verdienste die land ontvang nie. Die rede waarom Hy die ander volke voor hulle uit verdryf, is die goddeloosheid van daardie volke, en nie die regverdigheid van Israel nie (Eichrodt, 1972:372).

Koch (1976:522) sluit hierby aan met die gedagte dat regverdig (צדיק) beteken om die beloftes van God in geloof te aanvaar (Gen 15:6). Uit daardie geloofsverbinding moet dan dade voortspruit wat vir God aanvaarbaar is. Eichrodt (1969:240) huldig 'n soortgelyke standpunt as hy sê dat met *regverdiges* verstaan moet word diegene wie se gedrag in ooreenstemming is met die besondere verhouding wat daar tussen die betrokkenes en God bestaan. In Israel is die regverdiges die oorblywendes uit die volk, dié wat ware gelowiges is, en nie bloot kultiese gebruike nakom nie. Selfs in die donkerste omstandighede, waar sonde hoogty vier, het God dus steeds 'n band met díe wat in geloof aan Hom bly vashou.

Dit blyk uit bogenoemde dat daar in Jesaja nie bloot tussen Israel en nie-Israeliete onderskei word nie. Saam met Jeremia maak hy die onderskeid tussen regverdiges en troueloses / goddeloses (Jes 24:16; Jer 11:1-9). Beide die regverdiges en die troueloses word met ander woorde binne dieselfde volk aangetref (Vriezen, 1966:473). Aan beide die regverdiges en die troueloses word op paradoksale wyse die soewereiniteit van God verkondig. Wat hiermee bedoel word, is dat God vry is om die wat aan Hom gehoorsaam is te red, en dat Hy ook vry is om hulle wat aan Hom ongehoorsaam is te straf. God se soewereiniteit hou egter ook in dat Hy die regverdiges saam met die ongelowiges dieselfde lyding kan laat ondergaan. Hiervan is die klag van die profeet Habakuk 'n sprekende voorbeeld (Hab 1). Dieselfde profeet verkondig dus aan mense binne dieselfde volk enersyds vernietigende straf en andersyds heerlike verlossing (Helberg, 1988:207).

In retrospeksie gesien, het die "geluk" wat die onregverdiges in die goddelose bedeling geken het, in der waarheid vir hulle ongeluk gebring, terwyl die ongeluk wat die regverdiges in die goddeloses bedeling geken het, nou vir hulle geluk bring (Oswalt, 1986:136).

Samevatting

Alles wat identiteit-gewers kon wees, word verwyder omdat kontinuïteit heeltemal weggeneem sal word. Kontinuïteit en identiteit wat daarmee saamgaan, word nie gevind in strukture wat mense gemaak het nie, maar wel in 'n verbintenis met God wat dade tot gevolg het wat pas by daardie verbintenis met Hom.

Nie almal in Israel het die komponent van *heilig wees* wat God aan hulle oorgedra het, vir hulleself toegeëien nie. Die gevolg hiervan was dat Israel keuses gemaak het wat nie getrou was aan dit wat van *heiliges* verwag kon word nie.

Sover dit openbare identiteitsidentifikasie betref, sou Israel as korporatiewe persoonlikheid, na God se oordeelvoltrekking, nie weer van buite herken kon word as dieselfde volk nie. Die verlies aan identiteitstrekke op ekonomiese, militêre, juridiese, godsdienstige, politieke- en industriële gebied sou hiervoor sorg.

1.3.2 Jesaja 3:12-15

Jesaja hanteer die volk op tweërlei wyse in Jesaja 3:12-15. Eers word die volk in 3:12 gewaarsku dat hulle leiers hulle op die verkeerde pad lei. Daarna word die leiers self ook in vers 15 oor hulle verkeerde optrede gewaarsku (Kaiser, 1996:76).

In die tipiese formele styl van 'n hofgeding, stel God sy aanklag. Daarin word woede oor die volk se afvalligheid, en bekommernis oor die volk wat deur die leiers afvallig gemaak is, afgewissel. In vers 12 kom die beklaenswaardige toestand waarin die regering was na vore. Deurdat die sin met עמי begin, vestig Jahwe die aandag daarop dat dit hier oor sý volk gaan. Die verwagting bestaan dat sý volk op sý manier regeer sal word. Die werklikheid was egter dat die volk deur onbekwame vroue en kinders regeer is, en dat die volk hulle dit laat welgeval het (Snijders, 1969:64).

Wanneer Jesaja die volk teen die leiers waarsku, gebruik hy die woord מאשריך op 'n ironiese manier. מאשריך beteken dat iemand vir 'n ander 'n gids is (Motyer, 1993:62). Die werklikheid het egter heeltemal anders daar uitgesien. In plaas daarvan dat die leiers die volk op die regte pad gehou het, was hulle juis die oorsaak daarvan dat die volk afgedwaal het (Delitzsch,1949a:138). Wat die saak nog verder vererger het, was dat die leiers hulle onderdane uitgebuit en geplunder het. Dit het direk in teenstelling gestaan met die beginsel soos Eksodus 18:21 leer: "Verder moet jy onder die volk bekwame manne

uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien."

Omdat swak leierskap sosiale verval tot gevolg het, wou God nie sy volk langer in die hande van eiegeregtige leiers laat nie. Omdat niemand tot die verdruktes se hulp gekom nie, en omdat God se volk vir Hom kosbaar is, spreek Hy die oordeel uit oor die leiers wat die volk mislei (Brueggemann, 1997:36).

Hierdie tweeledige hantering van die volk en sy leiers het sy oorsprong in God se regverdigheid wat Hom aan die een kant noop om nie die sonde van die volk ongestraf te laat nie, maar aan die ander kant het dit ook sy oorsprong in sy getrouheid wat Hom noop om sy verbondsbeloftes na te kom (Helberg, 1988:207).

Die uitwerking van dit alles was dat daar effektief geen werklike leiding vir die volk was nie: die wat wel gelei het, was onbekwaam om dit te doen, en díe wat veronderstel was om te lei, was besig om die volk uit te buit (Oswalt, 1986:138).

Samevatting

Effektiewe beginselvaste leiding op grond van dit wat God in sy Woord beveel, het in Israel opgehou bestaan. Die rede hiervoor kan daarin gesoek word dat die leiers nie die wet, wat van geslag tot geslag oorgedra moes word (Deut 6), hulle eie gemaak het nie. Die wyse waarop die leiers beheer oor hulle omgewing uitgevoer het, het gewys dat hulle gekies het om nie op te tree soos God wou hê nie. Die wyse waarop die leiers van Israel se *funksionele aspekte van identiteit* (wat te make het met die maak van keuses en die stabilisasie van die gemeenskap) wél gefunksioneer het, word sodoende aangetoon. Die waardes wat die leiers en die volk gehad het, het aangetoon dat hulle nie die wet van God geïnternaliseer het nie. Gevolglik het die leiding wat gegee is nie tot die volk se voordeel gelei nie, maar het dit eerder 'n destabiliserende uitwerking op die gemeenskap gehad.

## 1.4 Jesaja 4

### 1.4.1 Jesaja 4:1

Die gevolg daarvan dat God elke stut en elke steunpilaar verwyder, soos in 3:1 aangekondig is, word in 4:1 aangetref. Die vroue wat die oordeel oorleef het, bevind hulle nou sonder enige beskerming en sonder enige regte omdat hulle hulle mans en manlike familielede verloor het. Alle hoogmoedigheid word oorboord gegooi in hulle pogings om deur 'n huwelik aan iemand verbind te word, sodat hulle net weer beskerming en juridiese regte kan geniet. Die vernedering wat Jesaja in hoofstuk 3 aangekondig het, het dus nou 'n werklikheid geword (Kaiser, 1996:83).

In weerwil van die oproep van Jesaja in 2:22 dat daar nie op mense staatgemaak moet word nie, is dit tog presies wat in 4:1 gebeur. Die vrouens maak staat op 'n man wat kontinuïteit aan haar lewe moet gee (Motyer, 1993:64). Daar kan egter van werklike kontinuïteit nie sprake wees nie omdat die vrou haar eie kos moet verskaf. Daar kan dus nie van 'n werklike huweliksverhouding, en daardeur van 'n stabiele verhouding tussen man en vrou in die normale sin gepraat word nie. Dit gaan maar net oor die man se naam wat oor die vrou uitgeroep moet word (Young, 1976:171).

Samevatting

Die vrouens soek 'n verbintenis aan die groter geheel van 'n sosiale en 'n juridiese sisteem deur hulle pogings om deur middel van 'n enkel transformasie, aan 'n eggenoot verbind te word. Dit kan geïnterpreteer word as 'n soeke na identiteit aangesien vroue binne die bestel van daardie tyd identiteitloos was indien hulle nie aan 'n man of manlike familielid verbonde was nie. Die angstige manier waarop daar na 'n huweliksverbintenis gesoek word om kontinuïteit te gee, dui ook aan dat daar by die vroue geen emosionele ekwilibrium te vinde was nie. Werklike kontinuïteit word egter nie gevind in 'n verbintenis met 'n ander mens nie, maar wel in 'n verbintenis met God.

1.4.2 Jesaja 4:2-6

In die voorafgaande verse, word aangetoon hoedat die volk en sy leiers op 'n ramp afstuur. Die laaste woord van Jahwe aan sy volk is egter nie oordeel nie, maar redding. Dit is wat in 4:2-6 aangetref word. In der waarheid is oordeel die manier waarop God besig is om die oorblyfsel te red, omdat oordeel lei tot reiniging (Snijders, 1969:68). Reiniging sal nie vir almal beskore wees nie, maar net vir diegene in Jerusalem wat onder die lewendes opgeskryf is. Die gedagte van *opskryf*, word ontleen aan die gebruik om al die inwoners van 'n stad se name in 'n boek op te teken. Die oorblyfsel in Jerusalem se name is op hierdie manier by God opgeteken (vgl. Jes 49:16) om te lewe, wat die teenoorgestelde van dood is (Ringgren, 1983:333). Kaiser (1996:86) verbind God se teenwoordigheid met die *lewe* waarvan Jesaja 4:3 praat. Die verwagting was dat God se heerlikheid in Jerusalem geopenbaar sou word vir almal om te sien. Hy sou ook self diegene wat binne Jerusalem is, beskerm sodat hulle uit die komende oordeel gered sou word (Ridderbos, 1985:65).

Saam met Young (1976:181) kan die afleiding op grond van bogenoemde dan gemaak word dat die *opskryf* waarvan hier gepraat word, beteken dat jou naam in die boek van die lewe geskryf is (Ps 69:29). Reiniging sal dan sy finale beslag kry wanneer diegene wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is, hulle finale bestemming bereik. Dit is lewe in God se heerlike teenwoordigheid. Wat dus in Jesaja 4:3 geïmpliseer word, is nie net lewe in Jerusalem nie, maar die ewige lewe, wat lewe in God se direkte teenwoordigheid beteken. Dit wat teenoor die ewige lewe staan is die ewige dood wat voortbestaan sonder God se teenwoordigheid inhou, soos 2 Tessalonisense 1:6-10 duidelik maak.

Diegene wat op hierdie manier in God se teenwoordigheid sal leef, sal soos Hy ook *heilig* genoem word, en dus in daardie opsig deel in een van God se karaktertrekke. Om *heilig* (קדוש) *te* kan wees hou in dat iemand geestelik veranderd moet wees sodat hy die Goddelike teenwoordigheid waardig kan wees (Motyer, 1993:65). Dit alles kom in weerwil van 'n volk wat in sy optrede en denke al hoe meer onheilig geword het (Oswalt, 1986:147).

Samevatting

Alvorens volledige kontinuïteit in die lewe verkry kan word, moet daar eers deur 'n reinigingsproses gegaan word. Hierdie reiniging vind plaas in die oordeel van God. Aan die een kant sal diegene wat nie vir die lewe opgeskryf is nie, nie meer in God se teenwoordigheid wees na die oordeel nie. Aan die ander kant sal hulle wat vir die lewe opgeskryf is, ewig in God se teenwoordigheid leef en daarin die grootste mate van kontinuïteit bereik wat ooit bereik kan word.

## 1.5 Jesaja 5

In Jesaja 5 word die diskontinuïteit wat God in die lewe van die volk gaan bewerk baie duidelik afgeteken. Nie net word die vernietiging van die volk daarin aangekondig nie, maar die verskillende redes daarvoor word ook gegee. In kern kom die oorsaak vir die vernietiging daarop neer dat die volk intens betrokke was by die uitleef van hulle eie verworde waardes. Van die Here en sy Woord het hulle egter nie notisie geneem nie.

### 1.5.1 Jesaja 5:1-7

In hierdie gedeelte word die sogenaamde *wingerdlied* aangetref. Dit is 'n juridiese gelykenis in die vorm van 'n liefdesgedig van Jahwe aan Israel en Juda. Daarin word die lang verbintenis tussen Hom en sy geliefde uitgebeeld. Die gedig begin op 'n liefdevolle en teer trant, maar eindig met mislukking en straf (Weren, 1998:2). Sodoende dien die gedig as oorsig oor historiese Israel se teologiese identiteit (Brueggemann, 1998:45).

In die eerste twee verse word die liefde en sorg van die eienaar vir sy wingerd aangetoon. In sy sorg is daar van begin tot einde voorbereidings en verbeterings aangebring. Die grond is noukeurig voorberei en beplant. Wingerdstokke waarvan slegs die beste opbrengs verwag kon word is geplant. Verder is 'n infrastruktuur aangebring wat die oes en die verwerking daarvan sou waarborg. So word die hoop van die eienaar vir sy wingerd geskets, 'n hoop wat geheel en al legitiem van aard was (Snijders, 1969:74). Deurdat die eienaar 'n permanente infrastruktuur aangebring het, in plaas van tydelike strukture, word sy verwagting van die wingerd verder duidelik. Dit sou 'n kontinue opbrengs lewer wat verwerk kon word. Toe die resultaat egter gelewer moes word, het dit klaaglik misluk. Die gebrek aan goeie vrugte kan egter nie voor die deur van Jahwe gelê word nie omdat Hy alles van sy kant gedoen het om die wingerd in staat te stel om vrugte te dra. (Kaiser, 1996:91).

In vers 3 roep die spreker die teenwoordiges op om te oordeel tussen Hom en sy geliefde. Met hierdie oproep kry verse 1 en 2 meteens die karakter van 'n aanklag. Die teenwoordiges moet die onskuld van die Een wat aangekla word raaksien en erken. Die rede vir die suur druiwe wat voorgebring is, lê met ander woorde hoegenaamd nie by Hom nie, maar by sy geliefde (Snijders, 1969:74). Die gebruik van hierdie styl waarin die lied geskryf is, wil die hoorders lei tot selfveroordeling. Die volk moet op grond van wat hulle hoor, hulle eie ondankbaarheid en skuld erken (Irsigler, 1997:60).

Wanneer die eienaar weer in vers 4 begin praat, volg 'n reeks indirekte beskuldigings: Wat moes nog gedoen word? Waarom is daar nie aan die verwagtings voldoen nie? (Weren, 1998:6). Aangesien daar nie aan die verwagtings voldoen is nie, word aangekondig dat die konstruktiewe werksaamhede van die eienaar soos aan die begin van die lied aangedui is, omgekeer gaan word in destruktiewe dade (Oswalt, 1986:154). Die beskerming wat aanvanklik aan die wingerd verleen is, gaan nou weggevat word. Geen verdere versorging sal meer plaasvind nie. Die beskerming en versorging wat bedoel was om die opbrengs te verseker was immers nie langer nodig nie (Motyer, 1993:69). Die eienaar gaan selfs nog verder en maak sy vaste voorneme bekend om die wingerd en *infrastruktuur* onherstelbaar te beskadig. Die wingerd word gevolglik totaal aan die vyand oorgegee (Brueggemann, 1998:48). Wanneer die eienaar in vers 6 sê dat Hy die wolke sal verbied om op die wingerd te reën, word dit duidelik dat die Eienaar God is, en die wingerd sy volk. In die res van die gedig word dit ook in soveel woorde duidelik gemaak dat die betrokke partye God en sy volk is (Bright, 1981:290).

Die ontknoping word in die laaste vers (5:7) van die lied aangetref. Daarin word nie net die betrokke partye uitgespel nie, maar ook die oortreding van die volk, sowel as die direkte verwagting wat God van hulle gehad het. Die verwagting wat die Here die Almagtige van die volk gehad het, was dat hulle reg en geregtigheid sou laat geskied. God wou met ander woorde positiewe sosiale verbintenisse gehad het, sonder misbruik of uitbuiting. Die teleurstellende mislukking word met woordspel uitgedruk. In die plek van die משפט (reg) (Liedke, 1976:1006) wat die volk moes oplewer, het hulle משפח (bloedvergieting) opgelewer. Hierdie gedagte word deur 'n tweede woordspeling versterk. In plaas van die צדקה (geregtigheid) wat die volk moes oplewer, het hulle aksies צעקה (geroep van verontregtes) voortgebring. Die Here die Almagtige, sou daarenteen met sy strafaksies toon dat Hy nie sou toelaat dat onreg voortduur nie. In plaas van die onreg van die volk, sou Hy sy eie geregtigheid kontinueer (Brueggemann, 1998:48).

Die suur druiwe wat die volk voortgebring het, en deur Jahwe se straf beëindig sou word, was die voortdurende sosiale onreg wat die volk gepleeg het. Op sigself was dit 'n simptoom van die gebrekkige verbintenis aan Jahwe. Die aanhoudende onreg wat die volk gepleeg het, het tot gevolg gehad dat die lied nie bedoel was om Israel en Juda tot bekering te skok nie (Weren, 1998:6). Dit wou eerder die onherroeplike besluit van Jahwe by die volk tuisbring dat hulle, as gevolg van hulle onbekeerlikheid, sy

verbondstraf sal beleef. In die lied word daar dan ook geen hoop gegee nie, maar net 'n verwagting van oordeel. Dit kan afgelei word uit die stelling aan die geslote einde van die lied waarin God se teleurstelling verkondig word. In plaas van die reg wat Hy verwag het, was daar net die hulproep van verontregtes wat voortdurend weerklink het (Irsigler, 1997:61).

Die straf wat as gevolg van bogenoemde gedrag aangekondig word, geld die hele huis van Dawid, beide die huis van Israel en die manne van Juda. Dit is dus nie net die Noordelike- of Suidelike ryk wat misluk het en gestraf sal word nie, maar al twaalf die stamme sal vernietigend gestraf word (Kaiser, 1996:93; Motyer, 1993:69; Snijders, 1969:75).

In Jesaja 27:2-6 kom die wingerdbeeld weer voor. Daar eindig die lied egter nie bloot met die aankondiging van straf nie. Die skulderkenning wat in Jesaja 5:3 verwag word, moes verder gevoer word. In Jesaja 27:5 word die volk dan opgeroep om in God se stad te kom skuil alvorens die wingerd heeltemal verbrand word. Hieruit blyk dit duidelik, soos weldra ook in Jesaja 6 aangetoon sal word, dat God nie soos Israel, ontrou kan word nie. Hy kan Homself nie verloën nie (sien ook 2 Tim 3:13).

Samevatting

Die Here het in sy krag alles gedoen wat vir Israel die vermoë sou gee om gister en vandag dieselfde te bly. Hy het vir hom net die beste gegee, en hom ook beskerm teen sy vyande. Al wat Israel moes doen was om die verwagte resultate, naamlik reg en geregtigheid op te lewer. Die identiteitstrekke wat God egter verwag het, naamlik sosiale reg en geregtigheid het klaaglik ontbreek. Hierin het Israel as beelddraer van God misluk, omdat hulle nie soos Hy, met geregtigheid opgetree het nie. Die geopenbaarde waardes van die volk toon dus aan dat identiteitsmislukking in hierdie opsig plaasgevind het.

Indien die verwagte resultate gelewer is, sou die vertrouensverhouding tussen God en Israel onbepaald voortduur. As gevolg van die huis van Dawid se voortdurende ontrou, het God egter die beskerming wat Israel en Juda geniet het verwyder en hulle aktief aan die vyand oorgegee om vernietig te word. Sodoende kom daar totale diskontinuïteit in die bestaan van die volk. In hierdie lied word ook geen toekomsperspektief aangetref nie. Dit sou eers as gevolg van God se eie getrouheid later aan die orde kom.

In hierdie gedeelte word dit dus duidelik gemaak dat dit nie aan God te wyte is dat Israel tot niet gaan nie. Hy het alles gedoen wat Hy veronderstel was om vir sy volk te doen. Hy het die volk in 'n enkel transformasie proses gekies, beskerm en versorg. Tog het hulle nie in die daaropvolgende keuses wat hulle gemaak het, dienooreenkomstig reageer nie. As gevolg van daarvan gaan die volk nou tot niet gemaak word, en die huidige bestaan van die volk Israel gediskontinueer word.

Een van die toetstene vir die mate waarin iemand so verander het dat van 'n "ander" individu gepraat kan word, is die afbreek van verhoudings. Jahwe wil nie meer met Israel in dieselfde verhoudings staan as met Abraham nie omdat daar 'n diskontinuïteit in identiteitsopenbaring gekom het. Verandering van identiteit aan die kant van Israel word gevolglik bevestig.

1.5.2 Jesaja 5:8-25

In verse 8-25, wat op die wingerdlied volg, beskryf Jesaja die verskillende terreine waarop die volk oortree het en aanleiding gegee het tot die Here se oordeel. Díe oordeel word dan in 'n aantal wee-uitsprake aangekondig waarin die sondes van Israel deur die profeet ten toon gestel word. Met die gebruik van הוי word aangedui dat diegene wat dit moet aanhoor, hulleself van God gedistansieer het. Geskeidenheid van God het inherent vernietiging en die dood tot gevolg, en dit word aangedui in twee daarom-uitsprake wat op die wee-uitsprake volg. (Zobel, 1983:364).

Die eerste wee-uitspraak kom in verse 8-10 voor. Dit het betrekking op die uitbreiding van besittings ten koste van die hulpeloses. Deur hierdie optrede het dit duidelik geword dat Israel nie daarmee rekening gehou het dat al die grond in Israel aan die Here behoort nie. Israel het dus nie via die band met Jahwe 'n verbondenheid met die grond gehad nie, maar dit eerder as bewys van eie mag en vermoë gesien (Kaiser, 1996:100). Die doel van die land was egter nie dat Israel dit bloot moes besit nie, maar dat hulle daar moes leef in gemeenskap met God, gehoorsaam aan sy wil. Die land in homself kon dus nie besit word en sodoende die voortbestaan van die volk waarborg nie. Alhoewel die volk nooit die land kon besit nie, is die teendeel wel waar. Hulle kon dit verloor, soos in die ballingskap duidelik geword het, en in die verse onder bespreking aangekondig is (Helberg, 1990:64).

Die tweede wee-uitspraak kom voor in verse 11-17. Dit handel oor die misbruik van die sintuie. In plaas daarvan dat die sintuie ingestel word om kennis te neem van God en sy dade, is dit gebruik vir die gevoel wat drank en partytjies bied. Die gevolg hiervan was dat, nie God nie, maar menslike ervaring betekenis en doel aan die bestaan gegee het (Scott, 1956:200). Waar daar in die eerste wee-uitspraak ten koste van hulpeloses opgetree is, word daar in hierdie verband ten koste van dit wat Here doen, opgetree. God se antwoord hierop is om die volk wat hulle aan drank oorgegee het, van die dors te laat omkom. Só sou hulle tot 'n val kom, en daar 'n einde kom aan hulle slegte begeertes (Kaiser, 1996:102).

Die derde wee-uitspraak kom voor in verse 18 en 19, en dit handel oor Israel wat homself aan afgodery verbind het. Hierdie bande het so sterk geraak dat dit soos kettings geword het. Wanneer עון en חטאה saam gebruik word dui dit op 'n innerlike sondige staat wat uitdrukking vind in spesifieke sondige vergrype. Israel het met ander woorde in 'n staat van sonde verkeer wat onafwendbaar daartoe sou lei dat hulle vir hulle dade gestraf sou word (Knierim, 1976: 246). Met die gebruik van חטאה word aangedui

dat Israel oortree het teenoor iemand met wie hy in 'n institusionele verhouding gestaan het. In hierdie geval was daardie oortreding nie teen 'n broer of koning nie, maar teen God. Vir die Hebreër was daar 'n vanselfsprekende verbintenis tussen 'n oortreding en die konsekwensies daarvan. Die verkeerde daad, het noodwendig 'n gevolg gehad. Normaalweg is die gevolg vanaf God verwag (Koch, 1983:314). Israel het egter so arrogant geraak dat hy vir God uitgedaag het om daardie gevolglike plan te wys. Alhoewel daardie plan as gevolg van sy genade uitgestel is, het straf onafwendbaar gevolg. Sodoende word die direkte verbintenis wat daar tussen Israel se sonde en God se oordeel bestaan, weer duidelik gemaak (Wong, 1997:236).

Die vierde wee-uitspraak kom voor in Jesaja 5:20. Die uitdaging wat in Jesaja 5:19 aan God gerig word dat Hy sy werk gou moet doen dat hulle dit kan sien, se grondliggende rede word in 5:20 aangetref. Dit is die kwessie van Israel se omgekeerde waardes. Sonde het vir Israel 'n lewenswyse geword (Motyer, 1993:72). So erg het dit geword dat daar geen ontsag meer vir God is nie. Daarom word die begrip "die Heilige van Israel" in 5:19 sonder eerbied vir Hom gebruik (Young, 1976:219). Omdat daar geen ontsag meer vir God is nie, word Hy ook aktief deur die volk uitgedaag om dit wat Hy wil doen, gou te doen. Dit volg logies vanuit die volk se omgekeerde waardes (vgl. ook 29:16) waar hulle bitter soet, en soet bitter noem (Delitzsch, 1949a:176).

Die vyfde wee-uitspraak kom voor in Jesaja 5:21. Die gebrek aan regte wysheid word daarin aangespreek. Dit is ook nie moeilik om die gebrek aan regte wysheid raak te sien nie, omdat ware wysheid begin met die dien van die Here (Spr 9:10). Dien van die Here, was egter ooglopend afwesig. Die volk het ook gedink dat hulle wysheid het, maar ook hieroor het die Here 'n antwoord in Spreuke 26:12: "Jy sien self: vir iemand wat dink hy het die wysheid in pag, is daar minder hoop as vir 'n dwaas."

Die sesde wee-uitspraak kom voor in Jesaja 5:22 en 23. Hierin word oordeel uitgespreek oor diegene wat hulle sukses meet aan die mate waarin hulle hulle self kan bevredig. Op 'n sarkastiese wyse word hulle met 'n militêre term *dapper* genoem, asof hulle vereer sou word vir hulle drinkery (Motyer, 1993:72). Daar is dus 'n verfoeilike gebrek aan insig en selfbeheersing, wat tot gevolg het dat sosiale geregtigheid heeltemal verdwyn het (Brueggemann, 1998:55). Sosiale geregtigheid het verdwyn omdat omkoopgeld wat ontvang word daartoe lei dat die slegte regverdig verklaar word, terwyl die regverdige sy reg ontneem word. Dit terwyl צדק iets is wat God self sy volk laat toeval het. In sy regering van sy volk, is dit 'n steun vir die samelewing en word daar direk tot God geroep wanneer dit afwesig is. Terwyl geregtigheid 'n steun in die samelewing is wat God self daar geplaas het, word dit doelbewus omvergewerp (Johnson, 1988:914). Hierdie verwerping vind plaas in weerwil daarvan dat God die *Heilige van Israel* genoem word. Inherent aan sy heiligheid lê sy optrede in belang van geregtigheid. Dit word in Jesaja 5:16 aangetoon: "Die Here die Almagtige is verhewe, Hy laat reg geskied (משפט); die heilige God laat Hom ken as die Heilige, Hy oordeel regverdig (צדקה) (Helberg, 1991b:125).

Die wee-uitsprake het 'n kumulatiewe opbou en teken 'n gemeenskap wat sy respek, sy fokus, sy sentrum, sy doel en sy kans op herstel verloor het. Op die wee-uitsprake volg daar opeenvolgend in verse 24 en 25 twee *daarom*-uitsprake. Daarom sal Israel verbrand word soos stoppels omdat hulle die Tora van die *Heilige van Israel* as riglyn vir die sosiale orde verwerp het. Dit was egter nie net die verwerping van 'n stel reëls wat God se toorn teen die volk laat ontvlam het nie, maar veral die verwerping van God as die Gewer van daardie reëls (Brueggemann, 1998:55).

Al hierdie dinge kon Jahwe nie ongesiens verby laat gaan nie en daarom het Hy sy hand teen hulle uitgesteek, en het sy hand ook teen hulle uitgesteek gebly, soos in Jesaja 6 na vore kom.

<u>Samevatting</u>

Sommiges in Israel wou deur middel van grondbesit vir hulleself 'n toekoms verseker. Israel was egter nie die besitter van die land nie, maar het bloot die vruggebruik daarvan gehad. Hulle kon hulleself dus in werklikheid net met die land identifiseer in soverre hulle verhouding met God dit toegelaat het. Die potensiaal wat die volk gehad het om die vrugte van die land te geniet, het hulle dus verbeur omdat hulle nie die verhouding met die land reg hanteer het nie. Die land kon ook nie verder as kontinuïteitsfaktor in die identiteit van Israel dien nie, omdat hulle dit verloor het. Met landsverlies het dus ook identiteitsverlies gepaard gegaan, soos wat uit Psalm 137:4 duidelik word.

Die waardes wat die volk geopenbaar het deur hulleself aan drank oor te gee het, toon aan dat die keuses wat die volk gemaak het, nie deur die Tora bepaal is nie. Die volk het dus nie hulle identiteitsvorming rondom God en sy wet laat geskied nie, maar rondom hulleself.

Die korporatiewe identiteit van Israel het getoon dat hulle 'n baie hoër mate van identiteitsversterking gevind het in die afgodediens as wat hulle gevind het in hulle diens aan God. Die mate van identifikasie met die afgode was so sterk dat hulle nie net die rug op Jahwe gedraai het nie, maar selfs uitdagend teenoor Hom opgetree het. Israel het dus sy gedrag laat skik deur dit waarmee hy die beste geïdentifiseer het, en dit was die afgode. Ten spyte van die dreigende ballingskap, het die volk die inligting wat die profete daaroor gegee het, uitfiltreer. Die rede hiervoor was in een opsig die verbintenis aan die afgode, en in 'n ander opsig die eiewysheid van die volk. In plaas van eiewysheid, moes die volk in hulle hiërargiese opbou van identiteit, met die wysheid wat God gee rekening gehou het.

Op interpersoonlike vlak het Israel in die verhouding met God, een kernelement nie meer vertoon nie. Daardie element is geregtigheid. Aangesien Israel *die Heilige van Israel* se kneg en verteenwoordiger moes wees, het die gebrek aan hierdie kernelement tot gevolg dat 'n sinvolle verhouding met Hom nie langer moontlik is nie. Moedswillige omverwerping van geregtigheid moet met ander woorde as diskwalifiserende gedrag vir die verhouding tussen God en Israel gesien word. Sodoende is selfs die

gebrek aan hierdie enkele funksionele aspek genoegsaam om die verhouding met Jahwe as die *Heilige van Israel* tot niet te verklaar. Soos wat 'n regter nie meer 'n regter kan wees as hy oneerlik is nie, so kon Israel nie meer *volk van God* wees indien hy onregverdigheid 'n lewenstyl gemaak het nie.

As gevolg van die volk se waardes wat so omgekeerd geraak het, het God 'n nuwe kontinuïteitsfaktor op die toneel gebring, en dit is sy toorn wat ten spyte van geweldige ellende nie sou bedaar nie.

Die volk het egter die oordeelsaankondiging vanuit 'n ideologiese raamwerk gesien, waarin God vir hulle net so onaktief was as wat die dooie gode in werklikheid ís.

1.5.3 Jesaja 5:26-30

"n Belangrike rolspeler wat op kontinue wyse in Jesaja aangetref word, is die nasie wat van ver af kom. Hier word hierdie tema aan die orde gestel. Wie hulle is, en wat die taak is wat hulle sal verrig, word in díe verse nog nie duidelik uitgespel nie. Dat hulle egter sekerlik sal kom, dat hulle onder die vaandel van Jahwe sal optree en dat hulle kragdadig en vernietigend sal optree, word in baie duidelike beelde uitgedruk (Ridderbos, 1985:75).

Samevatting

God stuur iemand wat onder sy vaandel, en dus op sy gesag, sal optree. Dit wat hulle sal doen sal lei tot diskontinuïteit in die lewe van Israel se huidige bestaan.

1.6 Jesaja 6

Oswalt (1986:174) vestig die aandag op die twee groot lyne wat eweredig deur die boek Jesaja loop, naamlik die lyne van ondergang en redding, of in die terme van hierdie studie uitgedruk, diskontinuïteit en kontinuïteit. Aan die een kant word Jahwe se verhouding met sy volk getermineer, maar aan die ander kant gaan die verhouding tussen God en sy volk tog voort. Hierdie paradoksale gebeure word ook in die roeping van Jesaja aangetref. Aan die een kant is daar God in sy heiligheid, maar aan die ander kant staan Jesaja en sy volk as onreines voor Hom. Dit is egter nie die volk se onreinheid wat die deurslag gee nie, maar God se werksaamheid. In Jesaja se roepingsgeskiedenis word die hoofelemente van die boek dan as't ware saamgevat.

Aan die een kant is oordeel en ondergang 'n klipharde en skrikwekkende werklikheid, terwyl redding en heerlikheid aan die ander kant eweneens 'n klipharde maar heerlike werklikheid is. Oordeel en redding kom dus beide van God af en is twee onderskeie wyses van gemeenskap wat God met sy volk beoefen. Indien oordeel en redding beide as gemeenskap van God met sy volk gesien en beleef word, kry gelowiges die vermoë om 'n kontinue verhouding met God te handhaaf ten spyte van lyding (Vriezen, 1962:213).

In Jesaja 6 word die profeet se drieërlei reaksie op dit wat God van Homself openbaar, opgeteken. Jesaja 6:1-7 bevat Jesaja se reaksie op God se heilige teenwoordigheid, 6:8-10 bevat sy reaksie op God se besorgdheid oor die boodskap wat oorgedra moet word, en 6:11-13 bevat die reaksie op God se doel met sy volk.

## 1.6.1 Jesaja 6:1-7

In Jesaja 6:1 word die uiteinde van die mens se bestaan op aarde deur die dood van koning Ussia geteken. Ussia het gesterf soos alle mense uiteindelik sterf. Jesaja is die enigste profeet wat 'n sterfte gebruik om 'n jaartal aan te dui. Dit gaan egter nie vir Jesaja oor die datum nie, maar die sterfte is vir hom simbolies van dit wat besig is om met die volk te gebeur, aangesien geskiedenis nie vir Jesaja toevallighede is nie. Geskiedenis is vir hom openbaring van en oor God. So 'n gebeurtenis is die dood van Ussia (Motyer, 1993:75).

Ten spyte van Ussia se dood gaan God se heerskappy ongehinderd voort, want Jesaja sien vir אדני (die Soewereine wat in sy majesteit alles regeer) op sy troon sit (Eissfeldt, 1974:71). In Jesaja 6:5 word God nadruklik ook *Koning* genoem. By die benaming *Koning* word ook die benaming יהוה צבאות (die Here van die leërskare) gevoeg. Hiermee word God bekendgemaak as die Een wat leërmagte formeer (Freedman, 1986:515).

Met die samevoeging van die twee benamings, *Koning* en die *Here van die leërskare*, word God bekendgemaak as die Grootkoning van die teokrasie wat Homself deur die verbond aan die volk verbind het (Gray, 1969:102). Tegelykertyd word Hy ook bekend as die Skepper, die ware en ewige God. In dit wat Jesaja hier beleef, word die werklikheid van God se regering dus aangetref. Die koning is dood maar die Grootkoning leef en Hy regeer (Soggin, 1971:918).

Goslinga (1962:110) verduidelik dat *leërskare* aanvanklik bloot betrekking gehad het op die leërskare van Israel. Later het die benaming egter 'n meer uitgebreide betekenis verkry wat ook Jahwe se heerskappy oor alle ander magte en kragte aangedui het. So word Hy dan met hierdie benaming bekend gemaak as die Here wat al die mag het. Dit is ook as sodanig dat Jesaja Hom in Jesaja 6 beleef.

Jesaja beleef verder ook vir God wat op 'n troon sit as *Regter* wat gereed staan om oor sy volk te oordeel. Omdat Jesaja oordeel van die Regter verwag, roep hy 'n הוי oor homself uit omdat hy onrein en verlore is (Young, 1976:237).

Dit is egter nie net Jesaja wat hierop reageer nie, dit is ook die serafs om God se troon wat mekaar telkens toeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige

teenwoordigheid." Hiermee word God se teenwoordigheid ook gekontinueer. Sy teenwoordigheid is, in teenstelling met die gode wat die ander nasies aanbid, nie gelokaliseerd nie, maar universeel. God se magtige teenwoordigheid manifesteer daarin dat Hy mag het oor ander volke se konings (Clements, 1978:66).

Daar word dus kontinuïteit aangetref op meer as een vlak. Op die een vlak word kontinuïteit aangetref in God se regering, en op 'n ander vlak in sy wese. Hy is naamlik *heilig* (קדוש) en daaraan is daar nie 'n einde nie. Wanneer God drie keer קדוש genoem word, word klem geplaas op God se totale andersheid. Hy is in sy wese geheel en al onvergelyklik met iets of iemand anders (Wood, 1976:175). Van God kan gevolglik meer verwag word as van 'n mens omdat Hy heeltemal anders as mense, en ook anders as gemaakte gode is (Snijders, 1969:86). Terwyl die gode slegs teenwoordig is op die plek waar dit aanbid word, is die hele aarde vol van God se magtige teenwoordigheid. Van God wat so magtig en teenwoordig is, kan wonders verwag word (Vriezen, 1966:323).

Wanneer Jesaja so in God se heilige teenwoordigheid verkeer, word hy bewus van sy eie sonde. Hy word in so 'n mate bewus daarvan dat sy reaksie daarop is dat dit klaar (נדמיתי - Nif'al van דמת) is met hom. Daarmee druk Jesaja 'n aksie uit wat volgens sy eie oordeel onafwendbaar is. In teenstelling met God wat ewig is en wie se heerskappy voortduur, sien Jesaja homself as dat dit verby is met hom (Kautzsch & Cowley, 1976:312). Hy kan nie voortbestaan nie, want niemand kan vir God sien en bly lewe nie. Hy kan ook nie meedoen in die uitroepe van die serafs nie omdat hyself onrein van lippe is. In teenstelling met God se kontinuïteit in absolute sin, beleef Jesaja dus in homself diskontinuïteit in absolute sin (Müller, 1976:598).

Omdat God se wese en werk ewig is, en Hy soewerein is, gryp Hyself in Jesaja se lewe in. Hy raak hom aan en maak vir Jesaja 'n instrument in sy diens (Jes 6:7) (Williams, 1999:184). Om werklik 'n instrument en boodskapper te kan wees, moet Jesaja se eie verhouding met God egter eers op so 'n vlak geplaas word dat hy op voortgaande wyse as God se boodskapper kan optree. Hy doen dit deur Jesaja se sonde te bedek. Daarmee word Jesaja se eie skuld verwyder van die korporatiewe skuld van die volk (Brueggemann, 1998:59). Dit is nie die kool waarmee Jesaja se lippe aangeraak word wat die sonde van Jesaja wegvat nie, net soos wat dit ook nie die brood en die wyn by nagmaal is wat die sonde wegvat nie. Die kool is bloot simbool van God se werking waardeur Hyself die sonde van Jesaja vergewe (Kidner, 1986:595).

Die gevolg van God se werksaamheid is dat Jesaja se sonde gediskontinueer, en sy werk gekontinueer word deur dit wat God hier met hom doen. Hy kan dan voortgaan met sy verhouding met God. Dit kom ook nadat hy homself as 'n verlorene raakgesien het, in teenstelling met die selfregverdigende houding wat baie maal by die volk aangetref is (vgl. 40:27, 59:1,2) (McKenna, 1993:115).

Samevatting

Alhoewel mense verander en selfs doodgaan, bly God steeds dieselfde. Net in Hom word ware kontinuïteit gevind, nie net wat sy wese en optrede betref nie, maar ook wat sy ryksgebied betref. Wanneer Jesaja op so 'n oorweldigende manier met God se heiligheid en grootheid gekonfronteer word, beleef hy in homself diskontinuïteit. Daar is by Jesaja nóg die wil, nóg die vermoë om deur middel van 'n ideologiese raamwerk homself voor God te handhaaf en op hierdie manier kontinuïteit in sy bestaan te vind. Hy vind wel kontinuïteit in sy bestaan wanneer God hom aanraak en sy oortredings en sonde vergewe wat vir hom kontinuïteit in sy verhouding met God gee. Op sy beurt kry hy die moontlikheid om as instrument in God se hand, God se boodskapper te wees. Hierin vind Jesaja dus sy ware identiteit omdat hy in die letterlike sin van die woord God se verteenwoordiger by die volk moet wees.

1.6.2 Jesaja 6:8-10

Nadat Jesaja se sondes versoen is, hoor hy vir die eerste maal die stem van God self, en nie net die stemme van die serafs nie.

God vra wie Hy kan stuur. Jesaja het nou die vrymoedigheid om God te antwoord. Dit staan in kontras met die voorafgaande uitroepe van die serafs wat God se heiligheid aangekondig het. Jesaja kon nie daaraan meedoen nie omdat hy onrein van lippe was (Snijders, 1969:90). Hy het nou nie net die vrymoedigheid om vir God te antwoord nie, maar ook die vrymoedigheid om God se gestuurde te wees (Ridderbos, 1985:78). Daar word dus kontinuïteit aangetref in Jesaja se verhouding met God sedert sy lippe met die kool aangeraak is. Daar is by hom soveel gewilligheid om God se gestuurde te wees, dat hy nie eers vra na die boodskap wat gebring moet word, of die opdrag wat uitgevoer moet word, voordat hy bereid is om te gaan nie. Daar is by hom dus totale geloofsoorgawe aan God en sy doel. God se opdrag en sy woorde volg direk daarna omdat die Woord die algemene manier is waarop die Here se boodskap oorgedra word. God se boodskappers word in die algemeen ook gestuur met die spesifieke doel om te praat, en nie om vir die mense iets te wys nie (Brueggemann, 1998:60).

Jesaja kry nou die opdrag om te gaan verkondig. Hy bring nie sy eie boodskap nie, maar as gestuurde van God ontvang hy die waarheid wat hy moet gaan oordra. Dit is nie 'n boodskap wat aangenaam is om te hoor, of aangenaam is om oor te dra nie, omdat dit hartsverharding en geestelike blindheid is waarvan Jesaja moet gaan profeteer (Kidner, 1986:595).

Daar kom diskontinuïteit in Israel se verhouding met God. Dit kan afgelei word uit die woorde "*hierdie volk*" wat weer in 6:10 herhaal word. Die volk word met ander woorde nie met die gebruiklike *Israel* of selfs *Juda* of *Jakob*, aangespreek nie. Al hierdie benamings het identiteitgewende waarde met 'n direkte verbintenis aan die dade wat God in die lewe van die volk gedoen het (Gerleman, 1971:782). Met die weglaat van die gebruiklike benamings vir Israel, toon God aan dat daar verwydering gekom het tussen

Hom en sy volk. Jahwe wil nie langer 'n naam - wat 'n verbintenis met Hom veronderstel -, vir 'n volk gebruik wat nie meer in 'n verhouding met Hom wil staan nie. Sodoende wys God dat Hy nie langer met Israel geassosieer wil word nie (Kaiser, 1996:131). Die verhouding word dus doelbewus gediskontinueer deurdat hulle nie moet hoor nie, nie moet sien nie, en hulle hulle nie moet bekeer nie. Die normale pad van bekering terug na God, wat deur die hoor van die Woord loop, word dus gesluit. Die sluiting is egter nie aan God te wyte nie, maar slegs 'n voortsetting van die volk se rebellie teen Hom (McLaughlin, 1994:6). Dit wat Jesaja vir die volk moes gaan sê, is dat hulle sal hoor, en tog nie sal verstaan nie, en dat hulle sal kyk en tog nie sal sien nie. Die rede vir hierdie toedrag van sake is dat die volk so geheel en al verdorwe geraak het, dat daar niks goeds meer in hulle te vinde was nie (5:20,21). Deur die enkelvoudsvorm waarmee die volk in Jesaja 5:20,21 aangespreek word, word die kollektiewe aard van hulle verdorwenheid aangedui. Hierdie verdorwenheid het so diep gestrek dat hulle nie meer dit wat hulle gehoor en gesien het, reg kon en wou verstaan nie (Oswalt, 1986:189). Kaiser (1996:131) sluit hierby aan as hy sê dat die *"nie sien"* en die *"nie hoor"* van die volk nie die inhoud van die profeet Jesaja se verkondiging is nie, maar die effek daarvan. (Vgl. Jes 28:9-13).

Indien die gebeure in Jesaja 6:1-10 in geheel beskou word, kan dit as klimmende gebeure beskryf word. Die koning se dood baan die weg vir die Godsverskyning, die Godsverskyning lei tot selfvernedering, selfvernedering lei tot sondevergifnis, sondevergifnis baan die weg tot die moontlikheid van diens, en daardie moontlikheid lei tot aanbied van jouself tot diens. Gebeure is dus nie geïsoleer nie, maar het verreikende gevolge (Oswalt, 1986:186).

Samevatting

In 'n hiërargiese opbou van gebeure hoor Jesaja God se stem, en gehoorsaam hy God se opdrag. Wanneer God vra na iemand om te stuur sodat sy openbaring aan die volk kan voortgaan, bied Jesaja aan om te gaan. Hy doen dit omdat hyself as gevolg van God se vergewing van sy sondes nie meer deel het aan die korporatiewe skuld van die volk nie. Sy eie verhouding is dus 'n gekontinueerde verhouding, en sy identiteit het 'n nuutgevormde karakter gekry. Omdat Jesaja direk in God se reddende teenwoordigheid verkeer het, en hy daardeur verander is, beleef hy homself nie meer as verlore nie, maar as bruikbaar in God se diens. Dit wat hy aan die volk moet gaan verkondig, sal egter daartoe lei dat hulle hulle nog verder verhard en die breuk tussen hulle en God nog groter word. God se dissosiasie met sy volk word ook baie duidelik uit die gebrek aan die gebruik van 'n naam wat 'n verbintenis met Hom veronderstel.

1.6.3 Jesaja 6:11-13

Jesaja vra na die tydperk wat die vernietiging sal aanhou. Die antwoord wat die Here hierop gee, dui egter nie 'n bepaalde tydperk aan nie, maar 'n bepaalde verloop van gebeure. Die verkondiging en die

vernietiging moet aanhou totdat die volk en dit waarop hulle staatgemaak het, getermineer is soos wat in Deuteronomium 28 gewaarsku is (Oswalt, 1986:190).

Ten spyte van die vernietiging wat daar in die voortbestaan van die volk sal kom, sal daar egter wel 'n oorblyfsel wees. Nadat 'n hele aantal gebeure oor 'n bepaalde tyd heen plaasgevind het, sal 'n nuwe orde tot stand kom. Die bestaande verhouding tussen God en sy volk sal met ander woorde nie bloot gepouseer word om later voortgesit te word nie. Die bestaande bestel kón immers nie voorgesit word nie omdat dit aanleiding gegee het tot die vernietiging wat sou plaasvind. Dit is dus nie net tydsverloop wat ter sprake is nie, maar gebeure wat afgehandel moes word sodat daar ruimte kon kom vir 'n nuwe orde (Snijders, 1969:93). Die volk wat teen God in opstand gekom het, se opstandige geaardheid, en dit wat daardie geaardheid gevoed het, naamlik die gees van inpalming, moes vernietig word (Eichrodt, 1969:379). Alles waarop daar staatgemaak word, moes afgebreek word, totdat net Jahwe in sy trou vir hulle oorgebly het. Van die totale bevolking sou net 'n tiende in 'n nuwe vertrouensverhouding met Jahwe staan (Kaiser, 1996:132).

Die verharding van die volk se harte sou prakties lei tot die ballingskap waardeur God nie net die volk wou straf nie, maar waardeur Hy ook sy almag wou toon. God straf egter nie net sy volk vernietigend nie, maar laat ook 'n oorblyfsel oorbly wat Hy uiteindelik sou red. Die oorblyfsel sou die gevolg wees van 'n persoonlike daad van die *Heilige van Israel* wat vir Hom 'n klompie láát oorbly het. Daar sou nie 'n klompie op eie inisiatief ontsnap nie (Helberg, 1988:216). Jesaja gebruik 'n metafoor vir God se persoonlike betrokkenheid by hierdie proses in Jesaja 28:23-29. In hierdie metafoor word die werk van 'n saaiboer gebruik om aan te dui dat God met sorg saai en oes. Maar eers word daar op 'n bepaalde manier geploeg, en ook net tot op 'n punt. Daarna word verskillende gewasse gesaai, en as die oes gereed is, word elke gewas op so 'n wyse gedors dat die graan behoue bly en nie in die dorsproses vernietig word nie (Snijders, 1969:289). God hanteer sy volk ook op hierdie manier, eers ploeg Hy, dit is die oordeel waardeur sy volk oopgeskeur word. Daarna volg die proses van saai, en dit is die aankondiging van 'n beter toekoms deur die profete, en die tot stand bring daarvan deur God. Laastens is daar die oes en dorsproses wat die bymekaarbring is van die oorblyfsel vir wie God wil red (Ridderbos, 1985:230).

Samevatting

Alhoewel die volk se bestaande sosiale lewe vernietig sou word, sou dit tog nie lei tot 'n totale vernietiging van die volk nie. God, as die Heilige van Israel, behou sy persoonlike besorgde verbintenis met sy volk. Verbondenheid aan Iemand groter gee dus vir Israel die moontlikheid van 'n toekomstige bestaan, en 'n toekomstige identiteit wat om die enkele faset van verbondenheid aan God gebou sal word.

## 2. Jesaja 7-39

Die sentrale tema van Jesaja 7-39 is *vertroue*. Hierdie tema word uitgebou met die gebruik van die kontras: word God of ander nasies vertrou? Immanuel wat hier op die toneel verskyn, sal die voorganger wees sover dit vertroue op God betref. Wanneer daar op ander mense vertrou word, en nie op God nie, het dit egter diskontinuïteit tot gevolg (20:5). Daarenteen het vertroue op God en nie op mense nie, kontinuïteit en oorvloed tot gevolg het (30:15) (Oswalt, 1986:193).

In die groter geheel van Jesaja 7-39 is daar ook onderdele wat bepaalde temas aanraak. Jesaja 7-12 dui aan hoedat die genade van God seëvier ten spyte van sy volk se ongehoorsaamheid. Die genade van God kan veral gesien word in die geboorte van Immanuel (7:14,15) en die Seun (9:5,6). Jesaja 13-39 toon aan dat die enigste universele koninkryk, God se koninkryk is, en dat Hy die geskiedenis beheer (Motyer, 1993:5).

Omdat slegs identiteitstrekke wat op God se volk betrekking het vir hierdie studie van belang is, sal nie elke vers van Jesaja 7-39 behandel word nie, maar slegs daardie gedeeltes wat 'n bepaalde tema uitlig. Klem sal veral geplaas word op teksgedeeltes wat oor kontinuïteit handel.

### 2.1 Jesaja 7-12

Motyer (1993:80) toon aan dat Jesaja 7-12 oor die Koning en sy volk handel. Dit gaan veral ook oor die voortsetting wat die Koning in die lewe van die volk sal bring, terwyl dit duidelik gemaak word dat daar sonder vertroue op God geen toekoms moontlik is nie.

#### 2.1.1 Jesaja 7:1-9, 17-20; 8:1-8; 9:7-11; 10:5-11.

Die afgebakende verse soos bo aangedui, handel oor die bedreiging wat die volk in die oë staar. Die volk is besig om te sterf in opvolging van koning Ussia. Die beloofde Koning is egter ook aan die kom. Daar word ook aangetoon dat niemand iets sal kan uitrig sonder dat God daarby betrokke is nie (Motyer, 1993:80).

Die eerste tema wat aangetref word, is die besluit of God of iemand anders vertrou gaan word. Dit speel af teen die agtergrond van die onderlinge stryd wat daar tussen mense en volke bestaan, asook God se betrokkenheid daarby.

Jesaja 7:1 en verder maak melding van die Aramese koning Resin, en die Israelitiese koning Peka wat 'n veldtog onderneem het teen Jerusalem in die tyd toe Agas koning van Juda was. Dit wat hulle met hierdie veldtog wou bereik, was om vir Juda aan hulle kant te kry teen die opkomende mag van Assirië (Jacobson, 1999:127). Hierdie veldtog het egter op niks uitgeloop nie. Geen direkte rede word vir die

mislukking van die veldtog gegee nie, maar uit 7:9 kan wel 'n rede afgelei word: As daar nie in geloof gehandel word nie, sal niemand staande kan bly nie (Menzies, 1998:117). Resin en Peka het nie in geloof teen Juda opgetree nie, maar in eie belang, en daarom het die veldtog op niks uitgeloop nie.

Dit wat in Jesaja 7:9 geleer word, is in 'n wyer konteks waar as net die militêre konteks waarin dit hier gebruik word. Dit is ook net deur geloof dat Agas staande kan bly. Dit is ook net deur geloof dat iemand deel kan wees van die oorblyfsel wat in Jesaja 6 in die vooruitsig gestel word (Eichrodt, 1972:434).

Daar kan dus geen kontinuïteit in 'n mens se doen en late wees as dit wat gedoen word, nie in afhanklikheid van God gedoen word nie. Indien iets in eie krag gedoen word, bly dit spreekwoordelik net rokende brandhout. In teenstelling hiermee is God eindeloos in sy vermoë. Die uitkoms is gevolglik nie in die hande van die vyande nie, maar in die hande van God, wat in teenstelling met die gode van die ander volke nie gemaak is nie, maar self Skepper is (Oswalt, 1986:200).

In samehang met Spreuke 19:21 kan dus gesê word: Al maak die mens hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas. God se plan was om Israel deur Assirië te straf (Jes 7:17-20; 8:1-8), en daarom het nie net Juda nie, maar ook Efraim / Israel opgehou bestaan as gevolg van die militêre mag van Assirië (Snijders, 1969:97). Alhoewel die koning van Assirië nie 'n gelowige was nie, was daar nogtans kontinuïteit in sy verowering van ander volke omdat God besluit het om hom te gebruik om sy eie volk te straf. Hierin lê daar 'n groot stuk ironie opgesluit. Agas het gevra vir Assirië, en Assirië is wat hy gekry het. Dit het egter nie verloop soos wat hy beplan het nie. Die koning van Assirië het nie tot sy redding gekom nie, maar is deur God gestuur tot Agas en Juda se straf (Irvine, 1993:83).

Hierdie straf het gekom omdat die koning van Assirië beskou is as groter sekuriteit as Jahwe wat Homself deur die verbond aan die volk verbind het. Alhoewel Agas al die hulpbronne tot sy beskikking gehad het wat die wêreld hom kon bied - politieke vaardigheid, logika, diplomatieke ervaring, ensovoorts, het dit vir hom geen veiligheid gebied nie omdat ware veiligheid net in die geloof by God te vind is (Motyer, 1993:88).

Mense kan egter in onrealistiese selfversekerdheid optree soos wat uit Jesaja 9:7-9 blyk waar Israel in selfversekerdheid sê dat hulle dit wat afgebreek en uitgekap is, sal vervang met iets wat beter is. Selfversekerdheid op sigself bring egter niks tot stand nie. In teenstelling daarmee word van die Woord van God gesê dat dit nie onverrigter sake na Hom toe sal terugkeer nie (Jes 55:11) (Helberg, 1988: 209). Dit wat God in sy Woord aan Jesaja gesê het, is dat Hy sal afbreek (Jes 5:3-7) en verdelg (10:22,23). Dit sou inderdaad gebeur. Al het die volk in arrogansie ander planne gemaak, sou daar niks van kom nie. Jesaja benadruk dit deur herhaling in die volgende verse, 5:25; 9:11; 9:16; 9:20; 10:4, as hy sê: "Ondanks dit alles bedaar die toorn van God nie" (Oswalt, 1986:253).

Daar is dus nie sprake van bekering by die volk nie omdat hulle ten spyte van straf steeds dieselfde arrogansie het wat in die eerste plek tot die straf gelei het (Kaiser, 1996:223). In weerwil van die mense se selfversekerdheid kan hy egter in homself geen kontinuïteit bewerk indien dit nie inval by God se raadsplan nie. Hierdie beginsel geld nie net vir Israel aan wie God Homself direk verbind het nie, dit geld ook vir Assirië (Jes 10:5-11) en later ook vir Babel (Jes 13:1-22, 47:1-3), maar ook vir al die ander volke soos die Filistyne, Moabiete, ensovoorts wat voor God die knie nie wou buig nie (bv. Jes 14:29, 15:1, 16:6). Dit wat al hierdie volke gesaai het, het hulle ook geoes (vgl 33:1).

Dit is dus nie net Israel van wie daar weinig sal oorbly nie, dit is ook met Assirië die geval. Die bome wat in die bos, Assirië, sal oorbly sal so min wees dat 'n seuntjie dit sal kan tel (10:19). Dieselfde verwoesting sal ook vir Moab (15:1), Damaskus (17:1), Kus (18:1), Egipte (19:1) en die ander heidense volke tref. In Jesaja 24:1 word nog verder gegaan, want daar sê die Here dat Hy die aarde gaan verwoes en dat dieselfde lot almal gaan tref, en dat daar min mense sal oorbly. Die leefruimte van die mens sal vernietig word, wat 'n diskontinuering is van die skepping. God het egter ook hierin die laaste sê aangesien Hy hierdie dinge doen om die aarde weer die volheid te gee waarvoor Hy dit bestem het. Dus is dit 'n kontinuering van sy eerste skepping (Snijders, 1969:235).

Israel sal in hierdie volheid deel, en alhoewel daar vir Israel 'n oorblyfsel sal wees (Jes 24:5,6), geld dit nie van Moab nie (15:9). Die rede wat hiervoor gegee word, is dat die mense die aarde verontreinig het omdat hulle ongehoorsaam aan die wet was.

Dit word uit bostaande duidelik dat die optrede van God om sonde te straf, nie gelokaliseerd is nie, maar gekontinueer word na alle oortreders. Dit kan gesien word in Jesaja 10:25,26 waar Jesaja ver in die geskiedenis teruggaan en herinner aan dit wat God by vorige geleenthede met die heidennasies gedoen het. By die Orebrots (Rigt 7:25) is die koning van Midian doodgemaak na Gideon se optrede. Dit kon net vermag word met God se hulp. Babel sal op sy beurt net soos Sodom en Gomorra ook verwoes word (13:19). Hiermee wys God sy kontinue optrede in die geskiedenis.

Die heidense volke het uit eie oorweging en in eiewaan teen Israel en Juda opgetrek, met hulle eie agendas op die tafel, naamlik magsuitbreiding en vernietiging van ander nasies. Daarvoor sou God hulle, net soos sy eie volk ook, straf (Ridderbos, 1985:113). Weereens word die aandag dus daarop gevestig dat God die Opperregeerder is aan Wie alle mense en alle volke verantwoording verskuldig is. Hulle moet binne die raamwerk beweeg wat Hy neergelê het. Dit gee vir hulle, wat kontinuïteit in hulle lewe soek vanuit hulle verhouding met God, 'n geweldige troos (Kidner, 1986:598).

Samevatting

Dit is slegs deur geloof in God dat iemand staande kan bly. Assirië het tydelik voorspoed en mag geniet omdat God sy volk aan Assirië oorgegee het. Dit was egter nie blywend van aard nie, omdat Assirië net soos God se eie volk aanmatigend opgetree het deur te dink dat hulle met eie krag staande kan bly. Die wyse waarop kontradiksies in die werklikheid van hulle bestaan hanteer is, is deur politieke ideologieë gedoen, en nie deur vertroue op God nie. Politiese alliansies moes dus sekuriteit gee, en nie gehoorsaamheid aan God nie. Die gevolg hiervan was nie net diskontinuïteit in die bestaan van Israel nie, maar ook in die bestaan van Assirië en Babel (sien ook 14:22-25).

Dit is slegs by God en in sy Woord waar werklik kontinuïteit gevind kan word. Die kontinuïteit wat by God te vinde is, het beide 'n negatiewe en 'n positiewe uitwerking op die mens. Aan die een kant is daar die positiewe belewenis dat God as die *Heilige van Israel* sy verbond met sy volk handhaaf, aan die ander kant word kontinuïteit in 'n negatiewe sin ervaar omdat God bly straf totdat dit wat in sy Woord aangekondig is, afgehandel is.

Daar is met ander woorde duidelik geen differensiasie tussen God se volk, en die ander volke te bespeur in die straf op sonde nie. Almal word vernietigend gestraf. Selfs die woonplek van die totale mensdom word hierin geraak. Daar is egter wel differensiasie in die optrede van God na afloop van die straf. Van Israel sal daar 'n oorblyfsel wees, terwyl dit nie van die ander volke gesê kan word nie. Dit is slegs aan God se verkiesing van Israel, en die daaropvolgende verbond, wat hierdie oorblyfsel te danke is. In hierdie opsig kan Israel dus nie op identiteitsverwerwing aanspraak maak nie, maar slegs op identiteitsaanvaarding.

2.1.2 Jesaja 7:14,15; 9:5,6; 11:1-5,10

Hierdie is Skrifgedeeltes in die Ou Testament wat oor die Messias handel. Die Messias is die Een wat kontinuïteit in die lewe van God se uitverkorenes sal bring (Kidner, 1986:597).

Immanuel (7:14,15) is die Een uit die geslag van Dawid wat vertroosting sal bring te midde van oordeel wat aan die kom is. Hy is ook die teken wat God gee waarvoor Agas in 7:12 nie wou vra nie. Immanuel se geboorte is verder 'n gebeurtenis wat van God afkomstig is, omdat Hy 'n teken sou gee. Die geboorte van Immanuel sou daardie teken wees (Ridderbos, 1985:80).

Die betekenis van Immanuel is: "God is met ons" (Scott, 1976:259). Dit is die naam wat die seun wat vir die jong vrou gebore sal word, van sy ma sal ontvang. In hierdie naam wat sy gee, word die geloof wat by Agas ontbreek het, aangetref. In die moeder en haar kind word die krag van geloof aangetref, in persone wat in hulleself swak is. Alhoewel hulleself swak is, en in moeilike tye leef, ondervind hulle tog geen gebrek nie, nie in geestelike sin nie, en ook nie in fisiese sin nie. Dit kan afgelei word uit die

dikmelk en heuning wat hy sal eet en 'n bewys van oorvloed is (Gen 32:13,14). Hierdie seuntjie sal verder ook iets terugbring wat uit die lewe van ou Israel verdwyn het, en dit is die onderskeid tussen reg en verkeerd (5:20).

Met die gebruik van טוב waarvoor die seun sal kies, en רע wat die seun sal verwerp, word aangedui dat dit 'n bewustelike keuse is wat hy sal maak. Hy sal met ander woorde weet watter keuses vir die lewe nuttig sal wees en watter keuses skadelik sal wees, en dan die kwaliteit in homself hê om die regte keuse te maak (Stoebe, 1971:659). Hy sal dus nie net wéét wat reg (טוב) en wat verkeerd (רע) is nie, hy sal verwérp wat verkeerd is en kiés wat reg is. Hierdie inherente eienskap van die seun differensieer hom dus heeltemal van ou-Israel se optrede. Die onderskeid tussen reg en verkeerd was iets wat by die ou-Israel nie meer voorgekom het nie (Jes 5:20) (Ridderbos, 1985:86).

Kaiser (1996:160) maak op grond van Psalm 81:17 en Job 20:17 die gevolgtrekking dat die dikmelk en heuning wat die ma en haar seun as voedsel kon eet, geskenke van God is aan die wat Hom gehoorsaam. Die vermoë van die seun om die regte etiese beslissings te maak, kan met ander woorde ook teruggevoer word na sy verhouding met God. Hierdie ma en haar seun sal dus staande kan bly op grond van hulle geloof (7:9b). Op hierdie manier kom daar gevolglik weer kontinuïteit in die waardes wat God vir sy volk geleer het (Menzies, 1998:117).

Die teken van Immanuel is egter nie net 'n teken nie, hierdie seun wat uit die nageslag van Dawid gebore sal word, sal ook as verlosser optree (9:4-7). Dit is in die geboorte van hierdie seun wat ware verlossing vir die ware volk van God sal lê. Voordat die seuntjie sal weet om die goeie te kies, en die slegte te verwerp, sal die lande van die twee konings vir wie die volk bang is, verwoes lê (Motyer, 1993:85).

Van hierdie seun word egter in 9:5 gesê dat Hy sal heers, en een van die titels wat vir Hom gegee word is *Vredevors*. Daarmee word bedoel dat sy regering vrede sal bring wat blywend is. God se regering gaan dus voort, terwyl die regering van die konings tot niet gaan (Snijders, 1969:122). God se regering gaan egter nie voort as gevolg van die instandhouding van formaliteite of die kultus nie, maar as gevolg van die koms van 'n persoon. Die kultus moet immers net die sigbare vergestalting wees van die verhouding met God (Eichrodt, 1969:98). Kontinuïteit kom dus nie as gevolg van idees nie, maar as gevolg van die koms van die seun wat gebore sal word (Oswalt, 1986:244).

Hierdie een wat gebore sal word, is soos 'n takkie wat sal uitspruit uit die stomp van Isai. Jesaja maak in 11:1 weer gebruik van die beeld van 'n boom, soos ook in 6:13, waar net 'n stomp oorbly nadat die boom afgekap is (Motyer, 1993:121). Daarna word die beeld weer gebruik vir Assirië wanneer dit as 'n bos beskryf word waarvan baie min sal oorbly (10:19), waarna dit heeltemal afgekap sal word sodat dit voor die magtige God sal val (10:34). In teenstelling met die diskontinuïteit in beide die lewe van ou-Israel en sy vyande, kom kontinuïteit na vore in die persoon van die seun wat gebore sal word. In die

beskrywing wat van hom gegee word, is daar ook 'n kontinuïteitsaanduiding ingebou in die vorm van *uit die stomp van Isai.* Die belofte wat God aan Dawid gemaak het dat daar altyd iemand uit sy geslag op die troon sal wees (1 Kon 9:5; Jes 16:5), lê ten grondslag daarvan (Young, 1976:380).

Daar is egter nog meer kontinuïteitsaanduidings in Jesaja 11 waar die loot uit die stomp van Isai afgeteken word. Die bos, Assirië, was groot en magtig, maar dit is afgekap. So was dit ook met die huis van Dawid, ook dit is afgekap. Al die tekens van lewe het dus verdwyn, behalwe dit wat verskuil is in die stomp en die wortels van die afgekapte stomp. Uit daardie stomp kom nou 'n loot en daardie loot sal uit die wortels vrugte dra. Die bedekte lewe wat daar in die stomp en in die wortels is, is te danke aan die beloftes wat God aan sy volk gemaak het (Irvine, 1993:81).

Die groot verskil tussen Assirië en Israel is dus die totale diskontinuïteit in die bestaan van Assirië, terwyl die bestaan van 'n oorblyfsel uit Israel gekontinueer word (Young, 1976:378). Wat dit vir hierdie loot moontlik maak om voort te gaan, is die Gees van die Here wat op hom sal rus. So sal hy toegerus word vir die taak van regering wat hy moet verrig (McKenna, 1993:158). In die Ou Testament was daar ander persone wat ook die Gees van God ontvang het, byvoorbeeld Moses (Num 11:17), Josua (Num 27:18) en Dawid (1 Sam 16:13). In Jesaja word die loot egter besonderlik met die Gees toegerus, wat aangedui word deur 'n meervoudige beskrywing van hierdie toerusting. Die Gees wat op hom sal rus, word beskryf as die Gees wat die volgende gee: wysheid en insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here. Uit hierdie besondere wyse waarop die Gees op hom sal rus, word dit duidelik dat daar 'n voortdurende verbintenis tussen die loot en die Here is wat sy eie Gees op hom laat kom (Motyer, 1993:122).

Die loot wat sal uitspruit (Jesaja 11:1) en op wie die Gees sal rus, is Immanuel wat die ware hoop vir sy volk is. Dit is Hy wat op die troon van Dawid sal sit en ryklik met die gawes van die Gees geseën sal wees. Op Hom sal die taak rus om vrede vir die aarde te bring. In hierdie lig gesien word dit duidelik dat hier van die komende Messias gepraat word (Young, 1976:380). In sy verbintenis met God bestaan daar 'n emosionele ekwilibrium wat na vore kom in sy regverdige oordeel en die vredevolle gevolge wat daaruit voortspruit. Dit wat daaruit sal voortspruit, is dat ander ook die Gees sal ontvang (44:3). Ook in hulle lewe sal daar dan vrede wees (32:15). Die beelde wat verder daarvoor gebruik word, is dat wolwe en skape saam sal bly, luiperds tussen bokkies sal lê, op die heilige berg van die Here niemand enige kwaad sal aanrig nie, ensovoorts.

Ook Jesaja 28:16,17 is hier van belang omdat die uitgesoekte klip van wie daar gepraat word, deur God in Sion neergesit is. Hierdie uitgesoekte klip, kan skaars iets anders wees as die huis van Dawid wat die draer is van God se beloftes. Die Een wat daarmee geassosieer word is gevolglik die Messias (Ridderbos, 1985:226). Die "*bou*" -metafoor word in 28:17 verder gevoer met die gedagtes van geregtigheid wat die maatstaf vir die bouproses sal wees, en regverdigheid wat die toets sal wees. Indien God hierdie

meetinstrumente gebruik, watter kans het die sondige mens dan vir oorlewing? Oorlewing of kontinuïteit word gevolglik gevind in die Messias wat die hoekklip is, en voldoen aan die toets van geregtigheid en regverdigheid (Young, 1975:288).

Samevatting

Kontinuïteit word aangetref in die werk van God deurdat Hy 'n teken gee in die persoon van Immanuel wat uit die geslag van Dawid gebore sal word. Hy sal iets voortsit wat by ou Israel nie meer voorgekom het nie, en dit is die vermoë om te kan onderskei tussen reg en verkeerd en dan te kies wat reg is. Dit wat Hy doen omdat die Gees op Hom rus, sal blywende vrede laat aanbreek wat toonbeeld is van God se regering wat blywend voortgesit word. God se regering word dus nie voortgesit deur die instandhouding van die kultus nie, maar deur die Messias wat sal kom. In hierdie teenwoordigheid van God by die mens, word ware kontinuïteit op beide fisiese en geestelike vlak gevind, en word daar 'n emosionele ekwilibrium bereik.

Die feit dat die Messias regverdigheid in die gemeenskap sal daarstel, bring weer hoop vir die gemeenskap aangesien regverdigheid een van die kwalifiserende eienskappe vir stabiele samelewingsverhoudings is.

Die vermoë om die regte keuses te kan maak, word verkry deur die waardes wat God gee, jou eie te maak. Daardie waardes moet deur ouers aan hulle kinders geleer word. Hierdie aspek het nie met identiteitsoordrag te maak nie, maar met identiteitsvorming. Gehoorsaamheid aan God is met ander woorde 'n identiteitseienskap wat bewustelik toegeëien moet word. Die bewys dat dit wel toegeëien is, word nie gesien in uiterlike nakom van formaliteite nie, maar in die maak van goeie keuses.

3. Jesaja 13-30

Hierdie gedeelte bevat verskillende oordeelsaankondigings. Oordeel word oor al die volke wat deel van Israel en sy leefwêreld uitgemaak het, uitgespreek. Nie net word aangedui hoedat Israel en Juda en sy stede vernietig sal word nie (Jes 22), maar ook hoedat al die ander waarop hulle op een of ander tyd staatgemaak het, deur God gestraf sal word. Daar word ook gewys dat die vyande van Israel aan God se mag onderworpe is. Sodoende word aangedui dat die mag van God universeel is, en dat Hy daardie mag in belang van sy uitverkore volk gebruik. In die uitwerk van die plan word dit duidelik dat ook nie-Israeliete deel uitmaak van die uitverkore volk van God. In die toekoms sal daar net een volk van God wees, net een Koning, en net een God sal aanbid word (Motyer, 1993:131).

Al die temas wat in Jesaja 13-29 voorkom, word ook elders in Jesaja aangetref, en sal daar onder bespreking kom.

3.1 Jesaja 30:1-14

In Jesaja 29:13 word melding gemaak van die volk wat met die mond naby die Here is, maar nie met die hart nie. Hulle dien Hom soos mense dit wil hê en nie soos Hy wil nie. Die praktiese bewyse daarvan dat hulle ver van die Here af leef, word nou in Jesaja 30 gevind. Hier word beskryf hoedat die volk ten spyte van die verbond met God, verdrae met ander volke gesluit het sonder om Hom te raadpleeg (Bright, 1981:292). Hulle het onder andere ook na Egipte toe gegaan om by die Farao beskerming te soek. Die eksodus word dus in die optrede van die volk omgekeer. Daar is by hulle geen kontinuïteit in hulle vertroue op God nie, maar eerder 'n kontinuïteit in hulle soeke na hulp by Egipte (vgl. ook Jesaja 31:1-3) (Wong, 1997:237). Hierdie optrede is ook 'n voortsetting van dit wat Israel tydens die uittog uit Egipte gedoen het. Toe het hulle voortdurend verlang na Egipte en dit wat Egipte hulle kon bied. Voorbeelde hiervan is die volgende: In Eksodus 14:11 word die volk bang omdat die Farao hulle agterna gesit het. Hierop volg die vraag aan Moses: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het?" In Eksodus 16:3 is daar verlange na die vleispotte van Egipte omdat die volk honger is in die woestyn. Hulle neem egter nie hulle toevlug na God wat hulle uit Egipte laat trek het nie, maar verlang eerder na Egipte. Dieselfde patroon word ook aangetref in Eksodus 17:3, Numeri 11:5, 14:1-5. Telkens word daar nie na die Here, met wie Israel in 'n verbond staan, gegaan vir hulp nie. Egipte word eerder as die een gesien wat uitkoms kon gee uit hulle nood. Dit blyk dus dat Israel nooit by die verlange na Egipte verbygekom het, en hulle vertroue werklik in God gestel het nie. Daar was dus 'n onnatuurlike kontinue verbintenis met Egipte.

Die feit dat Juda vir Egipte geskenke gevat het (30:6), kan aan die een kant verklaar word as 'n poging om die goedgesindheid van die Farao te verkry, en aan die ander kant as 'n poging om die verhouding met die Farao te stabiliseer. So wou hulle die Farao probeer dwing om aan Israel getrou te wees (McKenna, 1993:290). Op hierdie manier het die volk gepoog om hulle eie identiteit te versterk vanuit hulle verbintenis met Egipte. Egipte was egter net 'n gewaande helper en het slegs op papier 'n militêre vermoë besit (Stansell, 1996:78). In plaas daarvan om in vertroue op God, beelddraers van God te wees, en daarom soos wat dit by Hom pas ook getrou te wees, het Juda bloot getrouheid aan ander volke gehad. Daarmee het hulle herhaaldelik hulle ontrou aan God ten toon gestel.

In teenstelling met die tydelikheid van die volk se bestaan, en die tydelikheid van die planne waardeur hulle gepoog het om te bly bestaan, gee die Here aan Jesaja die opdrag om te skryf waar Juda teenwoordig is. Dit wat geskryf is, moes ook in die komende geslagte teen hulle kon getuig omdat hulle vanuit hulle aard teen God gerebelleer het (Brueggemann, 1998:242). Israel wou egter nie luister na dit wat God sê nie. Hulle wou eerder gevlei word. Hierdie houding van die volk kan verklaar word as 'n poging om hulle selfontwerpte identiteit deur rasionalisering te probeer beskerm. Dit is nie die werklikheid van die naderende ballingskap waarvan hulle wil hoor nie, want dit sou identiteitsverlies vir hulle beteken. Dit waarna hulle gesoek het was eerder 'n versterking van hulle eie ideologiese raamwerk

sodat hulle identiteit daardeur versterk kon word (Oswalt, 1986:550). Die volk gaan selfs so ver as om te sê: "Laat die Heilige van Israel uit ons teenwoordigheid verdwyn." Hulle sien dus nie hulle eie sonde, of hulle verbond met Egipte as die bedreiging nie, maar wel God wat die waarheid aan hulle laat verkondig. Hierdie optrede van Juda is 'n sekere bewys dat hulle nie hulle identiteit gevind het in hulle verbondsverhouding met God nie, maar wel in hulle eie planne en hulle verbintenis met ander volke.

Juda kan egter nie deur rasionalisering (30:16-18) aan die werklikheid ontkom nie, en daarom sou die werklikheid van die geskiedenis hierdie sonde op hulleself wreek. Dit sou gebeur soos wanneer iemand 'n muur bou en daardie muur dan op die bouer ineenstort (Kidner, 1986:607).

Samevatting

Israel het die verbond met God, as oorgedraagde komponent van God ontvang. In die selfdefiniëringsproses het hulle egter nie hierdie komponent as deel van hulle identiteit toegeëien nie. In plaas daarvan om die verbond met God toe te eien, het hulle eerder verbonde met ander volke gesoek.

Die volk se lojaliteit lê nie by God nie, maar by Egipte omdat hulle hulle eie identiteit van Egipte afhanklik gemaak het. Juda het ook probeer om sy verhouding met Egipte te stabiliseer in 'n poging om sy eie identiteit te stabiliseer. Dit wat Jesaja egter verkondig het, was 'n bedreiging vir hulle eie identiteit en daarom wou hulle nie na Hom luister nie, en wou hulle ook nie vir God in hulle midde hê nie. Juda se identiteit is dus nie in God gewortel nie, maar in hulle verhouding met Egipte. Hierdie sonde van hulle sou homself egter in die geskiedenis wat sou volg, op hulle wreek.

Israel se interne identiteitstandaard waarmee hulle gemeet het, is nie deur die verbond bepaal nie. Daarom het hulle geen ag geslaan op die terugvoer wat God aan hulle deur Jesaja gegee het nie. Die uitset wat hulle gelewer het, het gevolglik 'n alliansie met Egipte opgelewer, in plaas van bekering tot God.

3.2 Jesaja 30:15-18

In hierdie verse praat Jesaja weer van God se boodskap, Juda se aanhoudende staatmaak op hulle eie vermoëns en planne, asook die ramp wat daaruit sou voortvloei. Dit wat vir Juda nodig was, was die erkenning van sy eie onvermoë, maar dit is juis daardie erkenning wat die mens haat. Ten spyte van die mens se onvermoë en onwilligheid om op God te vertrou, verkondig God steeds aan hom dat sy redding in stil wees en vertroue op God lê. Enersyds word passiewe stilheid gevra, en andersyds word aktiewe vertroue gevra (Eichrodt, 1972:282). Sonder vertroue in God kan daar geen bekering wees nie. Dit wat Juda dus moes doen, was om hulle vertroue op hulleself te diskontinueer, sodat hulle in stilte op die *Heilige van Israel* kon staatmaak. Hy is die Een wat ewig die Heilige van Israel sal wees (Young, 1975:350), en hulle verbond met Hom moes voortgesit word. Die reaksie van Juda was egter presies die

omgekeerde; God bied Homself aan, en dit wat Juda kies is nie die mag van God nie, maar die krag van perde (Oswalt, 1986:555).

God se antwoord hierop is dat hulle wel op perde sal ry, maar dan nie om aan te val en te oorwin nie, maar om te vlug. Sy oordeel en straf word dus voortgesit. Daar was egter nog steeds hoop omdat God getrou bly aan sy eie verbond en steeds die volk genadig wou wees en in hulle behoeftes wou voorsien (Vriezen, 1962:339). In die res van Jesaja 30 word sorg aangekondig wat nie net fisies sal wees nie, maar ook geestelik. Die fisiese en geestelike sorg word ook aan die nuwe Israel belowe in Jesaja 65:13,14.

Samevatting

Israel word opgeroep om hulle identiteit te definieer in terme van hulle verhouding met God wat Homself, as die Heilige van Israel, aan hulle verbind het. Hierdie verbintenis moes nie net passief aanvaar word nie, maar in aktiewe vertroue gewys word. Sodoende sou daar vir die volk ware rus kon wees. Die kontinuïteit wat egter wel in die verse aangetref word is Juda se voortgesette vertroue op hulleself, in plaas van op God. Andersyds is daar God se voortgesette straf as gevolg van die volk se ontrou, maar ook voortgesette trou aan sy verbond, en dus behou Hy steeds die titel *die Heilige van Israel.*

## 4. Jesaja 31-39

Hierdie hoofstukke handel oor temas wat reeds bespreek is, en dit is 'n veroordeling van die vertrouensverhouding wat God se volk met ander nasies gehad het. Verder handel dit ook oor God se voortgesette trou aan sy volk, en die redding wat Hy sal bewerk deur die koning wat reg sal regeer.

### 4.1 Jesaja 36:18-20; 37:16-29

In hierdie hoofstuk is verse 18-20 van belang omdat die wanopvatting van die heidense hoofadjudant van koning Sanherib oor Jahwe daarin verhaal word. Die hoofadjudant vra naamlik: "Wie van al die gode van die ander lande kon sy land red uit my mag? Dan sal die Here mos nie Jerusalem kan red uit my mag nie!" (Motyer, 1993:279). Hierdie gedagtegang van die hoofadjudant is te wyte aan die algemene opvatting wat daar onder die heidene bestaan het dat elke stad sy eie god het, en dat Jahwe op daardie manier die god van Jerusalem was. Hierdie is ook die enigste geleentheid in die Skrif waar God aan 'n bepaalde stuk grond verbind word. God is egter nie God van Jerusalem nie, omdat Hy Homself nooit aan grond bind nie, maar altyd aan persone (Helberg, 1990:61). God se regering strek ook oor persone wat hulleself buite Israel bevind, in hierdie geval die koning van Assirië. God is nie God van 'n grondgebied nie, omdat Hy persoonlik in die lewens van mense betrokke is soos uit Jesaja 37:17 en verder blyk. Hiskia noem daarom vir God die God van Israel, en dus die God van mense.

God se regering is egter nie tot mense beperk nie, Hy regeer ook oor die gerubs, en is ook God oor al die koninkryke van die aarde. Hiskia erken al hierdie dinge in sy gebed en rig dan die versoek tot God dat Hy hulle uit die mag van Sanherib moet red sodat al die koninkryke van die aarde ook sal besef dat net Jahwe God is (Routledge, 1992:183). God verhoor hierdie gebed van Hiskia en Jesaja moet na aanleiding daarvan vir Hiskia 'n boodskap vat. Die boodskap wat die Here deur Jesaja aan Hiskia gestuur het, bevat 'n hele aantal kontinuïteitsaanduidings. In die eerste plek sou Sanherib besef dat hy die *Heilige van Israel* uitgedaag het. God se voortgaande verbintenis aan Israel word daarmee aangedui. Verder het die Here ook vir Sanherib gesê dat Hyself dit bewerk het dat hy vestingstede moes verwoes. God se mag oor beide Sanherib en die vestingstede word dus daardeur bekendgemaak. Tweedens word God se heerskappy oor tyd heen ook duidelik gemaak, want Hy het die oorwinnings van Sanherib van die vroegste tye af voorberei. God se regering oorspan dus ook die tye. God is egter ook nog bewus van dit wat persoonlik met Sanherib gebeur, van sy sit en sy gaan. Omdat God Sanherib se verwaande woorde moes aanhoor, het Hyself Sanherib se mag gebreek, en hom teruggestuur op die pad waarmee hy gekom het. In die lewe en koninkryk van Hiskia wat aan God verbonde was, was daar egter kontinuïteit soos uit die herstel van Hiskia in Jesaja 38 duidelik word. Daarenteen het Sanherib wat op homself staatgemaak het, se ryk verbrokkel. Hiskia erken egter nie die mag van God voor die gesante van Babel waarvan Jesaja 39 melding maak nie. As gevolg van sy selfgenoegsaamheid, sou ook dit waarop Hiskia so trots was, vernietig word.

Samevatting

God se regering is nie beperk tot 'n bepaalde stuk grond nie, en ook nie tot bepaalde persone nie. God se koninkryk daarenteen transendeer beide hemel en aarde wat engele, grondgebied, volke, koninkryke en persone van 'n bepaalde afkoms insluit. Dit is slegs in verbondenheid met Hom wat iemand se lewe en optrede gekontinueer kan word soos duidelik geblyk het uit die lewe en ryk van Hiskia wat voortgegaan het, en die mag van Sanherib wat getermineer is.

## 5. Samevatting Jesaja 1-39

Op voetspoor van hoofstuk 2, waar die teologiese relevansie van die identiteitsmodel aangetoon is, sal daar nou 'n sintese gemaak word van die verskillende identiteitsfaktore wat in die samevattings na vore gekom het. Daar sal in hierdie samevatting telkens in hakies aangedui word in watter teksgedeelte die gedagte oorspronklik behandel is.

### 5.1 Identiteitstrekke

Identiteitstrekke is daardie komponente van identiteit wat te make het met identiteitsbehoud, of te wel kontinuïteit, en identiteitsonderskeiding, of te wel differensiasie.

Kontinuïteit het te make met 'n staat van eenheid wat oor 'n bepaalde tyd strek. Indien 'n groot mate van kontinuïteit by die betrokke partye in 'n verhouding aangetref word, word daardie verhouding gestabiliseer.

5.1.1 Kontinuïteit

Uit die studie van Jesaja 1-39 het dit duidelik geword dat daar in wese twee kontinuïteitsfaktore in die lewe van Israel geïdentifiseer kan word, naamlik Israel se afvalligheid van Jahwe (3:12-15) en Jahwe se voortgaande betrokkenheid by sy volk (36:18-20). Kontinuïteit wat in 'n volhoubare identiteit aangetref word, word daarom nie in Israel nie, maar in God gevind. Stabiliteit van die geloofsgemeenskap is dus ook nie van die optrede van mense afhanklik nie, maar wel van God. Dit is ook in Hom wat potensiële kontinuïteit vir 'n volk op alle terreine opgesluit lê (1:1). God se regering is immers nie beperk tot 'n bepaalde stuk grond, of tot bepaalde persone nie. Sy koninkryk transendeer beide hemel en aarde wat engele, grondgebied, volke, koninkryke en mense insluit (37:16-29).

Dit is slegs in 'n geloofsverhouding met God dat iemand 'n kontinue identiteit kan beleef. Assirië en Babel kon wel tydelik voorspoed en mag geniet, omdat God sy volk aan Assirië oorgegee het. Dit was egter nie blywend van aard nie, omdat Assirië en Babel net soos God se eie volk, aanmatigend opgetree het deur te dink dat hulle met eie krag staande kan bly (7:1-9).

Israel was egter onder die indruk dat kontinuïteit gehandhaaf kan word deur die nakom van kultiese gebruike. Kultiese gebruike het egter ten doel om uitdrukking te gee aan die verhouding met Jahwe, wat die basis vir alle kontinuïteit vir die volk was. Kontinuïteit en identiteit wat daarmee saamgaan, word met ander woorde nie gevind in strukture wat mense gemaak het nie, maar wel in 'n verbintenis met God. Daardie verbintenis moet dade tot gevolg hê wat pas by die verbintenis met Hom (1:10-31).

Dit is ironies dat een van die grootste kontinuïteitsfaktore in die lewe van Israel, 'n gebrek aan dade was wat by sy verhouding met God gepas het. In dié ontrouheid van Israel eis God diskontinuïteit. Wat wel vir die volk kontinuïteit sou bring, was gehoorsaamheid aan die Here. Indien hulle dit sou doen, sou hulle die land behou (1:10-31). Gevolglik sou hulle die identiteit wat God met die verbondsluiting aan hulle gegee het, kon versterk. Israel het egter steeds in die identiteit wat hulle moes vertoon, misluk.

Om voortgesette identiteitsmislukking te voorkom, verwyder God uit Israel se lewe al die faktore wat dit vir hom moontlik gemaak het om sy ontaarde identiteit te handhaaf. 'n Nuwe kontinuïteitsfaktor word as gevolg van die volk se omgekeerde waardes op die toneel gebring. Dit is God se toorn wat ten spyte van geweldige ellende nie sou bedaar nie (3:1-12).

Alhoewel die volk se bestaande sosiale lewe vernietig sou word, sou dit tog nie lei tot 'n totale vernietiging van die volk nie. God, as *die Heilige van Israel,* het sy persoonlike, besorgde verbintenis met sy volk behou. Dit is ook slegs van God, wat totaal anders is, dat so 'n genadige optrede verwag kan word (6:11-13). God het ten spyte van Israel se ontrou, sy eie trou voortgesit en sy verbondsbeloftes nagekom. Dit het vir ou-Israel diskontinuïteit beteken omdat straf belowe is vir verbondsontrou (5:1-7). God se trou het egter ook die moontlikheid van genade ingehou, wat prakties na vore sou kom in die oorblyfsel uit Israel. Daardeur het Hy sy eie trou bewys (6:1-10).

God se genadige trou manifesteer in die gee van persone wat optree volgens dit wat Hy verlang. Eerstens het Jesaja begin optree as God se gestuurde om die waarheid oor God aan die volk oor te dra. Toe Jesaja in die heilige teenwoordigheid van God verkeer het, was daar by hom nóg die wil, nóg die vermoë om deur middel van 'n ideologiese raamwerk homself voor God te probeer handhaaf (6:1-10). Hy het wel kontinuïteit in sy bestaan gevind toe God hom aangeraak het en sy oortredings en sonde vergewe is. Alvorens Jesaja kontinuïteit kon verkry, moes hy egter eers deur die reinigingsproses gaan. Sy onreinheid moes gediskontinueer word. Daarvoor moes sy mond as oordragsorgaan aangeraak word met die kool van die altaar af. Jesaja bied aan om God se gestuurde te wees, omdat hyself as gevolg van God se vergewing van sy sondes nie meer deel het aan die korporatiewe skuld van die volk nie. Op sy beurt gee die aanraking van sy mond ook die moontlikheid om as instrument in God se hand, God se boodskapper te wees. Hierin vind Jesaja dus sy ware identiteit, omdat hy in die letterlike sin van die woord God se verteenwoordiger by die volk moet wees. Die waarheid moes deur Jesaja se ontvangs en oordrag van God se Woord, aan die volk deurgegee of gekontinueer word.

Kontinuïteit word verder ook aangetref in die werk van God deur die teken wat Hy in die persoon van Immanuel gee (7:14,15). Hy sal iets voortsit wat by ou Israel nie meer voorgekom het nie: die vermoë om te kan onderskei tussen reg en verkeerd en dan te kies wat reg is. Dit wat Hy doen omdat die Gees op Hom rus, sal blywende vrede laat aanbreek, wat 'n toonbeeld van God se regering wat blywend voortgesit word. God se regering word dus nie voortgesit deur die instandhouding van die kultus nie, maar deur die Messias wat sal kom (9:5,6). In hierdie teenwoordigheid van God by die mens word ware kontinuïteit op beide fisiese en geestelike vlak gevind, en word daar 'n emosionele ekwilibrium bereik.

Die feit dat die Messias regverdigheid in die gemeenskap sal daarstel, bring weer hoop vir die gemeenskap aangesien regverdigheid een van die kwalifiserende eienskappe vir stabiele samelewingsverhoudings is (11:1-5).

In die lig van bostaande beredenering kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar in Jesaja van twee Israels gepraat kan word. Enersyds sit die *Heilige van Israel* sy verhouding met Israel voort en andersyds word beide Israel en Juda vernietig. Die vernietigde of *ou*-Israel is dan die genealogiese nageslag van Abraham. 'n *Nuwe* Israel wat uit al die volke van die aarde bestaan, sou daarna saamgestel word. Vir

hierdie Israel sou dit slegs gaan oor God wat op Sion aanbid word. In verbondenheid aan God sou hulle dan hulle kontinuïteit en eie identiteit vind. Dus sou God steeds die titel, *die Heilige van Israe,l* behou.

5.1.2 Differensiasie

Differensiasie handel in teenstelling met kontinuïteit, nie oor *dieselfde bly* nie, maar oor *onderskeiding*. Watter faktore maak een persoon anders as 'n ander, of te wel *what sets you apart*?

Israel is deur God gekies om aan sy Naam verbind te wees. Daarom word die naam *Die Heilige van Israel* gebruik. Op grond van Israel se verkiesing en die daaropvolgende verbond, moet daar tussen Israel en die *ander* gedifferensieer word (1:2-9).

Israel het egter voortdurend die gebruike van die heidene nagevolg. Op interpersoonlike vlak het Israel hom dus geskaar by die heidene met wie hy op grond van keuse dieselfde identiteit gedeel het (2:6-9). Omdat Israel voortdurend gekies het om homself by die heidene te skaar, het God hulle laat begaan. Sodoende het hulle al meer in hulle verlangde identiteit misluk.

Die rede waarom Israel in hulle Godgegewe identiteit misluk het, was omdat hulle hulle nie van die *ander* volke, wat nie vir Jahwe aanbid het, gedistansieer het nie. Israel het eerder met die heidene en hulle gode bly identifiseer (30:1-14). Indien hulle hulleself as heilig gesien het, met ander woorde anders as die ander volke en afgesonder vir God, sou hulle die identiteit wat God aan hulle gegee het, geopenbaar het. Daardie identiteit behels nie net afgesonderdheid vir God nie, maar ook om beeld en verteenwoordiger van God te wees. Indien Israel *heiligheid* vir homself toegeëien het, sou daar van Israel af 'n invloed uitgegaan het na ander volke, in plaas daarvan dat ander volke Israel se identiteit beïnvloed het.

Daar kon met ander woorde geen duidelike differensiasie tussen God se volk en die ander volke bespeur word nie. Dit word bevestig deur die straf. Almal word vernietigend gestraf (7:1-9). Tog bly daar *ipso facto* uit ander volke oorblyfsels, wat saamgevoeg sou word met die oorblyfsel uit Israel. Die differensiasie tussen verskillende volkere sou gevolglik nie meer in genealogie gevind word nie, maar in verbondenheid aan God (3:1-12). Dit is egter aan God se verkiesing van Israel te danke, dat daar 'n voortsetting van God se verhouding met Israel en ander volke is.

5.2 Funksionele aspekte van identiteit

Om 'n bepaalde identiteit te hê, dien 'n positiewe doel. Dit help die houer van daardie identiteit om bepaalde keuses te maak, beplanning te doen, die gemeenskap te stabiliseer en beheer oor sy omgewing uit te oefen. Dit help ook met heroriëntasie ná 'n terugslag.

5.2.1 Waardes en prioriteite

Waardes en prioriteite het te make met eksterne waardes wat toegeëien en aan voldoen moet word ten einde die verhouding wat daar tussen die betrokke partye bestaan, in stand te hou.

Die waardes en prioriteite van die volk Israel het so omgekeer geraak dat die kultus nie meer daarop gerig was om uitdrukking te gee aan Israel se verhouding met God nie. In plaas daarvan het Israel probeer om God met die kultus te manipuleer. Die prioriteite van die volk was dus op hulleself afgestem, en nie meer op God gerig nie. Die keuses wat Israel en Juda gemaak het, was daarom ook nie meer daarop gerig om die verhouding met God te onderhou nie, maar gerig op handhawing van hulle lewenstyl in daardie stadium (1:10-31).

Die waardes wat die volk vir hulleself moes toe-eien, was die waardes wat God in die Tora aan hulle gegee het (5:8-25).

5.2.2 Interpersoonlike self

Interpersoonlike self het te make met sosiale rolle wat vervul moet word, asook die persoonlike reputasie wat daaraan verbonde is. Dit vorm deel van die netwerk van sosiale verhoudings waarbinne 'n persoon staan.

Op interpersoonlike vlak het Israel in die verhouding met God een kernelement nie meer vertoon nie. Daardie element is geregtigheid (5:8-25). Aangesien Israel *die Heilige van Israel* se kneg en verteenwoordiger moes wees, het die gebrek aan hierdie kernelement tot gevolg gehad dat 'n sinvolle verhouding met Hom nie langer moontlik was nie. Moedswillige omverwerping van geregtigheid moet met ander woorde as diskwalifiserende gedrag vir die verhouding tussen God en Israel gesien word. Die gebrek aan hierdie enkele funksionele aspek was daarom vir God genoegsaam om die verhouding tussen Hom as die *Heilige van Israel,* en ou-Israel self, tot niet te verklaar. Soos wat 'n profeet nie meer 'n profeet kan wees as hy oneerlik is nie, so kon Israel nie meer *volk van God* wees indien hy onregverdigheid 'n lewenstyl gemaak het nie .

5.2.3 Individuele potensiaal

Individuele potensiaal het te maak met die vermoë van 'n persoon om sy inherente potensiaal te verwesenlik.

Israel het nie sy potensiaal om volk te wees, ontgin nie. Die rede hiervoor was eenvoudig hulle gebrek aan vertroue in God. Alhoewel bedreigings die hoof gebied kon word vanuit vertroue en gehoorsaamheid

aan God, het Israel nie genoeg vertroue op God gehad om die aanslae van sy vyande af te weer nie (30:15-18).

Sommiges in Israel wou deur middel van grondbesit vir hulleself 'n toekoms verseker. Israel was egter nie die besitter van die land nie, maar het bloot die vruggebruik daarvan gehad. Hulle kon hulleself dus in werklikheid net met die land identifiseer in soverre hulle verhouding met God dit toegelaat het. Hulle het die potensiaal om van die vrug van die land te geniet, verbeur omdat hulle nie verhouding met die land reg hanteer het nie (5:8-25). Die land kon gevolglik ook nie langer as kontinuïteitsfaktor in die identiteit van Israel dien nie, omdat hulle dit verloor het. Met landsverlies het dus ook identiteitsverlies gepaard gegaan, soos wat uit Psalm 137:4 duidelik word.

5.3 Die selfdefiniëringsproses

Selfdefinisie het te make met die verwerwing en / of toe-eiening van identiteitskomponente. Dit verloop in vier stadia wat begin by komponente wat eenvoudig aan 'n individu oorgedra word en eindig by keuses wat op grond van 'n verworwe identiteit gemaak moet word.

5.3.1 Oorgedraagde komponente

Die eerste stadium in die definiëring van identiteit is 'n passiewe ontvangs van bepaalde identiteitskomponente.

Israel het in die eerste plek die verbond met God, as oorgedraagde komponent ontvang (30:1-14). Hulle word ook opgeroep om hulle identiteit te definieer in terme van hulle verhouding met God wat Homself, as *die Heilige van Israel*, aan hulle verbind het. Israel het dus nie vir Jahwe gekies nie, maar is deur Hom verkies en het op grond daarvan die verbond ontvang. Hierdie verbintenis moes nie net passief aanvaar word nie, maar in aktiewe vertroue duidelik getoon word (30:15-18). In die selfdefiniëringsproses het Israel egter nie hierdie komponent as deel van hulle identiteit toegeëien nie. In plaas van die verbond met God toe te eien, het hulle alliansies met ander volke gesoek.

In die tweede plek het Israel ook die Tora van God ontvang. Dit moes dien om die verhouding tussen God en sy volk te reël (5:8-25). Aangesien Israel nie die verbond vir hulleself toegeëien het nie, het hulle ook nie die bepalings toegeëien wat daardie verhouding moes reël nie. Omdat daar nie waarde geheg is aan die Tora nie, is dit ook nie van geslag tot geslag oorgedra nie. Gevolglik het effektiewe beginselvaste leiding op grond van dit wat God in sy Woord beveel, in Israel opgehou bestaan (3:12-15). Die rede hiervoor kan daarin gesoek word dat die leiers nie die wet, wat van geslag tot geslag oorgedra moes word (Deut 6), hulle eie gemaak het nie.

5.3.2 Enkel transformasie

Die tweede stadium in die definiëring van identiteit is duidelik gedefinieerde gebeure, soos byvoorbeeld die proses van geboorte skenk, waardeur 'n vrou 'n moeder word.

Die enigste gebeure wat binne Jesaja 1-39 lê, en as enkel transformasie beskryf kan word, is die naderende ballingskap. Met die ballingskap sou die volk getransformeer word van landsbewoners tot vreemdelinge in Babel (6:11-13). Jesaja het egter ook 'n eskatologiese verwagting verkondig. In die eskatologiese tyd kan 'n enkel transformasie van die totale identiteit verwag word. Tydens hierdie gebeure sal nie die mens nie, maar God die identiteit van die totale mens in 'n enkel transformasie definieer en tot stand bring. Die selfdefiniëringsproses sal met ander woord afgehandel wees (2:1-5). 'n Emosionele ekwilibrium sal bereik word omdat daar kontinue vrede sal wees wat deur God se teenwoordigheid tot stand gebring sal word. Verder sal identiteit versterk word deur die verbondenheid aan 'n groter geheel waar almal dieselfde godsdiens sal deel. As gevolg hiervan sal die verhoudings tussen die mense so gestabiliseer word dat daar geen oorlog meer sal wees nie, maar slegs samewerking.

5.3.3 Hiërargiese kriteria

Die derde stadium van die selfdefiniëringsproses is wanneer 'n persoon vanuit die verskillende opsies wat in 'n multidimensionele samelewing beskikbaar is, 'n identiteit konstrueer.

Jesaja het in die roepingsgebeure baie vinnig deur die selfdefiniëringsproses gegaan (6:1-8). Die indrukke waaraan hy tydens sy roeping onderwerp is, het in hoofsaak twee dimensies gehad: enersyds God se magtige, allesoorheersende teenwoordigheid, en andersyds Jesaja se eie verlorenheid. God tree egter in en raak hom aan sodat sy onreinheid, wat inhiberend ingewerk het, verwyder kon word. Die terugvoer en versoening wat hy van God ontvang het, het hom dus in staat gestel om die identiteitstrekke van 'n *gestuurde van God* te konstrueer.

Die boodskap wat Jesaja as *gestuurde* oorgedra het, is egter deur die volk binne 'n bepaalde ideologiese raamwerk ontvang. Binne daardie raamwerk was daar in hulle denke niks wat hulle van die land of die tempel kon vervreem nie. In werklikheid het hulle vir God dus as net so onaktief beleef as wat die dooie gode in werklikheid ís (5:8-25). Om hierdie rede het die volk nie die identiteitseienskappe vertoon wat die mens as beeld van God moes vertoon nie. Hieronder tel veral regverdigheid.

5.3.4 Keuses

Die finale fase in die selfdefiëringsproses is die maak van keuses. In hierdie fase word aangetoon watter identiteitskomponente toegeëien is.

Die vermoë om die regte keuses te kan maak, word verkry deur die waardes wat God gee, jou eie te maak. Een van die eerste komponente wat Israel, wat binne 'n verbond met Jahwe gestaan het, bewustelik vir homself moes toe-eien, was gehoorsaamheid (1:10-31). Die keuse om hierdie eienskap toe te eien, sal egter net gemaak word wanneer iemand homself as *heilig* sien. Almal in Israel het egter nie die komponent van *heilig wees* wat God aan hulle oorgedra het, vir hulleself toegeëien nie. Hulle het dus nie afgesonder vir God geleef nie. Die gevolg hiervan was dat Israel keuses gemaak het wat nie getrou was aan dit wat van *heiliges* verwag kon word nie (3:1-12). Alhoewel van *heiliges* verwag kan word om die wet van God as riglyn te gebruik om keuses te maak, het Israel dit nie gedoen nie. Dit was veral die waardes van die leiers van die volk wat gewys het dat hulle nie die wet van God geïnternaliseer het nie. Gevolglik het die leiding wat gegee is, nie tot die volk se voordeel gelei nie, maar het dit eerder 'n destabiliserende uitwerking op die gemeenskap gehad (3:12-15).

Die keuses wat die leiers telkens gemaak het, het gewys dat hulle nie vir God met wie hulle in verbond gestaan het, in hulle keuses in ag geneem het nie. Wanneer gevaar gedreig het, is alliansies met sterk bure gesoek (7:1-9). Op ekonomiese gebied is daar nie volgens die liefdesbeginsel wat die wet voorskryf, gehandel nie. In plaas daarvan dat weduwees versorg is, is hulle uitgebuit. Op juridiese gebied is daar nie gekies om regverdig op te tree nie, maar is regspraak deur die wispelturigheid van dronkaards beïnvloed (2:6-9).

Die gevolg van bogenoemde was dat die waardes wat ouers aan hulle kinders moes leer, nie eers deur die ouers self toegeëien is nie. Die kinders kon gevolglik nie in die vorming van hulle identiteit waardes toe-eien wat sou lei tot die maak van Godgerigde keuses nie (7:14,15). Die bewys dat die regte waardes wel toegeëien is, word nie in uiterlike nakom van formaliteite gesien nie, maar in die maak van goeie keuses. Om die wet te hoor, sal dus nie noodwendig inhou dat die wet gehoorsaam sal word nie.

Die keuses wat Israel wél gemaak het, het dus duidelik aangetoon dat hy nie die identiteit van "volk van God" vir homself toegeëien het nie.

### 5.4 Identiteitsisteme

Geen persoon of volk leef binne 'n vakuum nie en daarom is daar verskillende invloede wat van buite op 'n persoon of groep inwerk. Op grond van die faktore wat inwerk, begin persone of groepe bepaalde sosiale rolle vervul.

#### 5.4.1 Terugvoer

Die eerste invloed wat aanleiding gee tot 'n bepaalde sosiale rol, is terugvoer wat van buite ontvang, geïnterpreteer en toegepas word. Die terugvoer wat ontvang word, word egter met 'n interne

identiteitstandaard gemeet. Volgens hierdie standaard word bepaal of terugvoer wat ontvang is belangrik genoeg is om 'n identiteitsaanpassing te maak of nie.

Die interne identiteitstandaard waarmee Israel gemeet het, is nie deur die verbond bepaal nie. Daarom het hulle min ag geslaan op die terugvoer wat God deur Jesaja aan hulle gegee het (30:1-14). Die uitset wat hulle gelewer het, was gevolglik om bloot voort te gaan met die lewenstyl wat gehandhaaf is, en aanleiding gegee het tot die ballingskap.

Die volk se lojaliteit lê nie by God nie, maar by Egipte, omdat hulle hulle eie identiteit van Egipte afhanklik gemaak het. Juda het ook probeer om sy verhouding met Egipte te stabiliseer in 'n poging om sy eie identiteit te stabiliseer. Dit wat Jesaja egter verkondig het, was 'n bedreiging vir hulle eie identiteit. Daarom wou hulle nie na Hom luister nie, en wou hulle ook nie vir God in hulle midde hê nie (30:1-14). Juda se identiteit is dus nie in God gewortel nie, maar in hulle verhouding met Egipte. Hierdie sonde van hulle sou hom egter in die geskiedenis wat sou volg, op hulle wreek.

5.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie

Identiteit word nie net bepaal deur die persoon wat besig is om sy identiteit op te bou nie. Dit word ook deur die samelewing waarbinne daardie identiteit opgebou word, waargeneem. Sodoende kan 'n bepaalde persoon op grond van al die identiteitstrekke wat hy vertoon, later weer geïdentifiseer word. Deurdat buite-persone die identiteit van iemand waarneem, kom daar mettertyd gedragsverwagtings en kan daar later selfs gedragsvoorspellings gemaak word oor hoe 'n sekere persoon binne bepaalde omstandighede sal optree. Indien die heridentifiseerbare trekke op 'n later tydstip nie meer vertoon word nie, sal die verbintenis wat met daardie persoon bestaan, verbreek word.

Israel kon, sover dit sy identifikasie van buite betref, op genealogiese, ekonomiese, militêre, juridiese, godsdienstige, politieke- en industriële gebied nie meer as die Israel herken word met wie Jahwe die verbond gesluit het nie (3:1-12).

Eerstens het Israel nie meer as twaalfstammeryk bestaan nie. Vrae betreffende die identiteit van die Noord-ryk en Suid-ryk het gevolglik in Jesaja bloot geskiedkundige waarde (1:2-9). Dieselfde oordeel sou beide Israel en Juda tref as gevolg van hulle onheilige gedrag. Daardie selfde oordeel van God het ook die heidene getref, en dus word Israel en die heidene oor dieselfde kam geskeer. *Ipso facto* het hierdie optrede van God vir beide Israel en Juda in dieselfde kader as die heidene geplaas. Ou-Israel het dus van buite gesien, as heilige volk onherkenbaar geword (2:6-9). Die idee wat Israel oor sy eie identiteit gehad het, en dit wat van buite waargeneem is, het met ander woorde radikaal verskil.

Tweedens kon die volk ook nie van buite geïdentifiseer word op grond van sy landsverbondenheid nie. Israel het nie meer die voordeel van die land gehad nie omdat vreemdelinge die land verteer het. Dit het daartoe gelei dat etniese afstamming en landsverbondenheid nie meer as kriteria gebruik kon word om identiteit mee te konstrueer nie (1:2-9).

Deur die waarneem van Israel se identiteitsvertoning, het God 'n gedragsverwagting van Israel gehad. Díe verwagting het daartoe gelei dat Israel 'n *hoer* genoem word. God sê daarmee dat Hy ook in die toekoms van Israel kon verwag om Hom te verlaat (1:10-31).

5.4.3 Korporatiewe identiteit

Groepe word deur gesamentlike identiteitstrekke aan mekaar verbind. As gevolg van dié verbintenis word 'n groepsidentiteit opgebou wat tot gevolg het dat die groep as 'n eenheid kan funksioneer.

Die korporatiewe identiteit van Israel het getoon dat hulle 'n baie hoër mate van identiteitsversterking gevind het in die afgodediens as wat hulle gevind het in hulle diens aan God. Die mate van identifikasie met die afgode was so sterk dat hulle nie net die rug op Jahwe gedraai het nie, maar self uitdagend teenoor Hom opgetree het (5:8-25). Israel het dus sy gedrag laat skik deur die groep met wie hy die beste geïdentifiseer het, en dit was die afgodsdienaars. Ten spyte van die dreigende ballingskap, het die volk die inligting wat die profete daaroor gegee het, uitfiltreer. Die rede hiervoor was enersyds die verbintenis aan die afgode en andersyds die eiewysheid van die volk.

Korporatiewe groepe deel gesamentlike perspektiewe en benaderings. Diegene wat nie die gemeenskaplike dinge deel nie, word dan deur 'n gemeenskap as "*die ander*", geklassifiseer. Dit is teen hierdie agtergrond gesien dat die profete en selfs God as die "ander" gesien is.

Na God se oordeelvoltrekking, sou *ou-Israel* as korporatewe entiteit nie weer van buite herken kon word as dieselfde volk nie. Die verlies aan identiteitstrekke op ekonomiese, militêre, juridiese, godsdienstige, politieke- en industriële gebied sou hiervoor sorg (3:1-12).

Opsomming

Die Here het in sy krag alles moontlik gedoen om vir Israel die vermoë te gee om gister en vandag dieselfde te bly. Al wat Israel moes doen, was om die verbond waarmee God Hom aan hulle verbind het, toe te eien en dan die verwagte resultate te lewer. Israel het egter nie as *heiliges* 'n invloed op ander gehad nie, maar is eerder deur ander beïnvloed. Die identiteitstrekke wat God verwag het, het dus ontbreek. Hierin het Israel as beelddraer van God misluk, omdat hulle nie, soos Hy, met geregtigheid, liefde, trou ensovoorts opgetree het nie. Die geopenbaarde waardes van die volk toon dus aan dat identiteitsmislukking plaasgevind het. Indien die waardes van die volk in ooreenstemming was met dit

wat God verwag het, sou die vertrouensverhouding tussen God en Israel onbepaald voortgeduur het, en sou Israel die potensiaal wat hulle as volk van God gehad het, kon bereik.

Israel se identiteit het egter so verander dat hy nie meer van buite as die Israel van ouds geïdentifiseer kon word nie. Daar kan tereg van Israel, soos wat hy in Jesaja 1-39 bestaan het, as 'n "ander" individu gepraat word. Dit kan gesien word in die afbreek van verhoudings. Jahwe wou nie meer met Israel in dieselfde verhoudings staan as met Abraham nie, omdat daar 'n diskontinuïteit in identiteitsopenbaring gekom het. Verandering van identiteit aan die kant van Israel word gevolglik in Jesaja 1-39 bevestig.

# HOOFSTUK 5: JESAJA 40-66

Dit wat in Jesaja 40-66 gebeur, staan nie los van dit wat in Jesaja 1-39 gebeur het nie aangesien die boek Jesaja 'n teologiese eenheid is (Childs, 1979:326; McLaughlin, 1994:25). Die lewe van Israel verloop in Jesaja volgens 'n teologies uitgewerkte plan van *vorige* en *toekomstige of nuwe dinge* (Vasholz, 1980:392). Dit is egter nie net die lewe van Israel wat beplan is nie, ook die boek Jesaja is literêr beplan. Binne die teks is hierdie plan so oorheersend dat Israel hulle hele voortbestaan daarop kon bou. In die lig van hierdie plan word daar in Jesaja 40 'n nuwe aankondiging gemaak wat 'n pad aandui waar daar geen pad was nie. Die wyse waarop die lewe van Israel gekontinueer word, word dus in Jesaja 40-66 aangetoon. (Brueggemann, 1997a:36).

Waar die tema van troos grootliks in Jesaja 1-39 ontbreek het, kom die tema van troos vanaf hoofstuk 40 baie duidelik aan die orde. Na die boodskap van rampspoed wat in Jesaja 39:5-7 aangetref word, word daar steeds in Jesaja 40 en verder 'n volk aangetref wat deur Jahwe, "*my volk*" genoem word. Jahwe word ook "*hulle God*" genoem. Ten spyte van die oordeel is daar dus steeds kontinuïteit in God se plan met Israel. Alhoewel Israel die voordeel van die beloftes wat God aan Sion gemaak het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid verbeur het, gaan die beloftes nie tot niet nie. God hou immers steeds sy verbond in stand omdat Hy nie ontrou kan word nie (Van den Eynde, 1999:129). Alhoewel dit aan die einde van Jesaja 39 wil voorkom asof die heilsgeskiedenis van Israel tot 'n einde gekom het, maak God tog in Jesaja 40 en verder 'n nuwe begin met die aankondiging dat die swaarkry vir die volk verby is, en die volk die volle straf vir sy sondes ontvang het (Van der Walt, 1994:16).

Tot aan die begin van Jesaja 40 is die afwesigheid van troos 'n vaste tema in Israel se klaagliedere oor die verwoesting van Jerusalem (Klaagl 1:2,16 e.v.; Jes 12:1, 22:4) (Beuken, 1979:18). In Jesaja 40-48 kom daar egter 'n nuwe tema aan die orde waarin verlossing in die vooruitsig gestel word. Daar is 'n volgehoue belofte van 'n nuwe uittog met God aan die hoof daarvan (Kidner, 1986:611). Tot voor Jesaja 40 is die heiligheid van God wat Israel se sonde straf sterk beklemtoon. Nou word ook 'n ander kant van God belig en dit is die feit dat Hy ook die Verlosser van sy volk is (McKenna, 1994:405).

Te midde van vreesaanjaende omstandighede binne die ballingskap, is daar rede tot blydskap. Die rede vir hierdie blydskap is dat Sion se God en Koning na haar toe kom (Ridderbos, 1985:333). Met hierdie aankondiging is dit soos iemand wat uit die donker van oordeel in die lig van redding in stap. Alhoewel die kontras tussen hoofstuk 39 en 40 groot is, is 39 'n voorspel tot die verlossing wat in Jesaja 40 aangekondig word. Terwyl Babel die onderdrukker was wat die volk vir sy sonde moes straf, kom die kneg van die Here, as die redder wat die volk van sy sonde sal verlos, nou op die toneel (Dumbrell, 1989:105).

Alhoewel die groot ommekeer vir die volk nog nie prakties in die ballingskap 'n aanvang geneem het nie, is dit tog in die oog van die gelowige reeds teenwoordig. Die volk hoef dus nie vrede te maak met hulle omstandighede binne die ballingskap nie, omdat God weer die volk en die verlossing van die volk vir sy rekening neem (Koole, 1985:15). Die feit dat God die verlossing van sy volk vir sy rekening neem, hou troos in omdat God wat Homself so aan sy volk verbind, onvergelyklik in sy vermoë is. Wanneer Hy beloftes maak, sal dit tot uitvoer gebring word omdat Hyself die waarborg daarvoor is (Delitzsch, 1949b:139).

Die nuwe begin kan histories teruggevoer word na die tydperk waarin Israel teruggekeer het uit die Babiloniese ballingskap, maar daar word ook 'n geestelike nuwe begin gemaak in die persoon van die *Kneg van die Here* wat 'n lig vir die nasies sal wees (Kidner, 1986:611).

Die hoofgedagte wat gevolglik in Jesaja 40 en verder aangetref word is dat Sion se God en Koning na haar toe op pad is (Ridderbos, 1985:332). Israel se God is by hom en daarom het hy nie rede om bang te wees nie. Hierdie tema is volgens Sheppard (1996:273) die sentrale tema van die boek Jesaja.

1. Jesaja 40:1

In hierdie vers word troos aangekondig. Die kaderformule יאמר אלהיכם wat daarin voorkom, dui aan dat dit wat in die vers gesê word, 'n uitspraak van God self is. Hyself aanvaar dan so verantwoordelikheid vir die troos wat aangekondig word (Wagner, 1974:336). In hierdie uitspraak bly die troos wat aangekondig word gevolglik van krag, selfs teen alle verwagtings in (Koole, 1985:18).

Met die herhaling "troos, troos" heel aan die begin van die hoofstuk, word dit duidelik dat die einde van 'n sekere era aangebreek het. Die swaarkry van die volk is nou verby, en hulle kan weer asemhaal. Die swaarkry kom tot 'n einde maar iets anders word gekontinueer, en dit is die boodskap wat vir die volk gegee moet word: "Troos, troos ..." Die boodskap van troos vir die volk van God is ook nie net die opdrag aan Jesaja nie, maar 'n opdrag aan al die ander profete van die Here (Delitzsch, 1949b:139). Jesaja en die ander profete na hom moet dus aanhou om te sê: "*Troos, troos...* ". Dit kan afgelei word uit die gebruik van die imperfektum יאמר. Jesaja kry dus die opdrag om aan te hou sê: "Troos, troos..." ((Motyer, 1993:299).

Dit is verrassend dat troos by herhaling in 40:1 aan die orde gestel word, terwyl ellende in Jesaja 1:4 vir die volk aangekondig is omdat hulle nie 'n begrip gehad het van wat hulle Here doen nie. *Troos* word na 40:1 ook 'n herhalende tema in die res van die boek (Jes 49:13; 51:3,12; 52:9; 61:2 en 66:13) (Melugin, 1997:46).

Wanneer die pi'el vorm נחמו vir troos gebruik word, beteken dit nie net die betoon van medelye binne bepaalde moeilike omstandighede nie, maar het dit die betekenis dat die nood van die volk nou aktief beëindig gaan word (Kautzsch & Cowley, 1976:141). Dit is gevolglik nie net blote trooswoorde wat die profeet tot die volk rig nie. God se Woord en aksie is immers onlosmaaklik aan mekaar verbind. Jesaja as die een wat die woord bring is hier die kanaal deur wie 'n nuwe Goddelike Woord in Israel se bewussyn inbreek. Hierdie nuwe Woord is die aankondiging dat Israel uit sy slawerny in Babel losgemaak sal word deur koning Kores, en toegelaat sal word om terug te keer na Jerusalem (Knight, 1984:7). Die kontinue straf wat daar was word dus gediskontinueer, terwyl die positiewe inhoud van die verbond tussen God en sy volk weer voortgesit sal word (vgl. Jes 44:22) (Smart, 1967:42). Ter wille van die kontinuïteit van God se volk word iemand teen Babel gestuur (43:14), en word Babel se bestaan gediskontineer ter wille van die kontinuïteit van God se volk.

Dit word gedoen omdat Israel onder al die volke van die aarde, God se eiendomsvolk is (Eks 19:5). Dit blyk dus uit die troosaankondiging dat daar 'n einde daaraan gekom het dat Israel "*nie my volk*" is nie (Hos 1:9) of slegs "*hierdie volk*" genoem word (Jes 6:9). Alhoewel God sy volk gestraf het, is die verbintenis tussen Hom en sy volk nooit opgeskort nie. Daardie verbintenis wat God met sy volk het, word spesifiek aangedui met, ***julle God*** en ***my volk***. Hierdie woorde is verbondstaal wat teruggaan na Genesis 17:7 en Eksodus 6:6 waar God dit duidelik maak dat Hy Israel se God sal wees en dat hulle sy volk sal wees (Linington, 2002:692). In die gedagte van ***julle God*** en ***my volk***, lê dan ook die basiese realiteit van die Ou-Testamentiese godsdiens opgesluit. Israel is Jahwe se volk, en Jahwe is Israel se God. Hierdie kardinale aspek word deurgaans onderliggend in die profesie van Jesaja aangetref (Muilenburg, 1956:424).

Dit wat Jesaja hier profeteer, is dat daar 'n wedersydse verhouding tot stand sal kom wat nie weer verander sal word nie omdat die swaarkry verby is. Dit wat in Jesaja 7:14 en 8:8 geprofeteer word, het dus nou begin realiseer, Immánuel is by sy volk, en dit is die ware troos vir Israel (Leupold, 1974b:21).

Volgens Smart (1967:44) is die fokuspunt van Jesaja 40:1 nie troos nie, maar vergifnis. Dit is vergifnis, wat troos moontlik maak. Omdat daar 'n besluit in die hemel geneem is dat Israel genoeg swaargekry het, moet dit nou aan Israel bekend gemaak word dat God vir Israel vergewe het. Omdat God vir Israel vergewe het, moet hulle nou in hulle oorspronklike posisie as God se verbondsvolk herstel word. Hierdie herstel is egter nie outomaties nie, en daarom sal die troos wat aangekondig word, net ervaar kan word deur mense wat gereed is om hulle te bekeer en in geloofsoorgawe aan God te verbind, en so hulle identiteit in God te vind (Leupold, 1974b:22). Geloofsoorgawe, en dit wat daarop volg is die *nuwe dinge* wat sal gebeur waarvan daar in 42:9 en 48:6 gepraat word. Daar sal inderwaarheid 'n nuwe eksodus wees, hierdie keer egter nie uit Egipte nie, maar uit Babel (Westermann, 1996:33).

Soos uit die hoofstukke wat na 40 volg blyk, word werklike troos gevind in die besef van die tragiese situasie waarin die volk hom bevind, en daarin dat die volk onder die besef gebring moet word dat God hulle enigste hoop is. As die veragtelikheid van sonde besef is, kan die aankondiging van redding gemaak word (Young, 1972:19).

Die troosaankondiging beteken dat die ellende wat die volk as gevolg van hulle bondsbreuk gely het, nou verby sal wees. Die profesieë wat op die volk van die Here betrekking het, sal voortaan nie meer oordeelsprofesie wees nie, maar wel heilsprofesie (Beuken, 1979:18).

Samevatting

In teenstelling met vroeëre oordeelsaankondigings in Jesaja, is daar nou 'n aankondiging van troos. Beide oordeel en troos geskied volgens 'n bepaalde plan wat baie duidelike kontinuïteit in God se omgang met sy volk weerspieël. Die troos-aankondiging van Jesaja, is ook nie beperk tot 'n bepaalde tyd nie, maar moet deur die profete van die Here gekontinueer word. Hierdie optrede van God waardeur Hy die omstandighede binne die ballingskap tot 'n einde gaan bring en 'n nuwe begin gaan maak, setel in die verbondsverhouding van God met sy volk. Werklike troos sal egter net deur hulle wat 'n geloofsoorgawe aan God maak, beleef word. Dit is dus nie net God wat sy verhouding met sy volk voortsit nie, daar word ook van die volk verwag om ook hulle verhouding met Hom voort te sit. Dit is net op so 'n manier wat daar standvastigheid en kontinuïteit in die verhouding gekry kan word. God skep met ander woorde deur sy vergifnis weer die potensiaal vir 'n verbondsverhouding met Hom.

Deur hierdie gedrag van God, en dit wat Hy van Israel verwag, word die sentrale betekenis van geloof in die Ou Testament voortgesit, naamlik: Israel is Jahwe se volk, en Jahwe is Israel se God. As gevolg hiervan word Israel, aan wie hierdie woorde gerig is, se identiteit nie net versterk deur die kontinue belofte van God se teenwoordigheid en troos nie, maar moet dit ook 'n hernude vertrouensverhouding met Jahwe tot stand bring wat sal bydra tot 'n hernude identiteitsbesef deur Israel. Ware identiteit word dus in God gevind wat selfs die verlies van identiteit in die ballingskap oorspan. Israel is dus verbonde aan 'n groter geheel. Dit is nie net die ballingskap wat 'n realiteit is nie, maar ook God se voortgesette betrokkenheid by sy volk. Die volk se voortgesette betrokkenheid is egter nie 'n vanselfsprekendheid soos dit met die verbond met Abraham was nie. Daardie verbond is in die selfdeniëringsproses deur middel van 'n enkel transformasie deur besnydenis na die volgende generasie oorgedra. Die ontvangers van die besnydenis het egter nie in Jesaja 1-39 keuses gemaak wat by die verbond pas nie. Die wat ná die ballingskap by die Here betrokke wil wees, moes in geloof die bewuste keuse maak om dit te doen.

2. Jesaja 40:2

Jesaja beskou sy eie roeping (6:8) asook díe van Israel, as 'n roeping tot proklamasie. Vir beide homself en Israel is die eerste en grootste opdrag: Proklameer! (Muilenburg, 1956:425). Dit wat Jesaja moet

proklameer is dat 'n volk sal terugkom uit die dood. In die Babiloniese ballingskap het die volk prakties gesterf. Daarom kan hierdie proklamasie van Jesaja geïnterpreteer word as 'n aankondiging dat God se volk uit die graf sal opstaan. Dit is egter nie net vir Israel wat hier hoop kom nie. In hierdie proklamasie kom daar ook hoop vir ander volke. Uit dit wat Jesaja en Israel moet proklameer kom daar aanduidings dat die struikelblokke wat verhinder het dat ander volke ook deel van die volk van God kan word, nou uit die weg geruim sal word (Eichrodt, 1969:467).

Vir Jerusalem moet die goeie tyding gebring word dat haar swaarkry verby is (kyk ook 51:17-22). Met *Jerusalem* word nie die fisiese stad bedoel nie, maar die inwoners daarvan, wat die volk van God verteenwoordig (Young, 1972:21). Jerusalem en Sion word van hierdie punt af verder ook al hoe meer as sinonieme gebruik vir díe mense wat God vir Hom afgesonder het, dit wil sê die ware gelowiges in Israel (Leupold, 1974b:22).

Die boodskap wat in 40:2 oorgedra word dat Jerusalem se swaarkry verby is kan dan verstaan word as dat haar swaarkry verby is omdat die straf vir die sonde genoegsaam was. Die sonde wat Israel teen God gedoen het, was diep en oor 'n lang tydperk. Daarvoor kon daar nie gedeeltelik geboet word nie, maar moes die volle straf ontvang word. Dit is net God wat kan bepaal wanneer daardie punt van volle straf bereik is (Ridderbos, 1985:335). "Volle straf" moet egter nie verstaan word in die sin dat die volk self hulle skuld by die Here vereffen het, en hulle as gevolg van hulle betaling weer kontinuïteit in hulle verhouding met God gebring het nie. Knight (1984:9) verklaar dit soos volg: "Sin as a thing in itself cannot be atoned for. In the last resort there is not even such a thing as sin – there are only sinners. This is because sin is primarily a breaking off of personal relations. Sin is rebellion; it is pride; it is the belief by man that he knows better than God (cf. Gen 3:3). Therefore God alone is in the position to deal effectively with it. On Israel's part, the basis of her sin lay in her breaking of relations with her divine Husband. Those relations only God himself could now restore, even though Israel had not completed her service to that end. *Double* therefore does not imply that Israel had now expiated her own sins plus those of the gentiles among whom she had been dwelling."

Dat Israel nie vir sy eie sonde betaal het nie, blyk ook daaruit dat daar geen verwysing na offers in hierdie gedeelte is nie. Iemand anders sou dus 'n offer moes bring omdat die geregtigheid van God betaling vir sonde eis (Gen 2:17). Motyer (1993:299) identifiseer die een wat vir die sonde van Israel betaal, as die *Kneg van die Here* (52:13 e.v.) wat met sy offer aan die eis vir betaling voldoen. Die rede waarom *die Kneg van die Here* aan die eis kan voldoen, is dat net dit wat van Homself af kom vir God aanvaarbaar kan wees. Dit word gesien in Levitikus 1:5 waar die opdrag gegee word dat bloed na die Here gebring moet word. Die rede waarom bloed gebring moet word, word in Levitikus 17:11 gegee. Die lewe van 'n dier is in sy bloed, en daardie lewe is van God afkomstig. Indien dit wat van God afkomstig is as offer aan Hom gegee word, waarborg dit die effektiwiteit van die offer omdat dit wat God self voorsien vir Hom aanvaarbaar is (Vriezen, 1966:284).

Die res van Jesaja se verkondiging asook die res van Israel se geskiedenis is afhanklik van die draaipunt wat in hierdie vers aangekondig is: "... *sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes*". Die feit dat God Hom met 'n gesindheid van vergifnis na sy volk wend, bring herstel in alles. Slegs God se werk bring 'n verandering in die lot van Israel. Vir sy volk bring dit 'n einde aan die diens aan vreemde oorheersers, maar dit is nie net vir Israel wat dit konsekwensies het nie. Wat God hier doen het, projekteer op die res van die wêreldgeskiedenis. Volgens later dele van Jesaja (bv. 55:5) het daar 'n draaipunt gekom, nie net vir Israel nie, maar het daar ook vir die res van die wêreld 'n nuwe era aangebreek (Bright, 1981:357). Deur dit wat God aan die einde van die Babiloniese ballingskap doen, word die weg gebaan vir die verandering van die lot van die wêreld. Dit gebeur omdat God nie net sy verhouding met sy eie volk kontinueer nie. Daar word ook ruimte geskep vir al die volke van die wêreld om deel van God se nuwe volk te word (55:5, 66:19,20). As dit nie daarvoor was dat God hulle sondes vergewe het nie, sou daar dus geen kontinuïteit in Israel en die res van die wêreld se bestaan gewees het nie. Dit is hoe belangrik dit wat God hier doen, vir die wêreld is (Westermann, 1996:35). Dit gaan egter nie bloot om die volk nie, maar in werklikheid gaan dit oor die voortsetting van God se regering. Eers was daar die afbreek van orde in die lewe van God se volk deur Babel wie se planne nie diens aan Jahwe ingesluit het nie, maar bloot diens aan hulleself. Jahwe het egter die mag van Babel gebruik om sy volk te straf. Nadat die volk geboet het, gebruik Jahwe weer 'n heidense mag. Hierdie keer gebruik Hy díe van Kores wat 'n herstrukturering teweeg sou bring in die lewe van die volk van God (Balentine, 1994:104).

<u>Samevatting</u>

Die swaarkry van die volk van God word gediskontinueer omdat Israel op grond van God se oordeel genoeg gely het vir sy sonde. Die volk kan egter nie vergoed vir sy sonde nie. Slegs 'n offer wat deur God verskaf word kan 'n verbreekte verhouding, en sodoende 'n verlies aan identiteit, effektief herstel. Lyding as gevolg van sonde word vir die volk tot 'n einde gebring deur die *kneg van die Here*, en dit bring troos vir 'n volk wat ondergegaan het.

Die terugkeer uit ballingskap het nie net vir Israel betekenis nie, maar ook vir die res van die wêreld se bevolking. God baan ná die ballingskap die weg vir al die volke van die aarde om deel van sy volk te word. Alhoewel Israel as gevolg van hulle gebrek aan gehoorsaamheid hulle identiteit as *volk van God* verloor het, begin God dus met identiteitsherstel. Daar vind egter tegelykertyd ook identiteitsvorming plaas vir daardie volke wat nie vantevore deel van God se volk was nie, en nou die geleentheid kry om deel van God se volk te word. Die begrip "*volk van God*" kan in hierdie lig gesien, nie langer genealogies gedefinieer word nie. Die identiteitsgevoel wat by die nuwe volk van God kan ontstaan, kan dus baie sterker wees as die identiteit wat Israel op sy eie gehad het, omdat die nuwe identiteit van God se volk landsgrense en etnisiteit sal oorspan. Sodoende word 'n korporatiewe identiteit vir God se volk

gekonstrueer wat sy volk oor die wêreld, en oor tyd heen in staat stel om in hulle gedrag as 'n enkele groep te funksioneer.

3. Jesaja 40:3-5e

In hierdie drie verse word die eerste van drie opeenvolgende uitroepe aangetref waarin God se koms na sy volk, en gevolglik sy voortgesette betrokkenheid by sy volk, aangekondig word. Die ander uitroepe kom voor in 40:6-8 en 40:9-11 (Muilenburg, 1956:426).

In Jesaja 40:3 roep 'n ongeïdentifiseerde persoon dat daar vir die Here 'n pad in die woestyn gemaak moet word. Die een wat roep word doelbewus ongeïdentifiseerd gelaat omdat die fokus nie op die roeper val nie, maar op die boodskap waarmee aankondig word dat die uitkoms waarvan in 40:1 geprofeteer is, in vervulling gaan (Westermann, 1996:36). Hiervoor moet voorbereidings getref word. Daar moet 'n pad in die woestyn gemaak word. Maar dan nie soos wat verwag sou word 'n pad vir Israel waarop hulle uit ballingskap kan terugkom nie, maar 'n pad vir die Here. Daar word ook by herhaling in die res van Jesaja (42:16; 43:16,19; 48:17; 49:11; 51:10) verbindings gemaak tussen 'n pad en Jahwe (Muilenburg, 1956:426). Dit word gedoen om klem te plaas op die heerlikheid van die Here wat na sy volk terugkeer. Die klem word so volkome op Hom geplaas dat daar niks eers van die ballinge gesê word nie. Die gedagte wat hiermee oorgedra word is dat Jahwe die oorwinnaar is, en dat daar vir Hom as oorwinnaar 'n pad gemaak moet word (Smart, 1967:46).

Dieselfde gedagtes wat in Jesaja 40:3 voorkom, word ook opgeneem in 40:9 waar weer melding gemaak word van *roep*. Dit wat geroep word, word in verband gebring met God wat verbind is aan sy volk. In vers 9 word dan 'n nuwe tegniese term bekendgestel en dit is die term בשר. Die *evangelie* of *blye boodskap* word hiermee die eerste keer in die geskiedenis van Israel bekendgestel (Schilling, 1983:315). Die substansie van hierdie goeie nuus wentel om "julle God". God het Homself vir 'n tyd lank van Israel teruggetrek vanweë hulle sonde. Hy kom egter nou opnuut op die toneel in 'n aankondiging van goeie nuus. Dit is duidelik dat Babel nie die bestaan van God uitgewis het nie, maar dat Hy as Oorwinnaar steeds op die toneel is. Daar moet nou vir Hom 'n pad gemaak moet word terug na sy volk toe. Van Hom het die volk skynbaar tot op daardie punt in hulle bestaan nie hulp verwag nie. Babel het Hom ook nie gevrees nie. Nou het die tyd egter gekom waarop Israel van Hom hulle heil kan verwag, en Babel Hom moet vrees. Hierdie selfde gedagte word ook in Jesaja 52:7 ge-eggo met: "Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!" Jahwe het dus oorwin en is die Koning terwyl die gode van Babel niks voor Hom is nie (Brueggemann, 1997:46).

Vir Hom wat die oorwinnaar is, moet daar nou 'n pad gemaak word. Die tweeledige gevolg wat die maak van die pad sal hê, word in 40:4,5 aangetref. Die een gevolg is die invloed wat die oorwinning van

Jahwe op die aarde sal hê, en die ander is die invloed wat sy oorwinning op die mens sal hê. Wat die aarde betref: dit sal gelyk gemaak word met die bou van die pad want elke berg sal gelyk grond word, en elke laagte opgevul word. Die aarde word dus voorberei vir iets nog meer indrukwekkend, en dit is op die mens gerig. *Al wat leef* sal die mag van die Here sien. Die gedagte dat *al wat leef* of *alle vlees* geraak sal word deur dit wat die Here doen, word ook in 40:6, 49:26 en 66:16,23,24 aangetref. In hierdie ses verse word *al wat leef* op beide 'n positiewe en 'n negatiewe manier betrek. Aan die een kant sal al wat leef - alhoewel hulle soos gras is - dit wat God doen, sien, besef dat Hy God is, en Hom dan aanbid. Aan die ander kant sal *al wat leef* met vuur en swael gestraf word, en ook sien hoedat God sy teenstanders straf. Dit sal vir al wat leef afgryslik wees. Die invloed van God word dus nie net oor die hele aarde uitgebrei nie, maar ook oor die hele mensdom (Westermann, 1996:38).

Die magsopenbaring van die Here waarvan in hierdie vers gepraat word, het eerstens betrekking op die Babiloniese ballingskap. Met Nebukadneser se vernietiging van die tempel in Jerusalem, het die heerlikheid van die Here uit Jerusalem verdwyn. Dit was egter nie 'n geval dat God nie sy eer kon beskerm nie. Esegiël 7:21,22 maak dit duidelik dat dit Jahwe is wat die tempel aan vreemdes as buit oorgegee het, en dat Hy sou maak of Hy niks sien wanneer die tempel ontwy word nie. Terwyl die tempel ontwy is, en God se heerlikheid daaruit verdwyn het, was die primêre rede waarom God se heerlikheid verdwyn het, nie te wyte aan die afbreek van die tempel nie. Dit was eerder die sonde van die volk wat tot gevolg gehad het dat die heerlikheid van die Here uit Jerusalem verdwyn het. Die sonde van die volk was immers die aanleidende oorsaak vir die afbreek van die tempel (Young, 1972:50).

God was egter nie klaar met sy volk na die afbreek van die tempel en die wegvoer in ballingskap nie. Daar het 'n nuwe eksodus plaasgevind. Jesaja dink soos van die ander profete (Eseg 20:33-36, Hos 2:14) ook aan die Babiloniese ballingskap as 'n nuwe verknegting soortgelyk aan dit wat die volk in Egipte beleef het. Die proses van terugkeer word ook gesien as soortgelyk aan die deurtog deur die woestyn. Hierdie keer sou die terugkeer egter op 'n baie groter skaal plaasvind, aangesien die terugkeer nie beperk sou wees tot genealogiese Israel nie. Daar sou ook 'n uitbreiding na alle volke wees. Dit wat van hierdie eksodus verwag kon word sou nie bloot 'n rehabilitasie van Israel wees nie, maar die keerpunt in die geskiedenis van die mensdom waarna die finale triomf van Jahwe se regering duidelik sou word (Bright, 1981:356).

Die wyse waarop God dit bewerk het, sou dit vir almal duidelik maak dat niemand anders nie as Jahwe die een is wat dit bewerk het. Selfs diegene wat vir Jahwe nie ken nie, sou dit sien en besef dat Hy soewerein is (Leupold, 1974b:24).

Samevatting

Daar moet 'n pad voorberei word vir Jahwe in sy voortgaande heerlikheid. Dit sal nie net die aarde raak nie, maar ook gekontinueer word na al die mense wat die aarde bewoon. God se werk sal beide gelowige en ongelowige raak. Vir die volk van God sal Jahwe se koms 'n blye tyding wees. Vir die wat níe aan die volk van God behoort nie, sal dit egter oordeel en veroordeling tot gevolg hê. Blywende identiteit wat spruit uit 'n verhouding met Jahwe is dus nie meer toegespits op 'n bepaalde groep nie, maar word uitgebrei na die totale wêreldbevolking. Israel kan dus, in hulle beskouing van hulleself, nie meer differensieer in terme van hulle verkiesing as volk nie. Hulle moet eerder besef dat nie blote verkiesing nie, maar geloof in God die deurslag vir hulle en ander volke gee.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat geen mens die identiteitstrekke wat God gee, kan verontagsaam nie. Alle mense sal deur dit wat God doen, geraak word. 'n Emosionele ekwilibrium sal gevolglik slegs vanuit 'n verhouding met God gevind kan word. Aan die ander kant sal die gebrek aan 'n verhouding met God geen werklike kontinuïteit tot gevolg hê nie met gevolglike emosionele ontwrigting en 'n voortdurende soeke na identiteit.

4. Jesaja 40:6-8

In Jesaja 40:6-8 word die tweede van drie opeenvolgende roepe aangetref. In hierdie roep vind daar 'n gesprek tussen iemand en die profeet plaas. Eerstens word daar aan die profeet 'n opdrag gegee om te roep. Daarop antwoord die profeet in skynbare verleentheid: "Wat kan ek roep?" Uit hierdie vraag van die profeet blyk dit dat hy geen rede sien om iets te roep nie (Beuken, 1979:23). Hierdie gesindheid kom skynbaar as gevolg van onsekerheid en 'n geestelike leegheid wat die gemoedstoestand van Israel in ballingskap weerspieël. Die verleentheid van die profeet word daarin gegrond dat alle mense soos gras is, en dat alles waarop hulle staatmaak, soos 'n veldblom is: gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai. Niemand is hiervan uitgesluit nie. Die totale ondersteuningstruktuur van die mensdom is aan die vergetelheid onderworpe. Daar is dus skynbaar geen doel waarheen die mensdom op pad is nie (Smart, 1967:50). Die Babiloniese ballingskap was vir Israel 'n baie ironiese bewys van hierdie doelloosheid. In hulleself was hulle in werklikheid niks anders as al die ander volke op die aarde nie. Ten spyte van eeue waarin God eerstens vir Israel deur die verbond in die lewe geroep het, en daarna ook die volk se voortbestaan verseker het, het die volk nou geen hoop op voortbestaan nie. Soos talle volke wat voor hulle bestaan het en verdwyn het, en daar ook talle volke na hulle sal kom wat sal verdwyn, so blyk dit nou ook die geval met Israel te wees (Westermann, 1996:40). Dit het by die volk 'n gevoel van wanhoop gebring soos onder andere uit 40:27 blyk. Daar is dus nóg by die mens self, nóg in die dinge waarop hy staatmaak enige kontinuïteit te vinde.

Dit wat die profeet in skynbare verleentheid gesê het, word in vers 7 en 8 beaam met: "Dit ís so, die volk ís soos gras. Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van ons God bly vir ewig." In hierdie

verse word enersyds God se Woord en Gees wat uit sy mond kom (Ps 33:6,9) en in die mens werk, en andersyds God se werk in die skepping met mekaar verbind. Soos wind lewe op aarde bring, maar dit ook vernietig, so doen God se Woord en Gees ook met die mens. Prakties het die vernietigende uitwerking wat die Woord op die bestaan van die mens het, vergestalting gevind in Israel se ballingskap. Omdat hulle ongehoorsaam was aan die Woord wat die profete verkondig het, dus negatief daarop reageer het, het die Woord 'n negatiewe uitwerking op Israel gehad. Van die volk - as volk van God - is verwag dat hulle volgens die identiteit wat hulle van God ontvang het, aan die Woord gehoorsaam sou wees. Dit was egter nie die geval nie en volgens Jesaja 6 sou die situasie ook nie verander nie. Dit blyk dus dat die mens in homself nie in staat is om 'n verandering in sy lewe te bewerk nie. Daarom is dit God alleen wat in sy skeppingskrag die verandering in die lewe van die volk kan bewerk (Helberg, 1995:270).

Wanneer in vers 8 gesê word: "Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van ons God bly vir ewig", word die beswaar van die profeet dat hy niks het om te roep nie, gehandhaaf. Dit is egter nie net die beswaar wat gehandhaaf word nie. Daar is meer wat sou volg omdat die mens aan meer as net sy verganklikheid onderworpe is. Soos die mens se verganklikheid 'n werklikheid ís, so ís die onverganklikheid van God se Woord ook 'n werklikheid. Wanneer die mens aan hierdie Woord blootgestel word, kom hy daardeur in persoonlike kontak met God wat die vermoë het om die mens uit sy verganklikheid te red (Motyer, 1993:301).

Alhoewel die natuur aan verganklikheid onderworpe is, en die mens by daardie verganklikheid inbegrepe is, is die Woord van God nie daaraan onderworpe nie. Die Woord, as Woord wat van God kom, geniet bestendigheid. In kontras met die verganklikheid van die mens, is daar die onveranderlike realiteit dat God se Woord vir ewig bly. Hierin lê die mens se geleentheid om aan die verganklikheid te ontkom (Beuken, 1979:25). Dit is deur sy Woord wat God se plan van redding in aksie kom, en dit is ook deur sy Woord wat sy plan van aksie uitgevoer word (Muilenburg, 1956:431). Young (1972:35) stel die verskil tussen die mens en die Woord duidelik as hy sê dat die mens nog altyd swak en in transito was. Daarteenoor staan die durende en permanente aard van die Woord, omdat dit God se Woord is.

Die verganklike mens staan gevolglik direk teenoor die onverganklike Woord van God. Hierin is die Woord toonbeeld van God wat ewig is. Die Woord is nie 'n alleenstaande entiteit nie, maar is Woord van God, en daarom ewig soos wat Hy ewig is (Delitzsch, 1949b:143). Die Woord was selfs voor die skepping al daar (Joh 1:1) (North, 1967:78). Volgens Gesenius (1881:612) het עולם die primêre betekenis van tyd wat verborge is. Dit wil sê waar die begin en die einde ongedefinieerd is. Jenni (1976:239) wys in hierdie verband daarop dat God sy Woord in diens stel van geloof in Hom. Hy wat die universele God is, is onverganklik en onbeperk. Sy heerskappy oor tyd en tydelikheid is daarom ook onbeperk, en dit moet erken word. Wanneer עולם in verband met God gebruik word, dui dit dus op sy onbeperk voortgesette werk, verbond, Woord, beloftes en wette. Die ewigheid van God self kan met ander woorde nie soos dit wat Hy in die wêreld doen, aan tyd gekoppel word nie. God was immers reeds

daar voordat daar tyd was. God is dus nie aan tyd onderworpe nie alhoewel Hy binne tyd opereer (Blaiklock, 1976:381). As sulks transendeer die Woord van God alle menslike dinge, maar is dit nie los van mense nie, omdat die geskiedenis van die mens deur die Woord gekontroleer word (Eichrodt, 1972:76). Terwyl die mens en sy geskiedenis vlietend van aard is, is dit tog die sfeer waarbinne die Woord, as profesie, geopenbaar en vervul word. Dit staan dan in skrille kontras met alle verbygaande dinge in die wêreld waarop die mens staatmaak (Von Rad, 1965:243).

Met die kontras wat in die verse onder bespreking geskep word tussen die verganklikheid van die mens en die onverganklikheid van die Woord van God, wil die Here vir Israel onder die indruk bring dat alles waarop hulle in die verlede staatgemaak het, futiel was. Al die hulpsoekery by ander volke, al die rykdom waarop hulle staatgemaak het, selfs die tempel was maar tydelike goed (McKenna, 1994:411). In teenstelling daarmee het die Woord van God die lewens van die volk van die oudste tye af begelei, en beslissend in die lewe van die volk ingegryp deur aan hulle die kennis van God se wil te bring (Vriezen, 1966:236).

Israel se geskiedenis, kan dan in wese beskryf word as 'n geskiedenis van of gehoorsaamheid aan- of hardnekkige teëstand teen die Woord wat van God af kom. Israel het geleef wanneer hy aan die Woord gehoorsaam was, en wanneer Israel gesterf het was dit as gevolg van 'n weiering om na God te luister en Hom te gehoorsaam (Smart, 1967:52).

<u>Samevatting</u>

Die mens het kontinuïteit in sy eie bestaan verloor en is soos gras wat verdor as die Here sy wind daaroor laat waai. Hierin is Israel niks anders as al die ander volke van die aarde nie. Ook hulle, en dit waarop hulle staatmaak is aan vergetelheid onderworpe. Daar is dus nóg by die mens, nóg by die dinge waarop hy staatmaak enige kontinuïteit. Maar soos wat wind lewe op aarde bring, maar ook lewe kan vernietig, so doen die Woord en die Gees ook met die mens. Die Woord gee lewe en kontinuïteit, maar die Woord kondig ook veroordeling en ondergang aan. Sodoende is kontinuïteit, en daardeur identiteit, vir die mens te vinde in blootstelling aan, asook gehoorsaamheid aan die Woord van God wat soos Hy, ook ewig is. Die Woord is dus nie vlietend soos wat die mens vlietend is nie, maar onbeperk soos wat God onbeperk is. Aangesien kontinuïteit nie buite God gevind kan word nie, kan identiteit dus ook nie buite God om gevind word nie.

Indien Israel sy waardes en prioriteite laat bepaal het deur die Woord wat onverganklik is, sou dit aan hulle die vermoë gegee het om self ook onverganklikheid te bekom. Hierin het Israel egter klaaglik misluk en is sy geskiedenis eerder gekenmerk deur ongehoorsaamheid- as gehoorsaamheid aan die Woord. Israel se geskiedenis getuig gevolglik deurgaans van sy mislukte identiteitvertoning. Israel het keer op keer gekies vir wat verganklik is, en daarmee sy waardes wat hy toegeëien het, vertoon. Die

uitset wat Israel in sy volksbestaan gelewer het, is met ander woorde nie deur die Woord van God bepaal nie, maar deur die waardes van die omringende nasies. Die gevolg daarvan was dat hulle, soos alles, self ook verganklik en in transito gebly het. Die potensiaal wat God in Israel ingebou het om Hom te bly verteenwoordig, het dus nooit blywend gerealiseer nie. God sou egter op kreatiewe wyse deur sy Woord 'n nuwe potensiaal vir Homself skep om aan die wêreld bekendgemaak te word.

5. Jesaja 40:9-11

In hierdie verse word die derde van die opeenvolgende uitroepe aangetref. Verse 9-11 kan in drie strofes ingedeel word, en dit het 'n formele opbou. Die eerste strofe (9a-b) bevat die opdrag om te verkondig. Die tweede (9c-10a) gee die boodskap dat God terugkeer, terwyl die derde strofe (10b-11) sê wie Hy saambring (Beuken, 1979:26). Hierdie verse vorm ook die klimaks van die aanvanklike stemme wat in Deutero-Jesaja gehoor word. Dit wat ware gelowiges onder die volk in geloof moes aanvaar, naamlik dat God na sy volk terugkeer, moet nou deur hulle uitgeroep word (Leupold, 1974b:270).

Goeie nuus, wat die voorloper is van die Nuwe Testamentiese evangelie, moet deur Sion aangekondig word. Sion, wat 'n sinoniem is vir Jerusalem, moet op 'n hoë berg klim sodat alle mense haar kan sien, en vandaar moet sy hard uitroep sodat alle mense haar kan hoor. Dit wat sy vir al die stede van Juda moet uitroep is: "Julle God is hier". Hierdie uitroep is die kern van die troos wat aan die begin van Deutero-Jesaja aan die volk bekendgestel is (Muilenburg, 1956:431). Omdat God by hulle is, is dit moontlik om te sê: "*Moenie bang wees nie*". Dat die volk nie langer bang hoef te wees nie, is een van die sleutelterme wat by herhaling ook in 41:10,13,14, 43:1, 43:5, 44:2, 44:8 en 54:4 gebruik word (Delitzsch, 1949b:145). Dit is egter vreemd dat die een wat goeie nuus moet bring, nie hoef bang te wees nie aangesien daar eerder 'n verbintenis tussen die aankondiging van slégte nuus en vrees gemaak sou word. Dit kan verklaar word vanuit die oogpunt dat God se teenwoordigheid by sy volk, nie vir almal goeie nuus sal wees nie, en die nuus dus met teenstand en konfrontasie gepaard sal gaan (Smart, 1967: 54). Aan die ander kant is vrees ook nie nodig nie omdat die boodskap wat uitgeroep moet word die waarheid is. Vrees is verder ook nie nodig nie omdat die een wat die opdrag het om te roep, die versekering ontvang dat hy nie in verleentheid sal kom nie. Die primêre motivering waarom hulle nie meer hoef bang te wees nie, word met ander woorde vervat in die boodskap wat oorgedra moet word en dit is: "Julle God is hier" (Motyer, 1993:301).

Die goeie nuus, is die nuus van God se terugkeer na sy volk (Evans, 1997:672). In die uitroep word daar nie gekonsentreer op die terugkeer van Israel nie, maar kan Israel se terugkeer eerder gesien word as 'n byproduk van God se terugkeer. Terwyl God as oorwinnende Koning terugkeer na Sion, bring Hy sy volk in sy triomftog met Hom saam. Jahwe word gevolglik tereg geteken as kosmologiese oorwinnaar en redder van sy volk (Mettinger, 1997:144). Jahwe het egter nie net oorwin nie, sy *arm* sal ook heers. In

hierdie verband is *arm* die simbool van sterkte en krag. Jahwe sal dus met krag regeer. Dit hou in dat alle teenstand teen sy regering met krag uit die weg geruim sal word (Young, 1972:39).

Vir God se redding, en die daaropvolgende versorging van sy volk, word 'n herder-metafoor gebruik. As Herder is Hy nie bloot met sy volk as 'n groot geheel besig nie, maar word sy sorg tot individue uitgebrei. Die beloftes wat God aan sy totale volk gemaak het, word gevolglik deur elke individu geniet (Westermann, 1996:44). Dit is belangrik om raak te sien dat die beelde van 'n oorwinnende Koning en 'n versorgende Herder hier gekombineer word. In die beeld van die Koning word die krag van God geïllustreer, en in die beeld van die Herder word die gesindheid van versorging wat by 'n herder teenwoordig is, geïllustreer (Gaiser, 1999:144).

God se teruggekeer het ook 'n permanente aard. Hy sal nie weer van sy volk af vertrek soos in die ballingskap nie. Tydens die ballingskap kon dit dalk voorkom asof Jahwe oorwin is, soos wat die wegvoer van die tempelgereedskap deur Nebukadneser wou voorgee (Knight, 1984:17). God keer egter nou terug as die oorwinnende Koning, en by Hom is sy volk wat beskryf word as die loon wat Hy saambring (Ridderbos, 1985:343).

Samevatting

Die goeie nuus dat Jahwe as die oorwinnende Koning na sy volk teruggekeer, moet oral en vir almal uitgeroep word. Alle mense moet dus blootgestel word aan die identiteitsvormende effek wat die ewige Woord van God het. Dit is egter nie net God se Woord wat identiteit gee nie. Hy is persoonlik by sy volk teenwoordig, en ware identiteit kom dus uit 'n direkte verhouding met Hom. Hy is die sterk Koning wat sorg, én Hy is teenwoordig. Omdat God teenwoordig is, en deur sy Woord regeer, sal die wat aan Hom behoort nie weer in die verleentheid kom nie.

Hier is egter nie net korporatiewe identiteitsvorming moontlik nie, maar ook individuele identiteitsvorming. Jahwe is nie net Koning wat in krag optree nie. Hy gebruik ook sy krag om sy kinders individueel te versorg soos wat 'n herder sy kudde gesamenlik, maar ook individueel versorg. Omdat God nou by sy volk is, is dit nie meer nodig om bang te wees nie, en die moontlikheid vir emosionele stabiliteit het dus aangebreek.

In hierdie verse word gevolglik 'n afbreek sowel as opbou van identiteit aangetref. Israel sal voortaan nie meer die identiteit van 'n ballingskapslaaf hê nie, maar die identiteit van, *kind van die oorwinnende Koning*. Die bande wat die volk voortaan sal bind, sal nie meer die grense wees waarbinne 'n slaaf moet beweeg nie. Eerder sal dit die bande wees wat God uit onverdiende genade met sy volk bewerkstellig (Syreeni, 2001:541). Die einde van Israel se diensbaarheid aan ander volke het dus aangebreek. Daar is betaal vir hulle skuld en daardeur is die band met God herstel. Die volk sal terugkeer na Jerusalem onder

leiding van God, en sodoende sal Hy verheerlik word. God en sy Woord sal na sy terugkeer 'n prominente en permanente plek in die lewe van die volk inneem. God as Redder, en sy Woord wat ewig is, sal gevolglik voortgang in die lewe van die volk gee. Dit is hieruit duidelik dat die identiteitselement van *slaafwees* wat by Israel in ballingskap bestaan het, deur God omgekeer is. Israel hoef nie langer slaaf te wees nie, maar uit sy verbondenheid met God word daar nou 'n identiteitselement gegee naamlik "kudde van God". Hierdie identiteitstrek is verder ook nie net deur God geskep nie, maar word ook deur sy herderlike werk in stand gehou. Israel beweeg dan met dit wat God laat uitroep, in 'n fase in waar 'n permanente identiteit gevorm kan word. Dit kan gebeur omdat wat in die vooruitsig gestel word, God se permanente terugkeer na sy volk is.

6. Jesaja 40:12-31

In hierdie verse word 'n diskoers aangetref om 'n dispuut wat tussen Israel en God ontstaan het, op te klaar. Daarom verander die profeet se styl van vreugdevolle proklamasie na skerp argumentasie. Uit die manier waarop hy sy hoorders vanaf Jesaja 40:12 aanspreek, word dit duidelik dat daar by hulle opposisie en skeptisisme is. Diegene wat na hom luister, het oortuigings wat in tye van swaarkry opgebou is, en daarvan sal hulle nie maklik afsien nie. Die realiteit het hulle, volgens hulle eie opvatting, immers geleer dat verlossing baie lank uitgebly het, en dat die uitkoms wat Jesaja aangekondig het, nie ligweg sal plaasvind nie (Smart, 1967:55). Dit wat Israel beleef, soos blyk uit Jesaja 40:27, is dat daar diskontinuïteit gekom het in Jahwe se bemoeienis met sy volk

Dit is om hierdie rede dat Jesaja in verse 12-31 'n lang diskoers voer om die dispuut wat daar bestaan, op te klaar. Iemand het 'n bepaalde standpunt oor Jahwe ingeneem. Die standpunt waaroor dit gaan word in 40:27 aangetref: "Waarom sê jy dan, Jakob, waarom kla jy, Israel: "Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby?" Hierdie standpunt kan egter nie oor God, wat die Skepper en Onderhouer van alles is, gehandhaaf word nie, soos blyk uit die reeks vrae wat handel oor God se skeppingsaktiwiteit. Die regte gevolgtrekking word dan in verse 28-31 gemaak (Kidner, 1986:611). 'n Gevolgtrekking kan egter net gemaak word op grond van bepaalde bewyse wat gelewer word, en daardie bewyse word in 12-26 gegee (Motyer, 1993:302). Die bewyse wat in 40:12-26 gegee word, handel oor die majesteit en die hoogheid van God in teenstelling met die niksheid van afgodsbeelde. Israel moet hiervan hoor sodat hulle aangespoor kan word om op die Here te vertrou. Hulle moet ook besef dat daar buite God om nie ruimte vir iemand anders is om in te werk nie (Gaiser, 1999:142). Die uiteindelike doel is dus om die volk terug te lei van klag teenoor Jahwe, na lof vir Jahwe (Beuken, 1979:35).

6.1 Jesaja 40:21-26

In Jesaja 40:21 is daar 'n duidelike toon van ongeduld teenoor die aangesprokenes. Die rede vir daardie ongeduld is dat die profeet weer die volk moet onderrig in elementêre waarhede wat hulle lank gelede reeds moes geweet het. As die *volk van God* moes dit immers nie vir hulle nodig gewees het om weer oor hulle God ingelig te word nie. Vir 'n baie lang tyd was dit wat hy nou weer vir die volk moes leer algemene kennis by Jahwe se volk. Daar het egter 'n breuk gekom in hulle kennis van Jahwe. Dit is as gevolg van daardie breuk dat die volk weggedwaal het na ander gode (40:19,20) (Leupold, 1974b:35).

Om weer vir die volk kennis te gee van hulle God se mag, handel Jesaja 40:12-18 oor God se mag in die skepping. Israel moet leer dat God nie deel van die skepping is nie, maar dat Hy die skepping transendeer en vanaf sy glorieryke troon afkyk op alles wat Hy gemaak het (Smart, 1967:59). God se mag is egter nie tot die skepping beperk nie, en daarom verskuif die fokus in Jesaja 40:21 en verder na God se mag oor die geskiedenis. Sodoende bereik dit die punt waar Israel persoonlik betrokke is. Israel moet besef dat die historiese situasie waarin hy verkeer 'n direkte gevolg is van God se beheer oor die geskiedenis. Die volk moet onder die besef gebring word dat die maghebbers wat Israel in ballingskap weggevoer het, onder die heerskappy van God staan, en dat Hy die mag oor hulle het (Beuken, 1979:48). Hy bepaal dus hulle lot, beide in die wegvoer in ballingskap en in die terugkeer uit ballingskap. Die realiteit wat tot Israel moet deurdring, is dat beide skepping en geskiedenis onder God se beheer is, en dat Hy beide gebruik as bron vir hulle transformasie van ballinge tot 'n geredde volk (Brueggemann, 1997:6).

'n Inherente deel van die transformasie van ballinge, na 'n volk wat gered is, is om vir Israel te laat sien dat die mense wat tydens die ballingskap oor hulle geheers het, slegs werktuie in God se hand was. Alhoewel dit wou voorkom asof hulle mag gehad het, het hulle in werklikheid net die mag gehad wat Jahwe aan hulle gegee het vir solank Hy wou (McKenna, 1994:419). Die perikoop loop dan uit op 'n bemoediging van Israel deur hulle daarop te wys dat al die mag aan Jahwe behoort, en dat Hy dit ten behoewe van sy volk gebruik. Niemand het dus beter insig in die lotgevalle van Israel as Jahwe nie, en niemand kan ook hulle lotgevalle beter hanteer as Hy nie (Koole, 1985:66).

Samevatting

As gevolg van 'n breuk in kennis van God, het daar 'n situasie ontstaan waarin Israel vir Jahwe begin wantrou het. Indien hulle Hom sou bly wantrou, sou daar egter geen redding vir hulle moontlik wees nie. Die volk se kennis van Jahwe moet opgeknap word sodat hulle weer kan besef dat al die mag op aarde aan Hom behoort, ook die mag wat oënskynlik aan die heidense heersers behoort het. Hierdie mag sal nou gebreek word ten gunste van die mag van Jahwe. Wanneer Israel dit besef, sal hulle identiteit ook nie gesoek word in hulle slaafwees van onmagtige heersers nie, maar in hulle onderdanigheid aan die Koning van die konings. Alhoewel die ballingskap in 'n enkel transformasie plaasgevind het, sou die

herstel nie deur so 'n proses plaasvind nie. Israel se transformasie van ballinge na 'n geredde volk sou deur middel van 'n selfdefiniëringsproses plaasvind. Deur middel van hiërargiese kriteria sou hulle weer 'n volksidentiteit moes konstrueer. Die eerste stap in hierdie proses was om opnuut kennis te gee van God se mag oor beide skepping en geskiedenis. Israel se identiteit moes immers gebou word op die basis van hulle verbintenis met God.

## 6.2 Jesaja 40:27-31

Die klag van Israel in Jesaja 40:27 dat God hulle nie raaksien nie, is gebore uit die verkeerde gedagtes van die volk dat hulle verhouding met God gekoppel is aan die land en die tempel. Aangesien die land na die aanvang van die ballingskap verwoes, en die tempel afgebreek is (Klaagl 2:1; 5:18; Jer 7:4-7), het dit die indruk by die volk gelaat dat God hulle verlaat het, en dat hulle reg by hulle God verbygaan. In vers 28 wil die skrywer egter aandui hoedat God ten spyte van die verwoesting van die tempel, die stad en selfs die hele land, aan sy beloftes getrou bly. Hy sou weer vir hulle 'n pad voorberei terug na Jerusalem (Dumbrell, 1989:106).

Om die klag van Israel dat God hulle nie raaksien nie, af te wys, word die verwytende vraag van Jahwe in vers 27; "*Waarom kla jy?*", in vers 28a voortgesit met "*Weet jy dan nie?*". Hiermee gryp Jesaja na die voorafgaande verwytende vraag in vers 21 terug met die doel om die volk tot beter insig te bring. Hulle moet besef dat hulle klag teenoor Jahwe ongegrond is. Is die Naam *Jahwe* nie immers reeds 'n aanduiding van die verbondsverhouding wat daar tussen Hom en Israel bestaan nie? (Koole, 1985:78).

Vers 28 kom dus in antwoord op vers 27 waarin die volk óf in selfregverdiging (Hoe kan God dít aan my doen?) óf in verbystering (Hoe kan mý God dit doen?) die klag teenoor God uitspreek dat Hy hom nie raaksien nie. Die oplossing vir hierdie probleem van Israel is dat hulle weer moet leer wat hulle reeds weet (Motyer, 1993:307).

Toe Jerusalem ingeneem is, het baie Israeliete die mag van God betwyfel. Hulle het begin vra waarom dit alles met hulle gebeur het as God dan so magtig is? Kon Hy dit nie verhoed het nie? Hoekom het Hy hulle so 'n vernedering laat smaak as Hy hulle kon red (Jes 63:11-15)?

Waar die volk nou in ballingskap is, betwyfel hulle weer die mag van God. As Hy nie *kón* keer dat hulle in ballingskap weggevoer word nie, hoe sal Hy hulle dan na die land kan laat *terug*keer? Die wantroue in die mag en vermoë van Jahwe kom hierin duidelik na vore. Dit is egter nie aan God se ongevoeligheid of onvermoë wat die val van die volk toegeskryf moet word nie, maar aan die feit dat hulle teen God gerebelleer het. Om God te beskuldig kan dus bloot as vermydingstaktiek aan die kant van Israel beskryf word. Dit is immers nie God wat nie vir Israel raaksien nie, dit is hulle wat opgehou het om Hom raak te

sien. Hierdie selfde gedagte word later in Jesaja 50:1-3 weer na vore gebring. God is sterk, en dit wat met hulle gebeur het, is te wyte daaraan dat hulle Hom verlaat het (Nysse, 1999:165).

Om die volk onder die besef te bring van hulle verkeerde gedagtes oor God, gee Jesaja in 40:28 en verder 'n beskrywing van die Heilige van Israel se almag (McKenna, 1994:420). Díe wat as gevolg van die ballingskap so wanhopig is, behoort uit eie ervaring, of uit dit wat oorgelewer is, te weet dat die Here wat die hemel en die aarde gemaak het, groot genoeg is om ook sy arm oor Babel uit te strek (Delitzsch, 1986:155). Hy is nie geografies beperk nie, maar is God oor alles, ook oor Babel, selfs al word Hy nie daar erken nie (Westermann, 1966:60).

In die dialoog wat hier, deur Jesaja se mond, tussen God en die wanhopige volk gevoer word, word elke moontlike manier van oorreding gebruik. Jesaja maak 'n appèl op beide rede en emosie, hy gebruik argumente en bewyse. Daardeur wil Hy God so duidelik moontlik aan die volk bekend maak as die een wat Ewig, Skepper, Almagtig en Alwetend is (Von Rad, 1965:250).

Die benaming אלהי עולם word ook slegs hier in die Ou Testament gebruik (Ringgren, 1974:275). Die begrip עולם kan volgens Gesenius (1881:DCXII) die volgende betekenisse hê: Gedurig; ewig; van die oudste tye af; vanaf geen bepaalde tyd; tydloos. In sy bespreking van אלהי עולם maak Jenni (1976:239) dit duidelik dat die verbinding wil aandui dat God onbeperk in sy regering is. In sy regering is Hy dus soewerein.

Wanneer עולם in verband met God gebruik word, dui dit op sy voortgesette werk, verbond, beloftes en wette wat onveranderlik is. Die ewigheid van God kan dus nie, soos dit wat Hy doen, aan tyd gekoppel word nie. God was immers reeds daar, voordat daar tyd was (Blaiklock, 1976:381).

Volgens Calvyn (1852:236) moet ons, wanneer God hier אלהי עולם genoem word, verstaan dat dit een van die aspekte is wat Hom van die afgode, wat maar tydelik is, onderskei. In teenstelling met die afgode verander God nie, en dit moet onder die aandag van Israel gebring word. Alhoewel God nie verander nie, wil die Naam אלהי עולם tog nie aandui dat God staties of onaktief is nie. God is steeds aktief en dinamies betrokke by sy volk soos wat Hy was toe Hy sy volk uit Egipte gered het. Met die gebruik van עולם word God se kontinuerende aktiwiteit in die geskiedenis, in belang van sy volk dus aangedui (Herbert, 1975:27).

Die Skepper is dus God oor alle tye, ook van hierdie tyd, nie 'n God van verlede, of hede of toekoms nie. Alles in ag genome kan gesê word dat sy dinamiese regering die tye en aeone oorspan (Beuken, 1979:54).

Alhoewel God onvergelykbaar met iets in die hemelse sfeer is, omdat daar nie nog iemand soos Hy is nie, is Hy nie onvergelykbaar met enigiets op aarde nie. Die mens is immers na God se beeld geskape en daarom word daar in 40:29,30 'n vergelyking gemaak tussen God en die mens. Jong manne raak moeg, maar die wat op die Here vertrou kry nuwe krag (Gaiser, 1999:143). Die gebrek aan krag is 'n beduidende realiteit in die lewe van die mens, maar in kontras daarmee, is dit glad nie op God van toepassing nie. God gee krag aan hulle wat dit die nodigste het, hulle wat moeg en afgemat is. Dit is uit díe vertrouensvolle verbintenis met God, wat díe mens wat in die regte verhouding met God leef, Sy krag kan ontvang (Knight, 1984:25). Die mens kan dus vanuit sy verhouding met God, as beeld van Hom, God se krag afbeeld wat nie beperk is nie, maar voortduur. Aangesien God nie sy krag verloor nie, kan daar kontinue krag wees vir hulle wat op Hom vertrou.

Samevatting

Aan mense wat die vermoë van God betwyfel om te red, en te bly red, word gevra of hulle onkundig is oor dit wat Hy in die verlede laat gebeur het? Die antwoord vir hierdie onkunde is dat God nie beperk is tot die verlede nie. Hy transendeer die tyd, en as ewige God kan Hy krag aan mense bly gee omdat Hy dinamies en aktief by mense betrokke bly. Mense wat in die regte verhouding met God staan, sal ook sy krag kan uitbeeld wanneer hulle op Hom bly vertrou. Die teendeel is egter van Israel waar. Hulle het bondsbreuk gepleeg deur die Here te verlaat, en Hom nie langer te vertrou nie.

Omdat hulle nie meer in die regte verhouding met Jahwe gestaan het nie, kon hulle nie langer sy krag uitbeeld nie. Indien die regte verhouding met Jahwe gehandhaaf word, sal diegene wat hulle krag van God ontvang, se identiteit versterk word omdat kragvolle eienskappe behoue sal bly. Dit sal op sy beurt ook lei tot 'n versterkte vertrouensverhouding tussen God en mens. Die mense wat saam met so 'n persoon leef se eie identiteit sal op sy beurt ook versterk word omdat die persoon wat in 'n nou verhouding met God leef, ook as standvastig beleef sal word. Vertroue op God deur 'n kontingent van 'n gemeenskap, sal gevolglik lei tot groter stabiliteit vir die hele gemeenskap.

7. Jesaja 41:4; 44:6; 48:12

In Jesaja 41, 44 en 48 word die onmag van die afgode teen die blywende mag van Jahwe afgespeel. Ook die afgodsaanbidders se kragteloosheid, word teenoor die krag van díe wat hulle hulp by God soek, gestel. In hierdie drie hoofstukke kom drie verse voor waarin een tema telkens herhaal word: dit is dat Jahwe die eerste en die laaste is. In al drie die verse word die feit dat God die eerste en die laaste is ook verbind aan iets wat Hy tot stand gebring het. In Jesaja 41:4 word dit verbind aan iemand wat Jahwe uit die ooste laat opstaan het. In Jesaja 44:6 word dit daaraan verbind dat Hy sy volk gemaak het, en in Jesaja 48:12 daaraan dat Hy die Skepper van alles is.

## 7.1 Jesaja 41:4

In Jesaja 41:4 vra Jahwe 'n retoriese vraag: "Wie het dit bewerkstellig?" Die doel van hierdie vraag is om God se onvergelykbaarheid uit te druk. Die vraag begin met מִי (wie) wat aandui dat daar na die identiteit van 'n persoon gevra word. Daar word egter nie bloot na die identiteit van iemand gevra nie. Volgens Van der Merwe *et al.* (1997:265) druk die Een wat die retoriese vraag vra, met die gebruik van מִי 'n waardeoordeel ten opsigte van Homself uit. Dit is egter nie net hier waar dit gedoen word nie. Ook in 41:2 word מִי gebruik, wat die klem nog verder op die Persoon plaas wat hier werksaam is. Die Here verspil ook geen tyd om die vrae wat gestel word, te antwoord nie. Dit is Hy, die eerste en die laaste, wat hom wat uit die ooste kom, laat opstaan het. Die Here dui daarmee aan dat Hy nie net oor tye heen betrokke is by dit wat met sy volk gebeur nie, maar dat dit Hy is wat dit fisies laat gebeur. Hy is dus nie net God van die tye nie, maar ook God oor die geskiedenis (McKenna, 1994:423). In die oë van die volke was daar verskillende gode wat die wêreld beheer het. Volgens die volke was sommige van hierdie gode sterker, en ander swakker. Ahuramazda is in die tyd van die Babiloniese ballingskap as die sterkste gesien, met Marduk in die tweede plek. Daarteenoor maak Jahwe dit duidelik dat Hy die Een is wat die verloop van die totale geskiedenis bepaal en niemand anders nie. Die gode van die ander volke is immers blote skeppings van mense (Jes 41:7) (Koole, 1985:93).

God se regering kom prakties na vore wanneer gewag gemaak word van die een wat Hy uit die ooste laat opstaan het. Hiermee word gesinspeel op Kores. Dit wat Jahwe deur hom sal laat gebeur, maak deel uit van omvattender gebeure, naamlik die roep van die geslagte van die begin af. God is besig om vir Hom 'n volk te versamel. Hierdie volksversameling het nie net in die tyd van Jesaja plaasgevind nie, maar geld reeds van die eerste volkswording van Israel af. Die eerste wortels van dit wat Jesaja hier opnuut aan die volk bekend maak, kan dan ook teruggevoer word na God se selfbekendmaking aan Moses in Eksodus 3:14. Soos God Homself daar as "Ek is" bekendgemaak het, so *is* Hy steeds in die ballingskap. Dit het vir die eerste geslagte gegeld, en dit sal ook vir die komende geslagte geld. Wie Jahwe is, blyk dus onder andere uit sy kontinue betrokkenheid by Israel (Beuken, 1979:65).

Jahwe se betrokkenheid by Israel kan verder ook gesien word in sy omgang met mense wat genealogies nie deel van Israel is nie. Kores is nie deel van Israel nie en tog laat die Here vir Kores as oorwinnaar uit die ooste kom. Die Here gebruik dus vir Kores in sy tot stand bring van 'n nuwe Israel ná die ballingskap (Kim, 1999:123). Kores is verder ook nie 'n uitsondering nie. Daar sal ook ander mense, wat nie genealogies deel is van Israel nie, na Jerusalem toe kom ter wille van die Heilige van Israel (55:5). Kores vorm in dit wat die Here deur hom doen, deel van 'n hele reeks gebeure wat Jahwe van die begin van die tyd af laat plaasvind het (Everson, 1999:139). Die geskiedenis is dus nie maar 'n bote sirkelgang van herhalende gebeure nie, maar 'n reeks gebeure wat opeenvolgend van die begin af deur die Here bepaal is (North, 1967:94).

Deur op bogenoemde manier na Homself te verwys wil God die bannelinge in hulle denke lei om weer hulle vertroue in Hom te stel. Hy is immers nie net die Skepper van die aarde nie, maar ook die Verlosser van Israel sy volk. Hy word dan ook tereg in 41:1-4 geteken as die Een wat volledig in beheer is (Kuntz, 1997:127).

Samevatting

God maak Homself bekend vir Wie Hy is en nog altyd was. Dit wat Hy hier van Homself bekend maak, is dat Hy besig is om vir Homself 'n volk te konstrueer. Hy doen dit deur 'n reeks opeenvolgende gebeure wat fisies onder sy beheer is. Van die roeping van Israel se eerste voorouer af, was dit reeds die geval. Hyself is egter nie aan sodanige definiëringsproses onderworpe nie. Israel moet dus onder die besef gebring word, dat daar slegs by Jahwe kontinuïteit gevind kan word en nie by die mensgemaakte gode nie.

7.2 Jesaja 44:6

Alhoewel daar al eintlik in Jesaja 41 met die afgode afgereken is, word daar weer in Jesaja 44 daarna teruggekeer. Die rede hiervoor is dat Israel aanmekaar teruggekeer het na aanbidding van afgode. In die harde werklikheid van die alledaagse bestaan van die volk, het daar soveel geloofskisofrenie bestaan dat daar weer in Jesaja 44 teruggekeer moet word na die primêre vraag: Wie is God? Jahwe of die afgode? Alhoewel Israel geweet het dat daar net een God is, was dit tog in die alledaagse bestaan vir hulle moeilik om prakties, totaal en al met afgodsdiens te breek (Koole, 1985:269). Israel het immers nog binne die oud oosterse wêreld geleef tussen volke wat die oud oosterse geloof aktief bedryf het (Vriezen, 1966:31).

In Jesaja 44 word daar nie verwytend teenoor die volk opgetree nie, maar bemoedigend sodat hulle onbevrees kan wees. Van die ander gode het hulle niks te vrees nie, omdat daardie gode nie werklik bestaan nie, maar bloot menslike skeppings is. Deur so bemoedigend teenoor Israel te reageer, wil die profeet die volk weer oortuig om voluit in die verbondsverhouding wat daar al so lank tussen hulle en Jahwe bestaan, te leef. Dit is net vanuit daardie verhouding dat die gebeure van die verlede, asook die gebeure van die toekoms, vir hulle sin sal kan maak. Hierdie verhouding is ook geen meganiese verhouding nie, maar 'n persoonlike verhouding waar die mens in die lig van die openbaring deur God, wat alles bestuur, sy beweging na sy besondere doel kan interpreteer. Hierdie verhouding met God kon vir Israel alles gee wat hulle vir identiteit nodig gehad het. Smart (1967:99) maak dit duidelik dat die ander godsdienste vir hulle aanhangers gefragmenteerde verduidelikings oor die oorsprong van die wêreld, religieuse ervarings of kultiese rituele kon verskaf. Daar is egter net een wyse waarop die mens sinvolle verduidelikings op elke vlak van die menslike bestaan kan ontvang, asook 'n sentrale doel in die lewe kan vind, en dit is deur die verbondsverhouding met Jahwe. Indien daar aan daardie verhouding vasgehou word, het die volk nie nodig om te skrik nie (44:8).

In Jesaja 44:6 word egter nie net na Jahwe as God verwys nie. Daar word ook met 'n ander titel na Hom verwys wat vir Israel van nasionale belang was. Dit is die titel van *Koning van Israel*. In die Godsverskyning wat in Jesaja 6 beskryf word, is daar al na Jahwe verwys as *Koning* (6:5). Hy is as Koning ook nie net 'n tydelike koning wat soos al die ander konings sterf nie. Voor daar nog iets was, was Hy, die Skepperkoning, reeds daar. Maar Hy is nie net die eerste nie, Hy is ook die laaste in die sin dat Hy verhewe is bo menslike geskiedenis. Wanneer die menslike geskiedenis op aarde uitgespeel is, sal Hy steeds daar wees (Young, 1972:170). 'n Aspek van God se wese word ook oorgedra met die beskrywing van *eerste en laaste*. As *eerste* het Hy nie sy oorsprong aan iets anders toe te skryf nie, Hy was van ewig af daar. Hy is ook selfonderhoudend in sy Godheid en steeds van niks en niemand afhanklik nie. As *laaste* is Hy die Een waarin alles hulle vervulling vind (Motyer, 1993:344). Hierdie wete wat aan die volk oorgedra is, moes aan hulle 'n besondere gerusstelling gee omdat die Een wat die oppermag het, nie net die Koning van Israel is nie, maar ook hulle Redder (Knight, 1984:77).

Oordeeluitsprake soos dit wat in 44:6,7 aangetref word, toon hoedat Jahwe die gode van die ander volke ontbloot as gode wat nie die bewerings wat hulle dienaars oor hulle maak, gestand kan doen nie. By gebrek aan geloofwaardigheid van die ander gode word Israel weer in die posisie geplaas om vas te hou aan die verbond wat God met hulle opgerig het. Sodoende kan hulle ook verby hulle ballingskap kyk. Met 'n Koning soos Jahwe word Israel dan uitgenooi om sonder om skaam te wees, met oorgawe vas te hou aan sy unieke identiteit (Brueggemann, 1997:7).

Samevatting

Israel is in sy selfdefiniëringsproses aan verskeie invloede onderwerp. Van hierdie invloede het afgodsdiens, hiërargies gesien, een van die grootste invloede gehad. God maak Homself egter bekend as die Een wat nie subjektief en gefragmenteerd definisie aan gebeure gee nie, maar openbaring in die volle sin van die woord. Die openbaring wat God gee maak dit duidelik dat die mens nie net 'n deel van sy lewensvervulling in God kan vind nie, maar sy volle doel sowel as die vervulling van daardie doel. Vir sy selfdefinisie, en die uitleef van daardie definisie het die mens dus net vir God nodig. Aangesien God ook die ewige Koning is, die eerste en die laaste, sal die mens die identiteit wat hy van God ontvang kan bly uitleef. Die uitleef van sodanige identiteit is egter onderhewig aan 'n persoonlike verhouding met God, as die gewer van daardie identiteit.

7.3 Jesaja 48:12

In Jesaja 48:1-8 word Israel geteken as rebelle van hulle geboorte af. Dit is ook nie net 'n bepaalde groep binne die volk van God wat as rebelle beskryf word nie, maar dit geld vir die hele volk (Nysse, 1999:161). Alhoewel hulle rebelle is, termineer God tog nie sy verhouding met Israel nie, maar kondig Hy nuwe dinge aan, en bring Hy daardie nuwe dinge tot stand (Verhoef, 1993:80).

Teenoor die negatiewe karakterisering van Israel in die eerste verse van hoofstuk 48 word die selfroem van God vanaf vers 12 na vore gebring. Die rede waarom dit na vore gebring word, is ter wille van die aksentuering van die feit dat net Jahwe in staat is om te red (Beuken, 1979:288). Dit waarop die fokus in Jesaja 48:12 val is dat daar behalwe Israel se sonde, wat verganklikheid tot gevolg het, ook 'n ander aspek is waarmee rekening gehou moet word. Dit is dat die Here die eerste en die laaste is. Teenoor verganklikheid staan daar die ewigheid van God. Van rebelle kan die Here niks verwag nie. Daarom gaan Hy wat die begin en die einde is, nou self die nuwe dinge wat Hy aangekondig het, laat gebeur. Vertroue kan gevolglik werklik gevind word in God wat heeltemal anders is as 'n mens (Muilenburg, 1956:558). God se andersheid lê volgens Delitzsch (1949b:250) daarin dat Hy nie soos mense of die natuur of gemaakte gode, verander nie, maar dat Hy oor tyd dieselfde bly. Hy beheer die lotgevalle van sy volk, en sy doel daarmee is om hulle te red. As die eerste en die laaste is God onvergelykbaar met enigiets anders. Dit is juis as gevolg van hierdie onvergelykbaarheid van God dat Hy in staat is om sy volk uit hulle absolute ellende te red (Helberg, 1988:219).

God se onveranderlikheid het tot gevolg dat Hy nie soos Israel ontrou kan word nie, en daarom vernietig Israel se ontrou nie die Here se trou nie. Israel is dus nie gedoem as gevolg van hulle eie mislukking nie, maar word as gevolg van die Here se onveranderlike verkiesing, tog nog bewaar. Hierdie bewaring vind egter bloot plaas op grond van God se liefde, en dit is as gevolg van God se genade dat die rebel Jakob (48:1) nou Israel, genoem word (Helberg, 1991b:119).

Samevatting

Die persoonlike betrokkenheid van die Here by sy volk van die begin van sy volkswording af en daarna, gee aan die mense wat deel van die volk Israel is 'n eenheid wat nie net oor 'n bepaalde tyd strek nie, maar oor alle tye heen. Indien daar 'n band met die Here is, kan daar in terme van identiteitsvorming aan 'n identiteit gedink word wat selfs die tye te bowe gaan. 'n Mens wat aan God verbind is, is dus nie 'n tydelike wese nie, maar het soos God ook 'n ewigheidskarakter.

Verder kan die mens wat in 'n verhouding met God staan sin maak uit die verwarrende omstandighede wat in die wêreld aangetref word omdat die betekenis van die wêreldgebeure deur God geopenbaar word. 'n Mens kan dus onbevrees en daarom emosioneel stabiel leef.

Indien daar verder ook onder die besef geleef word dat die gebeure wat op 'n bepaalde tydstip besig is om plaas te vind, nie deel van 'n lukraak sameloop van omstandighede is nie, maar deel is van geskiedenis wat onder beheer van God is, sal dit lei tot 'n vertrouensverhouding tussen daardie persoon en God. Hierdie anker wat buite die mens lê, sal dan 'n emosioneel stabiliserende effek hê wat die betekenis van die lewe sal versterk.

Die doel van Jesaja se verkondiging was onder andere om die Here so aan sy gehoor voor te hou, dat hulle bemoedig word om nie langer te rebelleer nie maar in 'n blywende vertrouensverhouding met Hom te staan. God bly dieselfde, daarom kan die verhouding met Hom ook voortduur. Selfs wanneer die mens ontrou raak, vernietig dit nie God se trou nie. Emosioneel leef 'n mens dan nie skisofrenies nie, maar word daar midde in die praktiese werklikheid emosionele stabiliteit bereik. Hierdie stabiliteit vervul een van die groot kontinuïteitsbehoeftes wat mense in hulle lewens het.

Indien daar slegs vanuit die verhouding met die enige Here na die lewe en die oorsprong van dinge asook die doel van die lewe gekyk word, verdwyn die kontradiksies in die lewe grootliks omdat daar dan slegs een allesomvattende raamwerk is vanwaar die totale lewe hanteer word. Sodoende word nie net 'n mens se verhouding met God gestabiliseer nie, maar ook jou verhouding met jouself en die res van die mense saam met wie jy leef. Jou verhouding met God gee dan nie net aan jouself 'n identiteit nie, maar dit dra ook by tot die identiteit van die wyer gemeenskap waaraan jy behoort.

8. Jesaja 41:8,9

In hierdie verse word die fokus verskuif van die nasies oor wie daar in die eerste deel van die hoofstuk gepraat word, na Israel. Die nasies wat op afgode vertrou, word gewaarsku en by hulle moet daar onrus wees. Aan die ander kant is daar troos vir Israel, die volk van Jahwe (Delitzsch, 1949b:162). In vers 8 word dieselfde liefdevolle gesindheid weer aangetref wat God teenoor Abraham tydens sy roeping gehad het, en ook aan die begin van Jesaja 40 voorgekom het (Smart, 1967:71).

Deur die gebruik van die voornaamwoord אתה in kombinasie met die name *Israel*, *Jakob* en *Abraham* gee die Here spesifieke inhoud aan die identiteit van Abraham, Isak en Jakob (Van der Merwe *et al.*, 1997:204). Alhoewel drie name gebruik word, is daar tog 'n korporatiewe historiese eenheid tussen die drie. Abraham, Isak en Jakob word dus gesien as 'n enkele kneg van die Here. Die een van wie daar gepraat word is dus nie 'n spesifieke individu van 'n bepaalde tyd nie, maar die kneg van God wat Hy gekies het (Muilenburg, 1956:453).

Beuken (1979:75) maak melding daarvan dat Abraham, en Israel in Jesaja se tyd, saamgevoeg word tot een korporatiewe persoonlikheid. In die eerste helfte van Jesaja 41:9b spreek God dan vir Abraham die eerste stamvader aan, en in die tweede helfte daarvan meer vir Israel in die tyd van Jesaja. Die klagte van Israel dat God hulle verlaat het (40:27), word daarmee aangespreek. Soos wat daar 'n verbond tussen God en Abraham was, so geld daardie verbond nog steeds tussen God en Israel. Die verbond is egter nie genealogies tot Abraham se bloedverwante beperk nie, maar sluit ook ander in wat tot geloof in Jahwe gekom het. Hierdie mense wat ongeag afkoms, die verbond met God onderhou, is daarom deel van *Israel*. *Israel* is daarom vir Jesaja nie 'n politiese konsep nie, maar wel 'n religieuse konsep (Muntingh,

1980:170). Daar bestaan dus kontinuïteit in die *kneg van die Here* in die sin dat verskillende individue een funksie as *kneg* vervul.

Deurdat Israel die afstammeling van Abraham genoem word, word die intieme verhouding wat daar tussen God en Abraham bestaan het, in herinnering geroep. In die tot stand bring van die verbond tussen God en Abraham, het Hy aan Abraham beloof dat hy van groot betekenis sal wees, en dat al die volke van die aarde in hom geseën sal wees (Gen 12:1-3) (Linington, 2002:692). Daar word dus alreeds met die verbond met Abraham 'n uitbreiding na ander nasies in die vooruitsig gestel. Al die mense op aarde sal uiteindelik bely (45:23) dat Jahwe die enigste God is wat kan seën (Helberg, 1988:57).

Daar kan uit die belofte aan Abraham dat al die nasies in hom geseën sal wees, afgelei word dat God dit al aan die begin van die verbond in die vooruitsig gestel het dat sy verhouding met mense nie beperk sou wees tot Israel nie. Galasiërs 3:8 getuig ook hiervan. Fretheim (1999:346) skryf hierdie toedrag van sake toe aan die relasionele aard van God. Hy wil in 'n ware verhouding met al sy skepsels staan soos wat reeds blyk uit die gesprek wat God met die mens in Genesis 1:26 het. Heel aan die begin van die mens se skepping stel Hy die mens aan as sy verteenwoordiger, en gee Hy aan die mens raad oor hoe hy moet lewe.

Clements (1978:88) maak dit duidelik dat Israel die naaf is waar die verbond begin het, en dat Israel uitverkies is om in 'n besondere geloofsverhouding met Jahwe te staan. Die verkiesing is ook 'n deurlopende tema in die laaste deel van Jesaja. Dit kom voor in Jesaja 41:8,9, 42:1, 43:10, 44:1,2, 45:4, 49:7, 65:9, 65:15 en 65:22. Waarom juis Israel uitverkies is, word in Deuteronomium 7:6,7 beskryf. God het hulle nie vir Hom afgesonder om sy eiendomsvolk te wees omdat hulle iets in hulle self gehad het nie, Hy het hulle gekies omdat Hy hulle liefhet. Hierdie liefde is nie iets wat verdien word nie. God gee dit bloot omdat Hy wil (Beuken, 1979:72). Die feit dat God op só 'n manier in liefde met Israel omgegaan het, maak dit duidelik dat die verhouding tussen God en 'n volk nie van die volk afhanklik is nie, maar wel van God. Dit is Hy wat die verhouding met sy volk laat voortgaan en stabiliteit aan die verhouding verleen deur later ook 'n ander kneg as Israel aan te stel. Die kneg wat aangestel sal word, sal in 'n volmaakte verhouding met God staan (van der Walt, 1994:121).

Israel was dus die eerste kneg van die Here, maar hy was nie die enigste kneg van die Here nie. Daar was ook ander wat diensbaar in God se koninkryk kon wees. 'n Voorbeeld hiervan is die Babiloniese ryk, wat net so binne bereik van God se werksaamheid was as wat Israel binne die bereik daarvan was. God is immers nie beperk nie. Dit blyk duidelik uit Jesaja 45:7 waar gesê word dat dit die Here is wat voorspoed en rampspoed gee, dat dit Hy is wat lig en donker maak. God is met ander woorde in alle omstandighede aktief. Hierdie aktiwiteit kan in 'n reddende- of oordeelshoedanigheid wees.

Wat uit bostaande volg is dat die oorsprong van 'n verhouding met God, by Hom lê. Die voortsetting van 'n verhouding lê dan ook by Hom omdat die mens in sy wese 'n rebel is. Terwyl die oorsprong by God lê, gebruik Hy tog mense in sy diens. So was Israel die kern vanwaar Jahwe se verhouding met ander volke begin het (Knight, 1984:31). Alhoewel Israel God se kneg moes wees om Hom as sy getuies bekend te maak, het daar 'n diskontinuïteit in hierdie knegshandeling gekom as gevolg van Israel se ongehoorsaamheid aan God. Ten spyte van Israel se ongehoorsaamheid het God hom nie verwerp nie. Israel se terugkeer uit ballingskap kan dan toegeskryf word aan die getrouheid van God teenoor Israel omdat hulle aan Hom behoort. Hierdie band is nie net tydelik nie, omdat dit as gevolg van die verbond voortduur (Van den Eynde, 1999:123).

Alhoewel die verhouding tussen God en mens sy oorsprong by Hom het, is dit nie 'n eensydige verhouding nie. Dit gaan nie bloot oor 'n eensydige bevoorregting nie. Soos wat in 'n verbond geld, is daar ook verantwoordelikhede wat deur die onderskeie partye nagekom moet word. Dit is om hierdie rede dat Israel hier God se *kneg* genoem word. Beuken (1979:72) maak die belangrike opmerking dat *Israel* as die kneg van die Here, in Jesaja 41:8 nie 'n genealogiese betekenis het nie. Die twee terme, *Israel* en *kneg* geld vir elkeen wat deur geloof aan God verbind is ongeag die genealogiese afkoms van daardie persoon. Almal wat tot geloof in God gekom het, word dan onder die naam van die volk met wie die verbond oorspronklik opgerig is, vergader. *Israel,* beteken dus hier almal wat deur God uitverkies is en Hom dien. Die naam *Israel* het nie bloot betrekking op *afstammelinge van Abraham* nie, maar dui eerder op *kneg van die Here*. Hierdie gedagte word bevestig deur Jesaja 63:16 waar gesê word: "U is tog ons vader. Abraham weet niks van ons nie en Israel is nie van ons bewus nie; U, Here, is ons vader, van ouds af is u Naam: Ons Verlosser." Aangesien die verbintenis met die voorvaders reeds deur hulle dood verbreek is, is hulle nie meer in staat om enige invloed op die huidige geslag se lewens uit te oefen nie (Delitzsch, 1949b:461). God bly egter steeds hulle Vader. Die wyse waarop God Israel se Vader is, is geheel en al anders as wat Abraham hulle vader is. God is 'n lewende en teenwoordige vader. Afkoms het met ander woorde sy plek, maar het baie duidelik ook sy beperkings. As slegs afkoms en tradisie kontinuïteit moes gee, sou dit ver te kort skiet. Jesaja besef dit, en erken God daarmee in 63:16 as hulle ewige Vader (Westermann, 1996:393).

Tussen God en die persone wat hulleself aan Hom verbind het, is daar 'n baie nou band soos blyk uit die besitlike aanspreekvorm wat God vir sy volk gebruik. In Jesaja 40:1 word gepraat van Israel as "*my* volk". *Die term* עַמִּי is volgens Hulst (1976:302) 'n tegniese term vir die volk van God en benadruk die intieme verwantskap wat daar in die verhouding bestaan. God noem vir Israel in 41:8 "*my* dienaar". In Jesaja 43:6 word hulle "*my* seuns en dogters" genoem, en 45:13 noem God hulle: "*my* ballinge". Met hierdie uitdrukkings word die baie noue voortgaande verhouding wat God van Abraham se tyd af met Israel gehad het, weerspieël. Die feit dat hierdie verhouding steeds voortgaan, kan nie aan die vermoë van Israel as volk toegeskryf word nie, maar aan die voortdurende genade van die Here. Aangesien dit Hy is wat die verbintenis laat voortgaan ten spyte van Israel se ontrou, lê die moontlikheid van 'n

gekontinueeerde verhouding dus ook in Hom (Young, 1972:81). Ongeag goeie of slegte tye kan daar gevolglik 'n verwagting wees dat God die verhouding met Hom sal laat bly voortbestaan. Hiervan getuig uitdrukkings met 'n positiewe gevoelswaarde soos "*my* seuns en dogters" asook woorde met 'n negatiewe gevoelswaarde soos "*my* ballinge".

Israel word in hierdie verse die eerste keer "*my* dienaar" genoem. Ou-Testamentiese *diensIaeg wees,* is deur die Mosaïse wette gereël. Hierdie wette het voorsiening gemaak vir beskerming van die slaaf (Eks 21:2) (Motyer, 1993:312). Inbegrepe in die titel "kneg van die Here" is beide verantwoordelikheid om Jahwe as die enigste God bekend te maak, sowel as bevoorregting omdat hulle deur Hom versorg word (Bright, 1981:356; Ridderbos, 1985:355). Volgens Westermann (1996:70) kom die gedagte dat Israel aan God behoort hier sterker na vore. Om God se *kneg* te wees behoort dan vir Israel vertroue op God, eer aan Hom, asook beskerming soek by Hom, aan die orde te stel. Dieselfde het ook vir Abraham met die tot stand kom van die verbond gegeld. As God, vir wie Israel dien, só is dat Hy vertrou kan word, en sy kneg beskerm, behoort Israel se diens aan God as 'n logiese konsekwensie daaruit voort te vloei. Israel het egter as kneg van die Here gefaal en daarom moes die Here 'n ander kneg kry. Hierdie kneg word in die sogenaamde *Knegliedere* bekendgestel, en in Hom word God se verlossingsdoel vervul (Van der Walt, 1994:121). Daar sal later in detail na hierdie onderwerp teruggekeer word.

Samevatting

Die verhouding tussen God en Israel word in stand gehou as gevolg van God se getrouheid aan sy verbond met Abraham. Daar is egter ook kontinuïteit tussen Abraham en sy nageslag omdat beide korporatief as kneg van die Here gesien word. Abraham is egter as gevolg van sy dood nie meer daar om enige invloed op sy nageslag te kan uitoefen nie. Abraham self kan dus geen kontinuïteit meer aan die volk gee nie. Daarom is die identiteitgewende waarde van die genealogiese verbintenis met die voorgeslagte in werklikheid baie klein. In teenstelling hiermee is die verhouding met God, wat die verbond met hulle gesluit het, vir almal die stabiliserende faktor. Nie net was dit so vir die verhouding tussen Hom en Abraham nie, maar ook vir al die geslagte wat sou volg. Hierdie kontinuïteit word verder voortgesit na die res van die volke omdat in Abraham al die volke van die aarde geseën sal wees.

Deur 'n geloofsverbintenis met God, kom daar kontinuïteit in die lewe van 'n mens. Hierdie kontinuïteit is nie gereserveer vir Israel of 'n paar individue nie, maar vloei deur die kneg van die Here se werk oor na alle volke. Alle volke kan dus die belangrike identiteitstrek van *kontinuïteit* vind vanuit hulle verhouding met God.

Israel is die Here se kneg. Hy is aan die Here verbind, en die feit dat Israel bepaalde beloftes aan die Here gemaak het wat hy op 'n later stadium moes nakom, gee kontinuïteit en daarmee saam identiteit. Kinders behoort op hulle beurt ook hulle kinders te leer om die Here te dien sodat hulle opnuut hulle eie

identiteit in *kneg van God wees* kan vind (Deut 31:12). In die nakom van die belofte om die Here te dien lê daar gevolglik ook kontinuïteit vir mense uit ander volke. 'n Voorbeeld hiervan is Rut wat gekies het om die Here te dien. Blote bloedverwantskap gee dus nie enige kontinuïteit in hierdie verband nie, omdat die kinders nie noodwendig die belofte wat die ouers aan die Here gemaak het, sal nakom nie. Rigters 2:10 maak hiervan melding wanneer gesê word dat die volk die Here gedien het, so lank as wat Josua geleef het. Die volgende geslag het egter nie die Here geken nie, en dus ook nie gedien nie.

Wanneer mense die Here leer ken, moet daar eers 'n toe-eiening van die verbond wees. Langs hierdie weg sal *Israel* uitbrei na ander volke (Jesaja 55:5). Ander volke sal dan ook die Here dien. Sodoende is daar nie net kontinuïteit in dien van die Here deur verskillende volke nie, maar ook kontinuïteit in die persoon wat die Here dien, se lewe. Hierdie kontinuïteit kom onder andere deur die verpligting om beloftes wat gemaak is, na te kom.

Die identiteit wat die nuwe Israel sou hê sou dus nie 'n identiteit wees wat deur hulleself uitgewerk is nie. Dit sou 'n identiteit wees wat hulle van God sou ontvang. Gevolglik was dit nie 'n sosiaal gekonstrueerde identiteit nie, maar 'n deur Jahwe gegewe identiteit. Om hierdie nuwe identiteit te verwerf sou die volk hulleself moes losmaak van hulle ou identiteit wat hoofsaaklik genealogies en kultus bepaald was, en hulleself in die eerste plek aan Jahwe verbind. Hulle sou daardeur outomaties ook aan die ander lede van die volk verbind word wat, ter wille van Jahwe, na Jerusalem sou kom (Syreeni, 2001:540).

In die lig van bostaande kan die gevolgtrekking dan gemaak word dat *Israel* as entiteit eerder 'n godsdienstige as politieke of genealogiese konsep is. Ware identiteit word dan ook nie deur politieke eienskappe verkry nie, maar vanuit die voortgesette verhouding met God.

9. Jesaja 41:10,13,14

In hierdie verse word die tema, *moenie bang wees nie,* aangetref. Dit is 'n herhalende tema wat ook in 35:4; 40:9; 43:1,5; 44:2,8; 51:7 en 54:4 gevind word.

Volgens Elliger (1973:134) is die uitroep "moenie bang wees nie", die sentrale punt van hierdie heilsopenbaring en nie bloot 'n oproep om nie bang te wees nie. Dit is díe uitroep wat die vrees wat veroorsaak word deur die bedreiging van die vyande, verdryf. Dit is egter nie net die vyande wat teenwoordig is nie, daar is ook 'n ander teenwoordigheid en dit is díe van Jahwe (Westermann, 1996:71).

Die betrokkenheid van Jahwe staan sentraal as die rede waarom daar gesê word dat die volk nie hoef bang te wees nie. Eerstens is Hy betrokke omdat Hy dit belowe het, en tweedens omdat Hy nie verander nie (Motyer, 1993:312). Die verhouding tussen Israel en hulle God, en die verhouding tussen Israel en

hulle vyande kan dus gestabiliseer word, in die sin dat die vyand gesien kan word as onder God se beheer. Dit is dus nie die vyande nie, maar Jahwe wat beide die lewe van die vyande en sy eie volk beheer.

Telkens wanneer die vertroostende woorde *moenie bang wees nie,* gebruik word, word dit op een of ander wyse verbind aan die teenwoordigheid van Jahwe. Hierdie troos kan teruggevoer word na die teenwoordigheid van Jahwe by sy volk wat deur God se heiligdom versinnebeeld is. Daar by die tempel het God se handelende teenwoordigheid sigbaar geword (1 Kon 8). God se handelende teenwoordigheid sal ook nou sigbaar word omdat die band wat daar tussen Israel en sy God is, bly bestaan as gevolg van God se verbond met Israel. Vanuit die teenwoordigheid van die Here by sy volk, vloei die troos vir hulle. God is Israel se God, en Israel se God is by hom. Hierdie teenwoordigheid is nie iets van die toekoms nie, maar 'n teenswoordige werklikheid (Beuken, 1979:75). In teenstelling met die ander gode wie se volgelinge daarop wou aanspraak maak dat hulle gode ook gode is, staan Jahwe se uniekheid as die lewendige God uit, en word die ander sogenaamde gode belaglik gemaak deur hulle gebrek aan aksie (Williams, 1999:180).

Daar kan dus nie 'n band tussen die ander gode en hulle volgelinge bestaan nie, omdat daardie gode nie werklik gode is nie. Die band wat tussen Jahwe en sy volk bestaan, is daarenteen 'n egte band. God, wat in staat is om te help, se volk hoef dan in teenstelling met die ander volke nie bang te wees nie. Die oproep aan Israel om nie te vrees nie, staan in skerp teenstelling met die woorde in Jesaja 41:5 wat aan die nasies gerig word waar van hulle gesê word dat hulle wel bang geword het. Omdat God by Israel teenwoordig is, hoef hulle nie te vrees nie, maar die ander wat nie die voorreg van God se teenwoordigheid het nie, het nodig om bang te wees (North, 1967:96).

Volgens Delitzsch (1949b:165) word die oproep om nie bang te wees nie, nie tot Israel as 'n volk *en masse* gerig nie, maar tot 'n verstrooide en versplinterde volk in ballingskap. Volgens die aankondigings van Jesaja sou die verstrooiing egter nie voortduur nie. God wat as die *Heilige van Israel* onlosmaaklik aan hulle verbind is, sou hulle lot verander.

God se teenwoordigheid is nie bloot net 'n *daar-wees* nie. Hy is handelend en kraggewend teenwoordig. Daarenteen het die ander nasies nie krag nie, omdat hulle gode nie krag het nie (North, 1967:98). Omdat God krag het en tot aktiwiteit oorgaan, sal sy volk ook krag ontvang om self tot aktiwiteit oor te gaan (Koole, 1985:110). Die aktiwiteit waartoe God oorgaan, is die uitvoering van sy heilsplan. Israel moet so oortuig wees van Jahwe se heilsbedoeling dat hy totaal onbesorg moet wees ondanks alle onsekerheid wat die toekoms vir hom inhou (43:1). Ten spyte van Israel se ongehoorsaamheid, staan hy steeds in 'n genade-verbintenis met God, en daarin lê 'n toekoms en kontinuïteit vir Israel opgesluit (Koole, 1985:203).

Dit is van betekenis dat die oproep in Jesaja 43:14 om nie bang te wees nie verbind word aan die benaming "die Heilige van Israel". Rendtorff (1985:199) dui aan dat hierdie benaming in die eerste deel van Jesaja hoofsaaklik gebruik word in verband met beskuldigings (1:4; 5:24; 30:15). In "Deutero-Jesaja" word die benaming egter in verband met redding gebruik (sien ook 41:16, 20). Dit is juis in Jahwe se reddende teenwoordigheid dat die troos vir Israel opgesluit lê. Israel het nie langer nodig om bang te wees vir die vyand nie omdat die tyd van redding nou gekom het.

'n Laaste gedagte wat oor Jesaja 41:14 geopper moet word, is dat God na sy volk toe sal kom as גאל. Die losser het die betekenis van 'n familielid wat die hulpeloosheid van 'n ander familielid vir sy eie rekening neem, om na daardie familielid se belange om te sien (Lev 25:25). Die Verlosser kom egter nie net om te red nie maar ook as wreker. Dit hou in dat die dag van redding vir Israel, ook die dag van afrekening vir die vyand sal wees (Kessler, 1992:141). Volgens Ringgren (1983b:354), verstaan die profeet die dag van afrekening met Babel, as die begin van 'n nuwe eksodus. Israel se uittog uit Babel sal egter nie maar net 'n wegtrek wees nie. Met die eksodus sal dit duidelik gemaak word dat die verbond tussen God en Israel herstel is, wat gepaard gaan met die vergifnis van sonde. Dit is juis vergifnis van sonde wat die rede is dat Israel nie langer hoef te vrees nie.

Samevatting

Die voortbestaan van God se volk is deur hulle vyande in die ballingskap bedreig. God se teenwoordigheid by Israel oorspan egter nie net Israel se lewe nie, maar ook díe van die vyande. Die volk het gevolglik niks om te vrees nie. Al wat hulle in werklikheid moet vrees is dat die band wat daar tussen hulle en Jahwe bestaan, gebreek word aangesien hulle eie kontinuïteit daarmee saam vernietig sal word. Daardie deel van die ware Israel wat oorgebly het omdat hulle steeds die verbondsgemeenskap met die Here onderhou kan steeds onbevrees leef omdat God, as die *Heilige van Israel* as Losser hulle belange op die hart dra. Die emosie wat by die volk kan posvat en waarop hulle hulle identiteit kan bou, is gevolglik 'n emosie van rustigheid omdat God aktief, reddend teenwoordig is.

Daar sou na die eksodus uit Babel ook gedifferensieer kon word tussen díe uit ou Israel wat in Babel agtergebly het, en díe wat teruggetrek het na Jerusalem. Díe wat uit eie keuse agtergebly het, sou nie meer van buite geëien kon word as deel van die verbondsvolk nie. Uit Esra 10 word dit byvoorbeeld duidelik dat dit vir díe wat teruggekeer het van groter belang was om die verbond met God te onderhou as wat dit was om die huweliksverbintenis met vroue wat nie deel van die verbond met God was nie, te onderhou. Op interpersoonlike vlak het díe wat teruggekeer het dus dieselfde identiteit gedeel. Dit word duidelik daaruit dat toe daar spanning op die verhouding met God geplaas is as gevolg van die verhouding met die vreemde vroue, daar eerder gekies is vir die verhouding met God.

10. Jesaja 41:17-20

In hierdie verse word die mooi beeld van Israel se verlossing geteken. Israel, as volk van God, is in die verdrukking en dit word in vers 17 met uiterste dors vergelyk. Die volk roep tot die Here en Hy verhoor hulle gebede. Jahwe gryp in en keer die omstandighede van sy volk om sodat daar vir hulle redding kom (Ridderbos, 1985:358). Die doel waarom God die beloofde verlossing bewerk, word dan in 41:20 gegee. Dit is dat die mense kan weet dat die een wat die verlossing bewerk het, die ware God is. Daar word 'n aantal werkwoorde gebruik wat klem lê op sensoriese en geestelike waarneming. Die doel van hierdie waarneming is om in te sien en met die hart te verstaan dat dit Jahwe is wat die verlossingswerk gedoen het (Young, 1972:94).

Dit is nie presies duidelik na wie *almal* (יחדו), in 40:20 verwys nie. Sommige geleerdes soos Westermann (1996:80) en Beuken (1979:93) is van mening dat dit verwys na die bannelinge van Israel. Hulle moet *almal saam* hulle God se werk ervaar. Die fokus sal dan daarop wees dat Israel weer bewus gemaak moet word van God se werk in hulle lewe (Koole, 1985:123). Aan die ander kant is Smart (1967:75) van mening dat *almal* aansluiting vind by 40:5 waar gesê word dat "al wat leef" die mag van die Here sal sien.

Saam met Knight (1984:39) kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat almal in Israel die mag van die Here sal beleef. Aangesien Israel tydens die ballingskap tussen verskillende volke uit gered is, is dit logies dat ander volke ook sou insien dat Jahwe die een is wat die reddingswerk doen. Dit sal dus inderdaad so wees dat Israel in die besonder, en die volke in die algemeen, die verlossingswerk van Jahwe sal beleef.

Uit bostaande is dit duidelik dat die fokus van die Here se werk nie net op Israel val nie, maar dat dit wat Hy doen, ook onder die aandag van die ander volke gebring moet word. Daar moet dus kontinuïteit wees in die erkenning van Jahwe as die enigste God. Dit gaan immers nie primêr oor die redding van Israel nie. Die redding van Israel moet eerder gesien word as die middel tot God se doel om Homself aan almal bekend te laat word as die enigste God (Westermann, 1996:81). Dit gaan egter nie vir God op 'n egoïstiese manier oor Homself nie. Dit gaan daaroor dat wanneer Hy bekend word, daar weer kontinuïteit in die mens se bestaan kan kom wanneer hy weer die ware God gevind het.

Samevatting

In Jesaja 41:17 kom daar as gevolg van God se reddende werk 'n duidelike geval van diskontinuïteit. Dit wat gediskontinueer word, is die swaarkry van die mense wat reageer op Jahwe se selfbekendmaking. In die proses om Homself bekend maak, verhoor Hy die gebede van mense, en word hulle swaarkry omgekeer in voorspoed. Daar kom dus kontinuïteit in kennis van God, maar ook kontinuïteit in die

lewens van mense omdat hulle swaarkry tot 'n einde gebring word. In die proses word kennis van God gekontinueer na die ander volke tussen wie Israel in ballingskap verkeer.

11. Jesaja 41:21-29; 45:20-22

In hierdie verse word regsprosesredes aangetref (Roland de Vaux, 1978:155). In die regsprosesredes kom die volgende elemente voor: 'n Oproep tot 'n verhoor, die verhoor self en dan 'n uitspraak (Lion-Cachet, 1987:60). Daar word meermale in die boek Jesaja deur middel van regsprosesredes (41:1-5, 41:21-29, 43:8-15, 44:6-8, 45:20-22) met óf die afgode (41:21-29) óf die dienaars van die afgode (45:20-22) in die gerig getree (Westermann, 1996:174).

Dit wat telkens in die regsprosesredes bewys moet word, is: Wie is God? Is dit Jahwe of die gode van die ander volke? Die toets wat as bewys aangelê word, is: Kondig historiese gebeurtenisse voor die tyd aan, en bring dit dan tot uitvoer (41:22,23; 45:21) (Franke, 1996:118). Die bewys vir goddelikheid is met ander woorde nie beperk tot die vermoë om kontak te maak met diegene wat die god aanbid nie, want daar kan ook kontak tussen 'n aanbidder en 'n houtpaal wees. Die bewys lê volgens Westermann (1996:85) daarin dat daar 'n operasioneel gevormde brug moet wees wat die woorde van 'n god, en die effek van daardie woorde funksioneel verbind. Indien daar dus bepaal kan word dat daar sodanige kontinuïteit in die optrede van die gode voorkom, sal dit bewys dat hulle werklik lewe en in beheer is. Om bloot aanspraak te maak op iets sonder om die nodige bewyse daarvoor aan te voer, sou immers niksseggend wees (Vasholz, 1980:390). Jahwe se optrede voldoen reeds vanaf die uittog uit Egipte aan hierdie vereiste. Sedert die uittog was daar kontinuïteit in sy woorde en dade soos deur die geskiedenis bewys word. Die dialoog wat in die regsprosesredes tussen God, die nasies en Israel plaasvind, bring gevolglik die vermoëns van God duidelik na vore. Hy is die Skepper, en Hy is die Een wat voorspoed en rampspoed bring (45:7).

In Jesaja 41:25,26 gee Jahwe 'n verdere bewys dat sy woorde en aksies verbind kan word, en dit is dat Hy iemand onbekend uit die noorde te voorskyn laat kom het. 'n Persoon wat in 'n snelle oorwinningstog die bestaande politieke bestel omver gewerp het. Alhoewel Kores nie by name genoem word nie, is dit tog duidelik dat daar na hom verwys word (Koole, 1985:101; Westermann, 1996:87).

Met die omverwerp van die bestaande Babiloniese politieke bestel, het Jahwe ook die pad gebaan vir die terugkeer van sy volk uit ballingskap. Ook hierdie gebeurtenis is vooraf in Jesaja 10:22 aangekondig. Die kontinuïteit tussen Jahwe se woorde en aksie is dus nie aan toeval toe te skryf nie, maar aan 'n fyn uitgewerkte en uitgevoerde strategie (Bright, 1981:355).

Die kontinuïteit van Jahwe se beheer oor die geskiedenis word voortgesit met kontinuïteit op nog 'n vlak. Dit is dat al die volke uitgenooi word om hulle ook aan die heerskappy van Jahwe te onderwerp.

Sodoende sal ook hulle onder die almagtige en alomteenwoordige heerskappy van Jahwe wees, en deur Hom gered word (Muilenburg, 1956:534). Die mooi toekoms wat vir Israel in die vooruitsig gestel word, word dan telkens uitgebrei om ook die ander volke in te sluit (45:20-23). Daar gaan dan ook in Jesaja 45:22 'n appèl uit na al die volke om hulle redding in God te vind (Smart, 1967:133). Elkeen wat wil kan die slawerny van afgodediens ontglip deur na Jahwe te vlug (Motyer, 1993:366). Daar kom dus 'n duidelike karaktertrek van Jahwe na vore wat nie aan die ander gode toegedig kan word nie, en dit is dat Hy die Redder is. Hierdie karaktertrek word duidelik benadruk deur die gebruik van drie retoriese vrae in Jesaja 45:21: "Wie het wat nou gebeur, lankal aangekondig? Wie het al vantevore gesê dit sal gebeur? Is dit nie Ek, die Here, nie?" Die verwagte antwoord is dan: Dit ís Jahwe! Balentine (1994:113) wys verder daarop dat Jahwe beide die nageslag van Israel en die ander nasies oproep om nie net kennis te neem van hierdie feit nie, maar dit ook bewustelik te erken.

Terwyl Jahwe die bewyse van sy eie God-wees kon voorlê, is daar van beide die kant van die afgodsaanbidders sowel as die afgode self, opsigtelik geen reaksie nie. Die afgode kan dus geensins as werklike gode aanvaar word nie, en word as sulks ontmasker. Die aanspraak wat Jahwe maak dat niemand met Hom vergelyk kan word nie, is dus waar (Gaiser, 1999:142).

Vir beide die volgelinge van die afgode en díe van Jahwe, is daar duidelike gevolge van hulle aanbidding. Die feit dat die gode van Babel nie regte gode is nie, maar "nikswees" gode is, het tot gevolg dat hulle wat daardie gode kies, self ook so "niks" as hulle gode is (Brueggemann, 1997:21). As gevolg van die magteloosheid van die afgode, het dit ook Israel se ondergang beteken toe hulle begin het om die gode van Babel te aanbid. Die volk sou egter weer sy identiteit terugvind in hulle kontak met die profete, deur wie hulle die Here sou raadpleeg soos byvoorbeeld in Esegiël 14:1 en 20:1 gebeur (Koole, 1985:125).

Die oproep wat in 45:22 op *almal op die aarde* gemaak word om na Jahwe toe te kom is dus nie 'n leë oproep nie omdat daar slegs by Jahwe redding te vind is. Dit is 'n oproep wat gemaak word op die ware Israel wat uit die totale menslike geslag geneem is. Die *nakomelinge van Israel* van wie daar in 45:25 gepraat word is dus nie die *Israel van Abraham* nie, maar die *Israel van God*. Daardie Israel sal gered word omdat hulle aan die Here behoort (Young, 1972:218).

Samevatting

Die woorde van Jahwe en dit wat Hy uit daardie woorde laat voortvloei, wys baie duidelik dat daar nie net eenheid oor 'n bepáálde tyd heen in sy woorde en dade is nie, maar dat daar inderdaad permanente eenheid tussen sy woorde en dade is. In teenstelling met God is daar in die afgode geen woorde of dade te vind nie, en kan daar ook geen brug tussen hulle woorde en dade wees nie.

Omdat die toekoms as 'n fyn uitgewerkte strategie uit Jahwe se hande na mense aankom, kan daar vir diegene wat in 'n geloofsverhouding met Hom staan nie net kontinuïteit in die hede wees nie, maar ook kontinuïteit tussen toekoms en hede. Dit maak dus 'n eskatologiese verwagting moontlik! Hierdie verwagting is nie beperk tot die *Israel van Abraham* met wie God die verbond gesluit het nie, maar is inderdaad oop vir alle volke. Uit al die volke sal die Here die *Israel van God* voortbring. Werklike identiteit word dus eers gevind deur geloofskontak met God, omdat daar net in kontak met Hom kontinuïteit te vind is wat selfs tyd oorspan. Dit is in daardie identiteit wat 'n mooi toekoms opgesluit lê.

Die terugvoer wat Jahwe op grond van die regsprosesredes van die volk verwag, is dat hulle die verbond met Hom as die enigste God sal erken en onderhou.

12. Jesaja 42:10-12

In Jesaja 42:1-9 word die eerste van die sogenaamde Knegliedere aangetref. Dit sal in die hoofstuk wat oor die Knegliedere handel, bespreek word.

Die kontinuïteitsgedagte wat in 42:10-12 na vore kom en aandag verg, is dat "almal" die lof van die Here moet besing. Dit word gedoen by wyse van een van die sogenaamde *eskatologiese lofpsalms,* wat dieselfde styl het as die troonbestygingspsalms (Ps 47; 93; 96 en 97) (Muilenburg, 1956:470). Volgens Westermann (1996:102) kom daar ook op die volgende plekke in Jesaja *eskatologiese lofpsalms* voor: Jesaja 44:23; 45:8; 48:20-21; 49:13 en 52:8-10. In al hierdie *lofpsalms* word daar telkens met 'n imperatief opdrag gegee dat die lof van die Here vir sy magtige dade verkondig moet word. Alhoewel daar in Jesaja 42:10-12 nog nie 'n afgehandelde daad van God is nie, staan die nuwe dinge (Jes 42:9) wat Hy gaan doen so vas, dat sy lof reeds daaroor besing kan word (Beuken, 1979:134).

Die lof van Jahwe wat besing moet word, het sy oorsprong daarin dat daar van die mens 'n respons moet kom wanneer Hy teenoor die mens optree. Dit is ook nie net 'n deel van die mens van wie hierdie optrede verwag word nie (Motyer, 1993:323). Die hele mensdom, op elke geografies bereikbare plek, moet die lof van die Here besing. Eers word die opdrag in die breë aan die eilande gegee, en daarna aan spesifieke plekke. Eers aan die tentbewoners van Kedar wat van Ismael afgestam het, maar ook aan die inwoners van Sela wat Edomiete was (Ridderbos, 1985:382). Letterlik die hele aarde se inwoners moet dus bewus raak van die seëninge van die Here. Sodoende sal hulle in staat gestel word om die lof van die Here te besing. Die verse gee dus opdrag aan almal wat oral leef, om die lof van Israel se God te besing (Young, 1972:126).

Beuken (1979:135) maak die belangrike opmerking dat, alhoewel ander groepe wat nie tot Israel behoort nie, by name die opdrag kry om die lof van Jahwe te verkondig, die naam van Israel opvallend in die opdrag ontbreek. Hieruit kan afgelei word dat *Israel* ingesluit is in hierdie wêreldwye oproep wat van die

ooste tot die weste uitgaan. Daarmee verval die skeiding wat daar altyd tussen Israel en die ander volke was. Die naam *Israel* word sodoende nie langer as 'n etniese begrip gesien nie, maar wel as 'n teologiese begrip. Dit gaan immers nie langer om משפט ten bate van etniese Israel, ten koste van die ander volke nie. Maar dit gaan om 'n sending na die volke sodat hulle ook in die lig wat die verbond bring kan wandel, en sodoende deel kan word van die nuwe Israel. Hierdie sending na die ander volke sal primêr deur die kneg van die Here volvoer word. In Jesaja 49:6 word dit dan ook uitdruklik so gestel. Aangesien die lig van Jahwe ook die ander volke sal bereik, word die volke nou reeds by voorbaat beveel om ook hulle lofsang aan die Here by die van Israel te voeg. Daarby val daar dan soveel nadruk op die volke, dat die naam van Israel nie eers genoem word nie.

God se lof moet onbeperk besing word. Selfs die woestyn en die eilande saam met hulle bewoners moet sing. Die rede hiervoor is dat dit nie net meer Israel is wat by God se redding baat vind nie, maar dat alle volke nou in sy redding kan deel. Die redding van Israel strek selfs die diere tot voordeel. Jesaja 43:20 sê dat die wilde diere die Here sal vereer wanneer Hy in die woestyn vir sy volk water gee (Ridderbos, 1985:394). Klem word met ander woorde geplaas op die universaliteit van die lof, deur besonderhede te verskaf oor die see, wat daarin is, en wat daarop is. Ook word besonderhede verskaf oor die land en dit waaruit dit bestaan, sowel as oor die bewoners daarvan (Muilenburg, 1956:472). Hierdie selfde besonderhede word herhaal in Jesaja 43:20 waar gesê word dat selfs die wilde diere die Here sal vereer. Dit is dus voor die oë van die wêreld in sy totaliteit dat God se lof verkondig moet word oor die nuwe dinge wat Hy gaan doen. Daardie nuwe dinge is Israel se verlossing uit ballingskap (Westermann, 1996:104).

Die afleiding wat baie volke tydens die ballingskap gemaak het, was dat Jahwe nie sy volk kón red nie, of net eenvoudig sy band met hulle verbreek het. Met hierdie nuwe dinge wat God sou doen, en die lof aan God wat by voorbaat daaroor gesing kon word, word dit egter duidelik dat die interpretasie dat die Babiloniese gode sterker as Jahwe is, verkeerd is (Brueggemann, 1997:20). Jahwe gee nie sy eer aan dooie afgode nie, en daarom word in vers 12 gesê dat daar aan Jahwe eer bewys moet word. Daardeur erken die lofprysers dat daar net een God is aan wie al die heerlikheid behoort (Young, 1972:127).

Deurdat daar op so 'n absoluut universele vlak opdrag gegee word dat die lof van Jahwe besing moet word, word daar aan sovele wat soveel verskillende identiteite kon hê, een gesamentlike identiteitselement gegee. Terwyl daar baie moontlike grense is wat kon skei, word almal wat die lof van die Here besing egter deur daardie diep religieuse verbintenis met God, saamgebind (Syreeni, 2001:541). Hierdie psalm, sowel as die ander psalms waarin aangetoon word dat lof aan God nie beperk is tot plek en tyd nie (Pss 8 en 19), gee ook opdrag aan die kerk van vandag om God se wonderlike nuwe dinge te bewerk (Brueggemann, 1997:21).

Samevatting

Daar word opdrag gegee aan al die volke, wat oral op die aarde leef, om die lof van die Here te verkondig. Die tema vir hierdie lofpsalm is die groot dade van God. Die lofverkondiging van die Here word nie net na ander volke gekontinueer nie, maar ook na die toekoms. Die verkondiging van God se lof mag dus nie beperk word tot 'n bepaalde volk, 'n bepaalde plek, of 'n bepaalde tyd nie, maar moet in die ruimste sin van die woord universeel geskied. Hierdie lof moet kom in reaksie op die optrede van God teenoor die mens. Die optrede van God teenoor die mens is iets wat die afgode, Jahwe nie kan nadoen nie. Die rede hiervoor is dat die afgode dooie goed is. Teen hierdie agtergrond gesien, moet die kerk besef dat elke teenwoordige plek en tyd, die plek en die tyd is waar God se lof besing moet word omdat Hy reddend teenwoordig is. God se lof staan dan so op die voorgrond, dat alle skeidende elemente daardeur oorskadu word en die lofsangers saamgebind word met 'n enkele korporatiewe identiteitselement van, lof aan God. Eskatologies gesien, sal dit prakties voleindig word wanneer letterlik elke knie voor Hom sal buig.

Die kontinuïteitsfaktore wat hier geïdentifiseer is, gee grootliks eenheid oor tyd heen. Dit is 'n baie sterk identiteitgewende element omdat alle tyd en alle grense oorspan word wanneer God se lof besing word. Op hierdie manier word 'n persoon, ook wat die aspek van lofbetuiging betref, gedwing om oor tyd heen dieselfde persoon te bly. Dit versterk die identiteitsgevoel geweldig. Ware Godsdiens gee dus in hierdie opsig identiteit wat nie tyd, plek of kultuurgebonde is nie.

13. Jesaja 42:21

In Jesaja 42:18-20 word Israel as kneg van die Here daarvan beskuldig dat hy blind en doof is. Alhoewel hy blind en doof is, en nie gedoen het wat hy veronderstel was om te doen nie, het God steeds vreugde daaraan om getrou te wees (Payne, 1962:186). Vers 21 kan dus as die konklusie van verse 18-20 gesien word omdat God in sy geregtigheid (צדק) steeds die תורה (onderwysing) groot en heerlik wil maak (Young, 1972:134). Daar is dus in hierdie opsig 'n kontinuering van God se werksaamheid.

Dat God in sy geregtigheid steeds die Tora groot en heerlik wil maak, gebeur omdat geregtigheid in die Ou Testament nie 'n neutrale begrip is nie. Die fundamentele idee van geregtigheid in die Ou Testament is dat daar geen wet bo God is nie, maar dat die wet wel in Hom te vind is (Leitch, 1976:105). Geregtigheid druk daarom nie iets in ooreenstemming met 'n bepaalde onpersoonlike norm uit nie. Dit druk ook nie bloot die verhouding tussen mense uit nie, maar sluit altyd die verhouding met God in. Geregtigheid vloei sodoende voort uit die verbondsverhouding waarin God tot sy volk staan. Hierdie verhouding tussen God en sy volk mag nooit as vanselfsprekend aanvaar word nie, juis omdat dit 'n persoonlike verhouding is waarin God tot sy volk staan (Helberg, 1991:1).

Die vertrekpunt vir dit wat in hierdie vers oor die Tora gesê word, is dan ook die geregtigheid van God

(Hailey, 1985:358). Geregtigheid, wat primêr te make het met die verhouding tussen twee partye, veronderstel dat daar binne daardie verhouding vasgestelde optredes teenoor mekaar sal wees. Vir hierdie optredes het God dan ook in sy verbond bepaalde norme gegee. 'n Deel van daardie optrede binne die verbondsverhouding behels Jahwe se straf en redding. Indien daar aan die gestelde verwagtings voldoen word, kan gesê word dat daar reg in daardie verhouding geskied het (Eichrodt, 1969:245). Indien die geregtigheid van God in hierdie lig gesien word, kan daar dus verstaan word waarom God se geregtigheid nie net redding vereis nie, maar ook straf. Hy het immers in sy verhouding met Israel redding beloof indien hulle aan Hom getrou is, en straf indien hulle aan Hom ontrou is (Deut 28:13-25).

In Jesaja 42:21 word melding gemaak van die grootste gawe wat die Here aan die volk gegee het om hulle vir hulle taak toe te rus, naamlik die wet (תורה) (Leupold, 1974:72). Volgens Clements (1987:106) het תורה die primêre betekenis van *onderrig* of *instruksie* wat hoofsaaklik op die religieuse sy van die lewe gerig is. Liedke & Petersen (1976:1035) onderskei egter in תורה 'n drieërlei teologiese samehang, naamlik: die Tora van Moses, die Tora van Jahwe en die Tora van die profete. Volgens Knight (1984:54) dui תורה hier die openbaring aan wat Israel deur Moses en sy opvolgers, die profete, ontvang het. Die תורה het dus nie sy oorsprong by Israel nie, maar is die werk van God self. Israel het dit bloot deur middel van die profete uit sy hand ontvang (Deut 6:1-7). Die תורה is ook nie 'n statiese versameling van wette of 'n morele kode nie, maar die geopenbaarde Woord van God. Selfs al is dit nodig om dit in die vorm van wetlike bepalings uit te druk, bly dit steeds die Woord van God wat lewend en dinamies bly (40:8), omdat God wat dit gegee het, lewend en dinamies is (Vriezen, 1962:242 e.v.).

God sal sy Tora roem en eer laat ontvang sodat die hele wêreld die eer en majesteit van sy waarheid en gesag kan sien. Die roem en die eer van die Tora bestaan primêr daarin dat dit uitgedra en gehoorsaam word (Young, 1972:135). Die Woord van God hang egter nie in die lug nie. Dit is tot mense gerig en verwag 'n reaksie. Wanneer 'n gehoorsame reaksie ontbreek, kom die Gewer se eer in gedrang. Daarom verg dit van Hom optrede aangesien God getrou is aan sy beloftes (Goldingay, 1995:56). Die optrede van God het die herstel van die verhouding tussen Hom en die volk, aan wie Hy Hom verbind het, ten doel. Daarom bly ongehoorsaamheid aan die Woord van God nie sonder gevolge nie. Wanneer Israel nie ag gee op Woordonderrig nie, gaan God verder en gee aan sy volk wat Elliger (1973:286) noem "Anschauungsunterricht". Dit is hierdie aanskouingsonderrig wat Israel in die ballingskap ontvang het. Israel sou egter met die terugkeer uit ballingskap weereens aanskouingsonderrig ontvang, hierdie keer sou hulle egter nie straf nie, maar wel redding ontvang.

God laat dus nie toe dat sy Woord goedsmoeds verontagsaam word nie, maar kontinueer sy verbondsbelofte van beide straf en redding na sy ongehoorsame volk. Straf is dus nie 'n alleenstaande daad nie, maar maak deel uit van die trou en liefde van God wat ook redding wil bring (Jes 45:7,8;

46:12,13; 53:5,6; 59:16-18) (Smart, 1967:93). God kom veral vir Israel te hulp daar waar hulle die meeste teenoor Hom gefaal het, naamlik in gehoorsaamheid aan sy Woord. Hierdie hulp kom deur middel van 'n persoon in die vorm van die kneg wat Israel se lyding op Hom neem, en volmaak gehoorsaam is (vgl. 50:4-11; 53:10-12) (Knight, 1984:55).

Sonde en straf kan dus nie bloot tot *oorsaak* en *gevolg* vereenvoudig word, waarin Israel sondig, en God dan straf nie. God se werksaamheid strek wyer as net hierdie aspek, want wanneer God sê dat Hy sy Woord roem en eer laat ontvang, ontvang Hyself ook roem en eer omdat sy Woord van Hom afkomstig is (Motyer, 1993:328).

Westermann (1996:111) teken 'n kontras tussen Jesaja 42:18-20 en vers 42:21 in die sin dat Israel as kneg, se ontrou, teenoor Jahwe se trou daarin uitgebeeld word. Ten spyte daarvan dat God getrou is aan sy volk en Hy sy Tora aan hulle gegee het, het hulle tog nie daarna geluister nie. As gevolg van die feit dat Israel as kneg, nie die rol van kneg na behore gevul het nie, word dan na iemand gesoek wat dit na behore sal vervul (Goldingay, 1979:292).

Samevatting

Geregtigheid vloei voort uit die verbondsverhouding met God. Hierdie verhouding reël God in die Tora. Indien die bepalings van die Tora nagekom word, en aan die verwagtings wat daarin gestel is voldoen word, het reg geskied. God se verbondsbeloftes word in sy optrede teenoor Israel in al sy fasette gekontinueer. Sodoende word beide straf en redding toegepas. Vanuit hierdie konsekwente optrede van God, word sy regverdigheid duidelik sigbaar. Die verhouding tussen God en sy volk word gevolglik op grond van sy regverdige optrede gestabiliseer. Aangesien dit alles voor die oë van die volke plaasgevind het, ontvang God se Woord, en daardeur Hyself, ook roem en eer. Op sy beurt lei hierdie gebeure weer daartoe dat persone buite Israel ook in 'n gekontinueerde verhouding met Jahwe kan staan. Die geregtigheid van God, en die feit dat Hy as gevolg daarvan, sy verhouding met sy volk in stand hou, is dus 'n baie belangrike kontinuïteitsfaktor en gevolglik 'n belangrike gewer van identiteit. Indien iemand aan God verbind is deur die gehoorsame kneg, sal daar altyd kontinuïteit wees in die verhouding met God. Indien 'n hele gemeenskap aan die Here verbonde is, sal daardie verbintenis ook 'n stabiliserende effek op die gemeenskap hê.

Die rolle wat in die gemeenskap vervul word, kan dus nie na eie goeddunke vervul word nie, maar moet op interpersoonlike vlak in ooreenstemming met die Tora wat van God ontvang is, vervul word. God stel in hierdie opsig self die voorbeeld deur geregtigheid te laat geskied.

14. Jesaja 43:1-7

Wanneer Jesaja 42:24,25 nagegaan word, wil dit voorkom asof die geskiedenis van Israel tot 'n einde gekom het. Ten spyte daarvan dat die volk as buit oorgegee is, en oorlog teen hulle ontvlam het, het hulle steeds nie verstaan nie, en wou hulle nie die Here se wil doen nie. Die verwagting is dan dat daar geen verdere geskiedenis vir Israel sal wees nie. Maar dan begin die verse onder bespreking op 'n verrassende wyse, met 'n nuwe begin.

Die woorde wat in hierdie verse aangetref word, bring mens, volgens Westermann (1964:97), by die hart van Deutero-Jesaja se verkondiging. Baie duidelik kom die verkondiging aan die ballinge na vore dat die beslissende verandering in hulle lot plaasgevind het. Om hierdie verandering te weerspieël, word die hoofstuk ingelei met die uitrukking ועתה (maar nou). Die tydstip waarop die aankondiging gemaak word, is die punt van oriëntasie (Van der Merwe *et al.*, 1997:252). Sodoende word die kontras geskep tussen die lewe in ballingskap en die terugkeer na Jahwe. Israel het die einde van die pad bereik soos dit in Jesaja 42:18-25 voorgehou word. Maar die pad wat God in sy toorn met sy volk geloop het, het oënskynlik op niks uitgeloop nie. Terwyl God die ballingskap as uiterste tugmiddel aangewend het, het hulle dit wat met hulle gebeur het nie verstaan nie, en ook nie ter harte geneem nie. Jahwe is egter nooit by die einde van sy reserwes nie. Alhoewel daar niks in sy volk se gedrag te vinde is wat voortsetting van die verhouding motiveer nie, is daar steeds die genade wat in Homself te vinde is wat kontinuïteit vir sy volk moontlik maak. Dit is juis in die uiterste desperate omstandighede dat God in genade intree omdat Hy nie die werk van sy hande sal versaak nie (Muilenburg, 1956:480). Eichrodt (1972:420) koppel God se genadige optrede daaraan dat Hy as Israel se losser nie vrygestel kan word van sy verpligting teenoor sy volk nie, en daarom aan sy volk verbonde bly. Sy eer is op die spel, en daarom kan Hy nie toelaat dat daar gesê word dat Hy sy volk versaak het nie (Jes 48:9). In Jesaja 49:15 word dieselfde beginsel, maar met 'n ander metafoor, verduidelik. God word aldaar met 'n vrou vergelyk wat 'n kind in die wêreld gebring het, en dan word die vraag gevra of so iemand daardie kind kan vergeet. Selfs al sou dit moontlik wees dat 'n ma haar kind kan vergeet, is dit nie vir God moontlik om sy volk te vergeet nie (Motyer, 1993:394). Die beginsel van God se betrokkenheid staan selfs eskatologies vas, en word in die Nuwe Testament bevestig met die woorde van Filippense 1:6: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit enduit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom".

Soms is dit egter moontlik dat die besef dat God teenwoordig is, geheel en al by mense ontbreek. Indien iemand spreekwoordelik in vlamme verkeer, kan die vlamme die aandag so ten volle opeis dat daar nie 'n besef is van God se teenwoordigheid nie. In Jesaja 40:27 en 49:14 weerklink sulke gelykluidende klagte wanneer die volk kla dat God hulle nie raaksien nie, en dat Hy hulle vergeet het. Hierdie is een van die algemene klagtes wanneer mense in beproewing verkeer, naamlik dat God se teenwoordigheid nie beleef word nie. God gee egter die versekering dat Hy teenwoordig is, en dit moet gelowig aanvaar

word (Muilenburg, 1956:482). Indien die onsienlike nie in die geloof gesien kan word nie, sou Israel in hulle gedagtes en optrede aan Babel verkneg bly, en sodoende die identiteitspersepsie hê van: *Slawe van Babel.* Indien dit sou gebeur, sou hulle effektief die werklike identiteit wat hulle as kinders van God het, afstaan. Jahwe wil dit nie hê nie en daarom verkondig Jesaja aan Israel God se voortgesette band met hulle, en daardeur hulle voortgesette identiteit as kinders wat aan Jahwe behoort. Babel moet dus deur die ballinge nie as 'n plek van God se afwesigheid ervaar word nie, maar eerder as 'n plek van teenwoordigheid ten spyte van omstandighede. Israel moes ook hulle eie identiteit skoei op God se teenwoordigheid by hulle, en nie op hulle teenwoordigheid in Babel nie (Brueggemann, 1997:7,18).

God se voortgesette teenwoordigheid het vir sy volk uitgeloop op 'n herskeppingsdaad waardeur Hy hulle vrygemaak het (McKenna, 1994:450). Hierdie skeppingsdaad word weerspieël daarin dat God vir Hom 'n volk bymekaarmaak uit al die windrigtings en vanuit verskillende lande. Die kinders wat Hy so bymekaar gemaak het, kan nie gesien word as beperk tot genealogiese Israel nie. Tussen die ander nasies is daar ook seuns en dogters wat tot God se eer geskep is (Smart, 1967:97). Soos wat God in die begin die aarde geskep en gevorm het, so sal Hy nou weer sy vrygekooptes herskep en vorm. Soos wat die eerste skepping 'n wonderdaad van God was, so sal die herskepping ook 'n wonderdaad van God wees. Die herskepping van sy volk moet dus in dieselfde belangrike lig as die eerste skepping gesien word (Young, 1972:146).

Wat verder belangrik is, is dat God se mag nie geografies beperk is nie, maar oor die vier windrigtings van die aarde strek (vgl. Jesaja 45:6). Die herstel van sy volk vind dan ook vanuit al vier die windrigtings plaas. Hierdie gedagte word ook bevestig deur Jesaja 66:19 waar die Here sê: "Ek sal van dié van hulle wat die oordeel oorleef het, uitstuur na ander nasies toe, na Tarsis, na Pul, na Lud met sy bedrewe boogskutters, na Tubal, na Griekeland, en na die ver eilande toe wat nie van my roem gehoor het nie en nie my mag ervaar het nie. So sal dié wat Ek gestuur het, onder die nasies verkondig hoe magtig Ek is."

Die identiteit wat God se kinders het, word ook gevind in die feit dat Hy sy Naam oor hulle geskryf het. God noem hulle dus nie net baie individueel in Jesaja 43:1 op die Naam nie, maar hulle word ook in 43:7 na sy Naam genoem. Knight (1984:64) sien hierin 'n tweeledige betekenis. Enersyds ken Jahwe elkeen van sy seuns en dogters individueel by die naam, en andersyds besit al sy kinders 'n gesamentlike familienaam, en daardie Naam is "*Jahwe s'n*". Dit is verder ook van betekenis dat dogters by die seuns ingesluit word. Ook die vrouens vind hulle ware identiteit *daarin* om deel te wees van diegene wat aan die Naam van Jahwe verbind is. Wat hierdie identiteitselement 'n werklik kontinue karakter gee is die Nif'al-vorm נקרא wat hier nie refleksief nie, maar passief bedoel word. Die naamgewing is dus nie 'n aksie waarby Israel betrokke is nie, maar uit en uit soos by die skepping 'n aksie van God alleen (Halpern, 1998:627). Daardie naam kan dus as 'n kontinuum toegeëien word sonder dat dit ooit sal verval (vgl. ook Jesaja 44:5). Dit dui dan ook die herstelde verhouding tussen Jahwe en hierdie seuns en

dogters van Hom aan. Met hierdie naamgewing eis God ook sy kinders terug van die vreemde volke aan wie hulle in die ballingskap verkneg was (Koole, 1985:212).

Nie almal wat hulleself die naam *Israeliet* toe-eien, dra dus die *Naam van Jahwe* nie. Hierdie beginsel word deur die Nuwe Testament bevestig in Romeine 9:6 en verder: "Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: "Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom. Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie......" Dit is dus net diegene wat Hy geskep het tot sy eer, en wat Hy as sy seuns en dogters versamel het, wat werklik kinders van Abraham is. Vier keer in Jesaja (Jes 29:22; 41:8; 51:2 en 63:16) word Abraham genoem, elke keer bloot om God se gekontinueerde werk aan te dui. Die laaste keer word dit uitdruklik gestel dat Abraham niks van hulle weet nie (63:16). Dit gaan met ander woorde nie oor Abraham se nageslag nie, maar oor God wat die volk in die lewe hou. Die doel waarvoor Jahwe Homself aan mense verbind het, is immers nie dat hulle as familie kan voortbestaan nie, maar sodat Hy as God geëer moet word (Young, 1972:146).

Alles in ag genome is dit wat in Jesaja 43:1-7 aangetref word, goeie nuus in die mees desperate omstandighede. Brueggemann (1997:134) skryf daardie goeie nuus daaraan toe dat daar Iemand is wat die belofte maak dat Hy omgee, en dat Hy díe vir wie Hy omgee, intensief sal versorg. Wanneer daardie belofte aanvaar word, bring dit vir die een wat dit aanvaar het 'n identiteit wat onder alle omstandighede kan standhou omdat die band met God nie van omstandighede afhanklik is nie. Hy is immers die een wat tydens die skepping getoon het dat Hy chaos kan beheers en orde daaraan kan gee (Von Rad, 1965:241). Dit is juis in Hom wat die nuwe Israel, wat ook vanuit ander volke sy beslag kry, nou sy identiteit kan vind.

<u>Samevatting</u>

Ten spyte van die uiterste tugmiddels wat God in die lewe van Israel aanwend, loop dit uit op geen verandering in die gedrag en lewe van Israel nie. Vanuit sy eie genade, en vanuit sy selfopgelegde verpligting as Losser, verander God egter mense se lot. Die mense wie se lot verander word, word nie op grond van genealogiese lyne of geografiese grense gekies nie. Hiermee maak God sy alomteenwoordige regering bekend in die wyse waarop Hy vir Hom kinders uit alle windrigtings, oor landsgrense en ook oor geslagsgrense heen, versamel.

Dit is nodig dat hulle wat as God se kinders geroep is, die identiteit van "*Jahwe s'n*" wat hulle ontvang het, aktief moet toe-eien. Dit is egter moontlik dat omstandighede so 'n verblindende uitwerking kan hê dat nóg die teenwoordigheid van God, nóg die identiteit wat sy teenwoordigheid moontlik maak, werklik deurdring tot die ontvangers daarvan. Jesaja gee daarom 'n nuwe punt van oriëntasie waarvandaan daar

’n doelbewuste identiteitsverskuiwing vir die seuns en dogters van God moet kom. Hulle moes ophou om aan hulleself te dink as slawe van Babel en eerder aan hulleself begin dink as kinders van God aan wie Hy sy Naam gekoppel het. Hierdie identiteit kan op elke geografiese plek deur mense ervaar word omdat God Homself aan mense verbind en nie aan plekke nie.

Soos wat God in die begin die aarde geskep het, so het Hy in ’n herskeppingsdaad ook vir Israel herskep uit die chaos van ballingskap en vanuit verskillende volke. Identiteit binne die nuwe Israel moes egter nie as slegs korporatief beleef word nie, maar ook as individueel omdat Jahwe Homself korporatief aan ’n groep mense, en individueel aan individue binne daardie groep verbind.

Wat identiteit wat op hierdie wyse verkry word, ’n standvastige identiteitselement maak, is die passiewe rol wat die ontvangers hierin speel. God bewerk nie net ’n individuele verbintenis met Homself nie, maar daar kom ook ’n identiteitsversterkende verbintenis tot stand met die groep waaraan Hy Homself verbind het. Dit is dus nie net individue se verhoudings wat gestabiliseer word nie, maar ’n hele gemeenskap se verhoudings word hierdeur gestabiliseer en staan selfs eskatologies vas. Dit wat God verwag van hulle wat hierdie identiteit ontvang het, is om Hom te eer.

15. Jesaja 43:22-28

Die motivering vir die behandeling van hierdie verse is nie as gevolg van die kontinuïteitsfaktore wat daarin voorkom nie, maar wel as gevolg van die diskontinuïteit wat daarin voorkom. Daar is diskontinuïteit in die verhouding met God, maar daar is egter ook diskontinuïteit in die gevolge van Israel se sonde omdat God vergifnis sal bewerk.

In die verse wat nou bespreek word is dit nie die volke, of die gode wat in ’n juridiese rede aangespreek word nie, maar wel Israel (Westermann, 1964:134). In vers 22-25 voer God ’n twisgesprek met sy volk, en in vers 26-28 daag Hy hulle voor Hom as Regter. Die klag van die Here teen Israel is in werklikheid sy reaksie op hulle aanklag teen Hom dat hulle beter verdien as die swaarkry in ballingskap. Hulle het na hulle gevoel immers baie offers aan Hom gebring. Maar dit is in die gesindheid waarmee die offers gebring is, waar die probleem gelê het (Koole, 1985:245). Op ’n tipiese voorballingskapse wyse spreek Jesaja die volk aan op ’n punt waar hulle gedink het hulle sonder verdenking is, naamlik die kultiese uitdrukking van hulle geloof (Motyer, 1993:338).

Goldingay (1998a:174) vestig die aandag daarop dat Israel se gesindheid waarmee hulle offers gebring het, ten diepste nie daarop gerig was om die Here te dien nie. Hulle wou Hom eerder daarmee beweeg om hulle te dien. Hiermee bevestig die skrywer dit wat deur voorballingskapse profete soos Hosea en Amos gesê is oor die uiterlikheid van die godsdienstige bedrywighede van die volk. Die gesindheid waarmee offers gebring is, was nie opofferend en dienend van aard nie. Die volk het eerder verwag dat

hulle offers voordeel vir hulleself moes bring. Israel se aanbidding het met ander woorde kontak met die werklikheid van ware aanbidding verloor (Westermann, 1996:131).

Alhoewel Jakob-Israel onder die indruk was dat hulle die Here aangeroep het, en vir Hom moeite gedoen het, was dit nie regtig die geval nie. Alhoewel hulle geroep het, is dit nie vir Jahwe wat hulle aangeroep het nie. En alhoewel hulle moeite gedoen het, was die moeite nie op Jahwe gerig nie (Goldingay, 1998a:178). Omdat Israel sy God slegs uiterlik gedien het, was die ballingskap regverdig en het Israel dus geen grond gehad vir 'n klag teen Jahwe nie. Hy het dus die rol vervul wat Hy volgens die verbond moes vervul, terwyl Israel dit nie gedoen het nie (Koole, 1985:247).

In plaas daarvan dat God 'n behae moes kon vind in die offers wat gebring is, was die godsdienstige aksies van Israel eerder vir Hom 'n las gewees. Met die gebruik van העבדתני in vers 24, word 'n sleutelelement in die Godsopenbaring in Deutero-Jesaja aangetref. Israel het gepoog om van God 'n עבד (Kneg) te maak. Indien God hierin gedwing kon word, beteken dit dat sy Goddelikheid daarmee verlore sou gaan omdat Hy daardeur verkneg sou word. Soos uit die behandeling van die Knegliedere sal blyk, kon Israel nie vir God dwing nie. Dit is God wat in sy trou teenoor Homself 'n עבד יהוה (Kneg van Jahwe) aangestel het (Westermann, 1996:131).

Te midde van skuld word dit tog duidelik dat God instaat is om die volk te vergewe. Die rede vir hierdie vergifnis lê egter nie in die volk nie maar in God. Alvorens hierdie vergifnis effek kon kry, was dit nodig dat die sondaars hulle eie hopeloosheid voor God se regbank moes besef (43:27). Hierdie skuld is later in Jesaja 59 erken en deur Jesaja as mondstuk van die volk verwoord. Dit is dus nie in die bring van uiterlike offers wat vergifnis vir mense lê nie, maar in die vermoë van God om verlossing te bewerk (Motyer, 1993:340).

Aangesien die offers en godsdienstige aksies van Israel nie op diens aan God gerig was nie, is die uitspraak in die geding tussen God en sy volk nie vryspraak nie, maar straf. Die straf is die verwydering van die spesiale band wat daar tussen Jahwe en Israel was. Hulle was 'n volk wat vir Hom geheilig is. Hierdie afgesonderdheid vir Jahwe het prakties en simbolies na vore gekom in die kultiese gebruike wat Hy hulle beveel het om in en om die tempel na te kom. Daardie spesiale status wat Israel as God se uitverkorenes gehad het, het Hy egter weggevat. Die wyse waarop Hy Babel teen Jerusalem en die tempel laat optree het deur dit te laat afbreek, het bewys dat die spesiale band gebreek is. Selfs die moontlike voortsetting van die kultiese gebruike wat op Hom gerig moes wees, het God voorkom. Hy het dit gedoen deur nie net die tempel waar die gebruike uitgevoer moes word te laat afbreek nie, maar ook die persone wat die diens moes verrig ongeskik daarvoor te maak. Dit was dus nie net die band tussen God en sy volk wat verbreek is nie. Al die bewyse van die bestaan van daardie band, sowel as die moontlike voortsetting van die tradisionele band is ook getermineer (Goldingay, 1998a:190). 'n Verdere bewys dat God die verhouding met Israel in dieselfde lig gesien het as sy verhouding met enige ander

volk, is die feit dat Hy Israel aan die ban oorgegee het soos wat ander volke vroeër aan die ban oorgegee is. Die gebruik van חרם is 'n bewys van die totale vernietiging waarmee God die tradisionele Israel getref het, 'n vernietiging wat nie net polities nie, maar ook religieus van aard was (Giesen, 1986:201). Die vernietiging wat God in Jesaja 5 aangekondig het, het Hy inderdaad laat gebeur. Dit was nie dus net 'n dreigement nie, Hy het sy volk prysgegee aan vertrapping (Knight, 1984:73).

Samevatting

Die kontinuïteit in Israel se bestaan word op politieke, sowel as godsdienstige vlak met die ballingskap getermineer. Die rede hiervoor is die gebrek aan kontinuïteit in Israel se opofferende diens aan God. Alhoewel die kultiese handelings uiterlik uitgevoer is, het dit nie met die gepaardgaande innerlike opofferende ingesteldheid gepaard gegaan nie. Israel het met ander woorde nie gepoog om hulle eie verhouding met God te versterk nie, maar was eerder daarop uit om God tot hulle eie voordeel te probeer manipuleer. Omdat daar nie 'n emosionele band met God was nie, kon Israel se godsdiens ook nie dien tot versterking van die identiteit wat hulle moes hê nie. Uit bostaande kan afgelei word dat Israel nie sy identiteit as volk van God volledig geïnternaliseer het nie. Daar was wel die nakom van uiterlike gebruike, maar dit het nie gepaard gegaan met 'n hartsverbondenheid nie.

Wat die situasie heeltemal laat versleg het, was die feit dat alle differensiasie tussen Israel en die heidense volke met die koms van die ballingskap verdwyn het. Jerusalem se politieke mag wat die Here aan Dawid gegee het, het verdwyn. Die onderskeidende kultiese gebruike wat in die wet voorgskryf is en op Sion uitgevoer is, het opgehou bestaan. Israel is saam met ander volke in die ballingskap oor die selfde kam geskeer. God het selfs die ban oor Israel uitgespreek, en dit is deur Babel voltrek soos wat Israel vroeër die ban oor ander volke voltrek het.

Alhoewel Israel ontrou was in die uitoefening van hulle ware godsdiens, en hulle deur God prysgegee is, het dit nie die einde van die verhouding beteken nie. God het in sy trou 'n Kneg aangestel wat weer die verhouding tussen Hom en 'n oorblyfsel sou herstel. Jahwe sit dus sy verbintenis met Israel voort, nie omdat hulle Hom gedwing het of beïnvloed het nie, maar omdat Hy getrou is aan Homself.

Na die ballingskap sou identiteitsversterking weer plaasvind. Dit sou volg uit die verbintenis met Jahwe wat op Sion aanbid word (Jes 55:5). Soos elders aangetoon was daar egter toe nie meer sprake van die uiterlikheid van voor die ballingskap nie. Die wat na Sion opgetrek het, sou dit immers doen ter wille van Jahwe self.

16. Jesaja 45:17; 51:6,8

Die onderwerp wat in hierdie twee gedeeltes na vore kom en bespreking verg, is die kontinuïteit in die redding wat die Here bewerk, en as blywende redding beskryf word.

In Jesaja 2:2-4 het die Here dit in vooruitsig gestel dat al die volke van die aarde na Sion sal optrek. Die motivering vir die optrek na Sion sou religieus van aard, en nie egoïsties gemotiveerd wees nie (Roland de Vaux, 1978:326). In Jesaja 45:17 en 51:6,8 word aangedui hoe die redding wat die Here reeds lank tevore aangekondig het, nou 'n werklikheid word. Díe wat hulle besig hou met afgodsbeelde sal nou verleë staan, terwyl hulle wat die lewendige God aanbid, ewig gered sal word (Van Winkle, 1997:344). Die rede vir die verleentheid en die skande van die afgodsdienaars is dat hulle gode hulle nie kon red nie. Elke konsentrasie van mag het 'n god nodig wat aan daardie mag geloofwaardigheid en legitimiteit kan gee. Dit het egter duidelik geword dat die afgode nie die krag het om dit te kan doen nie. Die feit dat Jahwe daardie mag het, blyk nou duidelik uit die redding wat Hy bewerk. Daardie redding is ook nie net tydelik nie, maar ewig terwyl die skande van díe wat nie aan God verbind is nie, ook ewig sal wees (Brueggemann, 1997:121).

Met die redding wat God bring, word die tydelikheid van die mens se bestaan deurbreek. Daar is naamlik in die redding wat God vir die nuwe Israel bring, soos in Jesaja 51 behandel word, nie 'n tydelikheid nie, maar 'n ewigheid. Die woord עולם word dan ook telkens in die drie verse onder bespreking gebruik om die ewigheid van die redding eskatologies uit te beeld. Terwyl die redding prakties 'n werklikheid geword het deur die terugkeer uit ballingskap, moet daar egter ook deeglik daarmee rekening gehou word dat die redding eers eskatologies voltooi sal word (Vriezen, 1966:491). Daar is verder ook 'n belangrike onderskeid tussen die terugkeer uit die ballingskap en die ewige redding deur Jahwe. Terwyl groepe na Sion teruggekeer het, sal die ewige redding op 'n baie individuele basis geskied. Die redding word dus nie kollektief ontvang nie, maar individueel deur elkeen wat tot die nuwe Israel behoort (Knight, 1984:96).

Die ewige heil wat Israel sal ontvang, het te make met die permanensie wat Jahwe aan die geskiedenis sal gee. Die ander volke is aan wisselvalligheid onderworpe, maar Jahwe het in sy raadsplan vir sy volk 'n toekoms uitgewerk wat Hyself tot uitvoer bring. Dit is van Hom, die ewige God wat nie moeg raak nie, van wie Israel krag en redding ontvang (Koole, 1985:352). Eichrodt (1972:358) sien die verlossing waarna daar in hierdie verse verwys word, as 'n aanduiding van die totale bevryding wat God bewerk en wat aktief deur die verloste beleef sal word. Die verloste sal ewig bevry wees van die dood, maar ook van dit wat vreugde ontneem (Jes 51:11). Soos wat God se redding nie beperk is tot die grense van etnisiteit nie, is sy redding ook nie beperk tot die grense van tyd of beperk tot een sfeer van die lewe nie. Hy red uit ballingskap, en uit etnisiteit, en uit verganklikheid, en uit hartseer, en uit alles waarvan die mens verlos moet word om hom te laat wees wat hy veronderstel is om te wees (Delitzsch,1949b:226).

Die aarde soos dit nou geken word, sal gevolglik verbygaan. Daarenteen sal die redding wat nou reeds deur God gebring word, en reeds deur sy nuwe volk beleef word, uitkring en bloei. Alles wat tans sigbaar bestaan, soos die aarde en die hemelruim daarbo en wat ook al nou vir die mense 'n toonbeeld van

standvastigheid is, sal in hulle huidige bestaanswyse verdwyn. God se redding en regverdigheid sal egter steeds bly vasstaan. Dit is in die wete dat ware troos vir die nuwe volk van God geleë is (Ridderbos, 1985:456). Nooit weer sal God se volk verleë en teleurgesteld staan nie. Hierin lê daar blywende sekuriteit opgesluit (McKenna, 1994:477).

Alles in ag genome beteken die redding wat Jahwe vir sy kinders bewerkstellig, dat een van die hoedanighede waaroor slegs God in hierdie bestel beskik, naamlik ewige lewe, ná die verlossing ook deur sy nuwe volk gedeel sal word (North, 1967:210). Die wyse waarop hierdie redding geskied, kom egter nie deur die vermoë van 'n blote mens nie. Alvorens daar ewige lewe kan wees, moet daar eers met die dood afgereken word. In ballingskap het die ou Israel gesterf. God het na die ballingskap 'n nuwe Israel uit al die volke versamel. Dit het ook die werksaamheid van die ware Kneg vereis om met die dood af te reken. Dit is slegs na die koms van die ware Kneg, Jesus Christus, wat daar vanuit die dood na die ewige lewe oorgegaan kan word (Helberg, 1988:206).

Samevatting

Wanneer Jahwe iets aankondig dan laat Hy dit gebeur. Vroeër het Hy redding aangekondig, en Hy laat dit nou gebeur. Die redding wat Hy bring getuig van sy krag, omdat Hy sy volk uit ballingskap sal terugbring na Sion toe. Die redding wat Jahwe bring is egter nóg tot etniese Israel, nóg tot Sion, nóg tot 'n bepaalde tyd beperk. Die redding wat God bring, deurbreek dus die tydelikheid van die mens se bestaan. God kontinueer dus iets wat in hierdie era tot Hom beperk is, naamlik ewigheid, na die mens deur die redding wat Hy in Christus bewerkstellig. Die gevolg van hierdie redding op die emosie van die verloste mens is dat hy ewige vreugde sal hê. Sodoende word die hoogste en finale vorm van emosionele ekwilibrium beleef wat dan daartoe sal lei dat die ideale en volmaakte identiteit gevind sal word.

17. Jesaja 47; 51:17-52:2; 54:13

Die fokus val in bogenoemde gedeeltes op die wyse waarop God teenoor Babel en Jerusalem optree sodat daar kontinuïteit vir Jerusalem kan kom.

Jesaja 47 bespreek die vervulling van dit wat die Here met sy gesalfde Kores wou bereik. Babel word verower en die ballinge kan na Sion terugkeer. Alhoewel Babel nie gedink het dat sy sal ondergaan en haar wrede optrede teenoor Israel gewreek sal word nie, is dit tog wat nou gebeur. Jahwe vergeld Babel vir dit wat sy aan Sion gedoen het (Franke, 1996:119). Om dit wat gebeur uit te beeld, word beide Babel en Sion as vroue voorgestel van wie die posisies omgekeer word. In Jesaja 47 word Babel as 'n vernederde vrou voorgestel. Sy moet van haar troon afklim, kaal uitgetrek word en in die stof gaan sit om die beker van God se toorn te drink. In Jesaja 52:1,2 word Sion as 'n vrou voorgestel wat getooi word vir 'n spesiale geleentheid. In teenstelling met Babel word sy nou van die beker van God se toorn verlos, en daarom moet sy uit die stof opstaan en mooi klere aantrek. Sy word sodoende gereed gemaak

om die posisie te beklee wat die Een wat haar verlos het, vir haar wil gee (Biddle, 1996:129). Die posisie wat sy sal ontvang, word dan verder in Jesaja 54 uitgewerk. Sion moet haar naamlik gereed maak om terug te keer na Jerusalem, waar niemand weer iets teen haar sal kan uitrig nie omdat God self haar beskerm (Ridderbos, 1985:496).

Die rede vir die ommekeer en die herstel van Israel kan nie in haarself gevind word nie, maar moet geheel en al binne die verbondstrou van God gevind word. Soos wat Israel uit Egipte gered is omdat God aan Abraham 'n belofte gemaak het, so vind daar 'n nuwe eksodus uit Babel plaas omdat God 'n vredesverbond met die nuwe Israel sluit (Jes 54:9) (Bright, 1981:356).

Die band wat God met sy uitverkore volk het, word dus voortgesit. Israel was maar vir 'n tyd lank, en met 'n spesifieke doel, aan Babel oorgegee. Babel se mag, hoe massief en indrukwekkend dit ook al was, het nie die mag van Jahwe oorskadu nie. Daarom het dit slegs solank bestaan as wat Jahwe vir Babel as instrument wou gebruik om Israel te straf. Babel het in sy tyd van groot krag nooit daarmee rekening gehou dat hy ook aan Jahwe rekenskap verskuldig is nie (Brueggemann, 1997:123).

Alles in ag genome is dit nie die glorieryke, magtige stad Babel wat voortbestaan nie, maar die vernietigde Jerusalem waarin Sion geleë is. Dit is dus nie die magtige stad Babel en sy god Marduk wat voortbestaan tot in ewigheid nie, maar Sion. Die stede is immers nie 'n doel op sigself nie, maar beide stede het ten doel om God se teenwoordigheid by mense bekend te maak. Die verskil tussen Babel en Jerusalem lê dan daarin opgesluit dat God die mense van Babel vir 'n kort tydjie gebruik het sodat Hy die verbondsverhouding wat Hy met mense van Jerusalem het, kon herstel. In politiek is dit immers nooit mense wat die finale sê het nie, maar God (Knight, 1984:108). So word die klaaglied van Babel se vernedering dan 'n feeslied wat die nuwe Israel ter ere van die God, wat Homself aan Sion bekend maak, kan sing (Westermann, 1964:279).

Biddle (1996:139) maak dit egter baie duidelik dat die herstelde Jerusalem nie op die historiese Jerusalem dui nie. Jerusalem kon immers nie in sy oorspronklike glorie herstel word nie, omdat daar nog nooit 'n geestelik glorieryke Jerusalem was nie. Soos wat Babel verbygegaan het, so sal dit ook wees met Jerusalem. Ongehoorsame Jerusalem sal verdwyn en in die plek daarvan sal 'n nuwe Jerusalem opgerig word wat uiteindelik ewig sal bestaan.

In daardie Jerusalem sal al die mense wat verlos is saam gegroepeer word. Die wat nie verlos is nie, sal dan ook nie meer deel van daardie sosiale gemeenskap wees nie. Kontradiksies sal dus nie meer in gedrag of waardes voorkom nie, omdat almal by die Here se kneg leer leef het. Al die inwoners van daardie Sion sal leerlinge van die Here wees en hulle sal altyd vreugde geniet (Motyer, 1993:450)

Samevatting

Alhoewel die politieke situasie vir die volk van God uitsigloos was in die tydperk waarin geen terugkeer moontlik was nie, het daar tog 'n verandering gekom. Die gesag wat Babel oor Israel gehad het, is getermineer en die verhouding wat God met Israel gehad het, is voortgesit. 'n Persoon kan dus nie aanvaar dat sy omstandighede onveranderbaar is, en sy identiteit daarop skoei nie. Alhoewel Israel volgens Psalm 137 geen lied oor Sion in Babel kon sing nie, het die tyd weer aangebreek waarin hulle 'n feeslied oor Sion kon sing. Die lied wat oor Sion gesing kon word sou egter geen inhoud hê as dit nie sou gaan oor God wat Homself aan Sion bekend gemaak het nie. 'n Politieke struktuur het immers nog nooit in die geskiedenis van die wêreld kontinuïteit in die totale sin van die woord gehad nie. Kontinuïteit is dus nie te vind in politieke strukture nie, maar in 'n verhouding met God. In die nuwe Jerusalem sal die fokus ook nie val op die glorie van die stad nie, maar op die teenwoordigheid van God daarin. Verder sal daar ook kontinuïteit in die gedrag van die inwoners wees omdat almal dieselfde waardes sal hê.

18. Jesaja 49:16; 56:5

In die verse wat nou onder bespreking kom, word kontinuïteit aan 'n naam gekoppel. Daardie naam word nie vergeet nie, omdat daar in 49:16 gesê word dat díe naam in die handpalms gegraveer is. Ook mense wat nie voorheen in die vergadering van die Here mog kom nie (56:5), ontvang 'n ewige naam wanneer hulle aan die Here gehoorsaam is.

18.1 Jesaja 49:16

Knight (1984:138) verduidelik dat dit wat in hierdie vers afgebeeld word, sy oorsprong het in 'n praktyk waarmee Israel in Babel sou kennis maak. Die Babiloniërs het naamlik die gebruik gehad om die god wat hulle aanbid het se naam op hulle hand te tatoeëer. Hierdie merk moes dien as 'n herinnering aan die god tot wie hulle behoort. Hierdie god het dan ook die aanbidder se lewe beheers. 'n Soortgelyke gebruik word ook in Israel aangetref tydens die uittog uit Egipte. In Eksodus 13:9 word gesê dat die fees van die pasga vir Israel moet wees soos 'n teken op die hand. Die merk op die hand word in Jesaja 49:13 omgekeer en op God van toepassing gemaak. Dit is Hy wat Sion se naam in beide sy handpalms gegraveer het (McKenna, 1994:516). Alhoewel dit antropomorfies bedoel word, is die betekeniswaarde daarvan dat God hulle nooit sal vergeet nie. Met die byvoeging by die beeld dat die mure van Sion voortdurend voor Hom is, word die dieper emosionele betekenis van die beeld gegee. In teenstelling met die moderne westerse mens wat 'n gemeenskap sien as 'n samevoeging van 'n klomp individue, het die Hebreërs die gemeenskap gesien as die moeder waaruit die individu voortkom. Toe die gemeenskap se stad verwoes is, het dit hulle dus in hulle denke, wees gelaat. Die herbou van die stad sou dan nie net weer vir hulle 'n woonplek gee nie, maar veral ook 'n toekoms, status en 'n identiteit. Die geloofsgemeenskap sou met die herbou van die stad weer sodanig kon funksioneer dat individue deur die gemeenskap 'n identiteit gegee kon word (Muilenburg, 1956:574). In teenstelling met Sion wat herbou

sal word sodat almal sal besef dat daar net een God is en dat Hy die Verlosser is, word Babel se bestaan om dieselfde rede gediskontinueer (Jes 47). Vir Sion kan daar dus 'n toekomsverwagting wees, maar arrogante Babel sal niemand vind om haar te red nie, omdat dit Sion se naam is wat in die Here se hand gegraveer is (Biddle, 1996:131).

Von Rad (1965:250) beskryf die beeld wat gebruik word as 'n appèl wat op beide rede en emosie gemaak word. God se voortdurende betrokkenheid by sy volk word met hierdie beeld baie duidelik uitgedruk. Sodoende sal díe wat in ballingskap verkeer, nie moed verloor nie, en op Jahwe bly hoop. God se standvastige liefde, sy vredesverbond en sy medelye word met hierdie beeld sodanig beklemtoon dat dit die vloed van vyande, die afwesigheid uit Sion asook die skande en vrees van die ballingskap oorspan. Die ballingskap, wat die betekenis van Israel se volksbestaan vir hulle uitgewis het, word met hierdie uitbeelding opgehef. Indien onthou word dat die naam van sy volk in God se hand gegraveer is, sal die ballingskap nie meer as die einde van die volksbestaan gesien word nie, maar slegs as 'n fase. Die kontinuum is met ander woorde nie die ballingskap nie, maar die verhouding met God, weerspieël in die gegraveerde naam in God se handpalms. Dit moet egter steeds in geloof aanvaar word dat God so by sy volk betrokke bly (Brueggemann, 1997:19).

Samevatting

God maak 'n appèl op beide rede en emosie met die antropomorfiese uitbeeelding van 'n gravure van Sion se naam op sy handpalms. Hierdie segswyse gee kontinuïteit op twee vlakke. Enersyds sal dit waarvoor Sion staan, nooit verdwyn nie. Die verhouding wat God en mense het sal altyd daar wees. Andersyds is die gegraveerde naam die waarborg van die permanensie van die een wie se naam gegraveer is. Die wedersydse verhouding tussen God en die wat aan Hom behoort, is dus permanent. Dit is egter nie net die verhouding wat voortgaan nie. In die voortgaande verhouding word praktiese versorging ook uitgebeeld met die gedagte dat die mure van Sion voortdurend voor die Here is. Twee identiteitsfaktore wat baie sterk identiteitdraend is, word dus verseker, 'n mens se naam en sy woonplek. Geen god is al vir so lank by sy volk betrokke soos Jahwe nie, en daarom kan die versekerings wat hier gegee word, in al die kontinuïteitsbehoeftes van die individu sowel as die gemeenskap voorsien. Indien hierdie wete in geloof aanvaar word, sal nie net identiteit versterk word nie, maar ook die vertrouensverhouding tussen God en gelowige. Sodoende sal 'n emosionele ekwilibrium bereik word wat tye en omstandighede oorspan. Indien bepaalde fases in die lewe deurleef moet word, kan daar 'n stabiele verhouding tussen God en gelowige bly bestaan. Moeilike omstandighede weerspreek klaarblyklik God se voortgesette band met gelowiges. Die besef dat moeilike omstandighede nie blywend is nie, maar net 'n fase, bring egter stabiliteit in die eie identiteit. Dit wat in hierdie gedagtes oorgedra word, vorm dan 'n fundamentele beginsel vir identiteit.

Vir vandag beteken dit dat hierdie beginsel reeds van kleins af aan kinders van gelowiges gekommunikeer moet word aangesien die kerk individuele gelowiges vooraf gaan. Dit is deel van die rasionaal waarom kinders van gelowiges gedoop word. Kinders ontvang sodoende die belofte van 'n blywende identiteit omdat die kerk, as liggaam van Christus, gelowiges tot gevolg het en nie gelowiges 'n kerk nie.

Indien daar geen geloof in God is nie, kan hierdie identiteitgewende faktore egter nie aanwesig wees nie, en daarom moet dit wat beloof is, as oorgedraagde komponent gelowig aanvaar word.

18.2 Jesaja 56:4,5

In ooreenstemming met die toelating van ander volke tot die volk van God (Jes 42:10-12), word ook ander wat vroeër nie deel van die Godsvolk kon wees nie (Deut 23:1), nou wél toegelaat. Die Here gaan egter nog verder as toelating en gee aan ontmandes die moontlikheid om selfs 'n ereplek te beklee. Hierdie ereplek is om in God se tempel, dit wil sê in sy direkte teenwoordigheid, te mag inkom. Waar daar eers in vele opsigte diskontinuïteit was, word nou absolute kontinuïteit gegee (Smart, 1967: 229). Die ontmande hoef geen vrees meer te hê dat hy uit die vergadering van die gelowiges uitgesluit sal word as gevolg van sy fisiese toestand nie. Dit wat ingang in die koninkryk van God moontlik maak is immers nie 'n fisiese toestand nie, maar dit wat in die gees van die mens gebeur. Dit wat in die gees van die ontmande moet gebeur is om die wet van die Here na te kom. Uiterlike wetsonderhouding is egter nie goed genoeg nie, maar moet saamgaan met die ingesteldheid van die hart om ook die verantwoordelikheid wat die verbond eis, na te kom. Jahwe verwag dus van almal dieselfde en dit is gehoorsaamheid en 'n hartsverbondenheid aan die verbond (Young, 1972:391).

Die uitdrukking van die hartsverbondenheid aan wet en verbond is gevind in die onderhouding van die Sabbat. In die ballingskap en na-ballingskaptyd, was daar geen nasionale kultus meer oor nie. Die vraag in Psalm 137 oor hoe Jahwe in 'n vreemde land aanbid kan word, is kensketsend hiervan (Van Winkle, 1997:345). Die onderhouding van die sabbat was dus 'n bewys van 'n individuele verbintenis aan Jahwe. Gevolglik word 'n verbintenis met Jahwe nie meer gemaak via 'n verbintenis met kultiese Israel nie, maar is daar 'n direkte geloofsband wat uitdrukking vind in wetsonderhouding (Westermann, 1996:313). Dit wat die Here vir hulle wat so aan Hom verbonde is, gee, is beter as wat seuns of dogters sou gee. So het die ontmande Etiopiër in Handelinge 8 'n naam in die kerk wat verder bekend is as wat 'n lang geslagsregister van sy nageslag of 'n gedenksteen aan hom kon gee. Hierdie is 'n gevolg van dit wat beskryf word in Jesaja 55:13. Deur vir Homself 'n wêreldwye volk te versamel, het Jahwe vir Homself 'n blywende Naam opgerig. Hierdie realiteit word ook gedeel deur diegene wat aan Hom behoort, ongeag vorige uitsluiting as gevolg van fisiese faktore (Motyer, 1993:466). Deur sodoende vir die ontmande 'n naam te gee, word dit weereens beklemtoon dat Jahwe kan doen wat 'n mens nie kan doen

nie. Deur in sy teenwoordigheid te verkeer, kan 'n mens wat in homself soos gras is, dus kontinuïteit verkry wat ver uitstyg bo enige iets wat hyself kon verwerf (Kidner, 1986:620).

Deur saam met andere aan Jahwe vas te hou, kom daar dan onderling 'n nuwe gemeenskap tot stand. Die *uitverkore volk* word nou vervang met die *belydende gemeenskap*. Skeiding word met ander woorde nie langer langs fisiese lyne gemaak nie, maar langs geestelike grense (Westermann, 1996:313).

Samevatting

Fisiese toestande bepaal nie die verhouding met God nie, maar wel geestelike toestande. Die geestelike toestand van die mens vind uitdrukking in wetsonderhouding, en die nakom van die verantwoordelikheid wat die verbond inhou. Die innerlike identiteit wat Jahwe gee, vind met ander woorde uitdrukking in uiterlike gehoorsaamheid aan die Here. Uiterlike wetsonderhouding alleen het egter geen waarde nie. Daarom word ware aanbidders dikwels eers geëien wanneer die kultus nie meer 'n nasionale aksie is wat plaasvind nie. Dit is in daardie individuele verbintenis met Jahwe wat kontinuïteit gevind kan word, en die mens aan sy *verganklik-soos-gras* wees kan ontkom. Hierdie individuele gelowiges word dan saamgevoeg in 'n belydende gemeenskap, ongeag etniese verbintenis.

Identiteit word met ander woorde gevind in: ek behoort aan die Here. Dit word as 'n teken op die hand geskryf sodat dit nie vergeet moet word nie. Dit is dan ook die waarde wat simbole in die geloofsgemeenskap het, naamlik om te herinner.

Daar kom in relasie met God 'n dramatiese wending. Nie inwoning in 'n bepaalde stad of sosiale aanvaarbaarheid gee meer die hoogste mate van identiteit nie, maar die innerlike identiteitswaarde wat uit die verhouding met God geput word. Sodoende kan selfs vroeëre uitgeworpenes, soos ontmandes en heidene, ername kry wat op die mure van die tempel geskryf sal word. In die verhouding met God tel sosiale identiteitsmaatstawwe met ander woorde nie meer nie, maar word dit met nuwe waardes vervang. Onderhouding van die sabatte en lewe volgens die verbond, word nou die maatstaf waarmee volkskap gemeet word. Hierdie volk sal na die heilige berg toe gebring word, en die tempel sal 'n huis van gebed wees vir alle volke.

19. Jesaja 49:8; 57:13; 58:13,14

Die kontinuïteitsfaktor wat in hierdie drie verse voorkom is dat 'n herstelde verhouding met God daartoe sal lei dat die verbintenis met die land gekontinueer word.

Reeds in die eerste hoofstuk van Jesaja (1:7,19,20) word daar 'n verbintenis gemaak tussen die verlies van die land en ongehoorsaamheid aan die gebooie van die Here. Israel kon dit ook te wagte wees dat voortgaande ongehoorsaamheid aan die Here met verlies van die land gepaard sou gaan. Die belangrikste

rede vir die verlies van die land, is egter nie ongehoorsaamheid aan die wet nie, maar aanbidding van afgode wat die land besoedel het. Die wegvoer uit die land het vir die volk die dood beteken (Helberg, 1990:21). God het Israel immers in Deuteronomium 28 gewaarsku dat ongehoorsaamheid in toenemende mate gestraf sal word, met uiteindelike verlies van die beloofde land. Soos uit Jesaja 6 duidelik geword het, sou die land egter nie permanent verloor word nie, aangesien 'n oorblyfsel sou terugkeer.

As gevolg van Israel se ongehoorsaamheid aan God kon hulle nie self die herverkryging van die land bewerk nie. Die begin van die herstelproses word in Jesaja 49:8 teruggevoer na die werk van die kneg van die Here wat as gevolg van sy besondere verhouding met God vir die volk 'n seën bring (Motyer, 1993:390). Die gehoorsaamheid van die kneg verskaf die basis waarop die nuwe eksodus sou plaasvind en die land weer verkry kon word. Diegene wat aan die kneg getrou is, sou deel in die besit van die land.

Tog moet dit nie verstaan word dat getrouheid aan die kneg die wyse is waarop die land verdien kan word nie. Helberg (1990:98) wys daarop dat die land 'n erfstuk van die Here is en dat Hy die volk óf kan onterf óf weer die land aan hulle kan toedeel. Die wyse waarop die toedeling bewerk word is deur die herstel van die verhouding met God deur die kneg van die Here. Die kneg sal dus persoonlik doen wat die volk korporatief misluk het om te doen (McKenna, 1994:511).

Die herstel van die land gaan egter wyer as net die herstel van Israel. In Jesaja 49:6 sê die Here dat die kneg se werk nie tot Israel beperk is nie, maar dat dit tot aan die einde van die wêreld moet strek. In die lig hiervan sien Knight (1984:133) die herstel van die land nie beperk tot die herstel van die geografiese land Juda nie. Herstel lê wyer as dit. In Jesaja 45:18 sê God dat Hy die hele aarde geskep het om bewoon te word. Aangesien die kneg 'n lig geword het vir die nasies, sodat sy redding die uithoeke van die aarde sal bereik, sal die herstel wat plaasvind ook die uithoeke van die aarde bereik. Die hele aarde is met ander woorde voorwerp van God se herstel.

Die nuwe verbintenis met God sal dus 'n nuwe verbintenis met die land tot gevolg hê. Die aarde sal weer goed wees soos wat dit in die begin was toe God dit geskep het. In Jesaja 65:17 word díe gedagte verder uitgewerk. Die herstel wat die Here teweegbring sal nie net op geestelike vlak lê nie, maar sal ook 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde insluit (Young, 1972:278). Die wyse waarop die kneg die herstel van die land sal bewerkstellig, word in Jesaja 42:6 behandel waar die kneg *God se verbond met sy volk* genoem word. Die verhouding tussen God en sy volk sal met ander woorde in die kneg gefundeer wees, en deur hom funksioneer (Ridderbos, 1985:439). Die Dawidiese koninkryk word gevolglik herstel, nie vanuit die genealogiese geslag van Dawid nie, maar deur die Messias. Hy wat die ware nasaat van Abraham is, en aan wie die land oorspronklik belowe is (Young, 1972:278).

God is dus nie tot een land beperk nie, maar is teenwoordig in die harte van die mense wat Hom in waarheid soek. Dit veronderstel dus grondige bekering by die volk voordat hulle weer die land in besit

sal kan neem. Innerlike vernuwing van die volk, en uiterlike vernuwing van die land, gaan dus hand aan hand (Helberg, 1990:99). In hierdie verband maak Westermann (1996:216), die opmerking dat die tweede eksodus nog meer wonderdadig sal wees as die eerste omdat die volk nie net fisies uit verknegting bevry sal word nie, maar ook geestelik.

Die verlossing en landherstel kan duidelik nie deur landsgode bewerk word nie, soos wat uit Jesaja 57:13b duidelik word. Alhoewel diegene wat nie vir Jahwe ken nie, gedink het dat gode wat aan 'n bepaalde land verbonde is hulle sou kon red, was daardie gode in werklikheid niks werd nie (Ridderbos, 1985:519). Om aan die vrugbaarheidskultus deel te neem, het eerder landsverlies in die hand gewerk as wat dit landsbehoud bewerk het (Motyer, 1993:474). Daarenteen sal die wat aan Jahwe verbonde is, volgens sy eeue oue belofte die beloofde land bewoon. Die land sal egter nie sonder meer bewoon word nie, maar sal bewoon word as 'n seën op gehoorsaamheid aan God. Wat ook in 57:13b prominent na vore kom is die heilige berg waarop die tempel staan (Young, 1976:409). Dit bevestig wat reeds in 49:8 na vore gekom het, naamlik 'n duidelike verbintenis tussen diens aan God en inwoning in die land. Bydraend tot die behoud van die verhouding met God, het Hy die Sabbat ingestel. Die kultus wat rondom die Sabbat gewentel het, was dus nie bloot seremonieel van aard nie, maar 'n uitdrukking van die verbintenis met God (Williamson, 1999:159). Die Sabbat was nie net die dag waarop die verhouding met God besonder in die lig gestaan het nie, maar ook die dag waarop Israel deur hulle gesamentlike onderhouding daarvan saamgebind is as 'n geloofsgemeenskap (Delitzsch,1949b:392).

Samevatting

Kontinuïteit van landsbesit word uitgebrei na almal wat die Here dien ongeag geografiese ligging aangesien God nie geografies beperk is nie. Die uitbreiding van God se koninkryk deur die kneg is ook nie geografies beperk nie, en daarom is dit moontlik vir gelowiges oraloor om die land van God te erf. Die verbintenis met God gaan dus die verbintenis met die land vooraf. Kontinuïteit lê gevolglik ook nie in die besit van 'n land opgesluit nie, maar in die verbintenis met God van wie die land ontvang word.

Kontinuïteit word nie deur die bewoning van 'n land gevind nie, soos wat reeds uit Eksodus 20:12 geblyk het, "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee." As 'n mens aan God gehoorsaam is, dan sal jy die land bly bewoon. Om die gehoorsaamheid aan God te bly behou, moet sy volgelinge voortdurend herinner word aan die eise en seëninge wat die verhouding inhou, en daarvoor is die kultus nodig. Voortdurende dade wat getuig van gehoorsaamheid aan God lei dan daartoe dat iemand op dieselfde wyse bly optree. Sodoende kan diegene wat aan God gehoorsaam is, ook van buite herken word as volgelinge van die Here. Gehoorsaamheid aan God, soos uitgedruk in die kultus, word dan 'n identiteitversterkende element.

Dit is met ander woorde nie die land wat as 'n oorgedraagde identiteitskomponent aanvaar moet word nie, maar gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid aan God het dan die besit van die land tot gevolg.

20. Jesaja 55:1-3

Die kontinuïteitsfaktor wat in hierdie verse aangetref word en aandag verg, is die permanente voorsiening wat God sal maak, sowel as die ewige verbond wat Hy sal sluit.

In Jesaja 55:1-3 word die kulminasie van die kneg se werk aangetref in 'n aantal uitnodigings wat tot die volk gerig word. Daar is geen verwysings meer na die volk se swaarkry in ballingskap nie. Jahwe het dus die belofte van Jesaja 40:10,11 nagekom dat Hy die volk wat Hy Syne gemaak het, sal saambring en vir hulle sal sorg soos wat 'n mens vir lammerooie sorg. Die uitnodiging tot versorging word ook nie net aan 'n geselekteerde groep mense gerig nie, maar aan almal (Abma, 1997:22).

Hierdie wydlopende uitnodiging is die gevolg van die profesieë in die vierde Kneglied (Jes 52:13-53:12) waar geprofeteer is dat ook heidene aan die kneg sal behoort. Die seëninge wat die kneg vir sy eiendom verwerf het, word nou oorvloedig geteken, en almal wat in nood is ontvang 'n uitnodiging om aan die verlossing wat die kneg bewerk het, deel te hê (Young, 1972:374). Die uitnodigings word gerig in vyf imperatiewe: לכו (kom); שברו (koop); ואכלו (eet); ולכו (ja kom); שברו (koop). Hierdie imperatiewe eis dat daar gehoor gegee moet word aan die uitnodigende stem van God. Die opdrag om te kom, dui daarop dat díe wat in nood is, op die verkeerde plek is, en na die regte plek toe moet kom. Vroeër in Jesaja het die *verkeerde plek* beteken dat die volk nog uit Babel moet kom. Met die opdrag om te *kom* in hierdie verse word daar egter meer bedoel as net 'n geografiese verskuiwing. Dit het te make met 'n verskuiwing in die gees van die mens. Daar moet weg beweeg word van dit wat deur eie arbeid verkry word, na dit wat God gee, want slegs dit wat Hy gee, kan werklik 'n mens se lewe vul (Westermann, 1996:282).

Brueggemann (1997:129) beskryf die brood wat deur selfwerksaamheid gekry word as *gevaarlike brood* aangesien die brood wat op hierdie manier verkry word nie versadig maak nie, maar verslaaf. Wanneer selfverdiende brood opgeëet is, is die eter steeds onversadig en onversorg. Die rede hiervoor is dat brood wat self verdien word, vanuit 'n sekere bron ontvang word. In eksiliese Israel se geval was dit brood wat van Babel ontvang is. Nog verder terug in Israel se geskiedenis is daardie brood van Egipte ontvang. Elke keer was dit egter slawebrood omdat die brood wat ontvang is, omgeskakel is in energie ten behoewe van die verskaffer van die brood. Mettertyd het daar 'n lojaliteit teenoor die verskaffer ontstaan ter wille van verdere verskaffing van iets om te eet. Brood wat sodoende ontvang word, verslaaf egter die ontvanger omdat die verskaffer kan aanspraak maak op die lojaliteit van die gemeenskap. Israel se verlange om tydens die trek na Kanaän terug te keer na Egipte (Eks 16; Num 11), kan dan teen hierdie agtergrond verklaar word. Die Farao het baie lank brood verskaf en die

energie wat so ontvang is, moes dus in lojaliteit teenoor die verskaffer aan hom teruggegee word. In die woestyn het brood en water egter ontbreek en daarom was daar geen lojaliteit teenoor God nie. Brood en water is egter uit 'n ander oord verskaf wat van buite die volk se bestaande verwysingsraamwerk gekom het. Die manna en die kwartels wat in die woestyn ontvang is, het uit die hemel gekom. Dit was 'n bron buite die bereik van koninklike bakkers. Die boodskap van die manna en kwartels was met ander woorde: daar is alternatiewe brood. Julle het nie nodig om aan die Farao onderdanig te wees om daardie brood te ontvang nie. Die brood wat in elk geval van 'n bron buite God om ontvang word, is in Brueggemann (1997:129) se woorde: "junk food". Die rede hiervoor is dat dit nie permanent kan versadig nie. De Mello (1990:105) sien hierdie lojaliteit teenoor die bron wat die brood verskaf, en sodoende 'n mens se lojaliteit verslaaf, as die oorsaak daarvan dat jy nie meer self leef nie, maar vanuit 'n bron buite jouself geleef word. Daar moet gevolglik 'n besef kom dat jy nie is wie jy gedink het jy is nie. Jy vind eers jou eie waarde wanneer jy jou identiteit nie meer definieer in terme van veranderlike dinge nie. Wanneer identiteit op hierdie manier gevind word, verander jou identiteit nie elke keer as omstandighede of die verskaffer van brood verander nie. Dit is met bogenoemde in gedagte dat De Mello (1990:103) raad gee oor "losing the rat race". Vir die wat in die sogenaamde "*rotresies*" meeding, bly dit 'n eindelose gejaag na dinge buite jouself wat jou geluk bepaal. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om uit die resies uit te stap. Die enigste wyse waarop dit kan gebeur is om te kies vir alternatiewe "gevaarlike brood" wat van buite die "*rotresies*" verkry kan word. Die enigste kontinue alternatief, is die "brood" van lewe wat van die Messias ontvang word.

Brueggemann (1997:131) vestig die aandag daarop dat die mees elementêre geloofsbesluit te make het met die besluit oor versorging. Die een wat die beste versorg, is die een wat in geloof aanvaar word. Dit is op hierdie punt wat die verskuiwing gemaak moet word vanaf die vertroue wat op selfverdiende brood gevestig word, na "gebreekte brood en vergote wyn". Dit is net die Verskaffer van daardie brood en wyn wat werklik sy beloftes kan hou. Die Verskaffer van daardie brood mag en kan dit ook uitdeel omdat Hyself dit verdien het.

Wanneer שברו in Jesaja 55:1 gebruik word vir die opdrag om te koop, word spesifiek opdrag gegee dat graan of kos gekoop moet word (Holladay, 1971:360). Dit is egter nie moontlik om sonder geld te koop nie. Die brood is egter reeds deur die Messias gekoop, en moet gelowig van Hom ontvang word. Die feit dat daar wel ontvang word, is dus 'n duidelike weerspieëling van God se genade wat tot stand kan bring wat vir die mens onmoontlik is (Delitzsch, 1949b:354). Die water, wyn en melk wat werklik versadig, word met ander woorde nie uit verdienste ontvang nie, maar uit genade wat vrylik deur God geskenk word. Dit het moontlik geword omdat die kneg die geroepenes se skuld betaal het en daarom kan selfs die armste nou gratis uit God se hand leef (Abma, 1997:22). Die gedagte dat daar tog gekoop word, dui egter aan dat 'n wettige transaksie aangegaan is. Dit wat by die feesmaal voorgesit word, is dus wel gekoop, maar nie deur die feesgangers nie. Al wat die feesgangers immers na die feesmaal kan saambring is hulle armoede. Die enigste Een wat wel hierdie dinge kon koop, is kontekstueel gesien, die

kneg (44:3; 55:2,3) (Motyer, 1993:452). Die paradoks van koop sonder geld, werp lig op God se genade. Die wat op Hom vertrou sal alles wat nodig is besit, maar dit kan net gebeur as daar 'n besef is van totale afhanklikheid van God vir daardie besit (Kidner, 1986:619).

Dit wat by die feesmaal aangebied word, sal in al die behoeftes van die mens voorsien: water om die dors te les, wyn om te verkwik en gelukkig te maak, melk om te voed. Hierdie drie beelde word gebruik teen die agtergrond van die woestyn wat geen onbekende terrein was vir die lesers in Jesaja se tyd nie. Mense smag in die woestyn na water om die dors te les, na wyn om te verkwik en na melk om krag te gee. Net so smag alle mense daarna om van hulle sondes verlos te word (Young, 1972:375).

Die waarheid dat die mens van brood alleen nie kan lewe nie (Deut 8:3) word met ander woorde weereens hier beklemtoon. Daar word ook bevestig dat dit vir die mens onmoontlik is om buite God om, lewe te vind (Leupold, 1979:250). Al die opofferings wat vir materiële gewin gemaak word, is dus sinneloos, omdat dit geen kontinuïteit gee nie. Slegs in verlange na God en deur persoonlike gemeenskap met Hom, kan daar oorvloed en feesvreugde en kontinuïteit gevind word (Frey, 1962:340).

Met al hierdie dinge wat van God ontvang word, word die klem geplaas op die feit dat dit verniet is. Dit plaas die mens in steeds groter skuld by God. Hierdie skuld is egter nie verslawend nie, maar verlossend en lei nie tot groter sonde nie, maar tot groter afhanklikheid van God. Wat God daaropvolgend van die mens eis, is om homself aan Hom te gee (Smart, 1967:221).

Dit wat die mens daarvan weerhou om homself aan God te gee, is die soeke na materiële gewin. Hierdie soeke het Israel so verblind dat hy in onregverdige optrede teenoor ander mense verval het ter wille van die bymekaarmaak van materiële goedere (Jes 1:16,17; 56:11; 58:3). Sodoende raak die mens van God verwyder omdat hy nie meer in afhanklikheid van Hom wil leef nie, maar deur eie vermoë wat lei tot die onregverdige inpalming van goed (Jes 5:8-13; Hab 2:5,6).

Werklik kontinue lewe is in die lig van bogenoemde net by God te vind. Daarom word Jesaja 55:2b emfaties ingelei met שִׁמְעוּ שָׁמוֹעַ (luister, luister). Met hierdie dubbele gebruik, eers die imperatief en dan 'n infinitivus absolutus, dui God aan dat die handeling moet voortduur (Van Rooy, 1984:33). As hulle luister soos Hy beveel, en bly luister, sal hulle eet wat goed is en versadig word. As die mens maar sal bly luister en glo, sal hy nooit weer honger kry nie, omdat hy gevoed sal word met die brood, dit wil sê die Woord, wat lewe gee (Muilenburg, 1956:644).

Die oproep om te luister, vra nie net die waarneem van klank nie. Wat gevra word is dat daar gehoorsaamheid moet wees (Schult, 1976:978). Daar moet op die stem van God gereageer word met

hart en lewe. Om doof te wees, en nie die Woord van God te hoor nie, het die effek van voortleef in duisternis en sodoende voortgaan met 'n doodsbestaan (Smart, 1967:222).

Dit waarna geluister moet word is dat God 'n ewige verbond wil sluit. Hierdie oproep om te luister kom ook nie van 'n onbetroubare bron soos in Jesaja 28 nie. Daar word beskryf hoedat besope priesters en profete nie in staat was om hulle profetiese roeping na te kom nie. Hulle kon nie die volk oproep tot gehoorsaamheid aan die verbond met Jahwe nie, omdat hulle 'n verbond met vreemde gode en daardeur met die dood gehad het. Om egter 'n verbond met iets te hê wat self dood is, bring geen redding nie (Blenkinsop, 2000:479). Alhoewel God sy volk as gevolg van hulle bondsbreuk niks skuld nie, wil Hy tog weer met hulle 'n verbond aangaan. Hierdie verbond sal egter anders wees as die Sinaïtiese verbond. Daardie verbond is keer op keer deur Israel gebreek (Verhoef, 1993:80). Die gevolg van daardie verbreking van die verbond, was die straf wat die volk in die ballingskap beleef het. Met die nuwe verbond wat ewig is, word toekomstige straf dus uitgesluit omdat die nuwe verbond nie weer gebreek kan word nie. Linington (2003:268) verbind hierdie verbond met die verbond wat God in 2 Samuel 7 met Dawid gesluit het. Die motivering is dat daar weinig oor die Sinaïtiese verbond in Jesaja gesê word, maar dat die verbond met Dawid op die voorgrond staan. Die Messias wat uit Dawid se nageslag sal voortkom, is die Een wat die verbond met Dawid sy volle betekenis sal laat kry. Die verbond sal dus, anders as die vorige verbond wat net deur Jahwe onderhou is, ook onderhou word deur diegene met wie die verbond aangegaan is. Om hierdie verbond te kan gehoorsaam moet daar na die Oprigter van die verbond geluister word (Polaski, 1998:65). Soos wat God aan Dawid die belofte gemaak en gehou het, so kan die ontvangers van die nuwe verbond ook weet dat God sy belofte wat Hy aan hulle maak, sal hou. Die inhoud van die verbond word verder uitgewerk in Jesaja 55:5 waar gesê word dat die aangesprokenes nasies sal ontbied wat hulle nie geken het nie, en dat daardie nasies na hulle toe sal hardloop ter wille van die Heilige van Israel. Daar sal ook voortdurende aanbidding wees omdat die verbond sal voortduur (Kaiser, 1989:94).

Om dit alles te verkry is dit nodig dat geluister moet word. Luister het egter 'n respons in gedagte op grond van dit wat gehoor is. Luister veronderstel dan ook die doelbewuste keuse om na God te kom. Dit wat eers in 55:1 'n metafoor was: "Kom na die water", het nou in werklikheid geword: "Kom na My". God is self die fees na wie daar gekom moet word. Soos wat die mens in sy fisiese bestaan deur brood gevoed word, so word die mens in sy geestelike bestaan, maar selfs nog wyer as dit, deur die Woord van God, en daarom deur God self gevoed (Motyer, 1993:453).

"Luister", "kom" en "lewe", word dus hier onlosmaaklik aan mekaar verbind. Hierdie drie aksies moet die mens se antwoord wees op die nuwe verbond wat God gesluit het. Dit vergaan nie, omdat God self die waarborg daarvoor is (Leupold, 1979:251).

Samevatting

Die kneg se verlossende werk kulmineer in 'n oproep tot alle mense om in 'n nuwe en blywende verhouding met God te kom staan. In hierdie nuwe verhouding word die swaarkry van vroeër nie meer aangetref nie. Die rede hiervoor is die verskuiwing in die voedsel wat ontvang kan word. Wanneer selfverdiende brood nagejaag word, bring dit geen rus nie, maar net 'n groter gejaag omdat die een van wie dit ontvang word, 'n al groter wordende aanspraak op die ontvanger se lojaliteit kry. In plaas van verlossend, werk die jaag na verganklike brood eerder verslawend in op die mens se bestaan.

Indien daar egter op die oproep van die Here reageer word om na Hom te kom, en die seëninge wat die kneg bewerk het in ontvangs geneem word, kom daar 'n verskuiwing in denke. Daar kom 'n besef van Wie die ware Versorger is en sodoende kom daar ook 'n verskuiwing in lojaliteit. Indien lojaliteit aan God behou word in ooreenstemming met die ewige verbond wat Hy gemaak het, kom daar ware kontinuïteit. Op hierdie wyse word ook 'n vaste identiteit gevorm omdat identiteit nie meer gedefinieer word in terme van veranderlike dinge nie, maar in terme van onveranderlike dinge wat wettig vasstaan. Indien hierdie identiteit verkry word, gee dit 'n identiteit wat nie net vir 'n bepaalde tyd vasstaan nie, maar oor alle tye heen strek. Die rede hiervoor is die ewige verbond wat God aangaan met hulle wat aan Hom behoort. Die verbondsbeloftes van God is veral identiteitgewend vir hulle wat op Hom vertrou. Hy kan immers vertrou word om die beloftes wat Hy gemaak het, permanent na te kom. Op hierdie manier word 'n blywende identiteit en blywende lewensbetekenis gevind omdat lewensbetekenis nie gekoppel is aan tydelike werk en tydelike versorging nie. Die voortgesette verbintenis van God met mense, en hulle voortgesette verbintenis met Hom, gee die besef van verbondenheid aan 'n geheel wat groter is as wat ooit deur 'n mens bewerk kan word.

Die sleutel tot die ontvang van alles wat God so beloof het, lê opgesluit in die aksie om na Hom te luister. Deur te luister, kom daar 'n verandering in denkwyse en 'n verskuiwing in lojaliteit omdat brood nie meer uit eie arbeid verwag word nie, maar van 'n Goddelike oord. Daar is dus alternatiewe brood beskikbaar wat ware vreugde gee. Hierdie brood is egter vanuit die ongelowige se oog beskou *gevaarlike brood* omdat dit vereis dat 'n mens jouself prysgee. Vir die ongelowige is die behoudende faktor in sy lewe, juis hyself.

Vertroue op God bring egter weer 'n ware sinvolle lewe vir die gelowige mens terug omdat 'n mens nie meer in die *"rotresies" geleef word* nie, maar self leef met God se sorg. Ook in die *Ons Vader*-gebed staan die bede om brood eerste en daarna volg die ander bedes. Sodoende word 'n kontinue identiteit ontvang omdat God, na wie geluister word, ewig en betroubaar is. As daar nie op die Woord ag gegee word nie, lei die lewe tot die versamel van aardse goed, sonder dat die ware skat wat blywende krag en geluk bring, gevind word.

21. Jesaja 62:2-5

Hierdie gedeelte word bespreek omdat dit 'n proklamasie bevat van die redding, regverdiging en transformasie van Jerusalem waarvoor die volk gewag het. Die gevolg van daardie transformasie was dat Jerusalem 'n nuwe naam gekry het, wat 'n nuwe gekontinueerde verhouding met Jahwe afbeeld.

Israel se herstel word nie in die geheim gedoen nie, maar so dat al die nasies dit kan sien. Soos wat die vernedering van die volk voor die oë van die nasies plaasgevind het, so sal die herstel van Israel ook voor die oë van die nasies plaasvind. Die teken dat hierdie herstel plaasgevind het, is die nuwe naam wat Jerusalem sal ontvang. 'n Naam was in die Ou Testament kensketsend van iemand se karakter. Wanneer iemand se naam verander is, was dit 'n aanduiding van so 'n diepgaande verandering, dat dit van 'n vernude persoon met 'n vernude identiteit getuig het. Die feit dat Jahwe die nuwe naam gegee het, dui aan hoe intens betrokke Hy by die proses van verandering was (Bratcher, 1991:181).

In Ou-Testamentiese tye is naamgewing as sinoniem beskou met die vermoë om beheer uit te oefen oor die een aan wie die naam gegee is. In die algemeen is Semitiese naamgewing egter gebruik om orde in chaos te skep. Deur naamgewing word die plek van die benoemde, sowel as die relasionele verbintenis met diegene rondom die benoemde, bepaal. Naamgewing definieer dus die wêreld rondom 'n mens, en sodoende word 'n sisteem daargestel waardeur beheer uitgeoefen kan word. Om hierdie rede het Adam name aan die diere gegee om die skepping waaroor hy moes heers, te definieer en te beheers. Wanneer God 'n naam gee, kry die rigting waarin Hy die benoemde stuur, spesiale effektiwiteit (Halpern, 1998:627).

In die gedig wat in Jesaja 62:1-5 aangetref word, staan Sion eers bekend as עזובה (*verstote vrou).* Die definisie wat deur hierdie naam aan Sion gegee is, skep dan 'n bepaalde hanteringsmeganisme. Aangesien sy 'n *verstote vrou* is, sou sy geen beskerming geniet nie en geen versorging ontvang nie. Indien Sion dan *verstote vrou* sou bly heet, sou die optrede teenoor haar ook dieselfde bly. Sion se verlatenheid sou van so 'n aard wees dat jakkalse daar sou bly rondloop (Klaagl 5:18) (Young, 1972:469).

Die benaming עזובה spreek egter volgens Stähli (1976:250) nie van 'n permanente verstotenheid nie, maar eerder van 'n tydelike verlating of verwaarlosing. Dit word daardeur bevestig dat die klem in die gedig ook nie op die verlatenheid van die vrou val nie, maar op die herstel van die verhouding met haar man. Sy sal nie langer *"verstote"* en *"verlate"* genoem word nie, maar *"my vreugde is in jou"* en *"getroude"* (Kidner, 1986:622). Wanneer Jerusalem dan 'n nuwe naam van God self ontvang, beteken dit dat Hy haar anders gaan hanteer as wat Hy haar in die ballingskap hanteer het. Die naam sal dan korrespondeer met die nuwe posisie wat sy ontvang het (Halpern, 1998:628).

Hierdie nuwe posisie of status wat sy ontvang, sal nie 'n eksterne aangeplakte status, of 'n tydelik verworwe status wees nie. Die stad se inherente karakter, en die wese van haar bestaan sal in daardie naam weerspieël word. Die nuwe naam sal dus 'n nuwe volk weerspieël wat in die nuwe stad aangetref sal word. In die Ou-Testamentiese tyd het 'n nuwe naam immers 'n nuwe persoon beteken (vgl. Jes 1:26; 56:5; 58:12; 60:14,18). Soos wat Abram en Jakob die nuwe name Abraham en Israel ontvang het, so sal Jerusalem ook 'n nuwe naam ontvang om die nuwe status wat sy sal ontvang, uit te beeld (Muilenburg, 1956:718).

Wat hierdie nuwe naam verder betekenisvol maak, is die feit dat nasies en konings bewus sal wees van die nuwe realiteit wat in die nuwe naam weerspieël word. Daardie nuwe realiteit sal vir God se nuwe volk nuwe moontlikhede oopmaak. Die fokus val egter nie op die volk nie, maar op Jahwe. Die nuwe Israel sal 'n kroon vir Jahwe wees wat Hy in sy hand hou. Die nuwe naam wat die volk ontvang het, is dan die bewys dat Jahwe die ware Koning is. Die nuwe naam sal dan ook deur Hom in stand gehou word (Motyer, 1993:506).

Die nuwe naam wat ontvang word, spreek dus ook die identiteit van die volk aan. Wanneer die volk hulleself afvra, "Wie is ons?" kry hulle die antwoord in die nuwe naam wat hulle ontvang het. Daar moet egter ná die herstel van Jerusalem, ook 'n ander vraag beantwoord word en dit is: "Wie s'n is ons?" Die volk is God s'n en hulle is die kroon is sy hand. Die nuwe naam sal gevolglik ook 'n nuwe optrede van die volk teenoor Jahwe vereis (Burger, 1999:53).

Samevatting

In Ou-Testamentiese tye is naamgewing gesien as sinoniem met die vermoë om beheer oor die benoemde uit te oefen. Dit is egter steeds 'n algemene waarheid dat die benoeming van iets of iemand, orde in chaos skep aangesien naamgewing die relasionele verbintenis met die omgewing bepaal. Die gebruik van 'n naam is verder ook 'n hanteringsmeganisme om die draer van die naam in 'n bepaalde rigting te stuur. 'n Naam gee gevolglik die vermoë om die omgewing te definieer en te beheers. Aangesien Sion *"verstote vrou"* genoem is, sou sy dienooreenkomstiog tydelik geen versorging en beskerming van Jahwe ontvang nie. God het egter deur sy eie optrede die verhouding met Sion in so 'n mate herstel dat haar nuwe naam, *"my vreugde is in jou"*, aandui dat Hy nou vreugde uit haar put. Die naamsverandering het met ander woorde ook 'n identiteitsverandering teweeggebring. Hierdie nuwe karakter sal vir die volk van God nuwe moontlikhede oopmaak. Aan die een kant bied die nuwe naam toegang tot God wat tot voordeel van die nuwe volk is. Aan die ander kant is die nuwe volk egter nie ter wille van homself daargestel nie, maar ter wille van Jahwe in wie se hand die nuwe volk soos 'n kroon is. Die nuwe volk moet Hom gevolglik bekend maak as die ware Koning omdat net Hy die vermoë het om so 'n nuwe volk tot stand te bring. Die nuwe naam gee gevolglik antwoorde op twee identiteitsvrae. Die een vraag wat beantwoord word is: "Wie is ons?" Die ander vraag wat beantwoord word is: "Wie s'n

is ons?" Hierdie nuwe naam wat Jahwe gegee het moet deur die volk toegeëien word en sal dan vir hulle lei tot 'n nuwe lewenswyse.

Aangesien 'n naam die etiket is waaraan die res van identiteit verbind word, het durattiwiteit van 'n naam 'n baie duidelike effek op identiteit.

22. Jesaja 60:21; 65:16-18

In beide gedeeltes wat nou bespreek sal word, proklameer Jesaja die permanente bewoning van die land. Beide hierdie gedeeltes het betrekking op die tydperk na die terugkeer van Israel uit die Babiloniese ballingskap. Dit was 'n tydperk wat gekenmerk is deur verwagting en hoop. Diegene wat uit Babel teruggekeer het, het verwag dat Jerusalem herstel sal word tot sy vorige glorie soos in die tyd van Dawid. Die werklikheid het egter veel anders daar uitgesien, soos wat Nehemia 4 duidelik maak. Nie net was die inwoners van Jerusalem vyandig teenoor díe wat uit Babel teruggekom het nie, maar die herbou van die stad was ook harde en moeisame werk (De Gruchy, 1999:66). Alhoewel Babel geval het, en Jerusalem as woonplek terug ontvang is, was dit nie die ideale Jerusalem nie. Die val van Babel het immers nie beteken dat Sion onmiddellik herstel is nie. Alhoewel Babel geval het, is dit ook waar van Jerusalem. Na die ballingskap en die terugkeer het die Jerusalem van ouds weer na die oppervlak gekom (Neh 4). 'n Volmaakte Jerusalem op die huidige aarde is immers slegs 'n teoretiese moontlikheid. Die antwoord hierop lê in die vestiging van 'n nuwe Jerusalem. Die ou Jerusalem kan dus nie net aangepas word tot volmaaktheid nie. Daar moet 'n ingrypende verandering plaasvind (Muilenburg, 1956:755). Hierdie ingrypende verandering kan slegs deur God gemaak word. Hy sal die bestaande so verander dat daar nie meer aan die verlede gedink sal word nie. Die effek van God se herskeppingswerk sal sodanig wees dat 'n nuwe Jerusalem en 'n nuwe aarde tot stand sal kom. Tydelike glorie wat vir Babel as oorwinnaar gegee is, sal met ander woorde plek maak vir permanente glorie vir Sion (Biddle, 1996:139). Dit is die tot stand bring van daardie glorie wat nou onder bespreking is.

Eers word Sion beskryf soos wat dit in die toekoms sal wees, nadat dit deur Jahwe herstel is (Jes 60:8-20), en daarop volg die beskrywing van die inwoners (Jes 60:21,22). Sion word beskryf as 'n plek wat sodanig deur God vernuwe en gestabiliseer sal wees, dat selfs die veranderlikheid van die son nie meer 'n invloed daarop sal hê nie. As woonplek sal dit 'n ongeëwenaarde konstantheid besit. Dit is egter nie net Sion wat 'n konstantheid sal besit nie. Die inwoners van Sion sal dit ook hê (Young, 1972:456).

Die inwoners wat in die land sal woon, word duidelik in Jesaja 60:21 as *regverdig* (צדיקים) gespesifiseer. Die term צדיק het die betekeniswaarde dat iets of iemand is soos verwag word, en in ooreenstemming is met die doel waarvoor dit bestaan (vir verdere bespreking van צדיק sien Jesaja 3:1-12). Om die doel waarvoor Israel bestaan te verwesenlik, moet die integriteit van elkeen wat deel uitmaak van daardie verbondsgemeenskap, gehandhaaf word. Dit is juis om die integriteit van almal en

alles wat by die verbond betrokke is te handhaaf, dat God sy redding en uiteindelik sy vernuwingswerk doen (Vriezen, 1966:421).

Die nuwe land sal egter net tot beskikking wees van díe mense wat binne die verbond is, soos volgens die verbondsbepalings verwag kan word. Knight (1985:48) wys daarop dat die verbondsbepalings verder strek as net 'n regte verhouding met die Oprigter van die verbond. Diegene wat in die regte verhouding met die Oprigter is, sal ook in ander opsigte geseën word. Onder hierdie seëninge tel 'n blywende verbintenis met die land. Die mens kan immers nie van sy omgewing losgemaak word nie. Israel as volk van die verbond, en die grond wat hy van God met dieselfde verbondsluiting ontvang het, gaan dus hand aan hand.

Om die regte verhouding met God te kan kontinuïeer is afwesigheid van sonde nodig. Indien sonde nie teenwoordig is nie, kom die verbond se strafbepalings nie in werking nie (Deut 28:15), en is geen vrees vir verdere verlies van die land meer nodig nie (Delitzsch, 1949b:423). Sondeloosheid is egter nie iets wat van nature by die mens voorkom nie. Daarom is dit van betekenis dat die woord נצר (loot) gebruik word om die inwoners van die herstelde land te beskryf. Die enigste ander plekke waar נצר aangetref word, is in Daniël 11:7 en in Jesaja 11:1 en 14:9. In Jesaja 11 en 14 word dit spesifiek gebruik as term om die Messias mee te beskryf. Hieruit kan afgelei word dat al die regverdiges hulle regverdigheid sal ontvang vanuit hulle verhouding met die Kneg van die Here, die Messias wat sal kom (Motyer, 1993:499).

Wat verder belangrik is in hierdie vernuwingsproses is dat dit nie beperk sal wees tot die geografiese gebied van Sion, of die volk Israel nie. Die aarde en selfs die hemel sal vernuwe word. Indien dit in gedagte gehou word, kom daar hoop, nie net vir die mens nie, maar ook vir die aarde waarop die mens woon. Die hoop wat vir die res van die wêreld 'n moontlikheid word, het egter 'n gelokaliseerde oorsprong. Dit het sy begin by Jerusalem en die volk Israel, maar is nie daartoe beperk nie. Die universele sluit dus nie die gelokaliseerde uit nie. Alhoewel gelokaliseerd in oorsprong, is die hoop wat vernuwing bring universeel van aard. Daar kom uit baie individuele verbintenisse met God 'n universele band tussen al daardie individue en God tot stand. Dit is dus nie moontlik dat ware kontinuïteit slegs vir 'n enkele groep op aarde kan geld nie. Goddelike vernuwing is immers nie etnies of nasionalisties bepaal nie. Wat wel beperkend inwerk op deelhê aan die vernuwing, is die aanwesigheid van bekering. God vernuwe niemand wat nie deur die Kneg in 'n nuwe verhouding met Hom staan nie. Iemand wat nie in die regte verhouding met God staan nie, sal met ander woorde nie deel in die seëninge wat God se vernuwing sal bring nie (de Gruchy, 1999:69).

Die verwagting wat in die gedeeltes onder bespreking geskep word, staan direk in teenstelling met dit wat die ballinge in Babel beleef het. Dit wat hulle beleef het, het wanhoop tot gevolg gehad. Wanhoop volg op 'n gebrek aan kontinuïteit wanneer daar geen toekomsperspektief is nie. God maak egter beloftes

oor die vernuwing wat Hy in die toekoms sal bring. Daardie vernuwing sal nie net 'n deel van die lewe raak nie, maar alle sfere van die lewe (Fohrer, 1986:383). Aangesien God se beloftes in sy betroubaarheid gegrond is, bring dit weer hoop, nie net vir die ballinge nie, maar vir elkeen wat die beloftes wat Hy maak, ernstig opneem. Die uitkoms van die beloftes wat Hyself in Jesaja 65:13-25 maak, is gewaarborg omdat God nie afhanklik is van 'n sameloop van omstandighede nie. Hyself beheers en bepaal sosiale omstandighede asook die geskiedenis in sy inherente almag en getrouheid. Hyself sal gevolglik die nuutheid bewerk wat Hy belowe het en wat omkerend sal inwerk op die situasie van wanhoop. Dit is immers juis omstandighede van uiterste wanhoop wat God se werksplek is om vernuwing tot stand te bring (Brueggemann, 1997:22).

Die vernuwing wat God tot stand bring sal nie beperk wees tot die land nie, maar sal ook die inwoners insluit. Elkeen in daardie land sal bid en 'n eed aflê in die Naam van God wat getrou is. Wat God in Jesaja 1:17,18 in die vooruitsig gestel het, het Hy dus gedoen. Die inwoners van die land is gereinig sodat hulle die goeie van die land kan eet. Die groot verskil tussen Jesaja 1 se beskrywing van Jerusalem, en Jesaja 65 se beskrywing van Jerusalem, is dat in Jesaja 65 daar permanensie in beide inwoners en land sal wees (Carr, 1996:203). Die inwoners sal nie weer ontrou word nie. Aan die ontrou wat daar was, asook die straf wat daarop gevolg het, sal daar nie meer gedink word nie. Hierdie nuwe bestaanswyse sal geld vir elkeen wat deur God vernuwe is (Webster, 1990:97).

Aan die ander kant sal daar ook permanensie wees aan die negatiewe kant. Alhoewel klem op die vernuwing val, word dit baie duidelik aangekondig dat straf en lyding vir hulle wat onbekeerd gebly het, ook permanent sal wees (Jes 66:24) (Ridderbos, 1985:580).

Indien die hele proses van vernuwing in oënskou geneem word, vestig Bright (1981:367) die aandag daarop dat die herstel van Jerusalem na die ballingskap, in stadia verloop het. Tydens die herstel het baie wat teruggekeer het hoop verloor en weer in sinkretisme verval. Dit was daarom nodig vir die wat getrou aan Jahwe wou bly, om hulle af te skei van die wat ontrou geword het soos in Esra 9 en 10 aangetoon word. Die doel hiervan was dat slegs Jahwe se Woord gehoorsaam moet word. Hiervoor was assimilasie van vreemde gebruike 'n daadwerklike bedreiging. Ter wille van die behoud van die eie identiteit is die behoud van bande met andere wat dieselfde identiteit het, dus belangrik.

Samevatting

In die huidige bestel is daar geen werklike kontinuïteit moontlik nie. Werklike kontinuïteit kan slegs verkry word deur middel van 'n totale vernuwing wat net God by magte is om te weeg te bring. Wanneer God egter 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tot stand gebring het, sal die kontinuïteit daarop van so 'n aard wees dat daar glad nie meer aan dit wat daar was, gedink sal word nie. Dit wat kontinuïteit sal ontvang, sal nie net woonplek behels nie. Ook die inwoners sal vernuwe word in elke sfeer van die

samelewing. Dit is slegs diegene wat regverdig voor God is, wat die nuwe Jerusalem sal bewoon, mense wat met ander woorde ooreenstem met dit wat God van die mens verwag. As gevolg van volkome regverdigheid, sal die land wat besit word nie weer verloor word nie omdat net die behoud-klousule van die verbond in werking sal wees. Dit is egter slegs deur 'n gekontinuïeerde verhouding met die Messias dat mense in staat sal wees om regverdig te bly. Hierdie nuwe kontinuïteit gee hoop vir die toekoms omdat daar nooit weer sprake sal wees van identiteitsverlies nie. Behalwe die voortgesette verhouding met die Messias, sal daar ook 'n voortgesette verhouding met die ander bewoners wees wat nog verder identiteitgewend van aard sal wees. Dit wat die bewoning van die nuwe Jerusalem so 'n sterk identiteitgewende element maak, is die feit dat twee identiteitgewende elemente aan mekaar gekoppel word, naamlik landbewoning en ware diens aan God. Hulle wat so God-dienend aan Hom verbind is, sal die land ontvang. Nie een van hierdie twee identiteitselemente sal dan van verbygaande aard wees nie. Aangesien dit nie weer sal gebeur dat die volk uit die land verwyder sal word nie, oorspan hierdie elemente die grense van tyd. Eskatologies gesien gaan dit steeds voort met die nuwe hemel en die nuwe aarde. Op hierdie wyse sal 'n absoluut stabiele samelewing tot stand gebring word.

Alhoewel klem op die permanente vernuwing val, sal straf en lyding vir hulle wat onbekeerd gebly het, ook permanent wees.

Wanneer Jesaja 1 ten slotte met Jesaja 65 vergelyk word, word dit duidelik dat Israel deur 'n tydperk van identiteitsdegenerasie gegaan het. Die straf wat Jesaja oor Israel aangekondig het is in die ballingskap voltrek. Na die ballingskap het God identiteitsgenererend deur die kneg gewerk. Nie net word daar in die plek van die historiese Jerusalem 'n nuwe Jerusalem deur God opgerig nie, maar Hy rig dit op om permanente inwoning te verskaf vir die wat aan Hom verbind is.

## 23. Samevatting Jesaja 40-66

Op voetspoor van hoofstuk 2, waar die teologiese relevansie van die identiteitsmodel aangetoon is, sal daar nou weer 'n sintese gemaak word. Hierdie keer van die verskillende identiteitsfaktore wat in die samevattings in Jesaja 40-66 se bestudering na vore gekom het. Daar sal in die samevatting telkens in hakies aangedui word in watter teksgedeelte se bespreking die gedagte oorspronklik behandel is.

### 23.1 Identiteitstrekke

Identiteitstrekke is daardie komponente van identiteit wat te make het met identiteitsbehoud of te wel kontinuïteit en met identiteitsonderskeiding of te wel differensiasie.

Kontinuïteit het te make met 'n staat van eenheid wat oor 'n bepaalde tyd strek. Indien 'n groot mate van kontinuïteit by die betrokke partye in 'n verhouding aangetref word, word daardie verhouding gestabiliseer.

### 23.1.1 Kontinuïteit

Uit die bestudering van kontinuïteit in Jesaja 40-66 het die volgende kontinuïteitsfaktore sowel as diskontinuïteitsfaktore na vore gekom. Eerstens is die mens soos gras wat verdor as die Here sy wind daaroor laat waai (40:6-8). Inherent het die mens dus geen kontinuïteit nie. Israel het ook die moontlike kontinuïteit wat daar uit 'n verhouding met God kom, verbeur as gevolg van hulle gebrek aan opofferende diens aan Hom. Israel het met ander woorde nie gepoog om hulle eie verhouding met God te versterk nie, maar was eerder daarop uit om God tot hulle eie voordeel te probeer manipuleer. As gevolg van die gebrek aan diens het God in sy regverdigheid die strafbepalings van die verbond met Abraham in werking gestel wat uiteindelik die Babiloniese ballingskap tot gevolg gehad het. Israel het met ander woorde soos enige van die ander volke geword wat nie in 'n verbondsverhouding met God staan nie. In die ballingskap het die vergetelheid van Israel ook baie duidelik na vore gekom op politieke, godsdienstige en genealogiese vlak (43:22).

In Jesaja 40:1,2 kom daar egter 'n troosaankondiging van God wat oordeel dat Israel genoeg gely het. Alhoewel die volk van God volgens sy oordeel genoeg gely het vir sy sonde (40:2) kan hulle nie vergoed vir hulle sonde nie. Slegs 'n offer wat deur God verskaf word kan 'n verbreekte verhouding, en sodoende 'n verlies aan identiteit, effektief herstel. Lyding as gevolg van sonde word gevolglik vir die volk tot 'n einde gebring deur die *Kneg van die Here*, en dit bring troos vir 'n volk wat ondergegaan het. Moeilike omstandighede weerspreek klaarblyklik God se voortgesette band met gelowiges. Aan mense wat die vermoë van God om te red en te bly red betwyfel, word gevra of hulle onkundig is oor dit wat Hy in die verlede laat gebeur het. Die antwoord op hierdie onkunde is dat God nie beperk is tot die verlede nie. Hy transendeer die tyd, en as ewige God kan Hy krag aan mense bly gee. Hieruit vloei die besef voort dat moeilike omstandighede nie blywend is nie, maar net 'n fase is. God bly met ander woorde steeds betrokke by sy volk en sy motivering daarvoor is sy belofte wat Hy aan Abraham gemaak het met die verbondsluiting (41:8,9). Alhoewel Israel die verbond gebreek het, sit God steeds die verbond voort en dit bring stabiliteit in identiteit.

Die troos-aankondiging van Jesaja is nie beperk tot 'n bepaalde tyd nie, maar moet deur die profete van die Here gekontinueer word. Troos het te make met die terminering van bepaalde omstandighede, wat in hierdie geval die einde van die ballingskap beteken het. Jahwe kon die ballingskap tot 'n einde bring omdat sy teenwoordigheid nie net Israel se lewe oorspan nie, maar ook díe van hulle vyande (41:10). In der waarheid is Jahwe in staat om alles wat Hy vooraf aankondig tot stand te bring, iets wat die afgode Hom nie kan nadoen nie. Die woorde van Jahwe en dit wat Hy uit daardie woorde laat voortvloei, wys duidelik dat daar eenheid in sy woorde en dade is (41:21). Vroeër het Hy redding aangekondig, en Hy laat dit nou gebeur. Beide oordeel en troos geskied ook volgens 'n bepaalde plan wat baie duidelike kontinuïteit in God se omgang met sy volk weerspieël.

Die volk het gevolglik niks om te vrees nie. Al wat hulle in werklikheid moet vrees is dat die band wat daar tussen hulle en Jahwe bestaan, gebreek word. Indien dit sou gebeur sou hulle eie kontinuïteit daarmee saam vernietig word. Daardie deel van die ware Israel wat oorgebly het omdat hulle steeds die verbondsgemeenskap met Jahwe onderhou het, kon daarom steeds onbevrees leef omdat God, wat die *Heilige van Israel* is, as Losser hulle belange op die hart dra (41:10). Te midde van die praktiese werklikheid van ballingskap kan emosionele stabiliteit bereik word onder die besef dat God te midde van alles steeds teenwoordig is (48:12). Hierdie stabiliteit vervul een van die groot kontinuïteitsbehoeftes wat mense in hulle lewens het. Die volk kon gevolglik 'n rustigheid beleef omdat God aktief en reddend teenwoordig was.

Deur die beplande straf en reddingsdade van God, en dit wat Hy van Israel verwag, word die sentrale betekenis van geloof in die Ou Testament voortgesit, naamlik: Israel is Jahwe se volk, en Jahwe is Israel se God (40:1). As gevolg hiervan word Israel, aan wie Jesaja hierdie woorde rig, se identiteit nie net versterk deur die kontinue belofte van God se teenwoordigheid en troos nie, maar moet dit ook 'n hernude vertrouensverhouding met Jahwe tot stand bring wat sal bydra tot 'n hernude identiteitsbesef deur Israel. Ware identiteit word dus in God gevind wat selfs die verlies van identiteit in die ballingskap oorspan. Israel is dus verbonde aan 'n groter geheel. Dit is nie net die ballingskap wat 'n realiteit is nie, maar ook God se voortgesette betrokkenheid by sy volk.

Om die hoorders te laat besef dat Hy werklik teenwoordig is, maak God 'n appèl op beide rede en emosie met die antropomorfiese uitbeelding van 'n gravure van Sion se naam op sy handpalms (49:16). Hierdie segswyse gee kontinuïteit op twee vlakke. Enersyds sal dit waarvoor Sion staan, nooit verdwyn nie want die gegraveerde naam waarborg die permanensie van die een wie se naam gegraveer is. Andersyds word die voortgaande praktiese versorging ook uitgebeeld met die gedagte dat die mure van Sion voortdurend voor die Here is. Twee identiteitsfaktore wat baie sterk identiteitdraend is, word dus verseker, 'n mens se naam en sy woonplek (49:16). Kontinuïteit van landsbesit word verder uitgebrei na almal wat die Here dien ongeag geografiese ligging, aangesien God nie geografies beperk is nie (49:8). Die verbintenis met God gaan gevolglik die verbintenis met die land vooraf. Kontinuïteit lê daarom ook nie in die besit van 'n land opgesluit nie, maar in die verbintenis met God van wie die land ontvang word. Geen god is al vir so lank by sy volk betrokke soos Jahwe nie, en daarom kan die versekerings wat hier gegee word, in al die kontinuïteitsbehoeftes van die individu sowel as die gemeenskap voorsien. Omdat die toekoms uit Jahwe se hande na mense aankom, kan daar vir diegene wat in 'n geloofsverhouding met Hom staan, nie net kontinuïteit in die hede wees nie, maar ook kontinuïteit tussen toekoms en hede. Dit maak dus 'n eskatologiese verwagting moontlik! Hierdie verwagting is nie beperk tot die eerste Israel met wie God die verbond gesluit het nie, maar is inderdaad oop vir alle volke (45:20).

As gevolg van God se reddende werk kom daar ook duidelike diskontinuïteit (41:17). Die swaarkry van die mense wat reageer op Jahwe se selfbekendmaking word gediskontinueer. In die proses om Homself

bekend maak, verhoor Jahwe die gebede van mense, en word hulle swaarkry omgekeer in voorspoed. Sodoende kom daar kontinuïteit in kennis van God, maar ook kontinuïteit in die lewens van mense. God se verhoring van gebede geskied ook nie in afsondering nie, maar voor die oë van ander volke, en so word kennis van God gekontinueer na die ander volke tussen wie Israel in ballingskap verkeer. Deurdat God 'n einde maak aan die swaarkry van sy volk, het die einde van Israel se diensbaarheid aan ander volke dus ook aangebreek (40:9-11).

Diensbaarheid aan Jahwe moes nou weer voortgesit word, omdat daar betaal is vir hulle skuld en die band met God daardeur herstel is. Die volk sou ook terugkeer na Jerusalem onder leiding van God, en sodoende sal Hy verheerlik word. God en sy Woord sal na die terugkeer ook 'n prominente en permanente plek in die lewe van die volk inneem. Terugkeer is dus nie soseer terugkeer na 'n land nie, maar na 'n vertrouensverhouding met Jahwe wat daardie land vir hulle gegee het. Die terugkeer was gevolglik beperk tot die oorblyfsel wat in Jesaja 6 aangekondig is. Saam met die oorblyfsel sou nog baie wat uit ander volke kom, na Sion toe stroom ter wille van die Heilige van Israel. Die verbond word gevolglik uitgebrei na mense wat nie deel van genealogiese Israel is nie. Die redding wat Jahwe bring, is gevolglik nóg tot etniese Israel, nóg tot Sion, nóg tot 'n bepaalde tyd beperk. Die redding wat God bring, deurbreek dus die tydelikheid van die mens se bestaan. Die verwagte redding is nie beperk tot die *Israel van Abraham* met wie God die verbond gesluit het nie, maar is inderdaad oop vir alle volke. Uit al die volke sal die Here die *Israel van God* voortbring. Werklike identiteit word eers gevind deur geloofskontak met God, omdat daar net in kontak met Hom kontinuïteit te vind is wat selfs tyd oorspan. Dit is in daardie identiteit wat 'n mooi toekoms opgesluit lê. 'n Kontinue verhouding met God behels dus nie genealogiese verbondenheid nie, maar wel 'n geloofsverbondenheid. Verbondenheid met God, en nie genealogiese verbondenheid met Abraham wat lankal dood is nie, gee gevolglik werklike kontinuïteit. Terwyl Abraham dood is en geen invloed meer kan uitoefen nie, gaan die lewendes se verhouding met God steeds voort. Die identiteitgewende waarde van die genealogiese verbintenis met die voorgeslagte is in werklikheid dus baie klein, terwyl die verbond met God die ware stabiliserende faktor is (41:21-29).

Twee aspekte is instrumenteel in die tot standkoming van 'n nuwe verhouding met God. Daar moet vir Jahwe 'n pad gemaak word wat deur almal op aarde waargeneem sal word. Verder moet die Woord verkondig word waardeur kennis van God gegee sal word. Om in verbondenheid met God te leef, moet dit wat God gee, gelowig aanvaar word. Ter voorbereiding hiervan verkondig Jesaja die Here so aan sy gehoor dat hulle bemoedig sal word om nie langer teen Hom te rebelleer nie, maar in 'n blywende vertrouensverhouding met Hom, wat getrou bly, te staan (48:12). 'n Blywende vertrouensverhouding word bewerk deur die Woord van God.

Vir die Woord om effektief te wees, moet die mens egter eers daaraan blootgestel word, en daarom moet daar 'n pad voorberei word vir Jahwe in sy voortgaande heerlikheid (40:3-5). Hierdie pad sal nie net al die mense raak nie, maar gekontinueer word na die hele aarde. God se werk sal beide gelowige en

ongelowige raak. Op sy beurt lei hierdie gebeure dan daartoe dat persone buite Israel ook in 'n gekontinueerde verhouding met Jahwe kan staan. Vir die volk van God sal Jahwe se koms 'n blye tyding wees. Vir die wat níe aan die volk van God behoort nie, sal dit egter oordeel en veroordeling tot gevolg hê. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat geen mens die identiteitstrekke wat God gee, kan verontagsaam nie. Alle mense word immers deur dit wat God doen, geraak, hetsy met positiewe of negatiewe gevolge. Die Woord gee lewe en kontinuïteit, maar die Woord kondig ook veroordeling en ondergang aan (40:6-8). Sodoende is kontinuïteit, en daardeur identiteit, vir die mens te vinde in blootstelling aan, asook gehoorsaamheid aan die Woord van God, wat soos Hy, ook ewig is. Die Woord is dus nie vlietend soos wat die mens vlietend is nie, maar onbeperk soos wat God onbeperk is. 'n Mens wat aan God verbind is, is dus nie meer 'n tydelike wese nie, maar het soos God ook 'n ewigheidskarakter (48:12). God kontinueer iets wat in hierdie era tot Hom beperk is, naamlik ewigheid, na die mens deur die redding wat Hy in Christus bewerkstellig. Die persoonlike betrokkenheid van die Here by sy volk van die begin van sy volkswording af en daarna, gee aan die mense wat deel van die volk Israel is 'n staat van eenheid wat nie net oor 'n bepaalde tyd strek nie, maar oor alle tye heen.. Die gevolg van God se reddingswerk op die emosie van die verloste mens is dat hy ewige vreugde sal hê (51:6,8).

Aangesien die redding wat God se Woord bewerk voor die oë van die volke plaasgevind het, ontvang God se Woord, en daardeur Hyself, ook roem en eer. Daar word opdrag gegee aan al die volke, wat oral op die aarde leef, om die lof van die Here te verkondig. Die tema vir hierdie lofpsalm is die groot dade van God. Die lofverkondiging van die Here word egter nie net na ander volke gekontinueer nie, maar ook na die toekoms (42:10-12). Die verkondiging van God se lof mag dus nie beperk word tot 'n bepaalde volk, 'n bepaalde plek, of 'n bepaalde tyd nie, maar moet in die ruimste sin van die woord universeel geskied. Hierdie lof moet kom in reaksie op die optrede van God teenoor die mens. Die roem en eer word verwoord in die lied wat oor Sion gesing word (52:1,2). Die lied sou egter geen inhoud hê as dit nie sou gaan oor God wat Homself aan Sion bekend gemaak het nie. Hy het Homself egter nie net bekend gemaak nie. In sy geregtigheid het Hy sy verhouding met sy volk ook in stand gehou, wat 'n baie belangrike kontinuïteitsfaktor is en gevolglik 'n belangrike gewer van identiteit (42:21). Verbondsregverdigheid stabiliseer met ander woorde die verhouding tussen God en sy volk.

Alhoewel Israel ontrou was in die uitoefening van hulle ware godsdiens, en hulle deur God prysgegee is, het dit nie die einde van die verhouding beteken nie (43:22). God het in sy trou 'n Kneg aangestel wat die verhouding tussen Hom en 'n oorblyfsel sou herstel. Deur 'n geloofsverbintenis met God, kom daar kontinuïteit in die lewe van 'n mens. Hierdie kontinuïteit is nie gereserveer vir Israel of 'n paar individue nie, maar vloei deur die kneg van die Here se werk oor na alle volke. Alle volke kan dus die belangrike identiteitstrek van *kontinuïteit* vind vanuit hulle verhouding met God. Indien 'n hele gemeenskap aan die Here verbonde is, sal daardie verbintenis ook 'n stabiliserende effek op die gemeenskap hê (40:27-31).

Om die gehoorsaamheid aan God te bly behou, moet God se volgelinge voortdurend herinner word aan die eise en seëninge wat die verhouding inhou, en daarvoor is die kultus nodig. Voortdurende dade wat getuig van gehoorsaamheid aan God lei dan daartoe dat iemand op dieselfde wyse bly optree. Sodoende kan diegene wat aan God gehoorsaam is, ook van buite herken word as volgelinge van die Here. Gehoorsaamheid aan God, soos uitgedruk in die kultus, word dan 'n identiteitversterkende element (58:13,14).

Deur verbondenheid met God kom daar dan nie net kontinuïteit vir die individu nie, maar daardeur ook kontinuïteit vir die samelewing. Wanneer 'n persoon of samelewing deur 'n verbond aan die Here verbind is, veronderstel dit bepaalde beloftes aan die Here. Daardie beloftes aan die Here moet op 'n later stadium nagekom word. Sodoende word nie net kontinuïteit gegee nie maar daarmee saam ook identiteit. Die beloftes aan die Here moet ook aan kinders geleer word om op hulle beurt ook hulle kinders te leer om die Here te dien sodat hulle opnuut hulle eie identiteit in *dienaar van God wees* kan vind (41:8,9). Blote bloedverwantskap gee egter nie enige kontinuïteit in hierdie verband nie, omdat die kinders nie noodwendig die belofte wat die ouers aan die Here gemaak het, sal nakom nie.

Vir die ongelowige geslag is daar gevolglik geen kontinuïteit nie, behalwe vir die kontinue straf wat deur God bewerk word. God se werksaamheid word gevolglik na almal gekontinueer. Die gebrek aan 'n verhouding met God lei gevolglik tot emosionele ontwrigting en 'n voortdurende soeke na identiteit (40:3-5).

In die huidige bestel is daar geen werklike kontinuïteit moontlik nie. Werklike kontinuïteit kan slegs verkry word deur middel van 'n totale vernuwing wat net God by magte is om te weeg te bring. Wanneer God egter 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tot stand gebring het, sal die kontinuïteit daarop van so 'n aard wees dat daar glad nie meer aan dit wat daar was, gedink sal word nie. Dit wat kontinuïteit sal ontvang, sal nie net woonplek behels nie. Ook die inwoners sal vernuwe word in elke sfeer van die samelewing. Dit is slegs diegene wat regverdig voor God is, wat die nuwe Jerusalem sal bewoon: mense wat met ander woorde ooreenstem met dit wat God van die mens verwag. As gevolg van volkome regverdigheid, sal die land wat besit word, nie weer verloor word nie, omdat net die behoud-klousule van die verbond in werking sal wees. Dit is egter slegs deur 'n gekontinuïeerde verhouding met die Messias dat mense in staat sal wees om regverdig te bly. Hierdie nuwe kontinuïteit gee hoop vir die toekoms omdat daar nooit weer sprake sal wees van identiteitsverlies nie. Behalwe die voortgesette verhouding met die Messias, sal daar ook 'n voortgesette verhouding met die ander bewoners wees, wat nog verder identiteitgewend van aard sal wees. Dit wat die bewoning van die nuwe Jerusalem so 'n sterk identiteitgewende element maak, is die feit dat twee identiteitgewende elemente aan mekaar gekoppel word, naamlik landbewoning en ware diens aan God. Hulle wat so God-dienend aan Hom verbind is, sal die land ontvang. Nie een van hierdie twee identiteitselemente is van verbygaande aard nie. Aangesien dit nie weer sal gebeur dat die volk uit die land verwyder sal word nie, oorspan hierdie elemente alle

tydsgrense. Eskatologies gesien gaan dit steeds voort met die nuwe hemel en die nuwe aarde. Op hierdie wyse sal 'n absoluut stabiele samelewing tot stand gebring word. Sodoende word die hoogste en finale vorm van emosionele ekwilibrium beleef, wat dan daartoe sal lei dat die ideale en volmaakte identiteit gevind sal word (60:21).

23.1.2 Differensiasie

Differensiasie handel nie oor *dieselfde bly* nie, maar oor *onderskeiding*. Watter faktore maak een persoon anders as 'n ander, of te wel *what sets you apart*?

Tydens die ballingskap het die nageslag van Abraham vermeng geraak met die ander volke wat ook in Babel teenwoordig was. In die proses is Israel en die ander volke grootliks van onderskeidende kenmerke gestroop (43:22). Jerusalem se politieke mag wat die Here aan Dawid gegee het, het verdwyn. Die onderskeidende kultiese gebruike wat in die wet voorgeskryf is en op Sion uitgevoer is, het opgehou bestaan. Israel is ook saam met ander volke in die ballingskap oor dieselfde kam geskeer deurdat God selfs die ban oor Israel uitgespreek het. Hierdie ban is deur Babel voltrek soos wat Israel vroeër die ban oor ander volke moes voltrek. Israel het ook nog hulle vertroue op God verloor, en daardeur ook die differensiasie wat in hulle eie oë tussen hulleself en die ander volke bestaan het (40:27).

Israel kon dus in hulle beskouing van hulleself nie meer differensieer in terme van hulle verkiesing as etniese volk nie. Hulle moes eerder tot die besef gebring word dat nie blote verkiesing nie, maar geloof in God die deurslag vir hulle en die ander volke gee. Blywende identiteit wat voortspruit uit 'n verhouding met Jahwe, was immers nie meer toegespits op 'n bepaalde etniese groep nie, maar is uitgebrei na mense vanuit die totale wêreldbevolking (40:3-5).

Daar sou gevolglik eers ná die eksodus uit Babel weer gedifferensieer kon word tussen díe volk van God, en die res. Baie van dié wat uit Israel weggevoer is, het verkies om in Babel agter te bly. Dié wat uit eie keuse agtergebly het, het mettertyd die differensiërende kenmerke wat eie aan die oorspronklike verbondsvolk was, verloor. Dit het in so 'n mate geskied dat hulle nie meer van buite geëien kon word as oorspronklik deel van die verbondsvolk nie (41:10). Dié wat teruggetrek het na Jerusalem sou wél geëien kon word as deel van die volk van God, nie op grond van etniese waarneming nie, maar op grond van hulle onderhouding van die verbond. Uit Esra 10 word dit byvoorbeeld duidelik dat dit vir dié wat teruggekeer het, van groter belang was om die verbond met God te onderhou, as wat dit was om huweliksverbintenisse met vroue wat buite die verbond met God was, te onderhou.

In relasie met God kom daar dus 'n dramatiese wending. Inwoning in 'n bepaalde stad of sosiale aanvaarbaarheid verskaf nie meer die hoogste mate van identiteit nie, maar die innerlike identiteitswaarde wat uit die verhouding met God geput word. Sodoende kan selfs vroeëre

uitgeworpenes, soos ontmandes en heidene, ername kry wat op die mure van die tempel geskryf sal word. In die verhouding met God tel sosiaal differensiërende identiteitsmaatstawwe met ander woorde nie meer nie, maar word dit met nuwes vervang. Differensiërende kenmerke soos onderhouding van die sabbatte en lewe volgens die verbond, word nou die maatstaf waarmee volkskap gemeet word. Hierdie volk sal na die heilige berg toe gebring word, en die tempel sal 'n huis van gebed wees vir alle volke (56:4,5).

Dié wat teruggekeer het, het gevolglik nie net *anders wees* in hulle gehad nie, maar ook *eenders wees*. Hulle was anders as die volkere in Babel as gevolg van hulle geloof in God en daarom het hulle teruggekeer. Hulle was egter ook *eenders* omdat almal aan die Heilige van Israel verbonde was. Sodoende kon die kultiese gebruike op Sion hervat word ter wille van Jahwe.

23.2 Funksionele aspekte van identiteit

Om 'n bepaalde identiteit te hê, dien 'n positiewe doel. Dit help die houer van daardie identiteit om bepaalde keuses te maak, te beplan, die gemeenskap mee te stabiliseer en beheer oor sy omgewing uit te oefen. Dit help ook met heroriëntering na 'n terugslag.

23.2.1 Waardes en prioriteite

Israel het nie hulle waardes en prioriteite deur die Tora laat bepaal nie. Indien die Woord van God normatief in hulle lewe was, sou die Woord wat onverganklik is, hulle keuses laat maak het wat die gemeenskapslewe sou stabiliseer. Sodoende sou die gemeenskap nie aan die verganklikheid onderworpe geraak het wat prakties in die ballingskap na vore gekom het nie (40:6-8). Israel het in die maak van keuses klaaglik misluk om die Woord as meetinstrument onder alle omstandighede te gebruik. Sy geskiedenis is daarom gekenmerk deur ongehoorsaamheid aan die Woord eerder as deur gehoorsaamheid daaraan. Israel se geskiedenis getuig gevolglik deurgaans van sy mislukte identiteitsvertoning omdat hy nie die doel van sy bestaan gesien het as in diens van God nie. Daarom was hy ook nie gehoorsaam aan die riglyne wat God gestel het vir diens aan Hom nie (43:22-28).

Die uitset wat Israel in sy volksbestaan gelewer het, is met ander woorde nie deur die Woord van God bepaal nie, maar deur die waardes van die omringende nasies. Israel het keer op keer gekies vir wat verganklik is, en daarmee sy waardes wat hy toegeëien het, vertoon. Indien Israel sy waardes en prioriteite laat bepaal het deur die Woord wat onverganklik is, sou dit ook aan hom kontinuïteit besorg het (40:6-8).

In die nuwe Jerusalem sal die fokus nie val op die glorie van die stad nie, maar op die teenwoordigheid van God daarin. Daar sal ook kontinuïteit in die gedrag van die inwoners wees omdat almal dieselfde waardes sal hê (51:17).

23.2.2 Interpersoonlike self

Interpersoonlike self het te make met sosiale rolle wat vervul moet word, asook die persoonlike reputasie wat daaraan verbonde is. Dit vorm deel van die netwerk van sosiale verhoudings waarbinne 'n persoon staan.

Die sosiale rolle wat Israel op interpersoonlike vlak vervul het, is na die teruggekeer uit ballingskap duidelik deur die verbond met God bepaal. Toe die verhouding met die vreemde vroue die verhouding met God onder spanning geplaas het, is die verhouding met God eerder gehandhaaf (41:10). Die rolle wat in die gemeenskap vervul is, is met ander woorde nie langer na eie goeddunke vervul nie, maar in ooreenstemming met die Tora wat van God ontvang is (42:21). Dit is gevolglik duidelik dat daar na die ballingskap identiteitsherstel plaasgevind het.

23.2.3 Individuele potensiaal

Individuele potensiaal het te maak met die vermoë van 'n persoon om sy inherente potensiaal te verwesenlik.

As gevolg van 'n breuk in kennis van God, het daar 'n situasie ontstaan waarin Israel vir Jahwe begin wantrou het. Die potensiaal wat God in Israel ingebou het om Hom te bly verteenwoordig, het daarom nooit blywend gerealiseer nie (40:6-8). Indien hulle Hom sou bly wantrou, sou daar geen redding vir hulle moontlik wees nie, en gevolglik sou die potensiaal vir die volk om homself as kneg van Here te verwesenlik, nie kon realiseer nie. God sou egter op kreatiewe wyse deur sy Woord 'n nuwe potensiaal vir Homself skep om aan die wêreld bekendgemaak te word.

Die goeie nuus dat Jahwe as die oorwinnende Koning na sy volk teruggekeer, moet oral en vir almal uitgeroep word. As die sterk Koning wat sorg, is Hy persoonlik by sy volk teenwoordig. Omdat Hy teenwoordig is, en deur sy Woord regeer, sal die wat aan Hom behoort nie weer in die verleentheid kom nie (40:9-11). Dit is ook nie vir die volk nodig om hulle daarop in te stel dat hulle permanent in 'n vreemde land sal bly nie, want God het weer die volk, en die verlossing van die volk, vir sy rekening geneem (49:8).

Dit is egter nie net God wat sy verhouding met sy volk voortsit nie, daar word van die volk verwag om ook hulle verhouding met Hom voort te sit (40:3). Dit is net deur so 'n verhouding dat die volk die potensiaal wat hulle gehad het om as kneg van die Here op te tree, sou kon verwesenlik.

23.3 Die selfdefiniëringsproses

Selfdefinisie het te make met die verwerwing en/of toe-eiening van identiteitskomponente. Dit verloop in vier stadia wat begin by komponente wat eenvoudig aan 'n individu oorgedra word en eindig by keuses wat op grond van 'n verworwe identiteit gemaak moet word.

Israel is in sy selfdefiniëringsproses aan verskeie invloede onderwerp. Van hierdie invloede het afgodsdiens, hiërargies gesien, een van die grootste invloede gehad. God maak Homself egter bekend as die Een wat nie subjektief en gefragmenteerd definisie aan gebeure gee nie, maar openbaring in die volle sin van die woord. Die openbaring wat God gee, maak dit duidelik dat die mens nie net 'n deel van sy lewensvervulling in God kan vind nie, maar sy volle doel sowel as die vervulling van daardie doel (44:6). Vir sy selfdefinisie, en die uitleef van daardie definisie, het die mens dus net vir God nodig. Aangesien God ook die ewige Koning is, sal die mens sy identiteit kan bly uitleef solank hy aan God verbonde is.

23.3.1 Oorgedraagde komponente

Die eerste stadium in die definiëring van identiteit is 'n passiewe ontvangs van bepaalde identiteitskomponente. Identiteit wat op hierdie wyse verkry word, word 'n standvastige identiteitselement gemaak deur die passiewe rol wat die ontvangers hierin speel (43:1-7).

Dit wat Israel in die heel eerste plek van die Here ontvang het, is die verbond. Israel is daardeur aan Jahwe verbind as sy kneg (41:8,9). Gevolglik moet nie verbondenheid aan die land van geboorte of etnisiteit as oorgedraagde identiteitskomponent aan die volgende geslag oorgedra word nie. Wat wel oorgedra moet word, is kennis van die verbond en die Tora wat daardie verbondsverhouding reël (42:21). Gehoorsaamheid aan God moet dus oorgedra word, wat dan besit van die land tot gevolg het (49:8).

Kinders behoort op hulle beurt ook hulle kinders te leer om die Here te dien sodat hulle opnuut hulle eie identiteit in *kneg van God wees* kan vind (Deut 31:12). In die nakom van die belofte om die Here te dien lê daar gevolglik ook kontinuïteitsmoontlikheid vir mense uit ander volke. 'n Voorbeeld hiervan is Rut wat gekies het om die Here te dien. Blote bloedverwantskap wat oorgedra is, gee dus nie enige kontinuïteit in hierdie verband nie, omdat die kinders nie noodwendig die belofte wat die ouers aan die Here gemaak het, sal nakom nie. Rigters 2:10 maak hiervan melding wanneer gesê word dat die volk die Here gedien het, so lank as wat Josua geleef het. Die volgende geslag het egter nie die Here geken nie, en dus ook nie die Here gedien nie. Die rede hiervoor was die gebrek aan die oordra van die kennis van Jahwe deur die ouers. Wat met ander woorde eerstens aan kinders oorgedra moet word is nie kennis van die volk aan wie hulle behoort nie, maar kennis van die God aan Wie hulle behoort (41:8).

Vir vandag beteken dit dat hierdie beginsel reeds van kleins af aan kinders van gelowiges gekommunikeer moet word aangesien die kerk individuele gelowiges vooraf gaan. Dit is deel van die rasionaal waarom kinders van gelowiges gedoop word. Kinders ontvang sodoende die belofte van 'n blywende identiteit omdat die kerk, as liggaam van Christus, gelowiges tot gevolg het en nie gelowiges 'n kerk nie. Indien daar geen geloof in God is nie, kan hierdie identiteitgewende faktore egter nie aanwesig wees nie, en daarom moet dit wat beloof is, as oorgedraagde komponent gelowig aanvaar word (49:16).

23.3.2 Enkel transformasie

Die tweede stadium in die definiëring van identiteit is duidelik gedefinieerde gebeure, soos byvoorbeeld die proses van geboorte skenk, waardeur 'n vrou 'n moeder word.

Die verbond is in die selfdeniëringsproses deur middel van 'n enkel transformasie deur besnydenis, na die volgende generasie oorgedra. Die aanbring van die besnydenis as verbondsteken het egter nie vanselfsprekend gelei tot gehoorsaamheid aan daardie verbond nie (40:3). Die ontvangers van die besnydenis het immers volgens Jesaja 1-39 keuses gemaak wat nie by die verbond gepas het nie. Die gevolg van hierdie ongehoorsaamheid was die ballingskap wat ook as 'n proses van enkel transformasie beskryf kan word. Israel is in ballingskap weggevoer, wat hulle in 'n enkele proses ballinge laat word het.

Alhoewel die ballingskap in 'n enkel transformasie plaasgevind het, sou die herstel nie deur so 'n proses plaasvind nie (40:21-26). Israel se transformasie van ballinge na 'n geredde volk, sou deur middel van 'n selfdefiniëringsproses plaasvind. Deur middel van hiërargiese kriteria sou hulle weer 'n volksidentiteit moes konstrueer. Die eerste stap in hierdie proses was om opnuut kennis te gee van God se mag oor beide skepping en geskiedenis. Israel se identiteit moes immers gebou word op die basis van hulle verbintenis met God.

As teken daarvan dat herstel wel ná die ballingskap plaasgevind het, het God aan Israel 'n nuwe naam gegee. Naamgewing is ook 'n enkel transformasie proses. In Ou-Testamentiese tye is naamgewing gesien as sinoniem met die vermoë om beheer oor die benoemde uit te oefen (62:2-5). Dit is egter steeds 'n algemene waarheid dat die benoeming van iets of iemand, orde in chaos skep, aangesien naamgewing die relasionele verbintenis met die omgewing bepaal. Die gebruik van 'n naam is verder ook 'n hanteringsmeganisme om die draer van die naam in 'n bepaalde rigting te stuur. 'n Naam gee gevolglik die vermoë om die omgewing te definieer en te beheers. Aangesien Sion voor die ballingskap *verstote vrou* genoem is, sou sy dienooreenkomstig tydelik geen versorging en beskerming van Jahwe ontvang nie. God het egter deur sy eie optrede die verhouding met Sion in so 'n mate herstel dat haar nuwe naam, *my vreugde is in jou,* aandui dat Hy nou vreugde uit haar put. Die naamsverandering het met ander

woorde ook 'n identiteitsverandering teweeggebring. Hierdie nuwe karakter sal vir die volk van God nuwe moontlikhede oopmaak. Aan die een kant bied die nuwe naam toegang tot God, wat tot voordeel van die nuwe volk is. Aan die ander kant is die nuwe volk egter nie ter wille van homself daargestel nie, maar ter wille van Jahwe in Wie se hand die nuwe volk soos 'n kroon is. Die nuwe volk moet Hom gevolglik bekend maak as die ware Koning omdat net Hy die vermoë het om so 'n nuwe volk tot stand te bring. Die nuwe naam gee daarom vir die volk antwoorde op twee identiteitsvrae. Die een vraag wat beantwoord word is: "Wie is ons?" Die ander vraag wat beantwoord word is: "Wie s'n is ons?" Aangesien 'n naam die etiket is waaraan die res van die identiteit verbind word, het 'n naam wat duratief van aard is, 'n baie duidelike effek op identiteit (62:2-5). Hierdie nuwe naam wat Jahwe gegee het moet deur die volk toegeëien word en sal dan vir hulle lei tot 'n nuwe lewenswyse.

23.3.3 Hiërargiese kriteria

Die derde stadium van die selfdefiniëringsproses is wanneer 'n persoon vanuit die verskillende opsies wat in 'n multidimensionele samelewing beskikbaar is, 'n identiteit konstrueer.

Israel is in sy selfdefiniëringsproses aan verskeie invloede onderwerp (44:6). Van hierdie invloede het afgodsdiens, hiërargies gesien, een van die grootste invloede gehad.

Omdat die vertrouensverhouding tussen Jahwe en ou Israel afgesny is, en hierdie afsnyding deur die ballingskap bevestig is, sou Israel in sy herstel weer deur 'n selfdeniëringsproses moes gaan. Deur middel van hiërargiese kriteria sou die nuwe Israel weer 'n volksidentiteit moes konstrueer. Die eerste stap in hierdie proses was die gee van kennis van God. Israel se identiteit moes immers gebou word op die basis van hulle verbintenis met Hom (40:21-26). In relasie met God kom daar 'n dramatiese wending. Nie inwoning in 'n bepaalde stad of sosiale aanvaarbaarheid gee meer die hoogste mate van kriteria waarmee identiteit gekonstrueer word nie, maar die innerlike identiteitswaarde wat uit die verhouding met God geput word (56:4). Die identiteitselement van *slaafwees* wat by Israel in ballingskap bestaan het, word dan deur God omgekeer. Israel hoef nie langer slaaf te wees nie, maar uit sy verbondenheid met God word daar nou 'n identiteitsmoontlikheid gegee wat toegeëien kan word, naamlik *kudde van God* (40:9-11).

God baan ná die ballingskap die weg vir al die volke van die aarde om deel van sy volk te word. Alhoewel ou Israel as gevolg van hulle gebrek aan gehoorsaamheid hulle identiteit as *volk van God* verloor het, begin God met identiteitsherstel. Daar vind tegelykertyd ook identiteitsvorming plaas vir daardie volke wat nie vantevore deel van God se volk was nie, en nou die geleentheid kry om deel van God se volk te word. Die begrip "*volk van God*" kan in hierdie lig gesien, nie langer genealogies gedefinieer word nie (40:2). Vroeëre uitgeworpenes, soos ontmandes en heidene kan nou ook deel word van God se volk. In die verhouding met God tel sosiale identiteitsmaatstawwe met ander woorde nie

meer nie, maar word dit met nuwe waardes vervang. Onderhouding van die sabbatte en lewe volgens die verbond, word nou die kriteria waarmee volkskap gemeet word (56:4,5).

Die sleutel om alles wat God beloof het te ontvang, lê opgesluit in die aksie om na Hom te luister (55:1-3). Deur te luister, kom daar 'n verandering in denkwyse en 'n verskuiwing in lojaliteit. Dit wat self verdien kan word, of, anders gesê, selfverdiende brood, gee nie meer die deurslag in identiteitsvorming nie. In relasie met God word brood nie meer uit eie arbeid verwag nie, maar van 'n Goddelike oord. Daar is dus alternatiewe brood beskikbaar wat ware vreugde gee. Hierdie brood is egter vanuit die ongelowige se oog beskou *gevaarlike brood,* omdat dit vereis dat 'n mens jouself prysgee. Vir die ongelowige is die identiteitgewende faktor in sy lewe, juis hyself. Vertroue op God bring egter weer 'n ware sinvolle lewe vir die gelowige mens terug omdat 'n mens nie meer in die *"rotresies" geleef word* nie, maar self leef met God se sorg (55:1-3). Sodoende word 'n kontinue identiteit ontvang omdat God, na Wie geluister word, ewig en betroubaar is. As daar nie op die Woord ag gegee word nie, lei die lewe tot die versamel van aardse goed, sonder dat die ware skat wat blywende krag en geluk bring, gevind word.

### 23.3.4 Keuses

Die finale fase in die selfdefiëringsproses, is die maak van keuses. In hierdie fase word aangetoon watter identiteitskomponente toegeëien is.

Uit die behandeling van Jesaja 1-39 het dit duidelik geword dat die ontvangers van die besnydenis nie keuses gemaak het wat by die verbond pas nie. Die wat ná die ballingskap by die Here betrokke wou wees, moes in geloof die bewuste keuse maak om dit te doen (40:1). Die eerste keuse wat gemaak sou moes word, sou egter wees om na die profete van Jahwe te luister. *Luister* veronderstel dus die doelbewuste keuse om na God te kom (55:1-3).

Aan mense wat die vermoë van God betwyfel om te red, en te bly red, word gevra of hulle onkundig is oor dit wat Hy in die verlede laat gebeur het. Die antwoord vir hierdie onkunde is dat God nie beperk is tot die verlede nie (40:27-31). Hy transendeer die tyd, en as ewige God kan Hy krag aan mense bly gee omdat Hy dinamies en aktief by mense betrokke bly. Wanneer mense die Here so leer ken, moet die keuse gemaak word om die verbond toe te eien (41:8,9).

Toe-eiening van die verbond word onder andere weerspieël in die gelowige uitvoer van voorgeskrewe kultiese handelinge. Indien dit nie met die gepaardgaande innerlike opofferende ingesteldheid gepaard gaan nie, word dit nie gedoen ter wille daarvan om die verhouding met God te versterk nie. Omdat ou Israel se kultiese handelinge daarop gerig was om God tot hulle eie voordeel te probeer manipuleer,

bewys dit dat Israel nie sy identiteit as volk van God volledig geïnternaliseer het nie. Die gevolg hiervan was dat hulle nie keuses gemaak het wat pas by 'n verhouding met God nie (43:22).

Dit is daarom nodig dat diegene wat as God se kinders geroep is, die identiteit van "*Jahwe s'n*" wat hulle ontvang het, aktief moet toe-eien (43:1-7). Dit is egter moontlik dat omstandighede so 'n verblindende uitwerking kan hê dat nóg die teenwoordigheid van God, nóg die identiteit wat sy teenwoordigheid moontlik maak, werklik deurdring tot die ontvangers daarvan. Jesaja gee daarom 'n nuwe punt van oriëntasie waarvandaan daar 'n doelbewuste identiteitsverskuiwing vir die seuns en dogters van God moet kom. Hulle moet ophou om aan hulleself te dink as slawe van Babel en eerder aan hulleself begin dink as kinders van God, aan wie Hy sy Naam gekoppel het. Hierdie identiteit kan op elke geografiese plek deur mense ervaar word omdat God Homself aan mense verbind en nie aan plekke nie.

Indien daar verder ook onder die besef geleef word dat die gebeure wat op 'n bepaalde tydstip besig is om plaas te vind, nie deel van 'n lukraak sameloop van omstandighede is nie, maar deel is van geskiedenis wat onder beheer van God is, sal dit lei tot 'n vertrouensverhouding tussen daardie persoon en God. Op sy beurt sal dit lei tot die keuse om aan Hom gehoorsaam te wees (48:12).

Om in die maak van keuses nie met God se magtige teenwoordigheid rekening te hou nie, sou selfvernietiging tot gevolg hê. Indien bannelinge uit eie keuse aan Babel getrou sou bly, sou hulle daarmee bevestig dat hulle nie deel is van die verbondsvolk nie (41:10). Die terugvoer wat Jahwe op grond van die regsprosesredes wel van die volk verwag het, was dat hulle die verbond met Hom, as die enigste God, sal erken en onderhou (41:21).

In Sion sal wetsonderhouding, wat een van die diagnostiese kenmerke is waarmee geestelike toestande gemeet word, innerlike identiteit weerspieël. 'n Identiteit wat deur God gevorm word, vind met ander woorde uitrukking in uiterlike gehoorsaamheid aan die Hom. Formalistiese wetsonderhouding alleen het egter geen waarde nie (56:4,5).

Na die ballingskap sou identiteitsversterking weer plaasvind. Dit sou volg uit die verbintenis met Jahwe wat op Sion aanbid word, maar sonder die uiterlikheid van voor die ballingskap. Dié wat na Sion opgetrek het, sou dit immers doen ter wille van Jahwe self (43:22). Die verkondiging van God se lof sou die uiteindelike bevestiging wees dat die nuwe Israel die keuse gemaak het om Jahwe te dien (52:1,2). Dit is 'n baie sterk identiteitgewende element, omdat alle tyd en alle grense oorspan word wanneer God se lof besing word (42:10). Al die volke, wat oral op die aarde leef, kry daarom ook die opdrag om die lof van die Here te verkondig. Die tema vir hierdie lofpsalm is die groot dade van God (42:10). Die lofverkondiging van die Here word nie net na ander volke gekontinueer nie, maar ook na die toekoms. Die verkondiging van God se lof mag dus nie beperk word tot 'n bepaalde volk, 'n bepaalde plek, of 'n bepaalde tyd nie, maar moet in die ruimste sin van die woord universeel geskied. Hierdie lof moet kom

in reaksie op die optrede van God teenoor die mens. Op hierdie manier word 'n persoon, ook wat die aspek van lofbetuiging betref, gedwing om oor tyd heen dieselfde persoon te bly. Dit versterk die identiteitsgevoel geweldig. Ware Godsdiens gee dus in hierdie opsig identiteit wat nie tyd-, plek-, of kultuurgebonde is nie.

Die optrede van God teenoor die mens is iets wat die afgode Jahwe nie kan nadoen nie. Die rede hiervoor is dat die afgode dooie goed is. Teen hierdie agtergrond gesien, moet die kerk besef dat elke teenwoordige plek en tyd die plek en die tyd is waar God se lof besing moet word, omdat Hy reddend teenwoordig is. God se lof staan dan so op die voorgrond dat alle skeidende elemente daardeur oorskadu word en die lofsangers saamgebind word met 'n enkele korporatiewe identiteitselement van lof aan God (42:10). Eskatologies gesien, sal dit prakties voleindig word wanneer letterlik elke knie voor Hom sal buig.

23.4 Identiteitsisteme

Geen persoon of volk leef binne 'n vakuum nie. Daarom is daar verskillende invloede wat van buite op 'n persoon of groep inwerk en 'n beduidende rol speel in identiteitsvorming. Omdat identiteit nie inherent is, maar in 'n gelyklopende proses toegeken en opgebou word, speel terugvoer 'n beduidende rol daarin.

23.4.1 Terugvoer

Op grond van die faktore wat inwerk, begin persone of groepe bepaalde sosiale rolle vervul. Die eerste invloed wat aanleiding gee tot 'n bepaalde sosiale rol, is terugvoer wat van buite ontvang, geïnterpreteer en toegepas word. Die terugvoer wat ontvang word, word egter met 'n interne identiteitstandaard gemeet. Volgens hierdie standaard word bepaal of terugvoer wat ontvang is, belangrik genoeg is om 'n identiteitsaanpassing te maak of nie.

Die feit dat Israel, ten spyte van vroeëre waarskuwings deur die profete, keer op keer gekies het vir wat verganklik is, het getoon dat hulle nie gedink het dat die boodskappe van die profete belangrik genoeg is om 'n identiteitsaanpassing te maak nie. Daarmee het hulle ook die waardes wat hulle toegeëien het, vertoon (40:6-8). Die uitset wat Israel in sy volksbestaan gelewer het, is sodoende nie deur die Woord van God bepaal nie, maar deur die waardes van die omringende nasies. Die gevolg daarvan was dat hulle, soos alles, self ook verganklik en in transito gebly het. Jesaja word egter geroep om juis aan hulle 'n goeie boodskap te bring (40:1).

As gevolg van 'n breuk in kennis van God, het daar 'n situasie ontstaan waarin Israel vir Jahwe begin wantrou het (40:21-26). Indien hulle Hom sou bly wantrou, sou hulle nie die terugvoer wat hulle van Hom ontvang ernstig opneem nie. Sodoende sou daar geen redding vir hulle moontlik wees nie. Die volk

se kennis van Jahwe moet opgeknap word sodat hulle weer kan besef dat al die mag op aarde aan Hom behoort, ook die mag wat oënskynlik aan die heidense heersers behoort. Hierdie mag sal nou gebreek word ten gunste van die mag van Jahwe. Wanneer Israel dit besef, sal hulle identiteit ook nie gevorm word deur hulle slaafwees van onmagtige heersers nie, maar deur onderdanigheid aan die Koning van die konings. Ten spyte van die uiterste tugmiddels wat God in die lewe van Israel aanwend, het daar steeds geen verandering in die gedrag en lewe van die grootste deel van Israel gekom nie (43:1-7).

Uit die manier waarop Jesaja sy hoorders aanspreek, word dit duidelik dat daar by hulle opposisie en skeptisisme is. Diegene wat na hom luister, het oortuigings wat in tye van swaarkry opgebou is, en daarvan sal hulle nie maklik afsien nie (40:12-31). Die realiteit het hulle, volgens hulle eie opvatting, immers geleer dat verlossing baie lank uitgebly het, en dat die uitkoms wat Jesaja aangekondig het, nie ligweg sal plaasvind nie. Jesaja roep egter oral en vir almal die goeie nuus uit dat Jahwe as die oorwinnende Koning na sy volk teruggekeer (40:9-11). Alle mense moet dus blootgestel word aan die identiteitsvormende effek wat die ewige Woord van God het. Dit is egter nie net God se Woord wat identiteit gee nie. Hy is persoonlik by sy volk teenwoordig, en ware identiteit kom daarom uit 'n direkte verhouding met Hom. Omdat God teenwoordig is, en deur sy Woord regeer, sal die wat aan Hom behoort ook nie weer in die verleentheid kom nie. Hulle sal ook kan sin maak uit die verwarrende omstandighede wat in die wêreld aangetref word, omdat die betekenis van die wêreldgebeure deur God geopenbaar word (48:12).

Die identiteit wat die nuwe Israel sal hê, sal dus nie 'n identiteit wees wat deur hulleself uitgewerk is nie (41:8,9). Dit sal 'n identiteit wees wat hulle van God ontvang. Gevolglik is dit nie 'n sosiaal gekonstrueerde identiteit nie, maar 'n deur Jahwe gegewe identiteit. Om hierdie nuwe identiteit te verwerf sal die volk hulleself moet losmaak van hulle ou identiteit wat hoofsaaklik genealogies, kultus en sosiaal bepaald was, en hulleself in die eerste plek aan Jahwe verbind. Hulle sal daardeur outomaties ook aan die ander lede van die volk wat ter wille van Jahwe na Jerusalem kom, verbind word.

Indien daar slegs vanuit die verhouding met die enige Here na die lewe en die oorsprong van dinge, asook die doel van die lewe, gekyk word, verdwyn die kontradiksies in die lewe grootliks, omdat daar dan slegs een allesomvattende raamwerk is vanwaar die totale lewe hanteer word (48:12). Sodoende word nie net 'n mens se verhouding met God gestabiliseer nie, maar ook jou verhouding met jouself en die res van die mense saam met wie jy leef. Die terugvoer wat vanuit die verhouding met God ontvang word, vorm dan nie net jou eie identiteit nie, maar dit dra ook by tot die identiteit van die wyer gemeenskap waaraan jy behoort.

23.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie

Identiteit word nie net bepaal deur die persoon wat besig is om sy identiteit op te bou nie. Dit word ook deur die samelewing waarbinne daardie identiteit opgebou word, waargeneem. Sodoende kan 'n bepaalde persoon op grond van al die identiteitstrekke wat hy vertoon, later weer geïdentifiseer word. Deurdat buite-persone die identiteit van iemand waarneem, kom daar mettertyd gedragsverwagtings en kan daar later selfs gedragsvoorspellings gemaak word oor hoe hy of sy binne bepaalde omstandighede sal optree. Indien die heridentifiseerbare trekke op 'n later tydstip nie meer vertoon word nie, sal die verbintenis wat met daardie persoon bestaan, verbreek word.

Israel se geskiedenis is gekenmerk deur ongehoorsaamheid aan die Woord. Die gevolg hiervan was dat God Israel verlaat het, en dat sy *verstote vrou* genoem is. Met hierdie benaming word Israel dus van buite herken as iemand wat geen beskerming geniet nie en geen versorging ontvang nie. Jahwe bevestig hiermee Israel se gedrag om voortdurend die verhouding met Hom te verontagsaam. Jahwe het egter deur sy eie optrede die verhouding met Sion in so 'n mate herstel dat sy 'n nuwe naam, *my vreugde is in jou,* ontvang. Daardeur sal sy voortaan van buite herken word as iemand wat aan Jahwe vreugde verskaf (62:1-5).

Die identiteit wat Jahwe aan die nuwe Israel gee, gaan egter ook gepaard met 'n nuwe naam. 'n Naam wat ook op die hand geskryf word sodat dit deur almal van buite herken kan word. Die een op wie se hand dit geskryf word, ontvang dit sodat hy self sal onthou aan Wie hy behoort. Dit is die waarde wat simbole in die geloofsgemeenskap het, naamlik om te herinner, en om van buite herken te word (56:4,5).

Om gehoorsaamheid aan God te bly behou, moet sy volgelinge voortdurend herinner word aan die eise en seëninge wat die verhouding inhou, en daarvoor is die kultus nodig. Voortdurende dade wat getuig van gehoorsaamheid aan God lei dan daartoe dat iemand op dieselfde wyse bly optree. Sodoende kan diegene wat aan God gehoorsaam is, ook van buite herken word as volgelinge van die Here (49:8).

Deur uiterlik sigbare gehoorsame optrede aan Jahwe word die *uitverkore volk* nou vervang met die *belydende gemeenskap.* Diegene wat ná die ballingskap in verbondenheid met Jahwe sou leef, sou dan as ware aanbidders geëien word. Die kultus is immers nie meer 'n nasionale aksie nie, en daarom kan die ware aanbidders as sulks van buite geëien word (56:4).

23.4.3 Korporatiewe identiteit

Groepe word deur gesamentlike identiteitstrekke aan mekaar verbind. As gevolg van díe verbintenis word 'n groepsidentiteit opgebou wat tot gevolg het dat die groep as 'n eenheid kan funksioneer.

In Jesaja 40-66 hou God die verhouding tussen Homself en Israel in stand as gevolg van sy getrouheid aan sy verbond met Abraham. Dit gebeur omdat God vir beide Abraham en sy nageslag, korporatief as kneg van die Here sien (41:8,9). As gevolg van sy regverdigheid het God vir Israel ook korporatief in ballingskap laat gaan. Met die herstel ná die ballingskap keer Israel egter nie korporatief terug nie, maar vind die terugkeer eerder individueel plaas. Individue hoef nie langer slawe te wees nie. Omdat God voor die terugkerendes uit trek na Sion, en Hy hulle daar ook verder sal lei, kom daar nou 'n identiteitselement in die lewe van die volk, naamlik *kudde van God*. Alhoewel individue sal terugkeer, is hulle egter as terugkerendes korporatief aan mekaar verbind as enkele *kudde van God*. Identiteit binne die nuwe Israel kan daarom beide korporatief en individueel beleef word (40:9-11).

God bewerk egter ook nog 'n verdere korporatiewe element. Soos wat Hy in die begin die aarde geskep het, so het Hy in 'n herskeppingsdaad ook vir Israel herskep uit die chaos van ballingskap en vanuit verskillende volke. Individuele gelowiges word nou saamgevoeg in 'n belydende gemeenskap, ongeag etniese verbintenis (43:1-7).

Die identiteitsgevoel wat by die nuwe volk van God kan ontstaan, kan dus baie sterker wees as die identiteit wat ou Israel op sy eie gehad het, omdat die nuwe identiteit van God se volk landsgrense en etnisiteit oorspan. Sodoende word 'n korporatiewe identiteit vir God se volk gekonstrueer wat sy volk oor die wêreld heen, en oor tyd heen, in staat stel om in hulle gedrag as 'n enkele groep te funksioneer (40:2).

In die lig van bostaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die nuwe *Israel* as entiteit eerder 'n godsdienstige as politieke of genealogiese konsep is (41:8,9). Binne hierdie nuwe volk van God met sy korporatiewe identiteit staan God se lof so op die voorgrond dat alle skeidende elemente daardeur oorskadu word en die lofsangers saamgebind word met 'n enkele korporatiewe identiteitselement van, lof aan God. Eskatologies gesien, sal dit prakties voleindig word wanneer letterlik elke knie voor Hom sal buig (42:10-12).

Opsomming

Wanneer Jesaja 1-39 met 40-66 vergelyk word, word dit duidelik dat Israel deur 'n tydperk van identiteitsdegenerasie gegaan het. Die straf wat Jesaja oor Israel aangekondig het, is in die ballingskap voltrek. Ná die ballingskap werk God identiteitsgenererend deur die Kneg. Nie net word daar in die plek van die historiese Jerusalem 'n nuwe Jerusalem deur God opgerig nie, maar Hy rig dit op om permanente inwoning te verskaf vir dié wat aan Hom verbind is.

Israel sal voortaan nie meer die identiteit van 'n ballingskapslaaf hê nie, maar die identiteit van *kind van die oorwinnende Koning*. Die einde van Israel se diensbaarheid aan ander volke het dus aangebreek.

Deur die Kneg is daar betaal vir hulle skuld, en daardeur is die band met God herstel. Die nuwe Israel sal vanuit al die nasies en windrigting optrek na Jerusalem onder leiding van God, en sodoende sal Hy verheerlik word. God en sy Woord sal ná sy terugkeer 'n prominente en permanente plek in die lewe van die volk inneem. God as Redder, en sy Woord wat ewig is, sal gevolglik voortgang in die lewe van die volk gee.

God bewerk nie net 'n individuele verbintenis met Homself nie, maar daar kom ook 'n onderlinge identiteitsversterkende verbintenis tot stand tussen die lede van die groep waaraan Hy Homself verbind het. Dit is dus nie net individue se verhoudings wat gestabiliseer word nie, maar 'n hele gemeenskap se verhoudings word gestabiliseer en staan selfs eskatologies vas. Dit wat God verwag van hulle wat hierdie identiteit ontvang het, is om Hom te eer.

# HOOFSTUK 6: DIE KNEG VAN DIE HERE.

## 1. Jesaja 42:1-9, 49:1-6, 50:4-9, 52:13-53:12:

Die eerste van die sogenaamde Knegliedere word in Jesaja 42 aangetref. Alhoewel daar meningsverskille bestaan oor die presiese afbakening van die Knegliedere, is daar eenstemmigheid daaroor dat die Knegliedere ten minste uit die volgende verse bestaan: (1) 42:1-4 (soms ook saam met verse 5-7), (2) 49:1-6 (soms word vers 7 bygevoeg), (3) 50:4-9 (soms word verse 10,11 bygevoeg) (4) 52:13-53:12 (West, 1981:399; Haag, 1985:6, Blenkinsopp, 1997:155).

Die rede waarom hierdie vier liedere onder 'n aparte hoof in hierdie studie behandel word, kan in die woorde van Dumbrell (1989:105) soos volg saamgevat word: "The role of the servant figure in Isaiah 40-55 is instrumentally and integrally bound up with the redemption of Jerusalem.**sluit aanhalings** It is the task of his ministry to effect that redemption. Kontinuïteit in die geskiedenis van Israel is met ander woorde afhanklik van die werksaamhede van die Kneg.

In die Knegliedere word die Kneg nie by name genoem nie, wat die vraag laat ontstaan: Wie is die dienaar of Kneg van die Here wat die opdragte van God moet uitvoer? Is dit Israel? 'n Profeet? Kores? Of God self? In die interpretasie van die Knegliedere gee Fohrer (1986:379) twee wyses waarop die identiteit van die Kneg verstaan kan word. Volgens die een siening kan daar 'n kollektiewe konnotasie aan die begrip *Kneg* geheg word. Hiervolgens word daar geen onderskeid gemaak tussen die Kneg van die Knegliedere en die Kneg van die Here soos dit elders in Jesaja voorkom nie. Daar word egter soveel biografiese gegewens van die Kneg buite die Knegliedere gegee, dat die Kneg nie daar sonder identiteit kan wees nie. Volgens die ander verstaanswyse word die Kneg as 'n spesifieke individu gesien. Daar is egter soveel moontlike identiteite wat aan die Kneg toegeken kan word, dat dit ook nie moontlik is om die Kneg tot 'n enkele persoon te beperk nie. Blenkinsopp (1997:162) toon byvoorbeeld aan dat wanneer die term עבד in Jesaja 40-48 gebruik word, dit dikwels met Israel of Jakob, of dan ten minste met een van die nakomelinge van Abraham, geïdentifiseer kan word (41:8,9; 44:1,2,21; 45:4; 48:20). Sommige kere kan dit met Kores in verband gebring word alhoewel hy nie direk *Kneg* nie, maar wel *gesalfde* genoem word. Ander kere is die spesifieke identiteit van die Kneg net nie duidelik nie.

Die antwoord op die vraag na die identiteit van die Kneg is dus nie voor die hand liggend nie. Gaiser (1999:149) vat die saak waarskynlik raak vas deur te sê: "In recent years, the identity of the servant has come to be understood not as a puzzle to be solved; rather, the force of the poem lies in its very unforthcomingness, its refusal to be precise. It implies that the work of God is the work of the many is the work of the one, which is, in turn, the work of the many and the work of God. The irreducible complexity is not only a literary reality, it is a theological reality." Die optrede van God is dus so intens vervleg met die optrede van sy Kneg/te, en op sy beurt met die optrede van Israel, dat God se belofte om

by sy volk te wees, uitgebrei word na die realiteit dat God deur sy Gees (42:1) in sy volgelinge teenwoordig is. Westermann (1976:191) assosieer die woord עבד nie primêr met onderdanigheid in die sin van slaaf-wees nie. Eerder sien hy daarin 'n baie noue verbondenheid wat van totale geborgenheid spreek, tussen die Kneg en Jahwe.

1.1 Jesaja 42:1-9 (Eerste Kneglied)

In Jesaja 42:1-9 word die eerste Kneglied aangetref. Hierdie perikoop word soos twee verse in die voorafgaande hoofstuk (41:24,29), ook ingelei met הן. Sodoende word die aandag dan telkens op 'n bepaalde aspek gevestig (Van der Merwe *et al*, 1997:270). Eers word die aandag op die afgode (41:24), dan op die afgodsdienaars (41:29) en dan op die dienaar van die Here gevestig (42:1). Op hierdie wyse stel God sy Geesvervulde Kneg voor aan 'n ongespesifiseerde gehoor (Motyer, 1993:318).

In teenstelling met die afwesigheid van 'n verhouding tussen die afgodsdienaars en die afgode, omdat die afgode nie iets tot stand kán bring nie, is daar tussen Jahwe en sy Kneg 'n intieme verhouding. Hy ondersteun die Kneg en hy is sy uitverkorene wat sy guns geniet. Deur die gawe van God se Gees is God self in die Kneg teenwoordig. Dit is op grond hiervan vir die Kneg moontlik is om sy taak te verrig (Koole, 1985:142).

Die taak wat aan die Kneg gegee word, is dat hy משפט na die nasies sal bring (42:1b,3b,4b). Die Kneg moet die reg herstel, maar Israel het sy eie regsprobleme. Alhoewel daar gesê word dat die Kneg nie 'n geknakte riet sal afbreek nie en nie 'n lamppit wat dof brand sal uitdoof nie, ís Israel self 'n geknakte riet en 'n lamppit wat dof brand. Die rol van die Kneg kan dus nie deur Israel vervul word nie. Goldingay (1979:292) maak gevolglik die volgende belangrike stelling: "The picture of the servant has become a role seeking for someone to fulfil it."

Die bring van משפט is 'n taak wat gewoonlik aan konings opgedra is, en is dus 'n vorstelike taak (vgl. Ps 72:1,2). Die eerste Kneglied teken dan die Kneg van die Here as 'n vorstelike beampte. Hierdie taak om משפט na die násies te bring, sluit egter nie vir Israel uit nie en daarmee gee Jahwe ook 'n antwoord aan sy volk wat in 40:27 gekla het dat hulle משפט by die Here verbygaan (Beuken, 1979:107).

משפט kan 'n wye reeks betekenisse hê. Die mees algemene betekenis dui op 'n handeling wat die versteurde orde in 'n regsgemeenskap herstel (Liedke, 1976:1001). Die parallelle gebruik van תורתו (wet/onderwysing/geopenbaarde wil) in vers 4b is 'n hulp vir die bepaling van משפט se betekenis alhier. Wanneer hierdie twee woorde saam gebruik word, kan die taak van die Kneg beskryf word as dat hy die reg na die nasies toe bring deur God se onderwysing op aarde te vestig. Die wil van God word dus getrou aan ál die nasies weergegee. God se wil word gevolglik volmaak oorgedra: Almal hoor, en almal wat hoor, hoor God se wil soos dit is. Hierdie taak om God se onderwysing te openbaar, gee dan 'n antwoord

op die probleem van die afgodediens wat so dikwels in Jesaja 40-41 voorkom. Die volke is nie langer uitgelewer aan gode wat hulleself nie bekend kan maak nie, maar ontvang 'n openbaring wat aan al die nasies gerig is. Dit kom van Jahwe wat lewendig is. 'n Nuwe bestemming word dus deur die Kneg se werk moontlik gemaak, nie net vir Israel nie, maar ook vir die nasies (Ellis, 1991:21).

Uit die opdrag van die Kneg word dit baie duidelik dat hy daarop ingestel is om lewe te laat voortgaan. Alhoewel die riet geknak is, breek hy dit nie af nie. Alhoewel die lamppit dof brand, doof hy dit nie uit nie. Beide hierdie voorwerpe dreig met ander woorde om hulle waarde te verloor, maar tog verwerp die Kneg dit nie. Hy ondersteun en onderhou eerder dit wat swak is (Kim, 1999:119). Daar is met ander woorde 'n stille, geduldige pastorale ingesteldheid by die Kneg te bespeur waarin hy die wil van God die Koning, getrou bekend maak (42:3). Die gesindheid van die Kneg word dan duidelik; Hy is nie daarop uit om te vernietig nie, maar om te red (Delitzsch, 1949b:175). Deur die bekendmaak van die wil van die Here aan diegene wat aan die beskrywing van *geknakte riet* en *dowwe lamppit* voldoen, kry hulle weer die geleentheid om hulle ware identiteit en funksionaliteit in God te vind. Niks wat nog enigsins herstel kan word, word dus verwerp nie (Motyer, 1993:320). Die optrede van die Kneg staan gevolglik teenoor die natuurlike verloop van die lewe wat bepaal dat alles wat dreig om dood te gaan uiteindelik wel sal sterf. Met die werk van die Kneg word die proses omgekeer en word dit wat dreig om te sterf, omgekeer in lewe (Westermann, 1996:96).

Kontinuïteit in die handelinge van die Kneg word egter nie net gevind in die getroue oordra van God se wil na die nasies nie. Daar is ook kontinuïteit in die werk van die Kneg in die sin dat hy aanhou om sy sending uit te voer totdat dit heeltemal voltooi is (Muilenburg, 1956:464).

In die lig van bogenoemde kan die *nuwe dinge* waarvan in Jesaja 42:9 melding gemaak word, dan verstaan word. Die nuwe dinge wat Jesaja verwag het, word deur Bright (1981:356) gesien as 'n verwagting wat verder strek as bloot Israel se terugkeer na die land. Jesaja het 'n herhaling van die eksodus uit Egipte verwag, maar daarmee saam ook die herstel van Jahwe se koninklike regering op aarde. Hierdie verwagting is die nuwe dinge waarna verwys word. Volgens Muilenburg (1956:470) sluit Jesaja 42:9 aan by 41:27 waar die Here sê dat Hy die eerste was wat vir Sion gesê het dat haar mense terugkom. Dit wat eers verborge gelê het in die aankondigings wat Jahwe gemaak het, word nou in die praktyk geopenbaar. Daardie nuwe dinge wat God aangekondig het, is dus nie net nuwe aankondigings nie, maar inderdaad ook nuwe gebeure (Young, 1972:124). Hieruit word dit duidelik dat geskiedenis en eskatologie nie antiteties teenoor mekaar staan nie, omdat Jahwe onder andere ook God oor tyd is. Hy is God oor beide historiese sowel as toekomstige gebeure. In hierdie opsig kan die hele Ou Testament dus as die begin van die eskatologiese gebeure gesien word, omdat skepping, geskiedenis en verlossing alles vanuit die verbond wat God met Israel opgerig het, geïnterpreteer kan word. Vanuit die verbond beskou kan daar dan altyd die verwagting wees dat daar uiteindelik 'n oplossing vir al die probleme sal kom.

God was nie net verantwoordelik vir die skepping aan die begin nie. In die lig van die nuwe dinge wat Hy laat gebeur, word Hy ook bekend as die herskepper. In beide die Ou en Nuwe Testament hoort die temas van skepping en herskepping bymekaar. God wat die chaos in die begin beheers het, sal ook die chaos beheers wat in die huidige menslike bestaan gekom het. Die wyse waarop Hy dit doen is deur die verbond wat Hy opgerig het, en die een deur wie die verbond opnuut gestalte kry, is die Kneg van die Here. Dit is deur Hom dat die Here 'n verbondsverhouding met al die nasies sal oprig. Dit wat Israel se kosbaarste skat was, die verbond, word nou ook oorgedra na ander volke, en inderdaad na al die nasies van die aarde toe (Stek, 1978:144).

Daar is dus duidelike kontinuïteit in die werk van God omdat daar by Hom kontinuïteit tussen verlede, hede en toekoms is soos wat reeds aangedui is. Dit is om hierdie rede dat God nuwe dinge kan aankondig. In lyn hiermee vestig Helberg (1983:66) die aandag daarop dat dit in die Ou Testament om Goddelike openbaring deur die Woord gaan. Openbaring was nie bloot kommentaar op wat reeds gebeur het nie, maar gaan hand aan hand met gebeure en lei selfs daardie gebeure in. God se Woord gaan oor in sy daad. In hierdie verband sien McKenna (1994:434) 'n verdere voortvloeiing in God se werk omdat daar in Jesaja 41:1-4 nie meer soseer klem op die soewereiniteit van God gelê word nie, maar wel op sy soteriologiese dade.

Die een deur wie hierdie soteriologiese dade uitgevoer word, is die Kneg. Terwyl dit nie noodwendig moontlik is om die identiteit van die Kneg uit die teks voorhande te bepaal nie, werp Matteus 12:18-21 in hierdie verband duidelike lig vanuit die Nuwe Testament op Jesaja 42:1-4. Uit Matteus kan duidelik afgelei word dat die Kneg na wie Jesaja 42 verwys, uiteindelik die Messias is. Die feit dat Jesaja 42:1-4 so 'n belangrike rol in die evangelie van Matteus speel en die spesifieke verwysing na Jesaja in Matteus 12:18-21, spreek ook 'n ander faset van kontinuïteit aan. משפט word nie net gebring vir die mense in Jesaja se eie tyd nie, maar ook vir die mense in die tyd van Jesus asook in die eskatologiese tyd (Beaton, 1999:6). Hieruit kan daar afgelei word dat dit nie net משפט is wat gekontinueer word nie, maar ook God se persoonlike betrokkenheid by mense. God se nuwe aankondigings het dus inderdaad oorgegaan in nuwe dade. Hierdie aanspraak kon geeneen van die afgode maak nie!

Deur sy betrokkenheid by mense gee God aan hulle bepaalde gawes wat in die karaktertrekke van daardie persone na vore kom. Die mens is verteenwoordiger van God wat die gawes wat God gee, moet gebruik om Hom bekend te laat word vir Wie Hy is (Boyd, 1997:213). Omdat God aan bepaalde mense bepaalde gawes gee, is daar 'n verskeidenheid persone in sy diens. Dit is gevolglik nie moontlik om *die volk van God* se identiteit te probeer definieer in terme van een persoon nie. George (1997:164) poog wel om die identiteit van die volk van God te definieer in terme van die karakter van Israel se onderskeie konings. Dit was egter nie net die konings wat 'n invloed op Israel se identiteit gehad het nie. God het aan Moses bepaalde gawes gegee, aan Samuel bepaalde gawes, aan Elia, Dawid en baie ander. Hierdie persone in God se diens, kon ook in 'n mindere of meerdere mate die opdrag wat die Kneg van die Here

gehad het, uitvoer (Kruger, 2002:1564). Elemente van die Kneg se totale karakter as *Kneg van die Here*, word dus in bepaalde karaktertrekke van ander kleinere dienaars van die Here vergestalt. Moses was byvoorbeeld bekend daarvoor dat hy uiters sagmoedig was (Num 12:3), en daarom sal iemand wat hierdie karaktertrek het, beskryf word as: *soos Moses* (Blenkinsopp: 1997:159). Die *Kneg van die Here* het egter 'n bepaalde en unieke karakter omdat al die karaktertrekke wat God vereis, in hom voorkom. Kontinuïteit word dus in werklikheid nie in 'n bepaalde persoon verkry nie, maar in bepaalde karaktertrekke wat God aan mense gee. Met die koms van Jesus Christus, het daar werklike kontinuïteit gekom omdat al die karaktertrekke van al die dienaars van die Here in Hom vergestalt word soos duidelik na vore kom in Hebreërs 3:1-6 (Melugin, 1999:115).

Samevatting

In die werk van die Kneg is daar kontinuïteit tussen die wil van God en die oordra van God se wil aan die hoorders omdat die Kneg God se wil betroubaar oorbring. Israel kon daarom deur die openbaring wat hulle van die Kneg ontvang het, verder kyk as die ballingskap. Daar kon kontinuïteit en 'n verbreding van identiteit in hulle lewe en verwagting kom.

Omdat daar 'n dinamiese kontinuïteit in God se woorde en werke is, soos wat reeds van die skepping af blyk, word daardie kontinuïteit ook gesien in die vloei van die klem op die soewereiniteit van God na die klem op verlossing deur God. Daar is dus 'n bepaalde dinamika in God se werk.

Vir die een wat in 'n geloofsverbintenis met God staan, kan daar kontinuïteit in sy lewe kom. Daar is altyd iets positiefs wat voortvloei uit dit wat gebeur het. Die mens is egter van die openbaring van God afhanklik om daardie vloei raak te sien en te internaliseer. Die Kneg van God het daardie vloei kom aantoon. Die Messias as Kneg van die Here het 'n dinamiese kontinuïteit gebring tussen God se eie wese en die wese van die mens toe Jesus Christus mens geword het. 'n Mens kan dus kontinuïteit en daardeur 'n baie belangrike identiteitselement ontvang deur aan God verbonde te wees. Indien daar so 'n verbondenheid bestaan, kom daar nie net 'n toekomsverwagting nie maar ook 'n toekomsperspektief.

God is getrou aan sy verbond. Hy vind ook vreugde daarin om betroubaar te wees. Aangesien die mens beeld van God is, moet die kontinuïteitstrek van betroubaarheid, ook by mense aangetref word. Omdat God betroubaar is, moet dié wat God se beelddraers is, ook betroubaar wees. Daardie karaktertrekke wat 'n mens van God kan vertoon moet dus in die gedrag van die knegte van God gekontinueer word. Uit die optrede van die Kneg word dit duidelik dat Hy al die waardes en prioriteite van God se openbaring toegeëien het, en daarom getrou is aan al die bepalings van die verbond.

In teenstelling met die mens van wie die identiteit, volgens hiërargiese kriteria gesien, nie in hierdie bestel finaal afgehandel word nie, getuig bostaande daarvan dat die Kneg van die Here wel 'n voltooide

identiteit het. Die Kneg van die Here gaan met ander woorde nie deur 'n proses van identiteitsvorming nie, maar vertoon reeds in sy optrede 'n voltooide identiteit. Die Kneg van die Here sal gevolglik deurgaans vanuit sy optrede van buite geïdentifiseer kan word as Kneg.

## 1.2 Jesaja 49:1-6 (Tweede Kneglied)

In Jesaja 49:1-6 word die tweede Kneglied aangetref en word deur Abma (1997:9) as die eerste toespraak van die Kneg uitgewys. Presies wie dit is wat die toespraak maak, kan nie met sekerheid gesê word nie. Wat egter wel baie duidelik uitstaan is die baie intieme verhouding wat die Kneg met Jahwe het. Die Kneg identifiseer ook met Israel, en daarom kan die Kneg hier eerder as 'n korporatiewe persoonlikheid as 'n individu gesien word. Die Kneg kan dan tereg nie as *Israel* nie, maar eerder as, *ter wille van* Israel, beskryf word (Kruger, 2002:1572).

Volgens (Da Silva, 2002:1331) is die agtergrond waarteen hierdie Kneglied verstaan moet word, die verbondsverhouding tussen Jahwe en sy uitverkore volk aan die einde van die Babiloniese ballingskap. Hierdie verhouding is vroeër as gevolg van die volk se ontrou verbreek. Die doel van hierdie Kneglied is dan om die volk in die ballingskap van die volgende te verseker: Jahwe het nie sy volk finaal verwerp nie, en Hy wil hulle na Hom terugbring. Om dit te doen stel Hy die Kneg as sy gevolmagtigde aan wat die verlossing van Jahwe ook aan die nasies buite Israel moet verkondig.

Teen daardie agtergrond gesien, word dit duidelik waarom die aangesprokenes in die toespraak die eilande is. Hulle ontvang 'n opdrag om te luister. Met die opdrag om te luister konstateer die Kneg sy reg om deur almal, ook die heidennasies gehoor te word. Hy het egter nie net die reg om gehoor te word nie, hy het ook die reg om gehoorsaam te word. Voor sy geboorte het God immers al die Kneg geroep om die mag van die Here bekend te maak. Die mag van die Here is met ander woorde nie tot een plek, een persoon of een volk beperk nie (Delitzsch,1949b:259). Daardie mag wat alle aardse mag transendeer, laat Jahwe nou in sy Kneg setel omdat nie net Israel deur die mag van die Kneg na Jerusalem sal terugkeer nie. Redding sal deur die Kneg ook die eilande bereik. God se reddende krag word dus in sy Kneg gekontinueer (Young, 1972:267). In teenstelling hiermee kontinueer die eilande iets heeltemal anders as krag. In Jesaja 41:5 word gesê dat die eilande bang geword het omdat hulle gesien het hoedat die Here vir Kores laat opstaan het om te oorwin. Die vrees wat by hulle opgekom het, is egter nie soseer vrees vir Kores nie, maar vrees vir dit wat die Here in die toekoms gaan doen (Young, 1972:78). Die reaksie van die eilande op hierdie vrees wat ontstaan het, was om 'n fisiese objek soos byvoorbeeld hout te vat en dit te manipuleer om sodoende 'n oplossing te probeer bewerk. Wat egter in wese gebeur is dat dit wat die mens vervaardig, bloot 'n verlengstuk van homself is. In werklikheid is afgodsaanbidding dus niks anders as selfverheffing en selfaanbidding nie. So weerspieël die onvermoë van die afgode dus bloot die onvermoë van die mens wat daardie afgod gemaak het (Barton, 1997:74). In teenstelling daarmee ontvang die Kneg sy krag van God en maak hy die mag van God bekend.

Die bevel van die Kneg dat die eilande na hom moet luister, spreek die vrees van die eilande effektief aan. God se mag geld tot by die einde van die wêreld. Dit is om hierdie rede dat selfs die eilande moet hoor van Jahwe se mag sodat hulle ook gered kan word. Die mag van die Here, en nie die smeewerk wat hulle doen wanneer hulle gode maak nie, is dus die antwoord op die vrees van die totale mensdom (Beuken, 1983:29).

Ten spyte van die lewensbelangrikheid van die Kneg se werk, kla hy oor die futiliteit daarvan wanneer hy in Jesaja 49:4 sê: "Ek het gedink: ek het my tevergeefs vermoei, ek het my heeltemal verniet afgesloof." Die futiliteit wat die Kneg aanvoel kan nie toegeskryf word aan die onvermoë van God nie, maar moet eerder toegeskryf word aan Israel wat sy prediking verwerp het. Dit wat deur die Gees van die Here na die Kneg gekom het, kon dus as gevolg van Israel se onwilligheid nie na hulle gekontinueer word nie (Ridderbos, 1985:435). Die loon wat die Kneg van God ontvang bly egter nie uit nie omdat hy as 'n getroue dienaar van die Here steeds sy loon sal ontvang. Die loon is immers nie van die uitkoms van die arbeid afhanklik nie, maar van die Een in Wie se diens die Kneg is (vgl. 1 Kor 4:1-5). Die Kneg vind dus sy rus in die Here wat aan hom reg sal verskaf en die uitkoms van sy werk sal bepaal. Die verhouding met God word dus nie vir die Kneg afgebreek as gevolg van die ongehoorsaamheid van die Kneg se hoorders nie (Motyer, 1993:387).

Met inagneming van die ongehoorsaamheid van die volk, maak Knight (1984:130) die opmerking dat Jesaja in 49:6 sinspeel op dieselfde inhoud as die van Esegiël 37. In Esegiël 37 word daar twee temas aangetref. Eerstens word geteken hoedat God op die punt is om die korporatiewe Israel uit die dood te laat opstaan deur die asem van die lewe in hom in te blaas. Hierdie aksie is 'n herhaling van dit wat God in die begin gedoen het toe Hy die mens geskep het. In die tweede plek wil God sy herskepping uitbrei na die hele Israel. So gesien kontinueer God dus weer die lewe wat Hy in Homself het na die mens (Vgl. Gen 6:3).

'n Laaste saak wat in hierdie verband aangespreek moet word, is die moontlike vasstelling van die identiteit van die Kneg van die tweede Kneglied. In 49:3 word Israel as die Kneg geïdentifiseer. Soos reeds gemeld het *Israel* in hierdie gedeelte die karakter van 'n korporatiewe persoonlikheid. Op grond hiervan kom Mettinger (1997:152) tot die konklusie dat *Israel* hier moet verwys na die totale oorblyfsel wat uit ballingskap sou terugkom. Volgens Knight (1984:130) word die Ou-Testamentiese korporatiewe persoonlikheid van Israel dan gekontinueer na die Nuwe-Testamentiese kerk. Die kerk sal dus volgens hom die kontinuasie van die dienaar wees. In hierdie verband is daar egter 'n belangrike ontbrekende skakel. Soos reeds in die eerste Kneglied aangedui, is die uiteindelike Kneg in wie al die eienskappe van die Kneg vervat is, die Messias wat sou kom. Die Messias wat herken word as die lig vir die nasies (Luk 2:32), kontinueer met sy koms sy opdrag aan die kerk om 'n lig vir die nasies te wees (Hand 13:47). Die verligting van die nasies is dus nie 'n opdrag wat bloot van die Ou-Testamentiese Israel na die Nuwe-

Testamentiese kerk oorgedra word nie, maar 'n opdrag wat die Messias as Kneg van die Here na die kerk kontinueer. So gesien kan daar saam met Eichrodt (1972:358) gekonkludeer word dat die norme en waardes van Jahwe nie net na al die uithoeke van die aarde oorgedra moet word nie, maar dat dit ook vir alle tye moet geld sodat God se totale verlossing vir die hele wêreld moontlik kan word.

Samevatting

Die waardes en prioriteite wat die Kneg het, het hy geheel en al van God toegeëien. Wanneer daar spanning by die Kneg kom omdat hy dink dat hy homself vergeefs vermoei het, soek hy sy reg by God. Daarmee toon hy op interpersoonlike vlak dat sy reputasie van sy verbintenis met God afhanklik is, en nie van mense nie.

Deur die Kneg se verkondiging kontinueer die Here sy reg om gehoor en gehoorsaam te word na alle mense, op alle plekke, oor alle tye op die aarde heen. Indien die mens homself van God losmaak is al wat die mens dan self kan kontinueer sy eie onvermoë. Iets van hierdie onvermoë het na vore gekom in die reaksie van die ballinge in Babel toe daar van hulle verwag is om 'n Sionslied te sing (Ps 137). Omdat hulle verwyder is van die tempel en gevoel het dat God hulle reg by hulle laat verbygaan (40:27), sien hulle nie kans om vrolike liedere te sing wat gaan oor God se beskerming van Israel nie. Omdat Israel nie verstaan het wie hulleself is nie, kon hulle daarom ook nie verstaan wat met hulle in die ballingskap gebeur nie, en daarom wou hulle ook nie daar sing nie. Die gebrek aan vrolike liedere is waarskynlik die gevolg van die gebrek aan 'n besef dat God ook in Babel regeer omdat Hy nie beperk is tot een plek nie. By ten minste 'n deel van die volk was daar so 'n idee soos uit Jeremia 7:7 duidelik blyk. Die gebrek aan die tempel in Jerusalem, bring dus ook identiteitsdegenerasie mee. Dit is vir identiteitsvorming wel noodsaaklik om te weet dat God oral in beheer is en daar dus permanent 'n band met Hom kan wees. Aangesien die kontinuïteit wat godsdiens gee een van die belangrikste identiteitsgewers is, is hierdie 'n belangrike gedagte.

Indien God gehoorsaam word, verdryf dit vrees, omdat Jahwe wat beheer het oor 'n mens lewe, nie meer vir jou 'n bedreiging inhou nie, maar erken word as die Een wat red. Indien die boodskap van redding nie in die vrees van die Here aanvaar word nie, sal die mens voortdurend in vrees lewe. 'n Verhouding met God stabiliseer gevolglik alle vlakke van 'n mens se lewe. Die mens wat nie vir God ken nie, ondervind egter in hierdie verband bepaalde probleme. Hierdie probleme ontstaan as gevolg van 'n emosionele verbintenis aan dit wat reeds bekend is. Iemand wat byvoorbeeld 'n selfgemaakte god aanbid, sal vir homself 'n religieuse raamwerk daarstel wat aan hom 'n gewaande identiteit gee. 'n Werklike standhoudende identiteit kan egter net gevind word vanuit 'n standhoudende verhouding met God wat nie verander nie, en onbeperk in sy vermoë is.

Die loon wat 'n mens van God ontvang hang nie af van die sukses wat jy op aarde behaal het nie, maar daarvan of jy 'n getroue dienaar van God was. In hierdie opsig is die westerse wêreld egter grootliks afhanklik van meetbare resultate om identiteit te vorm, met ander woorde van dit wat 'n mens geproduseer het. Dit is dus nie net wat God in jou lewe kontinueer nie, maar dit wat jy in 'n eie poging kontinueer wat ook identiteit kan gee. Eie pogings bring egter in werklikheid geen kontinuïteit nie.

Geen mens hoef die lewewekkende krag van God te ontbeer nie omdat dit Hy is wat deur sy Woord herskep. Elke mens wat die boodskap van God se heerskappy hoor, kan dus in sy identiteitsvorming sy lewe kontinueer tot na die dood omdat God sy eie lewe na die mens kontinueer.

Die opdrag wat die Kneg van die Here van Hom ontvang het, word op sy beurt weer na die mense wat aan die Kneg gehoorsaam wil wees oorgedra. Hierdie mense word in die Nuwe-Testamentiese kerk saamgevoeg uit alle volke en tale. Dit is dus nie volk en taal wat die kernelement van identiteit is nie, maar die verbintenis aan God. Ware identiteit kan dus onder andere ook gevind word in die gekontinueerde opdrag om God se knegte te wees.

1.3 Jesaja 50:4-11 (Derde Kneglied)

Hierdie Kneglied open met אדני יהוה (die Here my God). Daarmee word die besonder persoonlike verhouding uitgedruk wat daar tussen Jahwe en sy gestuurde Kneg bestaan. Verder lê die segswyse ook klem daarop dat God wat die Kneg geroep het om te praat, hom ook beskerm teen sy vyande (Eissfeldt, 1974:65). Die dubbele gebruik van Godsname verteenwoordig sodoende 'n geloofsbelydenis van die Kneg (Beuken, 1983:85). Uitgesonder die belydenis aan die begin van die Kneglied, word אדני יהוה daarna drie maal herhaal (50:5,7,9) sodat die geloofsverbintenis wat die Kneg met Jahwe het nie uit die oog sal verdwyn nie. Die boodskap wat gevolglik oorgedra word is dat die Kneg reeds die weg van totale geloofsoorgawe aan God gevind het, terwyl dit nog nie van Sion gesê kan word nie. Die res van die Kneg se optrede word op hierdie geloofsfondament gebou. Die gekombineerde Godsname gee verder ook 'n toon van majesteit en indrukwekkendheid aan die woorde van die Kneg. Die boodskap word gevolglik oorgedra dat wat die Kneg geleer word om te sê, nie van homself kom nie, maar van God wat oor alles regeer (Young, 1972:298).

Die eerste woord van die Kneg is dus onmiddellik op *Jahwe* gerig, en nie soos dikwels by Sion aangetref is, *selfgerig* nie. Die tweede woord is נתן (gegee). Die fokus word daarmee geheel en al op God geplaas wat aan hom 'n tong gee om moeë mense mee te versterk. Die Kneg se geoefende tong volg op die horende oor wat hy het (Knight, 1984:144). Ook in die oor wat hoor speel Jahwe die beheersende rol. Die Kneg ontvang wat hy nodig het בבקר בבקר. Volgens Barth (1983:226) het dit die betekenis van *dag na dag nuut*. Met die herhaling word aangedui dat daar 'n voortgang is in die onderrig. Die Kneg se

God het sy oor blywend oopgemaak sodat hy sy roeping as Kneg kan uitvoer, omdat hy die stem van sy God blywend hoor (Ridderbos, 1985:450).

Omdat Jahwe die subjek van die werkwoorde in hierdie sin is, is die leerproses deur profetiese openbaring. Die herhalende בבקר בבקר dui die daaglikse herhaling van die leerproses aan. Die Kneg is dus voortdurend onder leiding van God teen Wie hy hom nie verset nie, maar van Wie hy gewillig leer (Lindsey, 1985:85). בבקר בבקר is dus nie soseer 'n aanduiding van die tydstip van openbaring nie, maar eerder 'n aanduiding van God se voortdurende en betroubare versorging van die Kneg in sy behoefte om sy roeping te vervul (Beuken, 1983:87). Dit is aan Jahwe te danke dat daar kontinuïteit verskaf word aan die Kneg se hoor-aksie deurdat Hy elke oggend sy oor wakker maak om te hoor (Leupold, 1979:193). Wanneer die Kneg by God leer, is dit nie bloot ter wille daarvan om kennis te besit nie. Hy leer sodat hy die kennis kan oordra. Daar is dus ook in die kennis van die Kneg 'n kontinue proses van oordrag, van God na die Kneg en dan na sy hoorders (McKenna, 1994:522).

Dit is omdat God self die werklike Trooster is, dat die Kneg die boodskap van troos en redding moet oordra. Dit is Hy wat aan die volk laat verkondig dat hulle swaarkry verby is, en dat hulle geboet het vir hulle sonde. Dit is Hy wat hulle in genade aanneem en die lot van sy volk verander (40:2; 61:2). Die volk het wel gefaal, maar aangesien hulle vir hulle sonde geboet het, wil God hulle in liefde terug ontvang (54:6-8). Dit is met hierdie boodskap waarmee die Kneg God se volk kan moed inpraat (Jes 40:28-31; 57:10-13; Jer 31:25-33) (Kelley, 1991:168). Soos reeds in die vorige verse bespreek, tref ons dus hier weer 'n kontinuering aan van God se krag na die Kneg, en daarmee na mense wat kragteloos is.

Wat verder belangrik is in hierdie Kneglied, is die enkelvoud wat gebruik word wanneer die Kneg aan die woord is. Die enkelvoud maak dit duidelik dat daar 'n oorgang gekom het van die volk Israel as "meervoudige" kneg van Jahwe, na 'n enkele persoon as Kneg van Jahwe, naamlik die עבד יהוה (49:5). Dit word gedoen omdat selfs die mees getroues in Israel nie in staat was om as getuies van God op te tree nie. Aangesien Israel ook nie wou luister nie, gebruik God nou 'n enkele Kneg wat nie met tekortkominge nie, maar volmaak na Hom luister (Payne, 1962:186).

Dié wat moeg is, is beide Israel en die heidene. Die Israeliete is moeg van die wet wat swaar op hulle druk. Die heidene is moeg van die las wat die afgodsdiens op hulle skouers lê, omdat dit geen verligting vir die belaste gewete gee nie. Die Woord wat die Kneg verkondig, gee aan die heiden en die Israeliet rus omdat dit die blye boodskap van verlossing is wat Hy aan hulle bring. Die volk en die heidene se eie vermoëns waarop hulle staatmaak, lei met ander woorde vir hulle tot diskontinuïteit terwyl God se vermoë wat deur sy Kneg aan die volk bedien word, lei tot kontinuïteit in lewenskrag.

In Jesaja 50:5b-7 word die teenstelling tussen die Kneg en Israel geteken. Die Kneg luister na God omdat Hy hom leer. God het sy ingesteldheid so gemaak dat Hy nie in opstand teen die Woord is, soos wat

Israel so dikwels was nie. In teenstelling met Israel se hooghartige houding teenoor Jahwe is daar niks daarvan by die Kneg te bespeur nie. Een van die belangrikste eienskappe wat die gewenste optrede van die Kneg onderlê, is sy nederige houding teenoor Jahwe. Sy nederigheid is ook nie maar net sporadies nie, maar word konstant in sy optrede weerspieël (Barton, 1997:75).

'n Ander aspek wat ook uit bogenoemde verse na vore kom is dat die Kneg nie in verleentheid sal kom nie. Dit staan in teenstelling met die reaksie in Jesaja 40:6-8 waar daar met 'n teëwerping op die opdrag om te roep, geantwoord word. Daar wil dit voorkom asof die een wat moet roep in verleentheid staan oor dit wat hy moet roep (Beuken, 1979:23). In Jesaja 50:7 is daar egter nie sprake van verleentheid nie. In teenstelling met Israel wat dikwels in die verleentheid was, is daar by die Kneg niks waaroor hy in verleentheid sal kom nie (Beuken, 1983:90). Die Kneg luister en praat dus nie net met die regte gesindheid nie (50:4), maar staan ook, wat sy vertroue op God betref, in die regte gesindheid teenoor Hom. Hiermee oorbrug die Kneg, wat die ontvang en oordra van die Woord betref, die breuk wat daar tussen God en Israel gekom het (40:28). Sodoende kan God se Woord sy volle pad loop, en kan daar via die Kneg kontinuïteit in die Godsopenbaring kom.

Ten spyte daarvan dat die Kneg volkome bewus is van die ontsaglike groot taak wat op sy skouers rus, deins hy tog nie terug nie, en probeer hy nie die oordra van die Woord wat van God kom, stuit nie. Hy is bereid en gewillig om die Woord te verkondig, selfs al moet hy uiterste ellende daarvoor ondergaan. Sy ingesteldheid is van so 'n aard dat hy nie soos onder andere Moses (Eks 4:13, Jeremia (Jer 20:9) en Jona (Jon 1:3) daarteen skop nie, maar sy taak gewillig aanvaar.

Hierdie optrede is dus nie vergelykbaar met enige van God se ander knegte nie. Dit word dikwels in die Ou Testament gestel dat dienaars kla oor slegte behandeling en vervolging. Hiervan word selfs die grootste profete nie uitgesluit nie. As voorbeelde kan Elia se klag in 1 Konings 19:1-14; Dawid se klag in Psalm 143:3,4 en Jeremia se woorde in Jeremia 15:15-18 genoem word. Ook Israel, as dienskneg, kla in Jesaja 40:27 en 59:11 oor die "onregverdige" behandeling wat hy ontvang. Maar in Jesaja 50:5 hou die Kneg sy rug vir die wat hom slaan, en sy wang vir die wat sy baard uittrek. Dit kan net gedoen word in die wete dat God help (Holladay, 1978:150).

In hierdie opsig onderskei die Kneg homself van Israel wat die geleentheid gehad het om die volle Woord van God te ontvang omdat dit deur die profete aan hulle gebring is. Hulle het egter as gevolg van hulle eie onwilligheid om te hoor, nie die Woord in sy volheid ontvang nie. Omdat die Kneg die volle Woord van God hoor, weet hy dat God hom sal red. God het hom geroep, en daarom sal Hy ter wille van Homself, die Kneg beskerm. Die Kneg is die Een deur wie God sy werk doen, en daarom beskerm Hy die Kneg sodat daar kontinuïteit in sy werk kan wees, en dit voltooi kan word (Ridderbos, 1985:451).

In vers 10 kom 'n vermaning, maar ook 'n oproep voor om na die Kneg te bly luister. Die Kneg en God staan in 'n baie noue verbinding met mekaar. Iemand wat God vrees en eer, doen ook so met betrekking tot die Kneg. As die Kneg nie gehoorsaam word nie, word God ook nie geëer nie. Die toets vir die vrees van die Here is die luister na die Woord van die Kneg, omdat die Kneg se Woord ook God se Woord is wat hy van God ontvang (50:4) (Lindsey, 1985:93). Daar is dus duidelike kontinuïteit in die Woord van God se oordrag deur die Kneg.

Die Kneg word hier geteken as die Een wat die Woord van God volkome gehoorsaam het en volkome op God vertrou. Hy is daarom die voorbeeld vir die gelowige se diens, en van gehoorsaamheid aan God. Omdat die Kneg die Woord van God gehoor het, en dit aan die gelowiges oordra, soos wat Hy dit gehoor het, lei die woorde wat die gelowiges van hom hoor, tot diens aan die Here, en word die gelowige se waardes en prioriteite dienooreenkomstig bepaal.

Jesaja 50:10 is gerig aan gelowiges. Met die inleiding van Jesaja 50:11 word dit duidelik dat daar nou ander aangesprokenes is. Met die gebruik van "Maar julle..." word dit wat gesê word gerig aan diegene wat hulle nie aan die Woord van die Kneg steur nie, maar in hulle sonde volhard. Die teenoorgestelde van die vorige vers word hier meegedeel. Díe wat nie op God vertrou nie, omdat hulle nie na sy Woord luister nie, sal nie die beskerming van God geniet nie, maar eerder in hulle doodsbestaan bly voortleef (Young, 1972:304). Gehoorsaamheid aan die Kneg en daardeur aan God bring dus kontinuïteit, terwyl die teenoorgestelde waar is wanneer daar nie na die Kneg geluister word nie.

Die verwysing na vuur in Jesaja 50:11 kan heel moontlik 'n verwysing na die Perse wees wat vuuraanbidders was. Hulle sal deur hulle eie vuur vernietig word omdat hulle hulle nie tot Jahwe bekeer het nie. Die realiteit wat Jesaja hier onder die aandag wil bring, is dat vuur lig verskaf, maar vuur vernietig ook. So verskaf God die Lig vir die wêreld, maar vernietig ook die wat die rug op Hom keer. Die gedagte wat so dikwels in Jesaja na vore kom, naamlik dat die Redder ook die Regter is (bv. Jes 45:24), word dus weer eens hier in 'n vorm van beeldspraak herhaal. Omdat die Redder verwerp is, sal Hy hulle as Regter veroordeel (Knight, 1984:147; Wolf, 1985:210).

Samevatting

As gevolg van die unieke noue geloofsverbintenis wat daar in die derde Kneglied tussen die Kneg en God is, is daar kontinuïteit te vind tussen dit wat God sê, dit wat die Kneg hoor, en dit wat die Kneg oordra aan die volk wat na hom luister. Hierdie kontinuïteit spruit egter nie voort vanuit sporadiese kontak tussen God en die Kneg nie, maar vanuit kontinue kontak tussen hulle. Die kontinue kontak kom omdat die Kneg nederig en sonder selfverheffing voor God leef. In hierdie kontak het die Kneg 'n voortdurend horende oor, en het die Kneg vanuit sy verhouding met God ook 'n geoefende tong om te praat wat God wil. Daar is ook wat tyd betref, 'n voortgaande kontak tussen God en die Kneg. Die

kennis wat die Kneg kry is ook nie bedoel om bloot kennis ter wille van kennis te wees nie, maar is bedoel as kennis wat deur openbaring van God na die volk gekontinueer word. Werklike kontinuïteit word dus deur die Kneg in die Godsopenbaring gebring in die sin dat dit wat geopenbaar word, net so na die hoorders deurgegee word. Alhoewel die Kneg se oordrag van die Godsopenbaring vir Hom fisiese pyn meebring, kontinueer hy tog sy opdrag in die besef dat sy eie verhouding met God ten spyte van dit alles gekontinueer word.

In die derde Kneglied word diskontinuïteit aangetref in die sin dat Israel as "meervoudige" Kneg se knegskap oorgedra word na die עבד יהוה. Dit word gedoen omdat die Kneg wat God se openbaring moet oordra, sonder tekortkoming moet wees.

Daar word ook 'n verdere diskontinuering aangetref, en dit is dat nóg Israel, nóg die heidene langer hoef moeg te wees. Die las wat die wet en die afgode onderskeidelik op hulle gelê het, word nou deur die werk van die Kneg van hulle skouers afgehaal. Israel en die heidene se eie krag waarop hulle staatgemaak het, het gelei tot diskontinuïteit in hulle lewe en vermoë. Daarenteen lei God se vermoë wat deur sy Kneg aan die volk bedien word, tot kontinuïteit in lewenskrag. Aan die ander kant lei ongehoorsaaamheid aan die Kneg en daarom ook ongehoorsaamheid aan God, tot lyding en veroordeling vir die ongehoorsames. Hulle lewe word gevolglik deur God gediskontinueer.

Die belydenis van die Kneg is nie iets wat momenteel is nie, maar word voortgesit in beide dit wat hy sê en dit wat hy doen. Hy is permanent aan God verbind en dit bring nie net by hom nederigheid nie, maar ook moedigheid om aan te gaan met sy opdrag selfs al stuit hy teen weerstand. Die Kneg is egter nie op homself aangewese nie, en sy woorde het 'n majesteitlikheid omdat dit wat hy oordra, woorde van God is. Die Kneg ontvang gevolglik sy kontinuïteit en daardeur 'n belangrike deel van sy identiteit, van God. Daardie identiteit behels afhanklikheid, maar ook krag. Verder is die Kneg die kanaal waardeur God se openbaring na 'n moeë mensheid vloei. Die Kneg word ook op alle vlakke deur God versorg, selfs wanneer hy fisies ly. Die Kneg is ook nooit verleë nie omdat hy weet wat om te roep, omdat hy voortdurend (elke more) by die Here leer wat om te sê.

Deur die Kneg se werksaamheid word die kloof wat daar tussen God en Israel gekom het oorbrug. Dit is dus nie maar Israel se eie saak om sy verhouding met God reg te stel nie. God stuur sy Kneg om instrumenteel te wees in die herstel van die verhouding tussen Hom en Israel.

Die Kneg se werk is slegs betekenisvol vir hulle wat op hulle beurt aktief na hom luister, die waardes en prioriteite wat van God ontvang word internaliseer, en dit in hulle lewe implementeer deur diens aan die Here.

Wanneer daar op eie vermoëns staatgemaak word, word lewe gediskontinueer. Indien 'n mens in sy eie lig probeer loop, lei daardie "lig" uiteindelik daartoe dat jy doodgebrand word.

Kontinuïteit lê dus op verskeie vlakke: in tyd, in die verhouding tussen Kneg en God en in oordrag van dit wat ontvang word.

Aangesien die Kneg volledig aan God gehoorsaam is, bring dit onvermydelik vir hom spanning. Daardie spanning word verlig deurdat Hy, in teenstelling met Israel, op interpersoonlik vlak hulp en ondersteuning by God te soek, en nie by mense nie.

1.4 Jesaja 52:13-53:12 (Vierde Kneglied)

Voordat daar in meer besonderhede na die vierde Kneglied, wat bekend staan as "die lied van die lydende Kneg" (Beuken, 1979:185), gekyk word kan enkele inleidende opmerkings daaroor gemaak word. Die gedig begin in Jesaja 52:13 en eindig in 53:12 met die woorde van Jahwe waarin Hy die verhoging van die Kneg verhaal. Met die vierde Kneglied word die tekening van die Kneg en sy werk met hierdie verhoging voltooi (Motyer, 1993:423).

Formeel gesien beslaan die teks van die vierde Kneglied drie toesprake. In die eerste toespraak (52:13-15) is Jahwe aan die woord, in die tweede (53:1-11a) 'n ongeïdentifiseerde "*ons*" en in die derde toespraak (53:11b-12) weer Jahwe (Abma, 1997:21). In hierdie Kneglied word daar volgens Kidner (1986:618) by die sentrale gedagte van die hele Jesaja, naamlik sonde en geregtigheid, oordeel en genade, stilgestaan. Die gedig in sy geheel kan in die lig hiervan as 'n triomfgedig beskryf word.

Muilenburg (1956:615) wys daarop dat díe Kneglied 'n oorweldigend dramatiese toon het omdat die Kneg kragtig daarin teenwoordig is, maar tog nie op die naam genoem word nie. Die dramatiese aard van die gedig word nog verder verhoog deur die kontras tussen die vernederende lyding, en die verhoging en triomf van die Kneg (Abma, 1997:21). Hierdie kontras word ontwikkel deur 'n veelvoud van oortreders teenoor die enkele Kneg te stel. Die kontras word ook nog versterk deur die teenoorstaande gebruik van die voornaamwoorde "*hy*" en "*ons*".

Indien die vierde Kneglied met die ander drie Knegliedere vergelyk word, word daar 'n kontras binne die toon van die Knegliedere aangetref. In die eerste Kneglied is daar nie sprake daarvan dat die Kneg ly nie alhoewel daar wel 'n verwysing is (42:4) na toekomstige lyding. In die tweede Kneglied word bloot gesê dat die Kneg hom vermoei het (49:4). In die derde Kneglied ly die Kneg egter fisies onder mense (50:6). In die vierde Kneglied ly die Kneg nie bloot onder mense nie, maar onder die Here self (53:10). Die noue verhouding tussen die Kneg en die Here wat in die eerste drie Knegliedere geteken word, en waar die verwagting deurgaans aangetref word dat die Kneg deur God gered sal word, word dus in die vierde

Kneglied gediskontinueer. Hierdie diskontinuïteit kom egter nie as gevolg van die sonde van die Kneg nie, maar as gevolg daarvan dat hy die sonde van die volk dra. Die straf wat daar oor die Kneg kom is dus nie as gevolg van die optrede van die Kneg nie, maar as gevolg van die optrede van God se volk. So word die betekenis van die Kneg se lyding in die vierde Kneglied duidelik. Sy verwonding en straf het gekom ter wille daarvan dat hy die straf vir ander se sonde dra. Die kern van die gedig bestaan dus uit 'n beskrywing van die Kneg se versoenende werk ter wille van die ongeïdentifiseerde "*ons-karakter*" (Motyer, 1993:422).

Die oordrag van die vrede van die Kneg na "*ons*" word egter ook duidelik gemaak. Aan die een kant was die Kneg sonder ondersteuning in sy lyding omdat "*ons*" gedink het dat hy dit verdien. Die enigste bydrae wat "*ons*" daarin gehad het, was om sonde op te stapel waarvoor die Kneg moes ly. Die "*ons-karakter*" het homself egter ook aktief van die Kneg gedistansieer deur die gesig van hom weg te draai (53:3) en hom nie te reken nie. Daar kom egter 'n dramatiese omkeer as "*ons*" besef dat die lyding van die Kneg ter wille van hulle self is. Die gevolg hiervan is dat die gevoel van verstoting by die "*ons*" omgekeer word in skuldgevoelens en 'n gevoel van dankbaarheid (53:4,5) (Abma:1997:21).

Jesaja 53:3-5 teken die oordrag van die lyding van die volk na die Kneg baie duidelik. Daarin word aangetoon dat die Kneg se lyding plaasvervangend van aard was. Die straf wat essensieel is vir vrede met God, het dus op hom neergekom (Motyer, 1993:429). Die sonde van die volk word met ander woorde na die Kneg gekontinueer. Soos Moses ter wille van die volk gely het, so moes hierdie Kneg ook deur die waters gaan. Die lot het hom nie getref omdat die Here hom wou straf nie, maar omdat hy ter wille van die vryheid van ander gely het (Vosloo, 1988:223).

Hierdie lyding was nie slegs tot fisiese lyding beperk nie, maar behels die uiterste lyding wat enige persoon kan beleef. In hierdie verband bring Knight (1984:170) dit onder die aandag dat dit vir die Ou-Testamentiese mens baie belangrik was om deel van die gemeenskap te vorm. Volgens Ou-Testamentiese opvatting kon 'n mens nie volledig mens wees buite die gemeenskap waarin hy geleef het nie. Die pyn wat die Kneg beleef het, was gevolglik nie net fisiese pyn nie, maar het ook emosionele pyn ingehou omdat hy deur die gemeenskap verstoot is. Wat die lyding van die Kneg egter volledig maak is die feit dat selfs sy verhouding met God in sy lyding gediskontinueer is.

Alhoewel daar in Jesaja 53:6 gesê word dat die Kneg die sonde van almal op hom geneem het, moet die verwagting nie wees dat alle mense as gevolg daarvan van hulle sonde verlos sal word nie (Young, 1972:350). Indien Jesaja 53:6 met 53:12 in verband gebring word, word die werklike betekenis duidelik. Die Kneg wat in 53:11 deur die Here *regverdig* verklaar word, sal as gevolg van sy plaasvervangende werk, ook baie mense regverdig maak (Smart, 1967:194). Die regverdigheid word egter nie na almal gekontinueer nie. Dit is die regverdige wat sommige laat deel in sy regverdigheid. Hierdie regverdigheid word vir hulle bewerkstellig deur hulle kennis van hom, sy persoon, sy werk en veral deur 'n lewende

verhouding met hom (Delitzsch,1949b:336). Die begrip רבים dui op 'n veelheid van mense. Alhoewel dit op meer as net Israel slaan (vergelyk ook Jesaja 42:6), en veral aandui dat díe wat regverdig gemaak word sal vermenigvuldig, is daar egter 'n duidelike uitsluiting in die begrip vervat (Hartman, 1976:719). Daar is met ander woorde ten spyte van die kontinuïering van die Kneg se regverdigheid na ander, ook 'n mate van diskontinuïteit omdat almal se sonde nie gedra word nie, maar slegs die van baie (Smart, 1967:194). Die deel van die "*ons-karakter*" wat dít wat met die Kneg gebeur het nie ter harte neem nie, en hulle daardeur weer van Jahwe en sy Kneg distansieer, sal dus nie regverdig gemaak word nie. Aan die ander kant sal húlle wat hulle toekoms in die hande van die Kneg plaas, saam met Hom deur Jahwe regverdig verklaar word. Hulle lewe sal ook saam met syne gekontinueer word. Soos wat die Kneg nog lank sal lewe (53:10) en saam met magtiges die oorwinning sal vier, so sal dit ook vir baie wat hulle vertroue in hom gestel het, wees (Abma, 1997:21).

Nie almal se sonde word dus deur die Kneg versoen nie. Met die verwysing na *baie* in Jesaja 53:12 word daar 'n oorgang gemaak vanaf die korporatiewe persoonlikheid na die individu. In Josua 7:22 en verder is daar 'n duidelike aanduiding daarvan dat groepe 'n korporatiewe persoonlikheid gehad het, deurdat Akan en sy hele gesin gestraf is. Uit Levitikus 16:21 word dit verder ook duidelik dat al die oortredings van die Israeliete op die bok gelê moet word wat die woestyn in gejaag word. In die vierde Kneglied word daar verskeie kere verwys na *baie* (52:13,14,15; 53:11,12). Hieruit kan afgelei word dat daar 'n groot getal persone betrokke is, maar dat dit nie universeel alle mense insluit nie (Bright, 1981:358). Die verwysings na *baie* in Jesaja 53:11,12 kan ook teruggevoer word na die roepingsgeskiedenis van Jesaja in Jesaja 6 waar 'n oorblyfsel in die vooruitsig gestel word. Die oorblyfsel sou maar slegs 'n deel van die oorspronklike geheel uitmaak (6:13). Alhoewel die Kneg die sonde van alle mense gedra het, is dit egter nie alle mense wat regverdig sal word nie. Alhoewel die Kneg genoegsaam gely het, word verlossing nie na alle mense gekontinueer nie, maar slegs na diegene wat deel is van die stomp wat oorbly. Aansluitend hierby moet ook vermeld word dat *redding*, asook *verlore gaan* in Jesaja baie duidelik aan die Woord gekoppel word. So word die volgende vrae in Jesaja 53:1 gestel: "Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?" Die implikasie hiervan is dat wanneer die Woord nie geglo word nie, daar ook nie redding kan wees nie. Ten spyte daarvan dat die mens hom nie aan die Woord wil onderwerp nie, kom staan die Here tog in 'n lewewekkende verhouding met mense deur dieselfde Woord. Daarom is dit nodig dat die Woord wat vernietig maar tog ook red, verkondig moet word (Helberg, 1988:220).

In teenstelling met die res van Jesaja se boodskap wat dikwels verkondig dat nuwe dinge gaan gebeur, word die werk van die Kneg as afgehandel geteken (Smart, 1967:193). Die vierde Kneglied het dus 'n eskatologiese trek. Volgens Holladay (1978:151) skakel die verhoging van die Kneg (53:12) met Jesaja 40:23 waar gesê word dat God die vername mense tot niks maak, en die heersers van die wêreld asof hulle nie bestaan nie. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die "baie mense" waarvan in Jesaja 52:14 gepraat word. Dit word op sy beurt nader verklaar deur die "baie nasies" en "konings" in vers 15.

Deurdat die konings sprakeloos gelaat word deur die Kneg, word hulle effektief tot niks gemaak omdat die konings normaalweg bevele gee, maar daar nou geen spraak uit hulle mond kom nie. Met die aanduiding van die konings (49:7; 52:15) wat sprakeloos sal staan, word van 'n sinekdogee gebruik gemaak. Die konings sluit ook al die onderdane in (41:2; 45:1; 62:2), dit wil sê die **hele aarde** sal die verhoging van die Kneg sien, en daaroor verstom staan (Lindsey, 1985:110). Hierdie sprakeloosheid van die konings, en verbasing van die nasies vloei voort uit die vernedering, maar ook die verhoging van die Kneg van Jahwe. Hierdie vernedering met die daaropvolgende verhoging van die Kneg kan toegeskryf word aan God se trou. Nadat God deur die Kneg se lyding sy doel bereik het om baie regverdig te maak, laat Hy nie langer die Kneg ly nie, maar gee aan hom 'n nuwe toekoms omdat Hy hom uitverkies het (42:1) (Oosterhoff, 1978:161).

In verse (52:13-15) word dit duidelik dat daar 'n groot ooreenkoms tussen Israel as die Kneg van Jahwe, en die "ander" Kneg bestaan. Beide Israel en die Kneg het gely en is verneder. Lyding en vernedering vir Israel en die Kneg geskied egter nie op dieselfde manier nie (Helberg, 1995:268). Israel se lyding en vernedering kom deur die ballingskap (42:22-25), wat die gevolg was van hulle sonde. Lyding en vernedering kom vir die Kneg van Jahwe deurdat hy die lyding van ander op hom geneem het (53:4,5). Die Kneg van Jahwe word egter ook verhoog, en baie sal deur hom regverdig gemaak word (53:11,12). Daar bestaan ook 'n wisselwerking in die werk van die Kneg tussen verlede en toekoms, die individu en die gemeenskap, die werklikheid en die ideaal. Al hierdie aspekte is egter gerig op God se doel om te oordeel en red (Childs, 1985:240). Met hierdie werksaamheid van die Kneg kan God se wonderdadige oorspanning van die breuk wat daar tussen Hom en Israel gekom het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid, gesien word (Kelley, 1991:172 e.v.).

Soos reeds vermeld lê daar in die vierde Kneglied 'n eskatologiese gerigtheid. In die eerste plek maak verskeie Nuwe-Testamentiese tekste (Mat 8:17; 1 Petr 2:22-24; Luk 22:37) dit duidelik dat die werk van die Kneg in die vierde Kneglied sy vervulling gevind het in die Messiaanse Koning, Jesus Christus. Die gevolg van die Messias se werk vir Israel word egter ook in Romeine 15:18-21 aangetoon. Israel moet toekyk wanneer die Kneg verhoog word. Hierdie verhoging sal dan alles oortref wat hulle ooit van Hom gehoor het. Hulle sal egter op daardie moment besef dat hulle dit alles sou kón verwag het, as dit nie vir hulle dowe ore was nie (8:23-9:1; 64:3-5). Hulle sou vooraf geweet het watter heerlikheid hulle sou kon aanskou het, as hulle net geluister <u>en</u> verstaan het (Motyer, 1993:426).

<u>Samevatting</u>

In die vierde Kneglied kruis die lyne van kontinuïteit en diskontinuïteit mekaar in die werksaamheid van die Kneg van die Here. Die straf wat op die ongehoorsame Israel moes neerkom, word na die Kneg van die Here gekontinueer, terwyl die verhoging wat die gehoorsame dienende Kneg van die Here toekom, na die oorblyfsel waarvan Jesaja 6 melding maak, gekontinueer word.

Die werk van die Kneg word in hierdie Kneglied tot met die afhandeling daarvan gekontinueer. Soos by die derde Kneglied is daar ook 'n diskontinuïteit tussen die Kneg en die volk. Alhoewel hy die een is wat die volk se sonde dra, verbreek hulle hulle verbintenis met hom deurdat hulle die gesig wegdraai. Dit is egter nie die mens wat sy verbintenis met die Kneg breek nie, selfs die voorheen kontinue verhouding tussen God en Kneg word verbreek deurdat die Kneg volgens God se wil verbrysel word. Die vertrouensverhouding bly dus van die Kneg se kant voortbestaan. Selfs deur lyding heen het die Kneg steeds sy verhouding met Jahwe gekontinueer. As gevolg van die voortgaande gehoorsaamheid van die Kneg, het die Here sy doel deur die Kneg bereik, en word die Kneg weer in ere herstel en verhoog. Uiteindelik het dit in die Messiaanse Kneg, Jesus Christus sy vervulling gevind. God kontinueer dus sy verhouding met die Kneg, en die bewys hiervan is die gee van 'n ereplek en die nageslag wat die Kneg sal hê. Vanuit hierdie verwysingsraamwerk word daar dus nie net 'n emosionele ekwilibrium vir die Kneg bereik nie, maar kan dit ook bereik word deur hulle wat aan die Woord gehoorsaam is en daardeur regverdig verklaar word.

Die stabiele verhouding wat die Kneg met Jahwe het, bring vir die "*ons*" wat skuld erken, deur die Kneg, ook 'n stabiele verhouding met God. Hierdie stabiliserende verhouding is egter nie korporatief van aard nie, maar in die heel eerste plek persoonlik. Elke individu wat deel is van die "*ons*" wat na die Woord luister, word deur God regverdig verklaar. Indien daar so 'n gesamenlike erkenning van skuld is, en 'n gehoorsaamheid aan die Woord is, bring dit ook 'n stabiliserende uitwerking binne 'n hele gemeenskap. Die interne standaard waarmee daar dan binne daardie gemeenskap gemeet word, sal ook daardie gemeenskap binne die parameters plaas wat God in sy Woord neergelê het.

## 2. Samevatting Knegliedere

Op voetspoor van hoofstuk 2, waar die teologiese relevansie van die identiteitsmodel aangetoon is, sal daar nou ook 'n sintese gemaak word van die verskillende identiteitsfaktore wat in die bestudering van die Knegliedere na vore gekom het. Daar sal in die samevatting telkens in hakies aangedui word in die bespreking van watter teksgedeelte die gedagte oorspronklik behandel is.

Voordat die identiteitstrekke wat by die Kneg geïdentifiseer is, behandel word, is dit egter nodig om daarop te wys dat die Kneg van die Here nie dieselfde identiteitvormingsproses deurloop het as die volk van God nie. Soos aangedui in Jesaja 42:1-9 word 'n reeds voltooide identiteit by die Kneg aangetref. Wanneer identiteitstrekke by die Kneg behandel word, sal daar dus toegespits word op identiteitsherkenning en nie soseer op identiteitsoordrag en nie soseer op identiteitsvorming nie.

## 2.1 Identiteitstrekke

Identiteitstrekke is daardie komponente van identiteit wat te make het met identiteitsbehoud, of te wel kontinuïteit, en identiteitsonderskeiding, of te wel differensiasie.

### 2.1.1 Kontinuïteit

Die belangrikste deurlopende kontinuïteitsaanduiding wat in die lewe van die Kneg van die Here aangetref word, is die belydenis van die Kneg dat die Here sy God is (50:4-11). Dié belydenis word voortgesit in beide dit wat die Kneg sê en dit wat hy doen.

Omdat die Geesvervulde Kneg so in afhanklikheid van God leef, is daar ooreenstemming tussen die wil van die Kneg en die wil van God (42:1-9). Die Kneg het egter nie net God se wil sy eie gemaak nie. Hy het met 'n pastorale ingesteldheid God se wil in sy verkondiging gekontinueer. In sy verkondiging kontinueer hy die Here se reg om gehoor en gehoorsaam te word, na alle mense, op alle plekke op aarde en oor alle tye heen. Hy doen dit omdat dit vir identiteitsvorming noodsaaklik is om te weet dat God se heerskappy allesomvattend is en daar dus 'n permanente band met Hom kan wees. As gevolg van hierdie permanente band met God gee godsdiens die grootste mate van kontinuïteit en is dit die belangrikste identiteitskomponent. Indien iemand egter nie die boodskap van die Kneg aanneem nie en homself daardeur van God losmaak, is al wat die mens self kan kontinueer, sy eie onvermoë (49:1-6).

Uit die behandeling van Jesaja 1-39 en 40-66 het die onvermoë van ou Israel om as kneg van die Here op te tree, by herhaling na vore gekom. In antwoord hierop kom daar in die derde Kneglied 'n oorgang van die volk Israel as "meervoudige" kneg van Jahwe, na 'n enkele persoon as Kneg / עבד יהוה. Sodoende kom daar diskontinuïteit in ou Israel se knegskap en word dit oorgedra na die volmaakte Kneg. Dit word gedoen omdat die Kneg wat God se openbaring moet oordra, sonder tekortkoming moet wees (50:4-11).

In die vierde Kneglied kruis die lyne van kontinuïteit en diskontinuïteit mekaar in die werksaamheid van die Kneg van die Here. Die straf wat op die ongehoorsame Israel moes neerkom, word na die Kneg van die Here gekontinueer, terwyl die verhoging wat die gehoorsame dienende Kneg van die Here toekom, na die oorblyfsel waarvan Jesaja 6 melding maak, gekontinueer word (52:13-53:12).

Hierdie werk van die Kneg lei tot 'n verdere diskontinuering. Dit is dat nóg Israel nóg heidene langer hoef moeg te wees. Die las wat die wet en die afgode onderskeidelik op hulle gelê het, word nou deur die werk van die Kneg van hulle skouers afgehaal. Israel en die heidene se eie krag waarop hulle staatgemaak het, het gelei tot diskontinuïteit in hulle lewe en vermoë. Daarenteen lei God se vermoë, wat deur sy Kneg aan die volk bedien word, tot kontinuïteit in lewenskrag, en word dood omgekeer in lewe. Ongehoorsaamheid aan die Kneg en daarom ook ongehoorsaamheid aan God, lei egter tot lyding en veroordeling vir die ongehoorsames. Hulle lewe word gevolglik deur God gediskontinueer (50:4-11).

Soos by die derde Kneglied is daar in die vierde Kneglied ook diskontinuïteit tussen die Kneg en die volk. Alhoewel hy die een is wat die volk se sonde dra, verbreek hulle hulle verbintenis met hom deurdat hulle die gesig van hom wegdraai. Dit is egter nie net die méns wat sy verbintenis met die Kneg breek nie. Selfs die voorheen intieme verhouding tussen God en Kneg word verbreek deurdat die Kneg volgens God se wil verbrysel word (52:13-53:12). Alhoewel die Kneg se werk vir Hom fisiese pyn meebring, kontinueer hy tog sy opdrag in die besef dat sy eie verhouding met God, ten spyte van dit alles, gekontinueer word (50:4-11). Van die kant van die Kneg bly sy vertroue op God dus steeds voortbestaan, selfs deur lyding heen (52:13-53:12).

As gevolg van die voortgaande gehoorsaamheid van die Messiaanse Kneg, Jesus Christus, het die Here sy doel deur Hom bereik, en word Hy weer in ere herstel en verhoog. God kontinueer dus weer sy verhouding met die Kneg ná sy lyding (52:13-53:12). Die bewys hiervan is dat Hy 'n ereplek ontvang. Vanuit hierdie verwysingsraamwerk word daar dus nie net 'n emosionele ekwilibrium vir die Kneg bewerk nie, maar kan dit ook bereik word deur hulle wat aan die Woord gehoorsaam is en daarom regverdig verklaar word. As gevolg van hierdie regverdigverklaring kan die verhouding met God ook voortgesit word.

As al die werk van die Kneg in oënskou geneem word, word dit duidelik dat die Messias as Kneg van die Here 'n dinamiese kontinuïteit gebring het. Hierdie kontinuïteit bestaan tussen God se eie wese en die wese van die mens toe God in Jesus Christus mens geword het. 'n Mens kan deur die Kneg ware kontinuïteit, en daardeur 'n baie belangrike identiteitselement, ontvang deur aan God verbonde te wees. Indien daar so 'n verbondenheid bestaan, kom daar nie net 'n toekomsverwagting nie maar ook 'n toekomsperspektief (42:1-9).

### 2.1.2 Differensiasie

Dit wat die Kneg duidelik van die volk differensieer, is sy totale oorgawe aan God, en die feit dat hy volkome in ooreenstemming met God se wil optree. In teenstelling met Israel se hooghartige houding teenoor Jahwe is daar niks daarvan by die Kneg te bespeur nie (50:4-11). Hy verteenwoordig God dus tot in die fynste besonderhede, en dit is iets wat Israel hom nooit kon nadoen nie. Die Kneg / עבד יהוה is dus anders as al die ander knegte wat voor hom gekom het in die sin dat hy die Knegsrol volledig vervul (42:1-9).

## 2.2 Funksionele aspekte van identiteit

Die funksionele aspekte van identiteit help die houer van daardie identiteit om bepaalde keuses te maak, te beplan, die gemeenskap mee te stabiliseer en beheer oor sy omgewing uit te oefen.

2.2.1 Waardes en prioriteite

Waardes en prioriteite het te make met eksterne waardes wat toegeëien en aan voldoen moet word ten einde die verhouding wat daar tussen bepaalde partye bestaan, in stand te hou.

Die waardes en prioriteite wat die Kneg het, het hy geheel en al van God toegeëien, en daarom is hy getrou aan die bepalings van die verbond (42:1-9). Omdat die Kneg ook permanent aan God verbind is, bring dit by hom nie net nederigheid nie, maar ook moedigheid om aan te gaan met sy opdrag selfs al stuit hy teen weerstand. Sodoende toon die Kneg dat daar nie by hom dieselfde identiteitsmislukking is as wat by ou Israel voorgekom het nie (50:4-11).

Die Kneg het te midde van fel teenstand en verwerping steeds voortgegaan met sy opdrag. Hy laat dus nie toe dat omstandighede sy verhouding met God, en sy opdrag om Kneg van die Here te wees, beïnvloed nie. In teenstelling met die Kneg het Israel in die ballingskapstyd nie verstaan wat met hulle gebeur nie. Daarom het hulle ook die keuse gemaak om nie die Here te loof nie. Die Kneg sou egter deur sy eie verkondiging en optrede die kennis oordra dat God in sy sorg onbeperk is, en selfs in die ballingskap by die uitverkorenes teenwoordig is (49:1-6).

Omdat die Kneg die Woord van God gehoor het, en dit aan die gelowiges oordra soos wat Hy dit gehoor het, lei die woorde wat die gelowiges van hom hoor, tot diens aan die Here, en word die gelowige se waardes en prioriteite dienooreenkomstig bepaal (50:4-11).

2.2.2 Interpersoonlike self

Die interpersoonlike self het te make met die vervulling van sosiale rolle. Die waardes wat toegeëien is, sal bepaal watter sosiale rolle vervul sal word.

Die rol wat die Kneg vervul, is om volmaakte Kneg te wees wat as plaasvervanger vir Israel optree. Omdat die Kneg volledig aan God verbind is, bring dit nie net nederigheid by hom nie, maar ook moedigheid om aan te gaan met sy opdrag selfs al stuit hy teen weerstand. Soos wat God getrou is aan sy verbond, is die Kneg ook getrou aan sy verlossingsopdrag. Hy vind ook vreugde daarin om betroubaar te wees (42:1-9).

Indien God gehoorsaam word, verdryf dit vrees, omdat Jahwe, wat beheer het oor 'n mens se lewe, nie meer vir jou 'n bedreiging inhou nie, maar erken word as die Een wat red. Indien die boodskap van redding nie in die vrees van die Here aanvaar word nie, sal die mens voortdurend in vrees lewe. 'n Verhouding met God stabiliseer egter alle vlakke van 'n mens se lewe. Die mens wat nie vir God ken nie, ondervind in hierdie verband bepaalde probleme. Hierdie probleme ontstaan as gevolg van 'n

emosionele verbintenis met dit wat reeds bekend is. Iemand wat byvoorbeeld 'n selfgemaakte god aanbid, sal vir homself 'n religieuse raamwerk daarstel wat aan hom 'n gewaande identiteit gee. 'n Werklike standhoudende identiteit kan egter net gevind word vanuit 'n standhoudende verhouding met God wat nie verander nie, en onbeperk in sy vermoë is (49:1-6).

Aangesien die Kneg sy waardes volledig van God toegeëien het, het dit noodwendig vir hom spanning gebring as gevolg van die volk se rebellie teen God. Daardie spanning word, in teenstelling met dié in Israel wat hulp by afgode gaan soek het, verlig deurdat die Kneg ondersteuning by God soek (50:4-11). Daarmee toon hy op interpersoonlike vlak dat sy reputasie nie van sy kontak met mense afhanklik is nie, maar van sy verbintenis met God. Sodoende word die verhouding met God volledig in stand gehou (49:1-6).

Die funksionele identiteitselemente wat by die Kneg aangetref word, moet egter nie net by die Kneg van die Here teenwoordig wees nie. Omdat die mens beeld van God is, moet die kontinuïteitstrekke van gehoorsaamheid, betroubaarheid, moedigheid en nederigheid ook deur die hoorders van die Kneg geïnternaliseer word. Daardie karaktertrekke wat 'n mens as beeld van God kan vertoon, moet dus in die gedrag van die knegte van God geopenbaar en gekontinueer word (50:4-11).

### 2.2.3 Individuele potensiaal

Hierdie aspek behels 'n realistiese persoonlike ideaal en genoeg selfvertroue om daardie ideaal te kan verwesenlik. Indien verwesenliking van die ideaal belemmer of selfs geblokkeer sou word, sal die ideaal van die persoon met 'n sterk gevoel van persoonlike potensiaal, nie vernietig word nie.

Die belydenis van die Kneg dat die Here sy God is (50:4-11), bring 'n potensiaal wat ongekend by ou Israel was. Ten spyte van weerstand waarop die Kneg stuit, sit hy sy werk voort tot met die afhandeling daarvan. Vir diegene wat deur die Kneg se werk verlos is, kom daar dan ook uit sy verhoging die potensiaal om nie net kragdadig in hierdie lewe op te tree nie, maar om in die eskatologiese tyd self ook verhoog te word (52:13-53:12).

## 2.3 Die selfdefiniëringsproses

Selfdefinisie het te make met die verwerwing en / of toe-eiening van identiteitskomponente. Dit verloop in vier stadia en begin by komponente wat eenvoudig aan 'n individu oorgedra word en eindig by keuses wat op grond van 'n verworwe identiteit gemaak moet word.

Indien die identiteit van die Kneg van die Here vergelyk word met die identiteit van Israel, is daar 'n baie duidelike onderskeid. In teenstelling met die mens van wie die identiteit, volgens hiërargiese kriteria

gesien, nie in hierdie bestel finaal afgehandel word nie, het die Kneg van die Here wel 'n voltooide identiteit (42:1-9).

2.3.1 Oorgedraagde komponente

Die eerste stadium in die definiëring van identiteit is 'n passiewe ontvangs van bepaalde identiteitskomponente.

As gevolg van die unieke, noue geloofsverbintenis wat daar tussen die Kneg en God is, is daar voortgaande kontak tussen God en die Kneg. Die kontinue kontak kom omdat die Kneg nederig en sonder selfverheffing voor God leef. In sy kontak met God het die Kneg 'n voortdurend horende oor, maar ook 'n geoefende tong om te sê wat God gesê wil hê. Kontinuïteit word daarom gevind tussen dit wat God sê, dit wat die Kneg hoor, en dit wat die Kneg oordra aan die volk wat na hom luister. Die kennis wat aan die Kneg oorgedra word, is ook nie bedoel om bloot kennis ter wille van kennis te wees nie, maar is bedoel as Godsopenbaring wat na die volk gekontinueer moet word. Werklike kontinuïteit word dus deur die Kneg in die Godsopenbaring gebring in die sin dat dit wat geopenbaar word, net so na die hoorders deurgegee word. Die Kneg is dus voortdurend onder leiding van God teen Wie hy hom nie verset nie, maar van Wie hy gewillig leer. Sodoende is die Kneg die kanaal waardeur God se openbaring na 'n moeë mensheid vloei (50:4-11).

Die opdrag wat die Kneg van die Here ontvang het om tot verligting van die nasies op te tree, word op sy beurt weer na die mense, wat aan die Kneg gehoorsaam wil wees, oorgedra. Hierdie mense word in die Nuwe-Testamentiese kerk saamgevoeg uit alle volke en tale. Dit is dus nie volk en taal wat die kernelement van identiteit is nie, maar die verbintenis aan God. Ware identiteit kan dus onder andere ook gevind word in die gekontinueerde opdrag om God se knegte te wees (49:1-6).

2.3.2 Enkel transformasie

Die tweede stadium in die definiëring van identiteit is duidelik gedefinieerde gebeure, soos byvoorbeeld die proses van geboorte skenk, waardeur 'n vrou 'n moeder word.

As gevolg van die voortgaande gehoorsaamheid van die Messiaanse Kneg, Jesus Christus, het die Here sy doel deur Hom bereik en word Hy ná sy lyding in ere herstel en verhoog. Hierdie verhoging is die enigste enkel transformasie wat in die lewe van die Kneg na vore kom (53:12).

2.3.3 Hiërargiese kriteria

Die derde stadium van die selfdefiniëringsproses is wanneer 'n persoon vanuit die verskillende opsies wat in 'n multidimensionele samelewing beskikbaar is, 'n identiteit konstrueer.

Soos reeds gesê het die Kneg self nie deur 'n proses van identiteitskonstruksie gegaan nie, omdat Hy 'n reeds voltooide identiteit het (42:1-9). Alhoewel die Kneg self nie deur die proses gegaan het nie, het sy Knegskap 'n deurslaggewende uitwerking op die lewe van die mens wat met hom in kontak kom.

Omdat die Kneg die Godsopenbaring betroubaar aan sy hoorders oorbring, het daar vir die ballinge baie meer opsies gekom waaruit hulle 'n identiteit kon konstrueer. Israel kon deur die openbaring wat hulle van die Kneg ontvang het, verder kyk as die ballingskap en hulle knegskap. Daar kon meer kom as dat hulle hulle vasstaar teen die verlies van die kultus en die land (40:28). Daar kon meer kom as die straf wat hulle ondergaan het. Daar kon weer kontinuïteit en 'n verbreding van identiteit in hulle lewe en verwagting kom. Die sisteme wat tot beskikking van nuutgevormde Israel was, was dus nie beperk tot die gebruike van die volke tussen wie hulle geleef het nie, maar het direk deur die Kneg se verkondiging van Jahwe gekom (50:4-11).

Die Kneg het ook kom leer dat die loon wat 'n mens van God ontvang, nie afhang van die sukses wat in samelewingsverband behaal is nie, maar daarvan of jy 'n getroue dienaar van God was. In hierdie opsig is die westerse wêreld egter grootliks afhanklik van meetbare resultate om identiteit te vorm, met ander woorde van dit wat 'n mens geproduseer het. Dit is dus nie net wat God in jou lewe kontinueer nie, maar ook dit wat jy in 'n eie poging kontinueer, wat identiteitgewend is. In werklikheid bring blote eie pogings egter nie waardevolle opsies waaruit 'n kontinue identiteit gekonstrueer kan word nie (49:1-6).

2.3.4 Keuses

Die finale fase in die selfdefiëringsproses, is die maak van keuses. In hierdie fase word aangetoon watter identiteitskomponente toegeëien is.

Die openbaring wat deur die Kneg aan sy hoorders gebring is, het nuwe keuses moontlik gemaak. Ten spyte van die lewensbelangrike werk wat die Kneg besig was om in die lewe van Israel te doen, het hulle steeds sy prediking verwerp. Moontlike identiteitskomponente soos 'n egte verbintenis aan God, is egter nie toegeëien nadat dit oorgedra is nie (49:1-6). Die Kneg se werk kry egter eers ware betekenis vir hulle wat aktief na hom luister, die waardes en prioriteite wat van God ontvang word, internaliseer, en dit in hulle lewe implementeer deur diens aan die Here (50:4-11).

Met die opkoms van Kores, en die manifestering van God se mag, het die heidennasies bevrees geraak. Die keuse wat gemaak is as antwoord op die vrees, was om fisiese objekte te vat, te manipuleer en dit dan te aanbid. In werklikheid is 'n afgod dus niks anders as 'n verlengstuk van die mens self nie, en is afgodsaanbidding bloot selfverheffing. Iemand wat kies om 'n selfgemaakte god te aanbid, skep met ander woorde 'n religieuse raamwerk wat aan hom 'n gewaande identiteit gee. 'n Werklike

standhoudende identiteit kan egter net gevind word vanuit 'n standhoudende verhouding met God wat nie verander nie, en onbeperk in sy vermoë is (49:1-6).

Die Kneg het daarenteen ook in tye van nood 'n standhoudende verhouding met God in Wie hy vertroue het om hom te help. Hy ontvang sy krag van God, en dit verdryf vrees, omdat Jahwe, wat oor 'n mens se lewe beheer het, nie meer vir jou 'n bedreiging inhou nie, maar erken word as die Een wat red. Indien die boodskap van redding nie in die vrees van die Here aanvaar word nie, sal die mens voortdurend in vrees lewe. 'n Verhouding met God stabiliseer gevolglik alle vlakke van 'n mens se lewe en maak keuses moontlik wat lei tot 'n stabiele identiteit (49:1-6).

### 2.4 Identiteitsisteme

Geen persoon of volk leef binne 'n vakuum nie en daarom is daar verskillende invloede wat van buite op 'n persoon of groep inwerk.

#### 2.4.1 Terugvoer

Die eerste invloed wat aanleiding gee tot 'n bepaalde sosiale rol, is terugvoer wat van buite ontvang, geïnterpreteer en toegepas word. Die terugvoer wat ontvang word, word egter met 'n interne identiteitstandaard gemeet. Volgens hierdie standaard word bepaal of terugvoer wat ontvang is, belangrik genoeg is om 'n identiteitsaanpassing te maak of nie.

Ten spyte van die negatiewe terugvoer wat die Kneg tydens sy lyding ervaar het, was sy verhouding met God van so 'n aard dat hy geen identiteitaanpassing gemaak het nie (50:7).

#### 2.4.2 Openbare identiteitsidentifikasie

Identiteit word nie net bepaal deur die persoon wat besig is om sy identiteit op te bou nie, maar word ook waargeneem deur die samelewing waarbinne daardie identiteit vertoon word.

Alhoewel die Kneg die een is wat plaasvervangend die volk se sonde gedra het, het hulle hom nie as sulks herken of erken nie. Daarenteen het hulle hulle verbintenis met hom verbreek deurdat hulle hom verag en verstoot het, die gesig vir hom weggedraai het en hom nie gereken het nie. As gevolg van sy lyding was hy so misvormd dat die Kneg nie meer soos 'n mens gelyk het nie. Hy kon dus van buite nie meer herken word nie. Dit alles het met hom gebeur as gevolg van die sonde van die volk (52:13-53:12).

Indien daar egter in 'n kontinue verhouding met God en sy Kneg geleef word, is dit moontlik om die Kneg deurgaans te herken omdat hy 'n voltooide identiteit het en vanuit sy optrede as Kneg van die Here geïdentifiseer kan word.

### 2.4.3 Korporatiewe identiteit

Groepe word deur gesamentlike identiteitstrekke aan mekaar verbind. As gevolg van díe verbintenis word 'n groepsidentiteit opgebou wat tot gevolg het dat die groep as 'n eenheid kan funksioneer.

Behalwe dat die Kneg intiem aan God verbonde is, identifiseer hy ook met Israel, en daarom kan die Kneg eerder as 'n korporatiewe persoonlikheid gesien word, as 'n individu. Uit die tweede Kneglied is dit duidelik dat die Kneg nie as *Israel* gesien moet word nie, maar eerder as *ter wille van Israel* (49:1-6).

Die tweeledige verhouding wat die Kneg het, enersyds met God en andersyds ter wille van Israel, maak 'n stabiele verhouding moontlik. Soos wat die Kneg 'n tweeledige verhouding met God en Israel het, kan dié wat in 'n vertrouensverhouding met die Kneg staan, ook 'n tweeledige verhouding hê: 'n verhouding met God deur die Kneg. Die verhouding wat sodoende tot stand gebring word, is egter nie primêr korporatief van aard nie, maar wel persoonlik. Die individue waaruit die "*ons*" bestaan wat hulle skuld voor Jahwe erken en na die Woord luister, kom deur die Kneg se plaasvervangende werk, net soos die Kneg in 'n stabiele verhouding met God. Indien daar 'n gesamenlike erkenning van skuld en 'n gehoorsaamheid aan die Woord is, bring dit 'n stabiliserende uitwerking binne 'n hele gemeenskap. Op hierdie wyse kan 'n gemeenskap korporatief saam funksioneer en 'n korporatiewe identiteit opbou (52:13-53:12). Die gemeenskap wat op hierdie wyse saamgevoeg word, is nie afkomstig uit 'n enkele etniese groep nie, maar vanuit al die volke van die aarde tot sover as die eilande. Hierdie nuwe gemeenskap word dan as 'n korporatiewe geheel in die nuwe Israel aangetref.

#### Opsomming

Dit wat in die eerste plek van belang is, is dat die kneg se identiteit nie in 'n vormingsproses is nie, maar dat hy 'n reeds voltooide identiteit besit. Identiteitsvorming vir die nuwe Israel kan en behoort dus op die identiteit van die Kneg geskoei te word.

Dit wat in die lewe en werk van die Kneg manifesteer, wentel hoofsaaklik om twee sake, enersyds kontinuïteit in sy verhouding met God, en andersyds die oordrag van dit wat Hy verwerf het na die nuwe Israel. Die kernelement van identiteit is dus nie verbondenheid aan 'n bepaalde volk en taal nie, maar verbondenheid aan God.

Deur die Kneg se werksaamheid word die kloof wat daar tussen God en Israel gekom het, effektief oorbrug. Dit is dus nie maar Israel se eie saak om sy verhouding met God reg te stel nie. God stuur sy Kneg om instrumenteel te wees in die herstel van die verhouding tussen Hom en Israel.

# HOOFSTUK 7: BEVINDING

In die inleidende hoofstuk is dit gestel dat "Israel" as volk van God, soos in die begin van die boek Jesaja, en "Israel" aan die einde van die boek, nie op dieselfde volk kan dui nie. Daar sal nou vanuit die navorsing wat gedoen is, 'n samevattende antwoord gegee word op die gestelde navorsingsvraag naamlik: "Wat is die werklike identiteit van *die volk van God*?"

## 1. Identiteitstrekke

Identiteitstrekke is daardie komponente van identiteit wat te make het met identiteitsbehoud of te wel kontinuïteit, en identiteitsonderskeiding of te wel differensiasie.

a) Die eerste aanduiding van kontinuïteit wat in Jesaja 1-39 aangetref word, word gevind in die voortdurende afvalligheid van Israel, en in die gebrek aan begrip wat hulle van Jahwe en sy regering het. Aangesien Israel nie sy verbondsbelofte aan God nagekom nie, het daar 'n tweeledige breuk tussen die volk en God gekom. Aan die een kant het daar 'n verbondsbreuk gekom, maar aan die ander kant het daar ook 'n vertrouensbreuk gekom.

Israel het egter probeer om hulle eie volksbestaan met kultiese gebruike te kontinueer. Die kultiese gebruike se primêre doel was dus nie meer 'n bewys van 'n voortgaande verhouding met Jahwe nie, maar het 'n doel opsigself geword. Die identiteitsbegrip wat Israel van hulleself gehad het, het dus nie vir hulle voortgespruit uit 'n blywende band met God nie, maar uit die rituele wat hulle self rondom die tempel uitgevoer het. Kultiese gebruike het dus in effek sy werklike waarde verloor, sowel vir Israel as uitdrukking van hulle verhouding met God, as vir Jahwe as bewys van sy volk se diens aan Hom.

In ooreenstemming met die strafbepalings van die verbond, destabiliseer God die hele gemeenskap van Israel in die ballingskap. Met die ballingskap gebruik God heidense magte, in sy transendentale heerskappy, om die faktore wat aanleiding gegee het tot die wanverhouding tussen Hom en Israel, te verwyder. Faktore waaraan hier gedink moet word is die kultus in Jerusalem, leiers wat eerder verleiers was, die verknogtheid aan die land, staatmaak op hulp van ander volke ensovoorts. Alhoewel daar duidelike differensiasie tussen die volk van God en die ander volke moes wees, het daardie onderskeid verdwyn. Israel het hulle naamlik, net soos die ander volke, nie aan die Here gesteur het nie. Die gebrek aan differensiasie word deur God met die ballingskap bevestig aangesien die vernietiging wat Israel vroeër oor die heidene moes bring, nou deur heidene oor Israel gebring word. Israel sou as gevolg hiervan hulle besit van die land verloor omdat hulle verhouding met God verbreek is.

Jahwe het Israel dus in sy oorspronklike vorm in die ballingskap vernietig. Daar kan met ander woorde nie meer aan Israel gedink word in terme van 'n gekontinueerde bestaan nie. Ten spyte van die

diskontinuïteit in Israel se bestaan het Jahwe steeds sy verhouding met Israel voortgesit. Dit het reeds in Jesaja se roepingsgeskiedenis in Jesaja 6 deurgeskemer, asook uit die teenwoordigheid van Immanuel. Vanuit Jesaja 40-66 word dit egter baie duidelik uitgespel dat God, as die Heilige van Israel, se verhouding met sy volk gekontinueer word.

b) Alhoewel die mens se verganklikheid in Jesaja 40-66 bevestig word, word God se getrouheid aan Israel ook bevestig. Hy is egter nie getrou aan ou Israel nie, maar aan die oorblyfsel wat sou terugkeer asook aan die wat saam met hulle na Sion sou optrek. In die proses van terugkeer sou daar nie net 'n pad vir die Here voor die oë van almal op die aarde gereed gemaak word nie, maar daar sou ook uit die Woord kennis van Hom gegee word. Die doel hiervan was om aan almal, wat uit al die volke op aarde verkies is om aan Jahwe te behoort, kennis van Hom in beide dit wat hulle sien en hoor te gee. Nadat hierdie kennis deur die profete oorgedra is, sou almal wat deel sou uitmaak van die Heilige van Israel se volk, na Sion optrek. In teenstelling met die ou Israel vir wie geografiese Sion belangrik was, trek die nuwe Israel na Sion op ter wille van Jahwe wat daar aanbid word. Die nuwe Israel se identiteit word dus nie uit geografiese of genealogiese gegewens verkry nie, maar vanuit 'n kontinue vertrouensverhouding met God. Differensiërende kenmerke soos onderhouding van die sabatte en lewe volgens die verbond, sou voortaan ook die maatstawwe wees waarmee volkskap gemeet word. Die nuwe Israel sou ook die vertrouensverhouding tussen hulle en Jahwe bekend maak deur by hulle kennis, gehoorsaamheid aan en vertroue op God, ook lof aan Hom by te voeg.

c) Dit sou egter nie moontlik wees om in bogenoemde kontinue verhouding met God te staan sonder die verkondiging asook plaasvervangende werk van die Kneg van Jahwe nie. In die ballingskap het Israel opgehou om as meervoudige kneg van Jahwe te funksioneer. 'n Funksie wat hulle in elk geval nooit na behore kon vervul nie. God het in die plek van Israel sy volmaakte Kneg gegee. God as die Heilige van Israel stuur met ander woorde iemand wat onder sy vaandel, en dus op sy gesag, sal optree. Hierdie Kneg van Jahwe se totale lewe is beheers deur die kontinue belydenis dat die Here sy God is. Sonder om te rebelleer, ongeag van omstandighede, voltooi die Kneg sy werk. Enersyds het die Kneg se werk behels dat hy die waarheid oor God volledig aan sy hoorders oorgedra het, en andersyds het hy ook die straf wat die volk verdien het, volledig gedra. Die Knegsrol het sy finale vervulling gevind in die Messias, Jesus Christus.

Kontinuïteit en identiteit wat daarmee saamgaan, word dus nie gevind in gebruike van mense nie, maar wel in 'n verbintenis met God wat dade tot gevolg het wat pas by daardie verbintenis met Hom. Stabiliteit in 'n gemeenskap is daarom ook nie van die mens afhanklik is nie, maar wel van God.

Daar moet dus in terme van Israel beide in terme van diskontinuïteit en kontinuïteit gedink word. In terme van ou Israel wat die genealogiese nageslag van Abraham is, en gediskontinueer is, en in terme van 'n nuwe Israel wat uit al die volke van die aarde saamgestel is. Daardie volk ontvang hulle identiteit

vanuit hulle verbondenheid en diens aan God. Die differensiërende aspek in Israel se lewe was dus nie bloedverwantskap nie, maar wel geloofsverwantskap. Sodoende behou Jahwe steeds die titel van "die Heilige van Israel".

2. Funksionele aspekte van identiteit

Die funksionele aspekte van identiteit help die houer van daardie identiteit om bepaalde keuses te maak, te beplan, die gemeenskap mee te stabiliseer en beheer oor sy omgewing uit te oefen.

a) Jesaja 1-39 maak dit duidelik dat ou Israel sy eie prioriteit geword het. Die waardes van ou Israel is nie deur die Tora, wat deur God gegee is, bepaal nie, maar deur die gebruike van, en alliansies met omringende volke. Israel het dus nie die resultate wat tuishoort by 'n verhouding met God gelewer nie. Hieronder tel die gebrek aan voortbring van reg en geregtigheid en veragting van *die Heilige van Israel*. Slegs een van hierdie aspekte diskwalifiseer reeds 'n verdere verhouding met Jahwe. As gevolg van die verbreekte verhouding met Jahwe kon "*hierdie volk*", soos Hy nou na Israel verwys het, nie meer die regte keuses maak nie en ook nie meer die gemeenskap stabiliseer nie. Ook die band met die land is verloor wat totale identiteitsdegenerasie tot gevolg gehad het. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat Israel nie meer 'n funksionele identiteit gehad het nie. Sodoende is die gemeenskapslewe gedestabiliseer wat op sy beurt daartoe gelei het dat geen beheer oor die omgewing uitgevoer kon word nie. Die uiteinde van dit alles was ballingskap.

Die identiteitsraamwerk wat Israel vir homself opgebou het, het dus nie daarin geslaag om die gemeenskap te laat voortbestaan nie. Die potensiaal wat God in sy toekomstige volk ingebou het met die verbondsluiting, het dus oor die lang duur nie gerealiseer nie. Die geopenbaarde waardes van die volk toon dus aan dat identiteitsmislukking plaasgevind het.

b) In Jesaja 40-66 word dit egter duidelik dat Jahwe besig is om die identiteit van sy volk te herstel. Waar Israel voor die ballingskap sy identiteit deur eksterne faktore laat bepaal het, sal dit na die terugkeer uit ballingskap net bepaal word deur die band met Jahwe wat op Sion aanbid sal word. Die waardes sal met ander woorde weer deur die Tora bepaal word omdat die nuwe Israel sal insien dat sy doel diens aan God is. Hy sal ook insien dat hy keuses moet maak wat pas by sy doel om God te dien. Deur die nuwe verhouding met God sal die volk weer sy potensiaal kan verwesenlik, en sal hulle nie weer in die verleentheid kom nie.

c) Die nuwe verhouding word moontlik gemaak deur die Kneg van die Here wat die waardes wat God gee, geheel en al vir homself toegeëien het. In nederige afhanklikheid van God is die Kneg moedig om aan te gaan met sy taak selfs al stuit hy teen weerstand. In teenstelling met Israel wat toegelaat het dat omstandighede sy identiteit bepaal, vertoon die Kneg die identiteit wat spruit uit 'n volledige

verhouding met God. Daarom is die Kneg betroubaar, regverdig en sonder vrees omdat hy God as transendent, dog kragtig teenwoordig, beleef. Die Kneg sien sy reputasie ook as afhanklik van sy verbintenis met God op Wie hy altyd kan staatmaak. Dit lei tot totale gehoorsaamheid aan God wat op sy beurt 'n stabiele identiteit tot gevolg het, wat ook tot stabiele keuses lei.

Soos die Kneg vanuit die belydenis leef dat die Here sy God is, kan elke gelowige wat daardie belydenis deel, die potensiaal wat in hom ingebou is ook verwesenlik. Daardie potensiaal kan egter net verwesenlik word vanuit 'n geloofsverbondenheid aan die Messiaanse Kneg Jesus Christus in Wie 'n werklik funksionele identiteit te vind is. So 'n identiteit wat in Hom gewortel is, is ook nie beperk tot hierdie tyd nie, maar staan selfs eskatologies vas.

3. Die selfdefiniëringsproses

Selfdefinisie is die proses waardeur bepaalde identiteitskomponente verwerf. Dit verloop in vier stadia wat begin by komponente wat eenvoudig aan 'n individu oorgedra word en eindig by keuses wat op grond van 'n verworwe identiteit gemaak moet word.

a) Israel is aan baie invloede onderwerp in die proses om sy identiteit te definieer. Volgens Jesaja 1-39 kon die selfdefiniëringsproses vir Israel begin by die verbond wat God met hom opgerig het. Van Israel is verwag om die verbond vir homself toe te eien, en sy identiteit in terme daarvan te definieer. Dit het ingehou dat Jahwe aktief vertrou moes word. As gevolg van die verbond wat God as die *Heilige van Israel* met Israel gesluit het, moes Israel hulleself ook as *heilig* definieer. Hierdie eienskap het hulle egter nie vir hulleself toegeëien nie. Israel het ook nie voor die ballingskap vir homself die identiteitselement van *volk van God* toegeëien nie. Alhoewel Israel bepaalde tradisioneel kultiese gebruike nagekom het, bewys dit nie die bestaan van 'n verhouding met God nie. Wat wél daardie verhouding, en 'n identiteit wat op daardie verhouding gebou is bevestig, is die maak van keuses wat by daardie verhouding pas.

Aangesien die leiers van die volk nie waarde aan die verbond of die verbondsbepalings in die Tora geheg het nie, het hulle enersyds nie die verbond toegeëien nie, en dit andersyds ook nie aan die volgende geslag oorgedra nie. Dit is na hierdie volk wat Jesaja as boodskapper gestuur is om die dreigende ondergang aan te kondig.

Ten spyte daarvan dat Israel se identiteit so gebrekkig was dat hulle op juridiese, militêre en ekonomiese gebied nie in ooreenstemming met die verbond opgetree het nie, was hulle steeds onder die indruk dat niks hulle van die land en tempel kon vervreem nie. Die keuses wat Israel op grond van sy verworwe identiteit gemaak het, het op juridiese gebied onreg tot gevolg gehad. Op militêre gebied het dit gelei tot alliansies met heidense volke en op ekonomiese gebied het geregtigheid nie geskied nie, en is daar ook

nie in liefde opgetree nie. Die gevolg hiervan was dat Israel in die ballingskap van verbondserfgenaam tot ballingskapslaaf getransformeer is.

In teenstelling met die volk se selfgenoegsame optrede, het Jesaja egter sy eie ontoereikendheid voor God besef. God kom daardie ontoereikendheid van Jesaja te hulp en dra aan hom oor wat nodig is sodat hy die identiteit van *gestuurde* kon konstrueer en keuses kon maak wat dit bevestig. Dit wat Jesaja moes gaan verkondig, het ook die eskatologiese verwagting ingehou dat God die identiteit van sy volk sal transformeer sodat daar onderlinge stabiele verhoudings, en dus geen oorlog meer sal wees nie.

b) In Jesaja 40-66 word baie aandag gegee aan die invloed wat heidense afgodsdiens gehad het op die proses waarin Israel sy identiteit gedefinieer het. In die afgodsdiens het vrugbaarheidsrites 'n belangrike rol vir 'n volk gespeel. Aangesien heidene suksesvolle manipulasie van hulle gode deur kultiese gebruike, aan die opbrengs wat die land gelewer het gemeet het, was daar 'n besondere verbondenheid met die grond. Israel het ook daardie oordrewe landsverbondenheid gehad. Verbondenheid aan die land moes egter nie primêr staan nie, maar gehoorsaamheid aan die verbond met Jahwe as oorgedraagde komponent. Gehoorsaamheid aan Jahwe moes die verbintenis met die land bepaal, en nie die toestand van die land die gedrag teenoor Jahwe nie. Wat die ouers dan aan die volgende geslag moes oordra was kennis van God aan wie hulle behoort en nie kennis van die etniese groep waaraan hulle behoort, of die land waarin hulle gewoon het nie. Om bloot 'n eksterne teken soos die besnydenis aan te bring, sonder om kennis aan die kinders oor te dra wat daardie teken beteken, bring nie gehoorsaamheid aan Jahwe nie. Godsverbondenheid moes dus die identiteit definieer, en nie landsverbondenheid nie.

In teenstelling met Israel se verlies van die land, en gepaardgaande identiteitsverlies, wat in 'n enkel transformasie plaasgevind het, het God die nuwe Israel deur 'n proses van identiteitsherstel geneem. Daardie proses het begin met Jesaja wat kennis moes oordra van God se mag oor alles. Dit is net wanneer daar aktief geluister word, dat die kennis wat oorgedra word, toegeëien sal word.

Omdat Israel die volle straf vir sy sonde ontvang het, kon hy vir hom die nuwe naam, *my vreugde is in jou*, wat God hom gegee het, toe-eien. Indien Israel daardie naam sou toe-eien, sou hulle inderdaad ook vreugde aan Jahwe verskaf deur Hom as hulle Koning bekend te maak.

Die gee van 'n nuwe naam, bevestig dat 'n nuwe identiteit tot stand gekom het. Die nuwe identiteit wat God se nuwe volk gehad het, was nie genealogies bepaald nie, maar deur gehoorsaamheid aan die Tora en verbond. Kriteria vir volkskap was dus nie bepaal deur etnisiteit nie, maar deur gehoorsaamheid aan God. In hierdie proses sal die lede van die nuwe volk van God selfversorging prysgee ten gunste van God se sorg. God se sorg maak mense vry om te leef volgens die doel waarvoor God hulle geskep het.

Sulke persone word nie langer van buite geleef deur eksterne druk nie, maar leef self met God se sorg. Ware identiteit wat optrede bepaal word dus by God gevind.

Die bewys van 'n identiteit wat in verbondenheid met God gevorm is, is die volgende:

1. Die oorgedraagde verbond word aktief toegeëien.
2. Die voortdurende teenwoordigheid van God by die lede van sy volk, ongeag omstandighede, word bewustelik aanvaar.
3. Gehoorsaamheid aan God word as kriterium vir identiteit gebruik, en nie die nakom van formalistiese gebruike nie.
4. Die punt van oriëntasie, waarvandaan 'n doelbewuste identiteitsverskuiwing gemaak kan word, is die feit dat God sy Naam aan sy kinders gekoppel het.
5. Die uiteindelike bevestiging van die identiteit wat deur verbondenheid aan God gevorm is, is lof aan Hom onder alle omstandighede.

Eskatologies gesien, sal elke mens se identiteit uiteindelik deur God gevorm word, wanneer elke knie voor Hom buig.

c) In teenstelling met die ou- en die nuwe Israel, het die Kneg van Jahwe nie deur 'n selfdefiniëringsproses gegaan nie, maar word hy leer ken met 'n voltooide identiteit.

Van God het die Kneg 'n horende oor ontvang. Die Woord wat hy gehoor het, dra hy volledig oor, wat hom dus 'n volmaakte boodskapper maak. Die Kneg het hom ook nie teen God of sy taak verset nie, omdat alle vrees besweer is deur sy vertroue op God en die belewenis van God se teenwoordigheid. Nadat die Kneg sy taak volledig afgehandel het, gaan hy deur 'n enkele transformasieproses waardeur hy verhoog word.

Alhoewel die Kneg in sy identiteit nie deur 'n selfdefiniëringsproses gaan nie, speel hy 'n noodsaaklike rol in die identiteitskonstruksie van die nuwe Israel. Hy leer die volk om in hulle identiteitsvorming verder te kyk as genealogiese verwantskap, landbewoning, kultiese gebruike, en die gebruike van ander volke. Die identiteit van die nuwe Israel word gevolglik gevorm deur die verhouding wat hulle met die Kneg het, en uit die Kneg se verhouding met Jahwe. Die verhouding met die Kneg maak baie meer identiteitsopsies moontlik as wat ou Israel het in sy leefstyl gehad het.

Die Kneg maak dit met ander woorde duidelik dat die volmaakte identiteit nie afkomstig is uit dit wat 'n mens self produseer nie, maar uit dit wat vanuit die verhouding met God voortvloei.

4. Identiteitsisteme

Geen persoon of volk leef in 'n vakuum nie en daarom is daar verskillende invloede wat op 'n individu of groep inwerk. Binne die sosiale konteks word identiteit opgebou in 'n gelyklopende proses van terugvoer en identiteitaanpassing. Die identiteit wat 'n individu of groep verwerf het, kan van buite herken word.

a) Ou Israel het min ag gegee op die terugvoer wat hy van die profete van Jahwe ontvang het. Die rede hiervoor was die lojaliteit wat daar teenoor Egipte was. Israel het sy identiteit sterk deur bande met Egipte laat bepaal. Gevolglik het God se Woord, wat lojaliteit teenoor Jahwe eis, ingehou dat ou Israel 'n identiteitsverskuiwing moes maak. As gevolg van Israel se eie verwysingsraamwerk waarvolgens hy die geskiedenis geïnterpreteer het, het hy egter eerder die afgode as vir Jahwe vertrou. Die rug is selfs op Jahwe gedraai, tot so 'n mate dat Jahwe en sy profete as deel van die *ander* gesien is.

As gevolg van Israel se ontaarde identiteit, het hulle nie verstaan wie hulleself is nie, en kon hulle ook nie langer van buite as die verbondsvolk herken word nie. As gevolg van ou Israel se voortdurende identifikasie met vreemde volke en hulle gode, het God, selfs in sy aanspreekvorm van Israel, 'n gedragvoorspelling gemaak deur Israel 'n hoer te noem.

Alhoewel Israel vir Jahwe as deel van die *ander* gesien het, was dit in werklikheid Israel wat deel van die *ander* geword het. God het dit bevestig deur geen onderskeid meer te maak tussen sy behandeling van Israel en die *ander* nie. Soos Hy Babel, Egipte, Edom en andere aan verwoesting oorgegee het, het Hy ook *hierdie volk* (Juda en Israel) aan verwoesting oorgegee. Daarmee bevestig God self dat Israel, soos hy in Jesaja 1-39 aangetref word, nie meer dieselfde identiteit gehad het as die volk met wie Hy die verbond opgerig het nie.

b) Ten spyte daarvan dat ou Israel die verganklike gekies het, moes Jesaja tog aan Israel 'n goeie boodskap bring. Die terugvoer wat hy aan Israel moes gee was dat God na sy volk terugkeer. Hierdie boodskap moes almal en alle plekke bereik. Die hoorders moet ophou om God te wantrou, en die Woord wat deur die profete gebring word ernstig opneem. Die Woord en Gees moet nog steeds op wonderbaarlike manier die hoorders se ontaarde identiteit beïnvloed en verander. Dit is nóg Israel, nóg die kerk se identiteit wat die wêreld verander, verlos en laat voortgaan, maar die korrektiewe Woord en Gees van God.

Eers wanneer die korrektief van God se Woord gelei het tot identiteitsaanpassing, sal sin gemaak kan word uit lyding wat vir die volk sinneloos gelyk het. Die geskiedenis sal dus nie meer uit 'n selfverworwe identiteitsraamwerk geïnterpreteer word nie, maar vanuit die openbaring van God.

Al die individue wat God se Woord as so belangrik beskou dat 'n identiteitsaanpassing op grond daarvan gemaak kan word, word in 'n nuwe belydende gemeenskap saamgevoeg wat van buite herken kan word. Die verhouding met God gee met ander woorde nie net aan die individu 'n identiteit nie, maar dit dra ook by tot die identiteit van die wyer gemeenskap waaraan daardie persoon behoort. Dit waaraan dié gemeenskap herken kan word, is die nuwe naam wat God hulle gee, kultiese gebruike wat geloof in God weerspieël, lof aan God, sowel as gehoorsaamheid aan die Kneg van Jahwe wat dit alles moontlik maak.

c) Ten spyte van al die negatiewe terugvoer wat die Kneg van God ontvang het, het hy geen identiteitsaanpassing gemaak nie. Hy het voortgegaan om die plaasvervangende identiteit wat hy ontvang het, te vertoon. Dit het gelei tot diskontinuïteit in uiterste sin. Selfs God het hom verlaat in so 'n mate dat hy nie meer van buite as mens herken kon word nie. As gevolg van sy plaasvervangende Knegswerk, ter wille van Israel, word diskontinuïteit egter wonderbaarlik omgeskakel in kontinuïteit vanweë 'n voortgesette verhouding met God.

Slot

Israel, wat voor die Babiloniese ballingskap as etniese en kultiese gemeenskap bestaan het, se identiteit is in die ballingskap getermineer. Na die ballingskap het God 'n nuwe Israel tot stand gebring. Hy het dit gedoen deur die plaasvervangende werk van sy ideale Kneg, wat 'n volmaakte identiteit het. Daardie gemeenskap is nie etnies of kultureel gedefinieer nie, maar is 'n belydende gemeenskap.

Aanbevelings oor moontlike verdere navorsing:

1. Die lojaliteit teenoor Egipte is moontlik die eerste opgetekende geval van die sogenaamde *Stockholm sindroom* waar daar 'n permanente emosionele verbintenis met diegene ontstaan wat jou gevange hou. Hoe kan dit teologies verklaar word?

2. Godsdiens is die een saak in mense se lewe wat werklik kontinuïteit gee. Mense vind vandag kontinuïteit in besittings, versekering, rykdom en sosiale status. Indien die identiteitgewende elemente van besit ondersoek word, kan die najaag van besittings dan in die Westerse wêreld as 'n egte godsdiens gereken word?

3. Die identiteit van 'n kerk word in 'n groot mate deur sy liturgiese identiteit weerspieël. Aangesien *kerk* verkeerdelik met 'n gebou geassosieer word, is dit dan nie die rede waarom kontinuïteit in kerkwees hoofsaaklik van erediens tot erediens beleef word nie?

4. Wat is die positiewe waarde daarvan dat aanbidding nie meer 'n nasionale aksie is nie, maar 'n individuele verbondenheid aan God?

**BIBLIOGAFIE:**


ABMA, R. 1997. Travelling from Babylon to Zion: location and its function in Isaiah 49-55. *Journal for the study of the Old Testament*, 74:3-28.

BALENTINE, S.E. 1994. Isaiah 45: God's "I am," Israel's "You are." *Horizons in Biblical Theology*, 16:103-120.

BARON, R.A. & BYRNE, D. 1991. Social psychology; understanding human interaction. London : Allyn and Bacon.

BARTH, Ch. 1983. בקר. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament, Vol 2. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 217-228.)

BARTON, J. 1997. Ethics in the book of Isaiah. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 67-77).

BAUMEISTER, R.F. 1986. Identity: cultural change and the struggle for self. Oxford : Oxford.

BAUMEISTER, R.F. 1991. Meanings of life. Guilford : London.

BEATON, R. 1999. Messiah and justice: a key to Matthew's use of Isaiah 42:1-4? *Journal for the study of the New Testament*, 75:5-23.

BERND, S. 1997. Self and group in modern society: ten theses on the individual self and the collective self. (*In* Spears, R., Oakes, P.J., Ellemers N. & Haslam, S.A ., *eds*. The social psycology of stereotyping and group life. Oxford : Blackwell. p. 315-332.)

BERNHARDT, K.H. 1974. און (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament. Vol 1. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 140-147.)

BEUKEN, W.A.M. 1979. Jesaja. Dl. IIa. Nijkerk : Callenbach. (De prediking van het Oude Testament.)

BEUKEN, W.A.M. 1983. Jesaja. Dl. IIb. Nijkerk : Callenbach. (De prediking van het Oude Testament.)

BIDDLE, 1996. M.E. Lady Zion's alter egos: Isaiah 47:1-15 and 57:6-13 as structural counterparts. (*In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 124-139.)

BLAIKLOCK, E.M. 1976. Eternal. (*In* Tenney, M.C., *ed*. The Zondervan pictorial encyclopaedia of the Bible. Vol. 2. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 380-381.)

BLENKINSOPP, J. 1997. The servant and the servants in Isaiah and the formation of the book. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 155-175).

BLENKINSOPP, J. 2002. Judah's covenant with death (Isaiah XXXVII 14-22). *Vetus Testamentum*, 50(4):472-484.

BOYD, J.H. 1997. One's self-concept and Biblical theology. *Journal of the evangelical theological society*, 40(2):205-227, June.

BRATCHER, M.D. 1991. Salvation achieved. *Review and expositor*, 88:177-186.

BRIGHT, J. 1977. Covenant and promise. London : SCM.

BRIGHT, J. 1981. A history of Israel. Philadelphia, Penn. : Westminster.

BRUEGGEMANN, W. 1984. Unity and dynamic in the Isaiah tradition. *Journal for the study of the Old Testament*, 29:89-107.

BRUEGGEMANN, W. 1997. Cadences of home. Preaching among exiles. Louisville, Ky. : Westminster John Knox.

BRUEGGEMANN, W. 1997a. Planned people/Planned Book? (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 19-37).

BRUEGGEMANN, W. 1998. Isaiah 1-39. Louisville, Ky. : Westminster John Knox.

BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch : BUVTON.

BURKE, J.P. 1997. An identity model for network exchange. *American sociological review*, 62:134-150, Feb.

BURNS, R.B. 1979. The self concept in theory, measurement, development and behaviour. London : Longman.

CALVIN, J. 1852. Commentary on the book of the prophet Isaiah. Edinburg: Calvin translation society.

CARR, D.M. 1996. Reading Isaiah from beginning (Isaiah 1) to end (Isaiah 65-66): multiple modern possibilities. (*In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 188-218.)

CHILDS, B.S. 1983. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM.

CHILDS, B.S. 1985. Old Testament theology in a canonical context. London : SCM.

CLEMENTS, R.E. 1978. Old Testament theology. London : Marshall, Morgan & Scott.

CLEMENTS, R.E. 1985. Beyond tradition-history: Deutero-Isaianic development of first Isaiah's themes. *Journal for the study of the Old Testament*, 31:95-113.

CONNOR, W. 1990. When is a nation? *Ethnic & Racial studies*, 13:92-103, Jan.

CONNOR, W. 1992. The nation and its myth. *International journal of comparitive Sociology*, 33(1-2):48-57, Jan/Apr.

DA SILVA, A.A. (postuum) verwerk deur Breytenbach, A.P.B. 2002. Die teksfunksie en boodskap van Jesaja 49:1-6. *Hervormde teologiese studies*, 58(4):1323-1336, Nov.

DE GRUCHY, J.W. 1999. A new heaven and a new earth. *Journal of theology for Southern Africa*, 105:65-74, Nov.

DE KLERK, B.J. 2000. Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur. *In die Skriflig*, 34(4):451-468.

DELITZSCH, F. 1949a. Biblical commentary on the prophecies of Isaiah. Vol. 1. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. (Keil & Delitzsch Commentary on the Old Testament.)

DELITZSCH, F. 1949b. Biblical commentary on the prophecies of Isaiah. Vol. 2. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. (Keil & Delitzsch Commentary on the Old Testament.)

DE MELLO, A. 1990. Awareness. London : HarperCollins.

DEVEREUX, G. 1982. Ethnic identity: it's logical foundations and dysfunctions. (*In* De Vos, G & Romanucci-Ross, L., *eds*. Ethnic identity; cultural continuities and change. London : University of Chicago. p. 5-41.)

DE VOS, G. 1982. Ethnic pluralism: conflict and accommodation. (*In* De Vos, G & Romanucci-Ross, L., *eds*. Ethnic identity; cultural continuities and change. London : University of Chicago. p. 42-70.)

DIKÖTTER, F. 1996. Culture, "race" and nation: The formation of national identity in twentieth century China. *Journal of international affairs*, 49:590-605, Winter.

DOOSJE, B. & ELLEMERS, N. 1997. Stereotyping under threat: the role of group identification. (*In* Spears, R., Oakes, P.J., Ellemers N. & Haslam, S.A., *eds*. The social psycology of stereotyping and group life. Oxford : Blackwell. p. 255-273.)

DUMBRELL, W.J. 1989. The role of the servant in Isaiah 40 - 55. *Reformed theological review*, 48(3): 105-113.

DU PREEZ, P. 1980. The politics of identity; ideology and the human image. Oxford : Blackwell.

EICHRODT, W. 1969. Theology of the Old Testament. Vol. 1. London : SCM.

EICHRODT, W. 1972. Theology of the Old Testament. Vol. 2. London : SCM.

EISSFELDT, O. 1974. אדון. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 1. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 59-72.)

ELLIGER, K. 1973. Jesaja 2. Neukirchen-Vluyn : Neukirchener. (Biblischer Kommentar Altes Testament.)

ELLIS, R.R. 1991. The remarkable suffering servant of Isaiah 40-55. *Southwestern journal of theology*, 34(1): 20-30.

ERIKSON, E.H. 1968. Identity, youth and crisis. New York : Norton.

ERLANDSSON, S. 1983. זנה. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 4. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 99-104.)

EVANS, C.A. 1997. From gospel to gospel; the function of Isaiah in the New Testament. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 2. Leiden : Brill. p. 651-691).

EVERSON, A.J. 1999. Serving notice on Babylon: the canonical function of Isaiah 13-14. *Word & world*, 19(2):133-140, Spring.

FENN, R.K. 1980. Religion, identity and authority in the secular society. (*In* Robertson, R. & Holzner, B., *eds*. Identity and authority: explorations in the theory of society. Oxford : Blackwell. p. 115-130.)

FEWELL, D.N. 1997. Imagination, method, and murder: un/framing the face of post-exilic Israel. (*In* Beal, T.K. & Gunn, D.M., *eds*. Reading Bibles writing bodies: identity and the book. London : Routledge. p. 132-152.)

FOHRER, G. 1986. Introduction to the Old Testament. London : SPCK.

FRANKE, C.A. 1996. Reversals of fortune in the ancient near east: a study of the Babylon oracles in the book of Isaiah. (*In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 104-123.)

FRANKL, V. 1978. Waarom lewe ek? Pretoria : Hollandsch Afrikaanse Uitgevers.

FREEDMAN, D.N. 1986. יהוה. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 5. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 500-521.)

FRETHEIM, T.E. 1999. To say something – about God, evil, and suffering. *Word & world*, 19(4): 339-350, Fall.

FREY, H. 1962. Gods wereldpolitiek. Franeker : Wever.

GAISER, F.J. 1999. To whom then will you compare Me?: agency in second Isaiah. *Word & world*, 19 (2): 141-152 , Spring.

GEORGE, M.K. 1997. Assuming the body of the heir apparent. (*In* Beal, T.K. & Gunn, D.M., *eds*. Reading Bibles writing bodies: identity and the book. London : Routledge. p. 164-174.)

GERLEMAN, G. 1971. ישראל. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 1. München : Kaiser. p. 782-786.)

GESENIUS, W. 1881. Gesenius's Hebrew and Chaldee lexicon of the Old Testament Scriptures. London : Bagster.

GIESEN, G. 1986. חרם. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds*. Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 5. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 199-203.)

GOFFMAN, E. 1971. Stigma; gedachten over leven met een geschonden identiteit. Deventer : Van Loghum Slaterus.

GOLDINGAY, J. 1979. The arrangement of Isaiah XLI-XLV. *Vetus Testamentum*, 27:289-299.

GOLDINGAY, J. 1995. Isaiah 42:18-25. *Journal for the study of the Old Testament*, 67:43-65.

GOLDINGAY, J. 1998. Isaiah I:1 and II:1. *Vetus Testamentum*, 48:326-332.

GOLDINGAY, J. 1998a. Isaiah 43:22-28. *Zeitschrift für die Alttestestamentliche Wissenschaft*, 110(2):173-191.

GOLEMAN, D. 1997. Vital lies, simple truths; the psychology of self-deception. London : Bloomsbury.

GOSLINGA, C.J. 1962. Het tweede boek Samuel. Kampen : Kok.

GRAY, G.B. 1969. A critical and exegetical commenatary on the book of Isaiah I-XXVII. Edinburgh : Clark.

HAAG, H. 1985. Der Gottesknecht bei Deuterojesaja. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

HAILEY, H. 1985. A commentary on Isaiah, with emphasis on the Messianic hope. Grand Rapids, Mich. : Baker.

HALPERN, B. 1998. The new names of Isaiah 62:4; Jeremiah's reception in the restoration and the politics of "Third Isaiah". *Journal of Biblical Literature*, 117(4):623-643.

HARRÉ, R. 1983. Personal being: a theory for individual psychology. Oxford : Blackwell.

HARTMANN, T. 1976. רב. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 715-726.)

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese publikasies.

HELBERG, J.L. 1988. The Lord Reigns. Potchefstroom : Central publications; PU for CHE.

HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land. Potchefstroom : Sentrale publikasies PU vir CHO.

HELBERG, J.L. 1991. Die eis om geregtigheid by die profete. (*In* Helberg J.L., *red.* Kerkwees as getuienis in Suid- Afrika vandag. Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese publikasies. p. 1-15.)

HELBERG, J.L. 1991b. Die verhouding van belydenis tot openbaring in die boek Jesaja. *In die Skriflig*, 25(1):115-136.

HELBERG, J.L. 1995. The revelation of the power of God according to Isaiah 40-55. *Old Testament essays*, 8(2):262-279.

HERBERT, A.S. 1975. The book of the prophet Isaiah: chapters 40-66. London : Cambridge.

HERMAN, S.N. 1977. Jewish identity; a social psychological perspective. London : Sage.

HOLLADAY, W.L. 1971. A concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament. Leiden : Brill.

HOLLADAY, W.L. 1978. Isaiah: scroll of a prophetic heritage. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

HOLZNER, B. & ROBERTSON, R. 1980. Identity and authority: a problem analysis of processes of identification and authorization. (*In* Robertson, R. & Holzner, B., *eds*. Identity and authority: explorations in the theory of society. Oxford : Blackwell. p. 3-34.)

HULST, A.R. 1976. גוי/עם. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 290-326.)

IRSIGLER, H. 1997. Speech acts and intention in the "song of the vineyard" Isaiah 5:1-7. *Old Testament essays*, 10(1):39-68.

IRVINE, S.A. 1993. Isaiah's she'ar-yashub and the Davidic house. *Biblische Zeitschrift*, 37(1):78-88.

JACOBSON, R.A. 1999. Unwelcome words from the Lord: Isaiah's messages. *Word & world*, 19(2):125-132, Spring.

JENNI, E. 1976. עולם. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 228-243.)

JOHNSON, B. 1988. צדק. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *reds*. Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Bd. 6. Stuttgart : Kohlhammer. p. 898-924.)

JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1989. Mens in konteks. Johannesburg : Lexicon.

KAISER, O. 1996. Isaiah 1-12, a commentary. London : SCM.

KAISER, W.C.(Jr) 1989. The unfailing kindness promised to David: Isaiah 55.3. *Journal for the study of the Old Testament*, 45:91-98.

KAUTZSCH, E. & COWLEY, A.E. 1976. Gesenius' Hebrew grammar. Oxford : Clarendon.

KELLEY, P.H. 1991. Doing it God's way: introduction to Isaiah 40-55. *Review and expositor*, 88(2):167-176.

KESSLER, R. 1992. Ich weiss dass mein Erlöser lebet. *Zeitschrift für Theologie und Kirche,* 89(2):139-158.

KIDNER, D. 1986. Isaiah. (*In* Guthrie, D. & Motyer, J.A., *eds.* New Bible commentary. 3rd ed. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. P. 588-625.)

KIM, H.C.P. 1999. An intertextual reading of "a crushed reed" and "a dim wick" in Isaiah 42:3. *Journal for the study of the Old Testament,* 83: 113-124.

KLINE, M.G. 1986. Genesis. (*In* Guthrie, D. & Motyer, J.A., *eds.* New Bible commentary. 3rd ed. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 79-114.)

KNIGHT, G.A.F. 1984. Servant theology: a commentary on the book of Isaiah 40-55. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

KNIGHT, G.A.F. 1985. The new Israel. A commentary on the book of Isaiah 56-66. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

KNIERIM, R. 1976. עון. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 243-250.)

KOCH, K. 1976. צדק. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 507-530.)

KOCH, K. 1983. חטא. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 4. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 309-319.)

KOOLE, J.L. 1985. Jesaja 2. Dl. 1. Kampen : Kok. (Commentaar op het Oude Testament.)

KRUGER, H.A.J. 2002. Isaiah 61:1-3(4-9) 10-11. Transferor of privileges, an "identikit" of the servant of the Lord? *Hervormde Theological studies,* 58(4):1555-1576, Nov.

KUNTZ, J.A. 1997. The form, location, and function of rhetorical questions in Deutero-Isaiah. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds.* Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 122-141).

LANGE, J.P. 1878. Commentary on the Holy Scriptures: Isaiah. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

LEUPOLD, H.C. 1974a. Exposition of Isaiah. Vol 1. London : Evangelical.

LEUPOLD, H.C. 1974b. Exposition of Isaiah. Vol 2. London : Evangelical.

LIEDKE, G. 1976. שפט. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 999-1010.)

LIEDKE, G. & PETERSEN, C. 1976. תורה. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 1032-1043.)

LINDSEY, F.D. 1985. The Servant songs. Chicago, Ill. : Moody.

LININGTON, S. 2002. The term ברית in the Old Testament. *Old Testament essays,* 15(3):687-714.

LININGTON, S. 2003. The term ברית in the Old Testament: part II. *Old Testament essays,* 16(2):259-290.

LION-CACHET, F.N. 1987. In die werkswinkel van die Ou- Testamentiese eksegese. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 62.)

MACK, J. 1983. Nationalism and the self. *Psychohistory review*, 11(2-3):47-69, Spring.

MARSHALL, E.J. 2000. A practical approach to personal identity. [Beskikbaar op internet] www.sit.wisc.edu/~ejmarshall/identity.htm (Gebruiksdatum 4 Desember 2000.]

MARX, J.H. 1980. The ideological construction of post-modern identity models in contemporary cultural movements. (*In* Robertson, R. & Holzner, B., *eds*. Identity and authority: explorations in the theory of society. Oxford : Blackwell. p. 46-63.)

McCALL, C. 1990. Concepts of person: an analysis of concepts of person, self and human being. Aldershot : Avebury.

McKENNA, D.L. 1993. The communicator's commentary: Isaiah 1-39. Dallas, Tex. : Word books.

McKENNA, D.L. 1994. The communicator's commentary: Isaiah 40-66. Dallas, Tex. : Word books.

McLAUGHLIN, J.L. 1994. Their hearts were hardened: the use of Isaiah 6:9-10 in the book of Isaiah. *Biblica*, 75(1):1-26.

MELUGIN, R.F. 1997. Tbe book of Isaiah and the construction of meaning. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 39-55.)

MELUGIN, R.F. 1999. Texts to transform life: reading Isaiah as Christians. *Word & world*, 19(2):109-116, Spring.

MENZIES, G.W. 1998. To what does faith lead? The two-stranded textual tradition of Isaiah 7:9b. *Journal for the study of the Old Testament*, 80:111-128.

METTINGER, T.N.D. 1997. In search of the hidden structure: YHWH as King in Isaiah 40-55. (*In* Broyles, C.C. & Evans, C.A., *eds*. Writing and reading the scroll of Isaiah. Studies of an interpretive tradition. Vol. 1. Leiden : Brill. p. 143-154.)

MEYER, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1988. Persoonlikheidsteorië; van Freud tot Frankl. Isando : Lexicon.

MICHENER, H.A. & DELAMATER, J.D. 1994. Social psychology. London : Harcourt Brace.

MOTYER, J.A. 1993. The prophecy of Isaiah. Leicester : Inter-Varsity.

MUILENBURG, J. 1956. Isaiah 40-66. (*In* Buttrick, G.A., *ed*. The interpreter's Bible. Vol. 5. Nashville, N.Y. : Abingdon. p. 381-773.)

MÜLLER, H.P. 1976. קדשׁ. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 590-610.)

MUNTINGH, L.M. 1980. The name "Israel" and related terms in the book of Isaiah. *Old Testament essays: studies in Isaiah*. Vol. 22 (1979) & 23 (1980).

NORTH, C.R. 1977. The second Isaiah: introduction, translation and commentary to chapters XL-LV. Oxford : Clarendon.

NYSSE, R. 1999. Rebels from beginning to end. *Word & world, 19: 2. 161-170, Spring.*

OOSTERHOFF, B.J. 1978. Tot een Lig der volken. (*In* Grosheide, H.H., de Moor J.C., den Heyer, C.J., Scheepstra, S.E., van der Meer, W., de Vries, E., *reds*. De Knecht: studies rondom Deutero-Jesaja. Kampen : Kok. p. 157-172.)

OSWALT, J.N. 1986. The book of Isaiah: chapters 1-39. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. (The new international commentary on the Old Testament.)

PARANJPE, A.C. 1975. In search of identity. London : Wiley.

PAYNE, J.B. 1962. The theology of the Older Testament. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

POLASKI, D.C. 1998. Reflections on a Mosaic covenant: the eternal covenant (Isaiah 24.5) and intertextuality. *Journal for the study of the Old Testament,* 77:55-73.

PREUSS, H.D. 1983. דמה. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 3. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 250-260.)

REICHER, S., HOPKINS, N., & CONDOR, S. 1997. Stereotype construction as a strategy of influence. (*In* Spears, R., Oakes, P.J., Ellemers N. & Haslam, S.A., *eds*. The social psycology of stereotyping and group life. Oxford : Blackwell. p. 90-124.)

RENDTORFF, R. 1985. The Old Testament: an introduction. London : Black.

RIDDERBOS, J. 1985. Isaiah. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. (Bible student's commentary.)

RINGGREN, H. 1974. אלהים. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 1. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 267-284.)

RINGGREN, H. 1983. חיה. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 4. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 324-344.)

RINGGREN, H. 1983b. גאל. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 2. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 350-355.)

ROLAND DE VAUX, O.P. 1978. Ancient Israel, its life and institutions. London : Darton, Longman & Todd.

ROUTLEDGE, R.L. 1992. The siege and deliverance of the city of David in Isaiah 29:1-8. *Tyndale bulletin,* 43(1):181-190.

SAWYER, J.F.A. 1989. Daughter of Zion and servant of the Lord in Isaiah: a comparison. *Journal for the study of the Old Testament,* 44:89-107.

SCHILLING, O. 1983. בשר. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 2. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 313-316.)

SCHULT, H. 1976. שמע (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Vol. 2. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 974-982.)

SCOTT, J.B. 1976. Immanuel. (*In* Tenney, M.C., *ed.* The Zondervan pictorial encyclopaedia of the Bible. Vol. 3. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 259-261.)

SCOTT, R.B.Y. 1956. Isaiah 1-39. (*In* Buttrick, G.A., *ed.* The interpreter's Bible. Vol. 5. Nashville, N.Y. : Abingdon. p. 151-381.)

SHEPPARD, G.T. 1996. The scope of Isaiah as a book of Jewish and Christian scriptures. (*In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New Visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 257-281.)

SMART, J.D. 1967. History and theology in Second Isaiah. London : Epworth.

SNIJDERS, L.A. 1969. Jesaja. Dl. 1. Nijkerk : Callenbach. (De prediking van het Oude Testament.)

SOGGIN, J.A. 1971. מלך. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 1. München : Kaiser. p. 908-920.)

STÄHLI, H.P. 1976. עזב. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 249-252.)

STANSELL, G. 1996. Isaiah 28-33: blest be the tie that binds (Isaiah together). *In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New Visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 68-103.)

STEK, J.H. 1978. Salvation, justice and liberation in the Old Testament. *Calvin theological journal,* 13(2):133-165.

STOEBE, H.J. 1971. טוב. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 1. München : Kaiser. p. 652-664.)

SWEENEY, M.A. 1996. The book of Isaiah as prophetic Torah. (*In* Melugin, R.F. & Sweeney, M.A., *eds*. New visions of Isaiah. Journal for the study of the Old Testament Supplement series 214. Sheffield : Academic. p. 50-67.)

SYREENI, K. 2001. Identity, remembrance and transformation as key concepts in biblical hermeneutics. *In die Skriflig,* 35(4):537-556.

VAN DEN EYNDE, S. 1999. Covenant formula and ברית: the links between a Hebrew lexeme and a Biblical concept. *Old Testament essays,* 12(1):122-148.

VAN DER MERWE, C., NAUDÉ, J. & KROEZE, J. 1997. 'n Bybels-Hebreeuse naslaangrammatika. Kaapstad : Nasionale boekdrukkerye.

VAN DER WALT, P.C. 1994. Luister in Jesaja 40-66. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

VAN ROOY, H.F. 1980. The nations in Isaiah: a synchronic survey. *Old Tesatament essays,* 23:213-229.

VAN ROOY, H.F. 1984. Hebreeuse sintaksis. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat S31/84.)

VAN WINKLE, D.W. 1997. Proselytes in Isaiah XL-LV? A study of Isaiah XLIV 1-5. *Vetus Testamentum,* 47(4):341-359.

VASHOLZ, R. 1980. Isaiah versus "the gods": a case for unity. *Westminster theological journal*, 42(3): 389-394.

VERHOEF, P.A. 1993. Profete en profesie. Kaapstad : Lux Verbi.

VON RAD, G. 1965. Old Testament theology. Vol. 2. Edinburgh : Oliver and Boyd.

VOSLOO, W. 1988. Meer as net 'n storie. Pretoria : N G Kerkboekhandel.

VRIEZEN, TH.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.

WAGNER, S. 1974. אמר. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 1. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 328-345.)

WEBSTER, E.C. 1990. The rhetoric of Isaiah 63-65. *Journal for the study of the Old Testament,* 42: 89-102.

WEREN, W.J.C. 1998. The use of Isaiah 5:1-7 in the parable of the tenants. *Biblica,* 79:1-26.

WESTERMANN, C. 1964. Forschung am Alten Testament. Munchen : Kaiser Verlag.

WESTERMANN, C. 1976. עבד. (*In* Jenni, W. & Westermann, C., *reds*. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Bd. 2. München : Kaiser. p. 182-199.)

WESTERMANN, C. 1996. Isaiah 40-66; a commentary. London : SCM.

WEST, J.K. 1981. Introduction to the Old Testament. New York, N.Y. : Macmillan.

WILDBERGER, H. 1991. Isaiah 1-12, a commentary. Minneapolis, Minn. : Fortress.

WILLIAMS, D.T. 1999. "Who wil go for us?" (Is 6:8): The 'divine plurals' and the image of God. *Old Testament essays,* 12(1):173-190.

WILLIAMSON, H.G.M. 1999. Promises, promises! Some exegetical reflections on Isaiah 58. *Word & world,* 19(2):153-160, Spring.

WOLF, H.M. 1985. Interpreting Isaiah. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

WONG, G.C.I. 1996. Isaiah's opposition to Egypt in Isaiah XXXI 1-3. *Vetus Testamentum,* 46:392-401.

WONG, G.C.I. 1997. Faith and works in Isaiah 30:15. *Vetus Testamentum,* 47:236-245.

WOOD, A.S. 1976. Holiness. (*In* Tenney, M.C., *ed.* The Zondervan pictorial encyclopaedia of the Bible. Vol. 3. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. p. 173-183.)

YOUNG, E.J. 1972. The book of Isaiah. Vol. III. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

YOUNG, E.J. 1975. The book of Isaiah. Vol. II. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

YOUNG, E.J. 1976. The book of Isaiah. Vol. I. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

ZOBEL, H.J. 1983. הוי. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H., *eds.* Theological dictionary of the Old Testament. Vol. 3. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 359-364.)